

DIE ALGEMENE VERKOOPBELASTING: 'N TEORETIESE
VERKENNING

deur Helena Johanna Magdalena Salomina Sander

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad Magister
Commercii (Ekonomie) in die Fakulteit van
Ekonomiese Wetenskappe aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. W.J. Venter

POTCHEFSTROOM

November 1979

"The path of civilization is paved with tax receipts."

Arnold Glasow

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	xii
Erkenning	xvi

HOOFSTUK I

Aard en geskiedenis van die algemene verkoopbelasting

1. Algemene indeling van belastings	1
2. Beoordeling van indirekte belastings	5
2.1 Voordele van indirekte belastings	5
2.2 Nadele van indirekte belastings	7
3. Indirekte belasting in minder ontwikkelde lande	8
4. Algemene en historiese oorsig en ontwikkeling buite Suid-Afrika	10
4.1 Algemeen	10
4.2 In diverse lande sedert die Middeleeue tot Wêreldoorlog I	13
4.2.1 Frankryk	13
4.2.2 Spanje	15
4.2.3 Die Duitse Ryk	17
4.2.4 Brittanje	18
4.3 In diverse lande sedert Wêreldoorlog I ...	19
4.3.1 Buite Europa	19
4.3.2 In Europa	23
5. Algemene en historiese oorsig van ontwikkeling in Suid-Afrika	26
5.1 Bepaling van belastingprioriteite: Begrotingsrede 21 Maart 1951	29
5.2 Nadere beoordeling van verkoopbelasting: Begrotingsrede 26 Maart 1952	30

5.3	Finansiële Verhoudings tussen Sentrale Owerheid en Provinsies	31
5.3.1	Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Finansiële Verhoudings tussen die Sentrale-Regering en die Provinsies (Schumann-kommissie)	31
5.3.2	Suid-Afrikaanse Finansiële Verhouding tussen die Sentrale Regering, die Provinsies en Plaaslike Besture. BDI: Hoofverslag, deel I. Van Borckenhagen-komitee, 1966/67	33
5.4	Hersiening van die belastingstruktuur ...	36
5.4.1	Belasting in Suid-Afrika	36
	Eerste Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika ("Eerste verslag van die Franzsen-kommissie)	
	(a) Aanleiding en opdrag	36
	(b) Keuse: verkoopbelasting of verkoop=reg	37
	(c) Meriete en vorm van verkoopbelasting	39
	(d) Basis van verkoopbelasting	40
	(e) Verskillende stelsels oorweeg	41
5.4.2	Suid-Afrikaanse belastingstruktuur voor die instelling van verkoopreg	43
5.5	Ontwikkeling ten opsigte van instelling van verkoopreg	44
5.5.1	Implementering van die voorstelle van die Franzsen-kommissie: Begrotings=rede 1969/70	44
5.5.2	Begrotingsrede 1970/71	47
5.5.3	Begrotingsrede 1971/72	50
5.5.4	Begrotingsrede 1972/73	51
5.5.5	Begrotingsrede 1973/74	52
5.5.6	Begrotingsrede 1974/75	54

5.5.7 Begrotingsrede 1975/76	55
5.5.8 Begrotingsrede 1976/77	55
5.5.9 Begrotingsrede 1977/78	56
5.6 Instel van AVB: Begrotingsrede 1978/79 .	57
6. Samevatting	60

HOOFSTUK II

Identifisering van die algemene verkoopbelasting

1. Inleiding	63
2. Onderskeiding van tipes verkoopbelasting .	64
2.1 Algemeen	64
2.2 Terminologiese onderskeidings	64
2.2.1 Algemene belasting	65
2.2.2 Selektiewe belasting	65
2.2.3 Voorkeurbelasting op bruto ontvangste van besighede	66
2.2.4 Ander klassifikasies	67
3. <u>Algemene verkoopbelasting</u>	67
3.1 Enkelfasebelasting	68
3.2 Meerfase-algemene verkoopbelasting	69
3.3 Waardetoegevoegbelasting	70
4. Verskille in basis	72
5. <u>Beginnels</u> van algemene verkoopbelasting ..	73
5.1 Breedheid van heffing	73
5.2 Voorkoming van ongewenste resultate	75
5.3 Gelykverspreiding van druk	75
5.4 Uiteindelike druk en beoogde druk	76
5.5 Koste van belastinginvordering	76
5.6 Bewustheid van belastinglas	77
6. Samevattende beoordeling van die AVB	77

6.1	Voordele van AVB	77
6.2	Nadele van AVB	79
7.	Samevatting	83

HOOFSTUK III

Teoretiese analise van die algemene verkoopbelasting en die verskeie vorms waarin dit voorkom

1.	Ter geleide	84
2.	Vervaardigingsverkoopbelasting - VVB	86
2.1	Uitwerking van die VVB	81
2.1.1	Pryspeil	88
2.1.2	Integrasie van ondernemings	92
2.1.3	Stabiliteit en volle indiensname	93
2.1.4	In= en uitvoere	94
2.1.5	Kontrole en administrasie	96
2.1.6	Diskriminasie tussen goedere	97
2.2	Algemene samevattende beoordeling	97
3.	Groothandelsverkoopbelasting - GVB	98
3.1	Uitwerking van GVB	99
3.1.1	Pryspeil	99
3.1.2	Integrasie van ondernemings	101
3.1.3	Ekonomiese Stabiliteit en volle indiensname	102
3.1.4	In= en uitvoere	102
3.1.5	Kontrole en administrasie t.o.v. GVB ..	104
3.1.6	Diskriminasie tussen goedere	104
3.2	Algemene samevattende beoordeling van GVB	105
4.	Meerfaseverkoopbelasting - MFB	105
4.1	Uitwerking van MFB	107
4.1.1	Pryspeil	107
4.1.2	Integrasie van ondernemings	108
4.1.3	Stabiliteit en volle indiensname	110

4.1.4	In= en uitvoere	111
4.1.5	Kontrole en administrasie	113
4.1.6	Diskriminasie tussen goedere	114
4.2	Algemene samevattende beoordeling van MFB	115
5.	<u>Die waardetoegevoegbelasting - WTB</u>	116
5.1	Algemeen	116
5.2	Tipes waardetoegevoegbelasting	117
5.2.1	Bruto nasionale produktipe	118
5.2.2	Inkomstetipe	119
5.2.3	Verbruikstipe	119
5.3	Metodes van berekening	120
5.3.1	Optel= en aftrekmetodes	120
5.3.2	Onderskeiding van die optel= en af= trekmetodes	126
5.4	Uitwerking van die WTB	127
5.4.1	Pryspeil	127
5.4.2	Integrasie van ondernemings	128
5.4.3	Stabiliteit en volle indiensname	128
5.4.4	In= en uitvoere	130
5.4.5	Kontrole en administrasie	132
5.4.6	Diskriminasie tussen goedere	133
6.	Samevatting	133

HOOFSTUK IV

Afweging teen die belastingbeginsels van die
enkelstadiumverkoopbelasting by die eindpunt in
die distribusieproses

1.	Vooraf	135
*2.	<u>Belastingbeginsels</u>	137
2.1	Regverdigheid	137

2.1.1	Die voordeel-basis	138
2.1.2	Die vermoë-om-te-betaal basis (draag= kragbeginssel)	140
2.2	Produktiwiteit en toereikendheid	146
2.3	Sekerheid en gerieflikheid	150
2.4	Elastisiteit	152
2.5	Aanpasbaarheid	153
2.6	Stabiliteit	154
2.7	Eenvoudigheid	157
2.8	Ekonomiese administrasie (besparing) ...	159
2.9	Verskeidenheid van belastingbronne	161
2.10	Koördinasie van belastingstelsels	164
3.	Samevatting	165

HOOFSTUK V

Die algemene verkoopbelasting as eindpuntbelasting: die posisie in Suid-Afrika

1.	Vooraf	167
2.	Vergelyking met die voorafgaande selek= tiewe verkoopreg	168
2.1	Groter trefwydte van die AVB	169
2.2	Gewysigde trefpunt van die AVB	169
2.3	Groter verwagte inkomste uit AVB	169
2.4	Uitskakeling van die eskalasie-effek deur AVB	170
2.5	Verwagte hoër invorderingskoste	170
2.6	Psigologiese inslag	171
2.7	Groter graad van regressiwiteit	171
2.8	Slotsom	171
3.	Tegniese besonderhede van die AVB in Suid-Afrika	172
3.1	Heffing van verkoopbelasting	172

3.2	Vrystellings	175
3.3	Registrasie en pligte van ondernemings ..	178
3.4	Opgawes, betalings en aanslae	180
3.5	Betaling en verhaling van belasting	183
3.6	Verhaal van belasting op koper deur af= slaer of ondernemer	184
3.7	Hou van rekords en rekeningboeke	186
3.8	Wysiging van belastingskaal of bylaes van die Wet	186
4.	Nabeskouing	187

HOOFSTUK VI

Mikro-ekonomiese gevolge van AVB

1.	Begrotingsdoelstellings	189
1.1	Handhawing van 'n hoë en stabiele peil van indiensname	189
1.2	Die verkieslikste gelykverspreiding van volksinkome	191
1.3	Handhawing van 'n genoegsame koers van investerings	192
1.4	Handhawing van stabiliteit met die buite= land (gunstige handelsbalans)	193
1.5	Handhawing van 'n stabiele prysstruktuur in die binneland (pryspeilstabiliteit) .	194
2.	Objekte op die mikro-ekonomiese vlak: huishoudings, firmas en produksiefaktore	195
3.	Moontlike reaksies op die belastingfeit	198
3.1	Aanvaarding van die belastingdruk	198
3.2	Kompensasie	199
3.2.1	Positiewe kompensasie	199
3.2.2	Negatiewe kompensasie	200
3.3	Ontwyking of vermyding van die belas= tingdruk	201

4.	Belastingdruk	202
4.1	Algemeen	202
4.2	Belastingdruk en verbandhoudende terminologie	204
4.3	Afwenteling van belastingdruk	207
4.3.1	Maatstawwe vir meting van afwenteling van belastingdruk	207
	(a) Verandering in die prys van die belaste artikel	207
	(b) Relatiewe elasticiteite van vraag en aanbod	209
	(c) Wysiging in die relatiewe inkomste/winsposisie van die firma ...	211
	(d) Verandering in die relatiewe verbruikspatroon van nuwe substitute	213
4.3.2	Druk sonder skuld - die gemeenskaplike verlies (<i>Excess burden</i>)	214
	(a) Omskrywing	214
	(b) Uitdrukking en lokalisering van <i>excess burden</i>	215
	(i) Produsente- en verbruiker-surplus	215
	(ii) <i>Excess burden</i> in geval van verbruikersewig	220
	(iii) Omvang van die <i>excess burden</i> ..	222
	(iv) Elasticiteit van die vraag en <i>excess burden</i>	224
5.	Die AVB en die huishouding	226
5.1	Die verbruiksfunksie van die huishouding	226
5.1.1	Diskriminerende aard van AVB	228
5.1.2	Verbruik	229
5.1.3	Spare	230
5.1.4	Gelykheid of regverdigheid	235
5.2	Die produksiefunksie van die huishouding	236

6.	Die AVB en die firma	237
6.1	Die firma in die belastingopset	237
6.2	Die markvorm	238
6.2.1	Volledige mededinging	238
6.2.2	Monopolie	242
6.2.3	Onvolledige mededinging	244
	(a) Monopolistiese mededinging	244
	(b) Oligopolie	247
6.3	Invloed van die AVB in die geval van vol= ledige mededinging	250
6.4	Invloed van die AVB in die geval van monopolie	254
6.5	Invloed van die AVB in die geval van on= volledige mededinging	257
	(a) Monopolistiese konkurrensie	257
	(b) Oligopolie	260
7.	Slotopmerking	266

HOOFSTUK VII

Die Makro-ekonomiese gevolge van AVB

1.	Inleiding	268
2.	Gebruiklike vertrekpunte by die studie van makro-ekonomiese invloede	269
2.1	Totaliteitsbegrippe	269
2.2	Volle spektrum van die ekonomiese poli= tiek van die owerheid	270
2.2.1	Fiskale politiek	270
	(a) Belastingheffing (owerheids= inkomste)	271
	(b) Owerheidsbestedings	273
	(c) Aangaan en terugbetaal van lenings (skuldpolitiek)	274

2.2.2	Monetêre beleid	275
2.2.3	Stabiliseringspolitiek	276
3.	Maatstaf vir makro-ekonomiese belasting= druk	277
4.	Verbruik	278
5.	Spare en investering	282
6.	Regeringsinkomste en die gebruik daarvan	281
7.	Konjunktuur	287
7.1	Kompenserende of anti-sikliese begro= tingspolitiek deur middel van AVB	288
7.2	Sluitende begrotings vir beide hoog= en laagkonjunktuur	289
7.3	Herverdelingspolitiek	291
8.	Slotopmerking	292

HOOFSTUK VIII

Algemene en samevattende opmerkings

1.	Verhouding van diverse belastings	294
2.	Die wenslikheid van 'n anti-sikliese be= grotingspolitiek	295
3.	Utiliteitswaarde van AVB	296
4.	Onderskeidingsvorme van die AVB	298
5.	Die AVB normatief beskou	299
6.	Die AVB in Suid-Afrika	301
6.1	Die AVB as 'n vorm van dubbele belasting	301
6.2	Invordering van AVB as 'n kostefaktor vir die firma	301
7.	Die AVB en ekonomiese stabiliteit	302
8.	AVB en mededingingsverhoudinge	304
9.	Diskriminerende aard van die AVB	304
10.	Toekomstige plek van die AVB in die Suid- Afrikaanse belastingopset	305

BIBLIOGRAFIE

I.	AANGEHAALDE WERKE	307
II.	GERAADPLEEGDE WERKE ADDISIONEEL TOT AAN= GEHAALDE WERKE	310

INLEIDING

Voordat tot die bespreking van die studie-onderwerp, naamlik die algemene verkoopbelasting (AVB), oorgegaan word, is enkele algemene opmerkings nodig.

Waar die AVB deel uitmaak van die belastingstelsel van 'n land het dit gewoonlik die uitwerking dat elke lid van die bevolking op een of ander wyse daardeur geraak word. Die AVB is dan ook van belangrike betekenis sover dit verbruik beïnvloed en verkryging van fondse vir die owerheid aangaan. Algemene verkoopbelasting word byna sonder uitsondering op een of ander manier in die ontwikkelde lande van die wêreld aangetref.

Die AVB is as eindpuntbelasting en met die bedoeling dat die verbruiker die belastingpligtige sal wees, in die begrotingsrede van 1977/78 aangekondig en het op 3 Julie 1978 in die Republiek van Suid-Afrika in werking getree. Omdat dit vir die inwoners van ons land 'n nuwe soort belasting is, bestaan daar nog heelwat onsekerheid in verband met die ekonomiese implikasies daarvan.

Die hoofdoel met die AVB was die verbreding van die belastingbasis, veral in Suid-Afrika met sy groot aantal onderontwikkelde gemeenskappe. Die bestaande indirekte belasting het hierdie gemeenskappe baie min geraak en wel as gevolg van die vraagelastisiteit van die goedere wat deur soda=

nige indirekte belasting geraak is.

'n Verdere doel met die AVB was ook die uiteinde=like verlagings in die besonder hoë progressiewe inkomstebelastingkoerse. So 'n verlagings is dan ook in die begrotingsrede van 1979/80 aangekondig en het met ingang 1 Julie 1979 in werking getree.

Hoewel die algemene verkoopbelasting in die ekon=omiese literatuur behandel word, is hierdie verhan=deling wenslik. Oor die algemeen is die bespre=king in die literatuur insake AVB vir 'n groot gedeelte baie fragmentaries¹⁾ en met uiteenlopende beklemtonings. Veral wat betref die historiese agtergrond en ontwikkeling is baie min geskryf en kon slegs enkele bronne aangehaal word.

Die behandelde stof word soos volg in hoofstukke verdeel:

In die eerste hoofstuk word die geskiedenis van verkoopbelasting, en veral die ontwikkeling daarvan in Suid-Afrika, nagegaan. Hoofstuk twee is 'n nadere identifisering van verkoopbelasting en toon ook sekere voor= en nadele van indirekte belasting aan.

1) Een skrywer, John F. Due, het 'n omvattende studie van verkoopbelasting in al sy verskillende vorms ge=maak, soos verwysings in die hieropvolgende teks sal aantoon.

Die derde hoofstuk behandel die verskillende tipes verkoopbelastingsoos dit in die ekonomieë van die Westerse kapitalistiese lande voorkom, asook die uitwerking daarvan op enkele aspekte in ekonomie soos bv. pryspeil, integrasie van ondernemings en andere.

Die AVB word in hoofstuk vier aan die belastingnorme of beginsels gemeet.

Hoofstuk vyf behandel die feitelike posisie soos dit deur die Verkoopbelastingwet no. 103 van 1978 in Suid-Afrika van toepassing gemaak word.

In hoofstukke ses en sewe word die gevolge van die AVB op die mikro- sowel as op die makro-ekonomiese terrein nagegaan. Ten einde gekompliseerdheid en ook die omvang van hierdie verhandeling enigszins te beperk, word in hierdie twee hoofstukke 'n geslote ekonomie veronderstel - die internasionale handel word dus nie by die bespreking betrek nie.

Die studiemetode van hierdie verhandeling is essensieel teoreties (soos die titel ook aandui) en wel in die sin dat dit as 'n bronnestudie aangemerkt kan word.

In hierdie verband kan genoem word dat die wyses van berekening van AVB, naamlik *intelen* en *bytel* 'n bespreking op sy eie regverdig, veral aangesien beide metodes in Suid-Afrika toegepas word. Om

egter enigsins 'n sinvolle gevolgtrekking aangaan= de die uitwerking en meriete van elke metode te kan maak, sal 'n uitgebreide empiriese ondersoek vereis word. In die lig van die hier toegepaste studiemetode is hierdie aspek van AVB dus nie be= handel nie.

Navrae is by die Departement van Binnelandse Inkom= ste gedoen, hoofsaaklik vir agtergrondkennis en nadere verklaring van die verkoopbelastingwet, en ter staving van sekere uitsprake met betrekking tot die inkomsteverkryging uit hierdie belasting.

Met die oog op groter duidelikheid, en om naslaan vir die leser te vergemaklik, word, wanneer 'n bron vir die eerste keer in 'n hoofstuk aangehaal word, volledige besonderhede daaromtrent gegee, selfs al sou die betrokke bron reeds in 'n vorige hoofstuk aangehaal wees. In die geval waar meer kere in een hoofstuk na verskillende bronne deur een skrywer verwys word, word die titel van toe= passing in hakies aangetoon.

ERKENNING

Die skryfster wil hiermee opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies betuig:

Prof. W.J. Venter wat as leier in hierdie studie opgetree het. Sy belangstelling, insig en daadwerklike inspirasie het die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak.

Dr. L.C. Minnaar vir die taalkundige versorging van die manuskrip.

Mev. Ina van Rooyen vir die puik en flinke tikwerk.

Mnr. A.C. Viljoen van die Departement van Binnelandse Inkomste vir sy vriendelikheid en beskikbaarstelling van waardevolle inligting.

Aan my ouers, vir hul volgehoue belangstelling en bystand deur die jare. Ook my skoonouers, familie en ons vriende vir hulle belangstelling en aanmoediging.

Die Ferdinand Postma Biblioteek vir die druk en bind van die verhandeling.

My man, vir al sy hulp, opoffering en eindelose

xvii.

geduld, en my kinders vir hul verdraagsaamheid en die baie woordjies van bemoediging. Graag dra ek dan hierdie werk op aan my man, Carl en ons kinders Elmien en August.

"As die Here die huis nie bou nie,
swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs."

Psalm 127 v. 1.

AAN GOD ALLEEN DIE EER!

HOOFSTUK I

AARD EN GESKIEDENIS VAN DIE ALGEMENE VERKOOPBELASTING

1. Algemene indeling van belastinge

Die klassifikasie van belastinge het sedert die Middeleeue baie aandag geniet, en baie uiteenlopende indelings is gemaak. Die onderliggende motief aan belasting verskil van land tot land en van tyd tot tyd in dieselfde land. 'n Wetenskaplik verantwoorde indeling van belastinge het egter eers plaasgevind met die ontwikkeling van die moderne geldwese en die daarmee gepaardgaande verdieping in ekonomiese teorie.

Die Fisiokrate het waarskynlik eerste 'n indeling in direkte en indirekte belastinge daargestel. Volgens hulle was die belasting op grond - wat hulle as die enigste bron van produktiwiteit, en daarom rykdom, beskou het, - direkte belasting, en alle ander tipe belasting indirekte belasting. Nogtans beskou hulle indirekte belasting ook van toepassing op grondbesit, want sodanige belastinge word uiteindelik ook afgewentel op die inkomste wat uit grond verkry word.

Die klassifikasiemetode wat in hierdie studie ter sprake is, is dié van direkte en indirekte belasting, wat 'n vroeë klassifikasie is en deur die loop van tyd aansienlike belangrikheid behou het.

Teen hierdie indelingswyse, soos tewens ten opsigte van meeste ander indelingswyses van belasting, word beswaar ingebring, onder andere dat dit nie omvattend genoeg is nie, en andersyds dat dieselfde belasting as sowel direk en indirek geklassifiseer kan word, bv. loonbelasting en hereregte.

By die indeling van belastings as direk en indirek, word vooraf onderskei tussen belastingpligtige of =subjek, en belastingbetaler. Die belastingbetaler is die persoon wat wetlik aanspreeklik is om die verskuldigde belastingbedrag aan die fiskus te betaal. Hy vorder gewoonlik die verskuldigde belastingssom van die belastingpligtige, dit wil sê die persoon wie se beskikbare inkomste deur die belastingheffing verminder word, in. Indien dit die bedoeling van die owerheid is dat nie die belastingbetaler nie maar wel die belastingdraer die druk van die belasting moet dra, is die belastingdraer tegelyk die belastingdestinataris.

Direkte belastings word dan gehef op dié individue van wie verwag word om die finale belastingbetalers te wees; dus is die belastingbetaler, belastingdestinataris en belastingdraer, volgens die bedoeling van die owerheid, in een persoon verenig, en ondergaan hy die druk van die belasting. Met druk word bedoel die finale rusplek van die belastinglas. In die geval van direkte belasting bly die druk dan by die belastingbetaler wat tegelyker=

tyd volgens die bedoeling van die owerheid die belastingdestinataris en gevolglik die belasting=draer is. Die persoon op wie die druk van die belasting gerig is, "ondergaan" dan inderdaad die druk van die belasting; daar is geen afwentelingsmoontlikhede beskikbaar nie.¹⁾ Indirekte belasting, daarenteen, is die belasting wat deur die owerheid gehef word met die bedoeling dat die druk daarvan aangeskuif sal word - die belastingbetaler is dus iemand anders as die belastingdestinataris. Die druk van die belasting bly dus nie by die subjekte op wie dit gehef is nie. Hier is sprake van afwenteling van belastingdruk waarvan die wetgewers by die hef van die belasting bewus was, of dit selfs so bedoel het. Volgens Buchanan is dit duidelik dat hoe meer verskuiwing of afwenteling plaasvind, hoe meer indirek die belasting is. Hy stel dit so: *"It is clear that the more tax shifting that (sic) takes place, the more indirect the tax actually is; the less informed is the final individual taxpayer concerning the real amount of the tax load placed upon him."* ²⁾

Die kriterium vir afwenteling van belastingdruk bring egter probleme mee, omdat, uit die aard van die be=

1) Hoewel die algemene mening oorheers dat die druk van 'n direkte belasting onafwentelbaar is, is daar in die literatuur diegene wat van mening is dat die druk wel afwentelbaar is.

2) Buchanan, J.M. The Public Finances. Richard D. Irwin, Inc., Illinois, 1960. p. 179.

lasting, nooit met sekerheid afgelei kan word of 'n belasting afgewentel word of nie; en indien dit afgewentel word, in watter mate dit geskied nie.

John Stuart Mill het hierdie probleem ingesien en die kriterium gekwalifiseer deur te stel dat na die bedoeling van die wetgewer gekyk moet word ten einde te bepaal of die belasting direk of indirek is. Hy stel dit soos volg: *"Taxes are either direct or indirect. A direct tax is demanded from the very person who, it is intended or desired, should pay it. Indirect taxes are those which are demanded from one person in the expectation and intention that he shall indemnify himself at the expense of another."*¹⁾

As gevolg van die verskillende interpretasies van die terme direk en indirek by belastingheffing, is baie van die betekenis daarvan ingeboet. Konvensioneel is direkte belastings dié wat gewoonlik finaal deur die eerste belastingbetaler ingevorder word, of die persone van wie die owerheid die belasting invorder; terwyl indirekte belastings dié is wat gewoonlik deur die oorspronklike belastingbetalers na ander persone verskuif mag word - of dit in die konkrete situasie kan gebeur sal van konkurrensieverhoudings afhang.

1) Mill, J.S. Principles of Political Economy, ed. Sir W.J. Ashley, book V, Chap. III, Sec. 1, Longmans & Green Co., 1926. Aangehaal deur Buehler, A.G. Public Finance. McGraw-Hill, New York, 1940. p. 328.

Die onderskeid tussen direkte en indirekte belasting word, behalwe in die ekonomiese, ook in die juridiese sin gebruik. In juridiese sin is 'n belasting direk indien dit in die belastingwet as direk bestempel word. Alle ander belasting is dan in juridiese sin indirek. Hierdie onderskeid is egter slegs van belang vir sover dit gaan om die toepassing van bepaalde wetlike voorskrifte wat alleen betrekking het op direkte of indirekte belasting.

Wanneer belasting geklassifiseer word as direk en indirek, is daar bepaalde voor- en nadele ten opsigte van elk aan te wys. Aangesien dit in hierdie studie om 'n tipe indirekte belasting gaan, word die algemene voor- en nadele van indirekte belasting hier kortliks weergegee.

2. Beoordeling van indirekte belasting

2.1 Voordele van indirekte belasting

Indirekte belasting word in klein bedrae betaal en is daarom gerieflik.¹⁾ Dit word gewoonlik betaal wanneer die belastingpligtige oor die fondse beskik om dit te betaal. Groves het dit s6 uitgedruk: "*In the course of present day living, people have become accustomed to being plundered in subtle ways and by installments.*"²⁾

1) Gerieflikheid as belastingnorm en in watter mate verkoop= belasting daaraan voldoen, word volledig in hoofstuk IV bespreek.

2) Groves, H.M. Financing Government. Henry Holt & Co., New York, 1954. p. 244.

'n Verdere belangrike voordeel wat met bogenoemde saamhang, is die sg. "pynloosheid" van die heffing: die belastingpligtige is dikwels nie bewus van die gedeelte van die prys wat deur die belasting uitge= maak word nie.

Bydrae tot finansiering van die owerheid se dienste is volgens hierdie belasting algemeen en kan der= halwe 'n sekere mate van belangstelling in ower= heidsbestedings wek. Hierdie belasting bereik ook die vlottende bevolking soos byvoorbeeld buiteland= se toeriste.

Met die regte beheer kan indirekte belasting ver= bruikersbestedings in inflasionêre periodes beperk deurdat dit oorskot koopkrag na die fiskus weglei en, deurdat bestedings belas word, 'n psigologiese rem op sodanige bestedings geplaas word. Daar is 'n noue korrelasie met progressiewe inkomstebelas= ting deurdat dit ook aan die draagkragbeginsel van belastingheffing voldoen.

Indirekte belasting verseker 'n groot en gereelde inkomste vir die owerheid. Dit beantwoord aan die eis van doelmatigheid, want dit *"plucks the goose where the feathers are thickest, with the minimum amount of squaw= king."*¹⁾

1) Plank, E.H. Public Finance, Richard D. Irwin, Illinois, 1953. p. 325.

2.2 Nadele van indirekte belasting

Die belangrikste nadele van indirekte belasting is die volgende:

Indirekte belasting is regressief van aard. Omdat die laer inkomstegroepe 'n omgekeerde verhouding tussen inkomste en bestedingsgeneigdheid het, dra hulle persentasiegewys 'n groter deel van hul inkomste af aan hierdie soort belastings as die hoër inkomstegroepe. Die belastingtariewe neem nie betaalvermoë in ag nie, aangesien die belasting teen 'n eenvormige koers gehef word. Alhoewel hierdie regressiewe belasting as pynloos aangemerkt word, hang die "pynloosheid" saam met die "meedoënloosheid" daarvan - sodra 'n transaksie aangegaan word, moet die belasting teen die vasgestelde koers en sonder inagneming van vermoë betaal word.

Hierdie belasting mag meebring dat verbruiksbestedings ingekrimp word in 'n deflasioneëre tydperk wanneer juis 'n vergroting van verbruik wenslik mag wees.

Omdat indirekte belasting 'n verskuilde aard het, mag dit die owerheid tot wanbesteding van verkreeë fondse lei, veral omdat hierdie belasting nie so 'n groot teenstand sal ondervind soos 'n inkomstebelasting van gelyke omvang op laer inkomstegroepe nie.

Ondernemings op die grense van provinsies met

buurlande, waar verskil in belastingtariewe van toepassing is, mag nie in staat wees om die belasting te kan verskuif nie, en dit bring onregverdigheid mee.

Indien hierdie belasting aanleiding gee tot looneise ten einde hoër pryse te kan bekostig, kan dit inflasie (loondruk-) veroorsaak.

Hierdie voor- en nadele, teenoor mekaar afgeweg, maak dit onmoontlik om die indirekte belasting as voordelig of nadelig teenoor ander belastinge aan te wys. Wat wel belangrik is, is die feit dat 'n nasionale belastingstelsel uit sowel direkte as indirekte belastinge moet bestaan ten einde 'n groot aantal persone by die finansies van die staat betrokke te maak en origns om 'n wenslike verhouding tussen progressiwiteit en regressiwiteit¹⁾ in die stelsel te bewaar en daardeur die stelsel as sodanig so "regverdig" moontlik te maak.

3. Indirekte belasting in minder ontwikkelde lande

Die sentrale probleem in die Staatsfinansies van minder ontwikkelde lande is om nodige inkomste te verkry en gelyktydig daarmee 'n korreksie aan te bring in die vir hierdie lande tipiese hoë graad van ongelyke verdeling van inkomste. Hierdie doel=

1) Volledige omskrywing van hierdie begrippe word in hoofstuk IV § 2.1.2 gegee.

stellings moet bereik word op 'n wyse wat nie onnodig met privaat spare, belegging en inisiatiefneming sal inmeng nie. By ontleding van inkomsteverdeling in 'n onderontwikkelde land, val veral twee sake op: die groot besteding op weeldeverbruik en privaat spare wat hoofsaaklik by die baie hoë inkomstegroepe ontstaan.¹⁾ Die hef van enige belasting moet dus hierdie sake in ag neem, veral met die oog op die lei van verbruik in soberder kanale, asook die feit dat kapitaalvorming uit spare nie wegbelas moet word nie.

'n Verdere kenmerk van die ekonomie van minder ontwikkelde lande is dat verbruikers tot groot mate nog nie geskoold genoeg is om bv. 'n opgawe van verdienste en ekonomiese aktiwiteit te kan invul of opstel nie. Belastingpligtiges is ook nog nie opgevoed in belastingbewustheid nie. Besighede is meesal baie sporadies en op geen vaste besigheidsgrondslae gevestig nie; en daar kan dus nie aan balansstaatboekhouding voldoen word nie. Opgawes van inkomste vir inkomstebelastingdoeleindes is dus haas onverkrygbaar. Die Staatsmasjinerie is ook nog nie in so 'n mate ontwikkel dat van ander belastings as die indirekte gebruik gemaak kan word nie.

In minder ontwikkelde lande is die indirekte belas-

1) Musgrave, R.A. en Musgrave, Peggy B. Public Finance in Theory and Practice. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1976. p. 744.

ting dus die aangewese wyse om inkomste te verkry en die ekonomie te reguleer. Die feit dat die indirekte belastings pynloos van aard is, maak dit moontlik dat belastingweerstand en belastingvermydingsaksies minimaal of glad nie van toepassing is nie. Die indirekte belasting is in hierdie studie ter sake, en veral soos geopenbaar word in die algemene verkoopbelasting.

Omdat indirekte belasting 'n saak en nie 'n persoon hanteer nie, terwyl dit sake van hoogs uiteenlopende aard en invloed mag wees, moet indirekte belastings afwisselend volgens omstandighede gebruik word.

Die vraag ontstaan nou waar hierdie belasting, en veral die verkoopbelasting, vandaan kom. Daarop sal die volgende geskiedkundige oorsig 'n antwoord probeer gee.

4. Algemene en historiese oorsig en ontwikkeling buite Suid-Afrika¹⁾

4.1 Algemeen

Slegs die belasting op waarde van eiendom is ouer as die heffing op die verkoop of oordrag van grond, kommoditeite en dienste. Algemene verkoopbelasting

1) Die historiese oorsig dien slegs om agtergrond vir die ontwikkeling van AVB te gee; daarom word slegs enkele hooftrekke van die geskiedenis en ontwikkeling van die belasting in die belangrikste nywerheidslande van die wêreld behandel.

is in werklikheid 'n stelsel van verkoopbelasting op 'n groot aantal kommoditeite en dienste teen 'n min of meer eenvormige koers, en met min of meer eenvormige vrystellings, aftrekkings en bepalinge. 'n Algemene verkoopbelasting is 'n *ad valorem* vir sover as wat die belasting volgens die prys van die kommoditeit gehef word. Die "algemeenheid" van hierdie belastingtipe geld egter net teoreties, omdat die druk van die belasting noodwendig verband moet hou met konkurrensieverhoudings en dus met die elasticiteit van vraag na produkte.

Van die verkoopbelasting word die eerste maal gehoor uit die antieke geskiedenis van Egipte en Athene, maar nie veel is daaroor bekend nie.

Tydens die Middeleeue het die feodale heersers in die talle prinsdomme van Europa dikwels probeer om 'n algemene verkoopbelasting te hef, maar het telkens groot teenstand ondervind. Belasting op die verkoop van sekere goedere, gewoonlik noodsaaklikhede, het vry algemeen voorgekom. In Frankryk is 'n belasting, bekend as *aides*¹⁾ bv. gehef op die verkoop van alle soorte drank, terwyl die *gabelle*²⁾ op die verkoop van sout betaal moes word. Hierdie en ander soortgelyke belastings het in Frankryk bly

1) Seligman, E.R.A. *Studies in Public Finance*, MacMillan, New York, 1925. p. 125.

2) Id.

voortbestaan tot met die rewolusie.

Keiser Augustus het in die Romeinse tyd 'n algemene verkoopbelasting van 1% op die verkoop van alle weeglike goedere gehef¹⁾ en dit die *centesima rerum venalium*²⁾ genoem. Op die verkoop van slawe op die mark was die belasting 2%.³⁾ Die burgers van Rome was egter baie ontevrede oor die belasting, en die keiser kon dit slegs behou deur aan te voer dat die inkomste daaruit noodsaaklik was vir die onderhoud van die leër. Die besware teen die *centesima* het egter nie verminder nie, en Tiberius moes dit in 17 n.C. met 'n ½% verminder. Later is dit weer tot 2% verhoog en is toe die *ducentesima*⁴⁾ genoem. Uiteinde-lik moes Caligula⁵⁾, die derde keiser van Rome en neef van Tiberius, dit weens die kwaai opposisie afskaf.

Onder die naam *vectigal rerum venalium*⁶⁾ is die belasting na enkele jare weer ingestel, maar dit was so

1) Bennet, O. & Lippincot, J. Public Finance, South-Western Publishing, San Francisco, 1949, p. 709.

2) Seligman, op. cit., p. 125.

3) Bennet & Lippincot, op. cit., p. 709.

4) Seligman, op. cit., p. 125.

5) Anon. Caligula. (In The New Educator Encyclopedia, 1960. 3:645.)

6) Seligman, op. cit., p. 126.

onpopulêr en onwinsgewend dat dit na 'n tyd weer afgeskaf is. Proefnemings met die algemene verkoopbelasting in Rome kan dus nie juis as geslaagd beskou word nie.

4.2 In diverse lande sedert die Middeleeue tot Wêreldoorlog I

4.2.1 Frankryk

Frankryk was in 'n oorlog met Spanje gewikkel tydens die regering van koning Hendrik IV. Die oorlog het fiskale probleme vir Frankryk veroorsaak, en in 1597, 'n jaar voor die vrede met Spanje, het die Eerste Minister, Sully, besluit om weer algemene verkoopbelasting in te stel. Die doel van die Koning en sy regering was om met die inkomste uit die belasting voorspoed vir die land te verkry en die chaotiese owerheidsfinansies te probeer herstel. Hierdie belasting is egter in 1602 laat vaar weens die weerstand van die publiek.¹⁾

Gedurende die 17e eeu is die algemene verkoopbelasting met tussenposes op groot- en kleinhandelsverkope ingestel, maar het telkens met groot teenstand te doen gekry. Lodewyk XIV het dit in 1642 weer probeer, maar toe is gesê: "...*The very name of general sales tax puts people into a fury.*"²⁾ Gevolglik moes dit na vier jaar weer opgehef word.

1) Seligman, op. cit., p. 126.

2) Id. 126.

Die Franse konings het steeds probleme met die balansering van hulle begrotings ondervind, en telkens het hulle op algemene verkoopbelasting as bron van inkomste teruggeval. So word in 1681 die sg. vyf-persent-belasting gehef.¹⁾ Weer eens lei die belasting tot groot ontevredenheid en selfs oproer, sodat dit gou weer afgeskaf moes word. Een van die eerste dinge wat dan ook ná die rewolusie deur die Konvensie gedoen is, was die afskaffing van die *gabelles* en *aides* op lewensnoodsaaklikhede.

Die Franse ondervinding met verkoopbelasting het daarop gewys dat verkoopbelasting nie juis 'n suksesvolle metode van openbare fondsinsameling was nie. Die algemene verkoopbelasting het weer in Frankryk onder bespreking gekom na die Frans-Pruissiese oorlog van 1870 - 1871. Die Franse is 'n verpletterende neerlaag toegedien, en volgens die verdrag van Frankfort van Mei 1871, moes Frankryk, benewens prysgawe van grondgebied, ook \$1 000 000 000 skadevergoeding aan die Pruise teen Maart 1874 betaal. Die enigste uitweg was om die sg. omsetbelasting in te voer ten einde die nodige fondse te verkry; 'n metode wat gewenste gevolg gehad het.²⁾

Leroy Beaulieu en Léon Say, voorste Franse ekonome

1) Seligman, op. cit., p. 126.

2) Anon. Franco-Prussian War. (In The New Educator Encyclopedia, 1960, 4:1401.)

van daardie tyd, was heftig teen die belasting gekant. Die besware wat hulle teen die belasting geopper het, was eerstens dat dit ongelyke druk op produsente tot gevolg sou hê, en nie die onderskeid tussen geïntegreerde en enkelvoudige produksie sal maak nie.¹⁾ Die gevolg hiervan sou wees dat die algemene omsetbelasting 'n onregverdigde voordeel aan die groot handelaar en vervaardiger sou gee in vergelyking met die kleiner vervaardiger en handelaar. Die administratiewe probleem van behoorlike boekhouding deur handelaars was 'n verdere beswaar. Die argument was dat, indien die boekhouding nie behoorlik gedoen word nie, die belasting maklik ontduik kan word.²⁾ Die ongelykheid van druk op verbruikers is egter nie deur hulle as beswaar aangewys nie. Die besware wat deur die twee ekonome geopper is, was egter nie voldoende vir die Franse owerheid nie, en die belasting is gehef. Die inkomste uit die betrokke belasting het die Franse owerheid in staat gestel om die skadevergoeding binne die vasgestelde tyd aan die Pruisiese owerheid te betaal.

4.2.2 Spanje

Die algemene verkoopbelasting is in die Middeleeue in kommunies van Spanje gehef, en in 1342 is dit as 'n nasionale belasting in Spanje ingestel.³⁾ Die

1) Seligman, op. cit., p. 128.

2) Id. 129.

3) Id. 128.

sg. *alcabala* was die mees gehate verkoopbelasting wat ooit gehef is, maar het nogtans vir vyf eeue bly geld en is in 1845 herroep. Selfs toe het dit nog in die een of ander vorm in enkele van die Spaanse kolonies soos Meksiko en die Fillipyne, bly voortbestaan.¹⁾

Die *alcabala* is op die verkoop van feitlik alle artikels gehef, teen 'n aanvanklike koers van 1%. Die koers het egter tot tien en vyftien persent gestyg en het neerdrukkende laste op die handel en industrie geplaas.

Isabella van Castile (1451 - 1504) was getroud met Ferdinand Van Aragon.²⁾ Sy was heerseres van Spanje en het, as 'n spesiale koninklike guns aan die twee state Catalonia en Aragon, hulle vrygestel van die *alcabala*. Die twee state het besondere voorspoed en vooruitgang onder Isabella se regering beleef, wat algemeen toegeskryf is aan die feit dat hulle nie die las van die *alcabala* moes dra nie.

Daar is selfs aangevoer dat die ekonomiese ineenstorting wat Spanje in hierdie tyd beleef het, toe te skryf was aan die algemene verkoopbelasting.³⁾ Die gevolge van die *alcabala* het baie aandag van Spaanse skrywers geniet. So verduidelik hulle,

1) Seligman, op. cit., p. 130.

2) Anon. Isabella of Castile. (In The New Educator Encyclopedia, 1960, 6:1847).

3) Seligman, op. cit., p. 127.

byvoorbeeld, dat die groot landgoedere onvervreembaar was en dus altyd by wyse van erflating na 'n nuwe eienaar oorgegaan het. Gevolglik was dit nie aan verkoopbelasting onderhewig soos kleiner eiendomme wat uit die aard van die saak deur verkope van eienaar verwissel het nie. Die las van die belasting was dus neerdrukkend op die armes iedere keer wat die grond van eienaar verwissel het, sodat van die kleinboere dikwels hulle vee moes opoffer ten einde die belasting te kan betaal.

Ondanks baie probleme en ontevredenheid wat die *alcabala* veroorsaak het, is dit deur die Spaanse monargie voortgesit, omdat hulle geen ander metode kon bedink om orde in die staatsfinansies te verkry en daarby die buitensporige hofhoudings te bekostig nie. Nogtans het die Spaanse ekonome voortdurend op die ontsaglikheid en ongelukkige ekonomiese gevolge van hierdie verkeerde ywer in die owerheidsfinansies gewys.¹⁾

4.2.3 Die Duitse Ryk

Tydens die 17e en 18e eeue het die ryker klasse in Duitsland daarin geslaag om direkte belastings op groot skaal te ontduik. Belastinghervormers het toe aangevoer dat, indien 'n belasting op alle

1) Seligman, op. cit., p. 127.

soorte verbruik gehef sou word, elke lid van die gemeenskap proporsioneel bereik kon word. 'n Ak= syns op byna elke kommoditeit, wat vergelyk kan word met 'n algemene verkoopbelasting, is toe ontwikkel.

Die *General Accise* is ingestel as 'n metode om gelyk= heid van belasting te verseker, maar het tot soveel misbruike aanleiding gegee dat dit gou weer laat vaar is.

4.2.4 Brittanje

Die Britte het altyd enige nuwe plan of metode wat op die kontinent ontwikkel is, met agterdog bejeën, en alhoewel dit dikwels bespreek is, het die Engel= se owerheid nooit daartoe oorgegaan om 'n algemene aksyns in te stel nie. Die naaste wat aan so 'n verkoopbelasting gekom is, was die belasting wat in die 19e eeu deur William Pitt gehef is, onder druk van oorlogstoestande (en =uitgawes) met Frankryk.¹⁾ Hiervolgens is elke kommoditeit belas, soms by die verkoop daarvan, maar meer dikwels by die produksie van belaste goedere.

Gladstone²⁾ (wat baie bekend was vir die fiskale hervormings wat hy aangebring het) het, toe hy in die veertigerjare van die 19e eeu aan bewind gekom het, hom met die probleem van verkoopbelasting be= moei.

1) Anon. William Pitt. (In The New Educator Encyclopedia, 1960, 8:2851).

2) Anon. Gladstone, William Ewart, op. cit., 5:1520 - 21.

Hy het die veelvuldigheid van die verkoopbelasting op alles "*that a man eats, feels, smells or hears*"¹⁾ verminder. Die stelsel wat hy ingevoer het, was dié van gekonsentreerde belasting; dit is belasting op nie-noodsaaklikhede wat wyd verbruik is en waar administratiewe probleme minder en die opbrengs groter was. Sy stelsel het dus 'n groter inkomste uit minder interne belasting verseker.

4.3 In diverse lande sedert die Eerste Wêreldoorlog

4.3.1 Buite Europa

Met die uitbreek van Wêreldoorlog I het die Filippyne en Meksiko, volgens Spaanse tradisie, stelsels van algemene verkoopbelasting gehad.²⁾ Kanada was egter die enigste Engel-Saksiese land wat bereid was om 'n belasting soortgelyk aan die algemene verkoopbelasting te hef. Die Kanadese belasting is egter 'n belasting op die verkoop van sekere kommoditeite met 'n lys van vrystellings wat byna elke artikel in die gewone burger se begroting insluit.

In die VSA kan die ontwikkeling van die algemene verkoopbelasting onderskei word as 'n federale praktyk op die vlak van die state waaruit die

1) Seligman, op. cit., p. 128.

2) Verkoopbelasting wat oorblyfsel van die alcabala was.

land saamgestel is.¹⁾

Die eerste poging in die VSA om die algemene verkoopbelasting op nasionale vlak te hef, is tydens die Burgeroorlog aangewend. Dit is ondersteun deur besigheidsbelange wat aangevoer het dat op dié wyse verligting gekry kon word van die spesiale oorlogsaksynse en inkomstebelastings. Die voorstel is in die Senaat en Kongres verslaan. 'n Beperkte vervaardigers- en spesiale kommoditeitsbelasting is egter ingestel.²⁾

Na die Eerste Wêreldoorlog is veral deur die (a) *United States Chamber of Commerce*, (b) *National Retail Dry Goods Association* en (c) *National Association of Manufacturers* geagiteer vir die instelling van verkoopbelasting. 'n Boere-arbeider-koalisie en verskeie produsente- en bemarkingsorganisasies het dit op-
poneer, en die voorstel is verwerp.³⁾

'n Soortgelyke belangegroep (soos (a) tot (c) hierbo) het die saak van die algemene verkoopbelasting in die vroeë dertigerjare weer na vore gebring. Die Departement van Finansies het ná aansienlike teenkanting tog 'n beperkte vervaardigingsheffing ingestel. Die *House Ways and Means Committee* het aanbeveel dat 'n enkelstadium-belasting op produsente

1) Plank, op. cit., p. 323.

2) Id.

3) Id.

en invoerders gehef word, maar die voorstel is nie aanvaar nie.¹⁾

Die verkoopbelasting is nie verder ernstig oorweeg nie, totdat die *Committee on Economic Development* ²⁾ saam met ander besigheidsorganisasies hierdie belasting na die Tweede Wêreldoorlog begin propageer het. Hierdie voorstanders van die algemene verkoopbelasting het veral klem gelê op die sg. anti-inflasioneêre uitwerking van die belasting. Op die vlak van die state was die poging om die algemene verkoopbelasting in te stel, baie suksesvol. Die belangrikste ontwikkeling van die AVB het egter eers na die depressie van die dertigerjare en die Tweede Wêreldoorlog gevolg. Daar was tot op daardie stadium wel handelslisensiebelasting op basis van verkope gehef, asook ander bruto inkomstebelasting, maar hierdie belasting was beperk in omvang.

Die staat Wes-Virginia het in 1921³⁾ die eerste moderne AVB ingestel, dit is gehef op bruto verkope van byna elke tipe besigheid, en teen verskillende koerse. Die wet wat vir hierdie belasting voorsiening gemaak het, is toegepas as 'n kompromismaatregel in plaas van hoër belasting op natuur=

1) Plank, op. cit., p. 323.

2) Id.

3) Somers, H.M. *Finance and National Income*, Blakiston, Toronto, 1949. p. 407.

like hulpbronne en ten einde dié staat se fiskale noodsituasie te verlig. Die oorspronklike wet is in 1925 herroep, en 'n algemene belasting met 'n breër basis en hoër koerse is gehef.

Georgia het in 1929 'n lae koers-veelvuldige-sta= dia-belasting gehef op bruto ontvangste waarvan verkope die basis was; egter slegs as 'n tydelike maatreël tot 1931.¹⁾

Die depressie het meegebring dat verskeie ander state ook soortgelyke belastinge ingestel het, wat direk toegeskryf kan word aan die finansiële pro= bleme waarmee die owerhede te doen gekry het. Die belasting is verskillend in verskillende state ge= hef, na gelang van omstandighede, maar in elke ge= val is dit slegs as 'n noodmaatreël beskou.²⁾

Maryland, New York en Pennsylvania het dan ook hul= le wette laat verstryk en in ander state, soos bv. Idaho en Kentucky, is die wette later herroep. Die meerderheid state het egter nadat die krisis verby was, nog die algemene verkoopbelastingwette bly behou. Die redes wat aangevoer is vir die behoud van die belasting was die behoefte aan inkomste vir sosiale sekuriteitsprogramme en opvoedkundige dienste.³⁾ Behalwe dat nuwe wette vir die hef van

1) Plank, op. cit., p. 324.

2) Somers, op. cit., p. 407.

3) Plank, op. cit., p. 324.

AVB sedertdien in verskeie state deurgevoer is, maak groot stede ook van AVB gebruik om hulle inkomste aan te vul.

Dit is dus duidelik dat, sodra AVB in sy moderne vorm gehef is, daar nie maklik weer van afgestap word nie. Hierdie belasting het 'n normale en permanente bron van inkomste geword; vanweë die hoë produktiwiteit daarvan¹⁾ en ten spyte van die ongelikheid van druk en die ongewenste las wat dit vir die bevolking meebring.

4.3.2 In Europa

Met die beëindiging van die oorlog in 1918 het die idee van algemene verkoopbelasting reeds in Europa posgevat, en spoedig sou talle soorte verkoopbelastinge die lig sien. In hierdie eerste periode van moderne algemene verkoopbelasting het die nuwe belasting sigself aangedien as 'n buitengewone inkomste om die finansies te versterk van lande wat gebuk gegaan het onder swaar oorlogskulde en uitgawes.

Frankryk het in 1920 'n algemene verkoopbelasting gehef nadat alle ander metodes, soos bv. hoë inkomstebelasting, 'n hoë oorskotwinstbelasting en hoë boedelbelasting, vir inkomsteverkryging nie geslaag het nie. Die resultate van die verkoopbe-

1) Verwys hoofstuk IV, § 2.2.

lasting was egter alles behalwe bevredigend.¹⁾
 Die inkomste uit die belasting was onvoldoende,
 en die beraming van begrotingsontvangste moes tel=
 kens hersien word. Ander tekortkominge het ook gou
 aan die lig gekom.

Guillame de Tarde, adviseur van die ministerie en
 staatsraadgewer, het dit in 'n kabelgram aan die
New York Herald op 28 Mei 1921 soos volg opgesom,
 en dit dien hier volledig aangehaal te word:

"Nooit tevore het Frankryk 'n belasting gehef wat
 so sleg ontvang is deur beide ondernemings en die
 publiek nie; e.g. as gevolg van die inspeksie=
 metodes wat nodig is, en die publiek as gevolg van
 die neiging van die besigheidslui om die las, waar
 moontlik, op die kopers af te skuif, eerder as op
 hulle winste. Dit is onmoontlik om hierdie belas=
 ting in te vorder sonder regeringsagente wat be=
 sigheidstate fyn kan ontleed. Dit is ook onmoont=
 lik vir die Franse tesourie om so 'n menigte amp=
 tenare te onderhou; en omdat die belasting daarom
 aan die eerlikheid van die handelaars en produsente
 oorgelaat word, is daar groot gevaar dat state op=
 gestel sal word om die belastingbetaler te pas.

"Die Franse verkoopbelasting het geblyk 'n noodlot=
 tige en verlamende effek op besigheid in die al=

1) Seligman, op. cit., p. 129.

gemeen te hê, en dit is slegs 'n kwessie van tyd voordat dit vervang sal word met 'n meer rasionele metode van inkomsteverkryging."¹⁾

Duitsland het in 1916 met 'n *payments* -belasting geëksperimenteer. In 1918 word dit opgevolg met 'n omsetbelasting op verkope van produsente en verspreiders; nadat alle moontlike ander bronne beproef is. Hulle het gepoog om die ongelykheid te verminder deur 'n addisionele en baie hoër belasting op die verkoop van weelde-artikels te hef.²⁾

Ander Europese lande het in kort opeenvolging die AVB ingestel, hoofsaaklik om die druk van swaar uitgawes, wat nie deur inkomste uit bestaande belastinge gedek kon word nie, die hoof te bied. In 'n betreklike kort tyd het dertig verskillende nasionale regerings die algemene verkoopbelasting ingestel; baie om oorlogskoste te dek; ander om onvoorsiene uitgawes te dek; ander as 'n normale vorm van inkomste, en nog ander ná 1929 as gevolg van die probleme deur die depressie veroorsaak.³⁾ Van die belangrikste lande het op daardie stadium slegs Engeland, Japan en die VSA nog nie oorgegaan tot die hef van 'n nasionale algemene verkoopbelasting nie.

1) Seligman, op. cit., p. 129 - 130.

2) Buehler, op. cit., p. 502.

3) Id.

5. Algemene en historiese oorsig van ontwikkeling in Suid-Afrika

Uit die vroeë geskiedenis van die belastingstelsel in Suid-Afrika is dit duidelik dat indirekte belastinge gehef is, en wel in die vorm van doeane- en aksynsregte. Sulke belastinge was trouens reeds voor die totstandkoming van die Unie in 1910, bekend. Sedert Uniewording het verskeie geskifte verskyn waarin meer omtrent die belastingstelsel in Suid-Afrika verhaal word, maar nêrens kan enige aanduiding gevind word van 'n verkoopbelasting anders as doeane en aksyns nie, wat immers selektiewe belastinge is.

Botha noem dan ook dat *"alleen die belastinge wat 'onpersoonlik' is en geen rekening hou met die rykdom of inkomste van 'n persoon nie, en oor die algemeen afgewentel kan word, sal as indirekte belastinge beskou word."*¹⁾

Die totale Unie-inkomste uit belasting het bv. in 1922 bestaan uit: doeane- en aksynsregte, inkomste- en suksessieregte, oordragregte, lisensie- en seëlregte, en grondbelastinge.

Die eerste verwysing wat in literatuur na verkoopbelasting verskyn, was in 1923 in 'n opstel, getiteld "Finansiële verhoudings tussen die Unie en

1) Botha, J.H. Unie-Finansies, Stewart Drukkers Mpy., Kaapstad, 1936, p. 39.

die Provinsies," deur M.H. de Kock. Die diskussie in die betrokke artikel handel oor nuwe bronne van inkomste ter beskikking van die provinsies, ten einde hul finansiële probleme die hoof te bied en voorsiening te maak vir toekomstige verhoging in uitgawes. De Kock beveel aan dat 'n nuwe belasting gehef moet word om die nodige inkomste op te lewer en stel die verkoopbelasting voor. Die Grondwet van die Unie het egter slegs aan die sentrale owerheid die reg om indirekte belasting te hef, verleen, en wel in artikel 60(1): "*Wetsontwerpen, die inkomste of gelden beskikbaar stellen of een belasting opleggen, worden slechts in die Volksraad ahangig gemaak.*"¹⁾ Die Grondwet magtig egter die provinsies om van indirekte belasting gebruik te maak, en wel aan die hand van artikel 85(i), wat bepaal dat "*direkte belastingen in de provincie ter verkrijging van inkomsten voor de provinciale huishouding,*"²⁾ gehef mag word by wyse van ordonnansies. Indien die provinsies verkoopbelasting sou hef, sou die Unieregering hulle die spesifieke reg daartoe moes gee.

Botha³⁾ lig die voorstel van De Kock verder toe en voer aan dat die hef van verkoopbelasting reeds

1) "De Zuid-Afrika Wet, 1909", met wysigings tot en met 1923. The Government Printer, 1935.

2) Id.

3) De Kock, M.H. Opstelle oor die Ekonomie en Finansiële wese in Suid-Afrika. Nasionale Pers, Kaapstad, 1923. p. 115 e.v.

met sukses in lande soos bv. Frankryk en Kanada toegepas is. Hy merk die besware wat teen verkoopbelasting ingebring word aan, onder andere die onregverdigheid daarvan deurdat die vermoë van die belastingbetalers¹⁾ nie in ag geneem word nie en dat die groot getal verbruikers uiteindelik die las van die belasting moet dra. Die besware kan uitgeskakel word deur die belasting net tot weeldeartikels te beperk en lewensnoodsaaklikhede vry te stel.

Die verkoopbelasting behoort spoedig en sonder veel koste die nodige inkomste te lewer, veral indien die belasting by die groothandelaar ingevorder word, en lg. die reg verkry om die bedrag van die belasting by die prys van sy goedere te voeg. Hy verklaar voorts: *"Die opbrengs van die belasting sal ook toeneem met die groei van die bevolking en die beskawing; en 'dit is net die soort van belasting wat die provinsie nodig het'. 'n Verkoopbelasting van 1 persent op geriewe-artikels en 2 persent op weeldeartikels sal waarskynlik voldoende inkomste oplewer en sal pryse maar weinig affekteer. Dit sal oor die hele bevolking in klein bedrae versprei word. Alhoewel, die vernaamste beoogte vir die verkoopbelasting is nie sy voordele nie, maar geldelike nood en die moontlikheid om sommige*

1) Verwys hoofstuk IV § 2.1.2.

van die lastige klein belastings te laat vaar." ¹⁾ Hierdie voorstel betref nog nie alle artikels nie, en is dus nie 'n algemene verkoopbelasting nie.

5.1 Bepaling van belastingprioriteite: Begrotingsrede 21 Maart 1951

Minister N.C. Havenga het, in 1951, toe hy minister van finansies was, die saak van verkoopbelasting in sy begrotingsrede van daardie jaar aangevoer. Hy het die volgende gesê: "Ons het ook aan dag geskenk aan die moontlike verhoging van belasting wat, behalwe die oplewering van addisionele inkomste, die uitwerking sou hê om verbruik in te kort en dus die inflasiedruk te verlig. Soos agbare lede weet het verskeie lande een of ander stelsel van koop- of verkoopbelasting ingevoer, en my persoonlike oortuiging is dat dit beter sou wees vir 'n jong land wat baie kapitaal nodig het vir ontwikkeling, om liever direkte belastings op verbruik te lê as om die inkomstebelasting te verhoog tot 'n peil waar dit besparing ontmoedig en die opbou van privaatkapitaal belemmer.

"Daar is egter heelwat praktiese moeilikhede verbonde aan die invoering van 'n stelsel van verkoopbelasting en verdere studie sal aan die saak gewy word gedurende die reses."²⁾

1) De Kock, op. cit., p. 116.

2) Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad (Hansard), 19 Januarie tot 22 Junie 1951. Dele 74, 75, 76. p. 3479.

Volgens die Minister sou die omvang van verbruiks= besteding wat deur die verkoopbelasting geraak sal word, aansienlik groter wees as in die geval van selektiewe aksynsbelasting, aangesien daar doelbe= wus gepoog sou word om 'n wye reeks artikels te dek. Die goederestroom kan in 'n breë aantal klas= se verdeel word, waarvolgens sekere lewensnoodsaak= like goedere vrygestel kan word, en ander, soos bv. weeldeartikels, teen 'n hoër koers belas kan word.

5.2 Nadere beoordeling van verkoopbelasting: Be= grotingsrede 26 Maart 1952

In die begrotingsrede wat op 26 Maart 1952 deur die Minister van Finansies in die Volksraad ge= lewer is, het hy weer eens die saak van verkoop= belasting aangeroe, en wel soos volg: *"Ek het ver= lede jaar aangedui dat ons die moontlikheid van oplegging van 'n verkoops= of koopbelasting sou oorweeg. Ek het ty= dens die reses verder aandag gegee aan die saak. Terwyl ek nog voel dat hierdie soort belasting die voordeel mee= bring dat dit 'n belasting is op die spandeer van geld en dat dit nie die aansporing om te produseer in dieselfde mate beïnvloed as bv. 'n buitensporige skaal van inkomste= belasting nie, het dit sekere nadele wat nie veronagsaam kan word nie. Eerstens om noemenswaardige inkomste op te lewer sou die belasting nie beperk kan word tot weelde= artikels nie, maar sou dit 'n wye terrein van artikels moet dek. Gevolglik sou dit onvermydelik 'n nadelige uitwerking hê op die lewenskoste wat reeds swaar druk op sekere be= volkingsgroepe. Tweedens is dit 'n belasting wat nie mak=*

*lik toegepas kan word nie, en dit is nie raadsaam om verdere laste te plaas op die betrokke departement op 'n tyd= stip dat dit reeds ernstig in sy werk belemmer word deur die bestaande tekort aan personeel nie. As ons uitgawe verder op 'n buitensporige wyse styg, sal ons miskien ge= noodsaak wees om die toevlug te neem tot 'n koop= of ver= koopbelasting, maar ek het tot die gevolgtrekking gekom dat vir die huidige dit beter sou wees om die nodige fondse uit ander bronne te kry."*¹⁾

5.3 Finansiële verhoudings tussen sentrale ower= heid en die provinsies

Nadat op bogenoemde wyses deur die Minister van Finansies na verkoopbelasting verwys is, is verdere ondersoek na die saak gedoen, en wel deur die Schumann-kommissie in 1964 en die Borckenhagen-komitee in 1966/67.

5.3.1 Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Finansiële Verhoudings tussen die Sentrale-Regering (sic) en die Provinsies (Schumann-kommissie)

Op 8 April 1960 is 'n kommissie onder voorsitterskap van C.G.W. Schumann aangestel met die opdrag om ondersoek in te stel na die finansiële verhoudings tussen die sentrale regering en die provin=

1) Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad (Hansard) 18 Jan. - 25 Jun. 1952, Dele 77, 78, 79, 80. Nasionale Handelsdrukkers, Elsie'srivier. p. 3765 - 66.

sies. Paragraaf (d) van die opdrag lui soos volg:
*"die mate waarin enige oorblywende tekort gedek kan word
 deur die toewysing aan die Provinsies van nuwe bronne van
 belasting ... "* 1)

Insake moontlike nuwe belastingbronne noem die kommissie onder andere die heffing van verkoop= belasting. Die Schumann-kommissie doen soos volg verslag:

Ondanks die ongewildheid van verkoopbelasting word dit met vrug in verskeie Europese lande, Engeland²⁾ en ook op groothandelaarsvlak in Kanada gehef. In die Verenigde State van Amerika en in Australië word dit deur die verskillende state gehef.³⁾

Die Schumann-kommissie voer aan dat die provinsies die mag behoort te kry om verkoopbelasting te hef, aangesien hulle aan alle lae van die bevolking dienste verskaf soos opvoeding, gesondheid en pad= verbindings. Groot getalle van die bevolking wat hierdie dienste ontvang is, vir verskeie redes, nie aan die gewone vorms van belasting onderhewig nie. Indien die belasting gehef word, maar lewens= noodsaaklike goedere, soos voedsel en klere, van die belasting vrygestel word, sal verseker word

-
- 1) Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Finansiële verhoudings tussen die Sentrale Regering en die Provinsies. Republiek van Suid-Afrika, R.P. 35/1964, p. 5.
 - 2) In Engeland is dit bekend as 'n "purchase tax".
 - 3) Sien historiese oorsig.

dat alle lae van die bevolking bydra tot die inkomste van die provinsies. Die argument lui verder dat lewenskoste nie noemenswaardig verhoog sal word nie en die invloed lig inflasionêr sal wees aangesien die belastingtarief laag gehou sal word. Hoë tariewe behoort slegs op weeldeartikels te geld, wat dan neerkom as 'n aksyns daarop. Nadat kommentaar van die provinsies ingewin is, het die Schumann-kommissie tot die slotsom gekom dat 'n goeie saak uitgemaak kan word om die provinsies die reg toe te staan om 'n "verkoopbelasting" te hef, veral wanneer die aard van hul dienslewering en die samestelling van die bevolking in ag geneem word. Die kommissie wys egter op die ingewikkelde fiskale en administratiewe probleme wat met die instel van so 'n belasting gepaard sal gaan, maar voel nogtans dat die sentrale owerheid en die provinsies die hef van 'n verkoopbelasting ernstig behoort te oorweeg.

5.3.2 Suid-Afrikaanse Finansiële Verhouding tussen die Sentrale Regering, die Provinsies en Plaaslike Besture. BDI: Hoofverslag, deel I. Van Borckenhagen-komitee, 1966/67.

Die Borckenhagen-komitee het ondersoek gedoen na die finansiële verhoudings tussen die sentrale regering, die provinsies en plaaslike besture. Insake addisionele bronne van inkomste het die komitee onder andere oor die moontlike instelling van algemene verkoopbelasting besin en verslag gedoen:

Na aanleiding van voorstelle deur die Verenigde

Munisipale Bestuur dat verkoopbelasting aan plaaslike besture beskikbaar moet wees, stel die komitee dat die oplegging van enige vorm van verkoopbelasting die instelling van addisionele administratiewe masjinerie vir die invordering en toesig 'n aansienlike mate van werk vir die belastingbetalers¹⁾ sal meebring. Die komitee wys op die aansienlike teenstand wat die belasting veral by die laer inkomste-groepe sal ontlok, en ook op die ingewikkelde administrasie in geval van reekse vrystellings. Die komitee voer aan dat verkoopbelasting 'n nuttige belasting vir die reël van die volkshuishouding is, maar daarom slegs deur die sentrale regering onderneem moet word. Die bestaan van onder andere vermaaklikheidsbelasting, invoer- en aksynsregte op motorbrandstof, alkohol, tabak en passasiersmotorvoertuie en invoerregte op 'n groot reeks luukse artikels is reeds 'n vorm van verkoopbelasting wat op daardie stadium gehef is, alhoewel slegs die vermaaklikheidsbelasting deur 'n laer owerheid gehef kan word.

Die komitee ondersteun die beginsel dat die owerheid wat die opbrengs van enige belasting ontvang, die verantwoordelikheid vir die oplegging daarvan moet aanvaar. Indien aan plaaslike owerhede die reg tot die hef van verkoopbelasting gegee sou word, en voor=

1) Hier moet in gedagte gehou word dat belastingpligtige en belastingbetaler twee verskillende "persone" is.

gaande beginsel daarop toegepas sou word, kan dit lei tot anomalieë, soos bv. dat pryse van goedere op verskillende peile in verskillende sentrums vasgestel word.

Indien aan laer owerhede die reg verleen sou word om die verkoopbelasting te hef, sou die sentrale regering 'n eenvormige koers daarvoor moet neerlê en dit sou neerkom op die verbreking van 'n belang=rike demokratiese beginsel. Die komitee meen dat dit verkiesliker sal wees dat verkoopbelasting deur die sentrale regering opgelê moet word, en die op=brengs daarvan dan op geskikte basis aan plaaslike besture beskikbaar gestel moet word.

Die Borckenhagen-komitee kom tot die gevolgtrekking dat die bronne van inkomste vir die plaaslike besture nie so ontoereikend is dat addisionele bronne van inkomste aan hulle toegewys hoef te word nie. Daarom het die Borckenhagen-komitee nie verder op die saak van verkoopbelasting ingegaan nie, maar het aanbeveel dat, indien die owerheid die instelling van so 'n belasting oorweeg, 'n spesiale kommissie aangewys behoort te word om die saak in diepte te ondersoek.¹⁾

soos uit die verdere bespreking duidelik sal word, is hierdie taak uiteindelik deur die Franzsen-kom=

1) S.A. Finansiële Verhouding tussen Sentrale Regering, die Provinsies en Plaaslike Besture. BDI: Hoofverslag, Deel I. Stedelike en Plaaslike Besture. Van Borckenhagen-komitee, 1966/67.

missie gedoen.

5.4 Hersiening van die belastingstruktuur

5.4.1 Belasting in Suid-Afrika

Eerste verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika.

("Eerste verslag van die Franzsen-kommissie")

(a) Aanleiding en opdrag.

Op 24 November 1967 het die Staatspresident van die RSA 'n kommissie onder voorsitterskap van D.G. Franzsen aangestel met die opdrag om

- (i) ondersoek in te stel na
 - die huidige belastingstelsel
 - die bestaande finansiële struktuur in SA
 - die monetêre en fiskale beleid van die Suid-Afrikaanse owerhede;
- (ii) aanbevelings te doen in verband met wysi=ging in bogenoemde verband wat sal strek ter bevordering van ekonomiese groei sowel as finansiële stabiliteit in die RSA.¹⁾

Die opdrag van die kommissie het dus ingehou dat ondersoek ingestel moes word na die uitbreiding van instrumente ten einde die ekonomie te reguleer; asook die ondersoek en hervorming van die destydse

1) Belasting in Suid-Afrika. Eerste Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, 1968. R.P. 24/1969. p. iii.

belastingstruktuur in Suid-Afrika. Hervorming van die belastingstruktuur was veral nodig met die oog op belemmering van inisiatief en besparing vanweë die feit dat 'n stagneringspunt bereik is, nl. dat die bestaande direkte en indirekte belastings 'n maksimumpunt van heffingsmoontlikhede bereik het.

(b) Keuse: verkoopbelasting of verkoopreg.

Die aandag is eerste aan die hersiening van die belastingstruktuur en die moontlike uitbreiding deur toevoeging van nuwe belasting(s) gegee. Verkoopbelasting is oorweeg, en daaroor het die Franzsen-kommissie soos volg verslag gedoen:

Die bydrae van indirekte belastings tot die totale belastingopbrengs van Suid-Afrika was gemiddeld 42%, wat laer is as die van vergelykbare ontwikkelde lande. Daarby het die bydrae van indirekte belastings 'n aansienlike daling ondergaan, hoofsaaklik as gevolg van die toenemende rol wat doeaneregte as instrument van nywerheidsbeskerming vervul. Die Republiek voer minder klaar vervaardigde goedere in en meer grondstowwe vir prosesse; lg. wat natuurlik nie in dieselfde mate aan indirekte belasting onderhewig is nie. Doeaneregte kon dus nie langer as 'n lewenskragtige belastingbron beskou word nie, tensy tariewe onrealisties verhoog sou word. Aksynstariewe was reeds so hoog dat nouliks meer daaruit verkry kon word. Omdat minder ingevoer is, en meer in die binneland geproduseer word, moet indirekte belasting dus na die binneland ver-

skuif word.

Die Franzsen-kommissie het verder bevind dat 'n algemene indirekte belasting sonder baie hoë koste deur die private sowel as die publieke sektore ingevorder sou kon word. Origens word aanbeveel dat 'n indirekte belasting die vorm van 'n verkoopbelasting moet aanneem en op selektiewe basis op verbruikersgoedere gehef moet word ten einde ongelykheid van druk uit te skakel. Die laer inkomste-groepe se groot bestedings moet byvoorbeeld onbelas bly.

'n Groot voordeel van so 'n indirekte belasting sal wees dat dit risikodraging, inisiatief en werksinspanning nie nadelig sal beïnvloed nie; wat wel sou gebeur indien direkte belasting verder verhoog sou word. Hoë direkte belasting lei gewoonlik tot negatiewe kompensasie, terwyl indirekte belasting en die verhoging daarvan merendeel lei tot positiewe kompensasie¹⁾ in 'n poging om die relatiewe posisie wat voor die belastingheffing bestaan het, te kan handhaaf. Die kommissie was die mening toegedaan dat 'n verkoopbelasting só ontwerp kon word dat regressiwiteit feitlik uitgeskakel sou kon

1) Positiewe en negatiewe kompensasie as reaksies op belastingheffing word volledig in hoofstuk VI bespreek.

word.¹⁾

(c) Meriete en vorm van verkoopbelasting

Na aanleiding van getuienis betreffende die aard en omvang van 'n verkoopbelasting wat die kommissie van verskeie organisasies ingewin het, was dit duidelik dat die belasting oor die algemeen (soos reeds uit die vroeë geskiedenis geblyk het) nie juis verwelkom sou word nie, maar nogtans verkiesliker sou wees bo die verhoging van direkte belastinge.

Wat die stadium van heffing betref, was daar groot meningsverskil, maar die probleem van die moontlike eskalasie-effek (of wins-op-belasting-probleem²⁾ is aangewys indien die belasting op die invoer of vervaardigerstadium gehef sou word. Die beswaar teen belasting op kleinhandelsvlak was die probleme met vrystellings en tariefverskille by elke afsonderlike verkooptransaksie.

Staatsamptenare het gewys op 'n moontlike eskalasie-effek indien die belasting by die bron gehef word, veral in die geval van bekende merkartikels en ander goedere waarby konkurrensie nie lewendig

- 1) Belasting in Suid-Afrika. Eerste Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, 1968, R.P. 24/1969. p. 35 - 36. (Hierna sal na hierdie bron bloot as "Eerste verslag - Franzsen-kommissie" verwys word.)
- 2) Sien 'n latere verwysing na hierdie probleem volgens 'n ondersoek deur die "Federated Chamber of Industry" gedoen.

is nie. 'n Groter behoefte aan bedryfskapitaal kan ook ontstaan ten einde belaste voorrade te finansier, en dit kan kostestygings tot gevolg hê. Die moontlikheid van verlaging in direkte belasting tesame met die hef van verkoopbelasting sou, volgens getuienis, by sommige nywerhede 'n daling in afset veroorsaak, terwyl ander weer voordeel daaruit sou kon trek.¹⁾

(d) Basis van verkoopbelasting

Die Kommissie het die volgende aanbevelings gemaak met betrekking tot die basis van die verkoopbelasting:

- (i) Die doel moet wees om binnelandse verbruik te belas; daarom moet uitvoere en intermediêre goedere van belasting vrygestel wees, asook goedere wat nie deur die gewone distribusiekanale hanteer word nie.
- (ii) Sonder noemenswaardige administratiewe probleme sou 'n belasting op verkope aan verbruikers gehef kon word. Sekere basiese lewensmiddele en bestedingsposte wat 'n groot deel van die begroting van die laer inkomstegroepe uitmaak, moet egter van die belastingbasis uitgesluit word, ten einde nie 'n swaarder las op die laer inkomstegroepe te lê nie en sover moontlik die

1) Eerste verslag, Franzsen-kommissie, op. cit., p. 37 - 38.

grootste gedeelte van die opbrengs uit hierdie belasting van die hoër inkomstegroepe te verkry.

- (iii) Indien die belasting sō gehef kon word, sou die lewenskoste nie noemenswaardig verhoog word nie, en daar sou dus geen regverdiging vir looneise bestaan nie.
- (iv) Goedere wat reeds aan aksynsbelasting onderhewig is, moet van verkoopbelasting uitgesluit word ten einde te verhoed dat addisionele administrasiekoste ontstaan en die produksiestruktuur verwring word.¹⁾

Die samevattende aanbeveling van die kommissie was "dat die basis van verkoopbelasting die private binnelandse verbruik moet wees, met uitsondering van voedsel, klerasie, skoeisel, koste van huisvesting, sekere gesondheidsuitgawes en sekere synsbare goedere."²⁾

(e) Verskillende stelsels oorweeg

By die oorweging van alternatiewe stelsels van verkoopbelasting het die Kommissie veral aandag geskenk aan praktiese probleme by implementering, die verkryging van die billikste belastingdruk,

1) Eerste Verslag, Franzsen-kommissie, op. cit., p. 40.

2) Id. p. 41.

en administratiewe aspekte. Die volgende vorme van verkoopbelasting is oorweeg, en aanbevelings is gemaak:

- (i) 'n Uitbreiding van die aksynsbelasting; maar die kommissie verwerp dit op grond van die administratiewe komplikasies, die enge basis en moontlike verwringing van die produksiestruktuur;
- (ii) 'n verkoopbelasting op spesifieke goedere op die produksie=, groothandel= of klein= handelstadium. Die beswaar teen belasting op die groothandelstadium is dat 'n groot gedeelte verbruikersgoedere nie via groot= handelsake hanteer word nie. 'n Stelsel waar die produsent wat direk aan die klein= handelaar verkoop, belas word, moet dus oorweeg word;
- (iii) 'n stelsel wat bestaan uit verkoopbelasting op spesifieke goedere op die produksie/ invoerstadium, sowel as 'n omvattende omset= belasting teen 'n lae tarief op die klein= handelstadium. Aan hierdie stelsel is hoë prioriteit gegee omdat hiervolgens mak= lik onderskei kan word tussen intermediêre goedere wat vir produksie gebruik sal word en goedere wat finaal verbruik sal word. Volgens hierdie stelsel sal uitvoergoedere ook nie aan belasting onderhewig wees nie;
- (iv) 'n waarde-toegevoegbelasting op enige of

almal van die produsente=, groothandel= en kleinhandelstadia. Die beswaar teen hier= die stelsel was egter die hoë administra= siekoste wat dit sal meebring.¹⁾

Die Franzsen-kommissie het na sorgvuldige oorwe= ging besluit om die selektiewe verkoopbelasting as die geskikste stelsel van verkoopbelasting vir Suid-Afrika aan te beveel. Die kommissie het hier= die tipe belasting aan verskeie kriteria, soos onder andere administratiewe doeltreffendheid en invloed op pryse, getoets.²⁾ Aangesien die alge= mene verkoopbelasting egter in hierdie studie aan die orde is, sal verdere aandag aan genoemde kriteria nie hier gegee word nie.

5.4.2 Suid-Afrikaanse belastingstruktuur vóór die instelling van verkoopreg

Die volgende is 'n kort opsomming van die verskil= lende soorte direkte en indirekte belastings in die belastingstruktuur tot 1969, toe die voorstelle van die Franzsen-kommissie met betrekking tot verkoopreg geïmplementeer is:

Direkte belastings:

Inkomstebelasting op: goudmyne
diamantmyne

1) Eerste verslag, Franzsen-kommissie, op. cit., p. 41.

2) Id p. 43 e.v. vir verdere besonderhede aangaande kri= teria by die keuse van verkoopbelasting.

ander myne
persone
maatskappy (uitgesonderd
mynbedryf)

seëlregte en gelde
hereregte
belasting op verkoop van handelseffekte
belasting op buitelandse aandeelhouders
rentebelasting op buitelanders
belasting op onuitgekeerde winste
belasting op geskenke
erfpag en plaasbelastings

Indirekte belastings:

doeane- en aksynsregte

invoerregte

aksynsregte op: alkoholiese drankie
brandstof
sigarette en tabak
diverse

Lisensies:

kinematograaffilmbelasting

lisensies en mynpagregte

Bantoepas= en kamponggelde

5.5 Ontwikkeling ten opsigte van instelling van
verkoopreg

5.5.1 Implementering van die voorstelle van die
Franzsen-kommissie: Begrotingsrede 1969/70

In die sg. Prediker-begroting het die Minister van

Finansies aangekondig dat dit tyd geword het om 'n nuwe soort indirekte belasting te oorweeg. Meeste ontwikkelde lande het een of ander vorm van verkoopreg op 'n breë reeks artikels, en die tyd in Suid-Afrika is ryp om ook so 'n belasting te oorweeg.

Die rede vir die oorweging van so 'n belasting was die feit dat bydraes uit doeaneregte stelselmatig aan die daal was, en aksyns nie bra teen hoër koerse gehef kon word nie. Verder het die uitbreiding van maatskaplike dienste, voedselsubsidies en ander voordele reeds die instelling van 'n verkoopreg, wat 'n breë deel van die publiek sou raak, geregverdig. Daarby het voorstelle gekom vir die verlaging van inkomstebelasting op laer inkomstegroepe, en die toepassing van 'n selektiewe verkoopreg het dus 'n nog sterker saak gehad.

Die Minister het voorts gesê dat die eerste doel met die instelling van verkoopreg die verbreding van die belastingbasis was; en wel na aanleiding van die eerste verslag van die Franzsen-kommissie, waar, soos hiervoor gemeld, aanbeveel is dat 'n selektiewe verkoopreg by die uitvoerder-vervaardigerstadium gehef word. Die verbruik deur huishoudings sou die grondslag van die belasting vorm. Nogtans is die items wat belangrik in die begrotings van die laer inkomstegroepe is, uitgeskakel

bv. klerasie, skoeisel, medisyne, huurgeld, water en brandstof. Die druk wat wel as gevolg van hierdie belasting op die laagbesoldigde groepe sou neerkom, sou gebalanseer word deur die verligting van direkte belasting.

Die Minister het aangetoon dat hy wel bewus was van die nadeel dat 'n winspersentasie soms deur die handel tot die belasting toegevoeg kan word, sodat die kleinhandelsprys uiteindelik met meer as die bedrag van die belasting sou kon styg. Die administratiewe voordeel van heffing van die reg by 'n klein aantal vorderingspunte sou egter, volgens die Minister, hierdie nadeel oortref.

Dit is aangetoon dat die invloed van die reg op die prysstruktuur eenmalig sou wees, en die verminderde skale van inkomstebelasting behoort dus te voorkom dat agitasie vir hoër lone ontstaan.

Die Minister het vervolgens voorbeelde van die verkoopreg aangehaal ten einde die trefkrag en omvang van die reg te illustreer, en wel soos volg: Juweliersware, leergoed, pelse en parfumerie - 20%. Meubels, koelkaste, naaimasjiene, elektriese stowe, seep, skryfpapier, tikmasjiene, skeermeslemmetjies en sonbrille - 10%. Motorkarre en linnegoed - 5%.

Die maksimumreg wat gehef sou word, is 20%. Die reg sou op neutrale waarde gehef word, sodat

sommige distribusiekanale nie bo ander bevoordeel sou word nie, en die waarde van ingevoerde goedere sou aangepas word by 'n vergelykbare punt in die plaaslike mark.¹⁾

5.5.2 Begrotingsrede 1970/71

In die begrotingsrede van 1970/71, waarin die Minister veral die wysshede van Salomo toepaslik aangehaal het, het hy gesê dat sekere items met die aankondiging van die verkoopreg in die vorige jaar vrygestel is as gevolg van sekere tarief=onderhandelings wat toe aan die gang was. Daar= die redes het toe nie meer bestaan nie, en 'n ver=dere reeks artikels is toe ook aan die verkoopreg onderwerp. So bv. is kameras en fotografiese toe=rusting, projektors, buiteboordenjins en telesko=pe, om maar enkeles te noem, aan 'n koers van 25% onderwerp. Kantoordruk=, reken= en statistiese masjiene, gemotoriseerde woonwaens, motorfietse, bromfietse en vuurwapens is aan 'n reg van 10% onderwerp.

Hierby het die Minister gesê dat die reg van 20% op sekere goedere wat in die vorige begroting aan=gekondig is, verhoog sou word na 25%, aangesien daardie goedere tot groot mate as luukse artikels beskou is. Daarby is die verkoopreg op motors

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 24 Maart tot 28 Maart 1969, Staatsdrukker, Kaapstad, p. 3331 - 32.

van 5% na 10% verhoog, en wel vir motors met 'n verkoopprijs hoër as R2050.¹⁾

In die *Financial Mail* van 8 Oktober 1971 het 'n artikel waarin teenoorgestelde standpunte ten opsigte van verkoopreg gestel is verskyn, nl die van die *Federated Chamber of Industries (FCI)* aan die een kant, en die van die *Chambers of Commerce (Assocom)* aan die ander kant. Die FCI was begaan oor watter vorm van verkoopbelasting die geskikste vir die Republiek sou wees. Teen die bestaande verkoopreg het die FCI 'n groot aantal wettige besware gehad soos bv. dat verkoopreg 'n duidelike eskalasie-effek het. Hierdie eskalasie-effek ontstaan deurdat groot- en kleinhandelaars winsgrense op koste-plus-belasting bereken, wat volgens berekening deur die FCI meebring dat "*for every R1 collected in taxation, the end consumer pays at least R1,70.*"²⁾ Ten minste 40% van die verhoging in lewenskoste as gevolg van die verkoopreg, kon dus toegeskryf word aan onverdiende wins deur die handel.

Een van die ander besware was die moeilike administratiewe probleme wat die verkoopreg meegebring het, en wel as gevolg van die groot aantal verskillende koerse waarteen die belasting gehef is.

1) Afgerolde Begrotingsrede, 1970/71.

2) Anon. The Sales Tax under Fire. *Financial Mail*, Vol. XLII No. 2. 8 Okt. 1971. p. 116.

Daarby het nog die verhoogde koste van voorrade gekom en die noodsaaklikheid om die verkoopreg op goedere te betaal voordat dit verkoop en die belasting van die verbruiker ingevorder is. Die FCI het met die voorstel gekom dat 'n algemene verkoopbelasting van 3% en 'n aksyns op luukse artikels ingestel moes word in plaas van die verkoopreg: Die aksyns sou terselfdertyd dien om die uiterste regressiewe effek van die enkelkoersbelasting te temper. Die FCI het bereken dat die inkomste uit so 'n belasting in die omgewing van R177 m per jaar behoort te wees.

Assocom het erken dat die eskalasie-effek van die verkoopreg bestaan, maar het aangevoer dat die toe heersende mededingingstoestande daartoe gelei het dat 'n groot gedeelte van die eskalasie deur die handel geabsorbeer, en nie na die verbruiker aangeskuif is nie. Wat betref die moontlike opbrengs van 'n omsetbelasting het Assocom gereken dat dit *"would barely raise F90 m of revenue"*¹⁾ Die groot verskil tussen verwagte inkomste uit 'n algemene verkoopbelasting soos deur Assocom en die FCI bereken is, kan toegeskryf word aan die verskillende belastingbasisse wat deur elk vir hul berekeninge gebruik is.

Die FCI het die bedrag vir private verbruiksbe=

1) Anon. Financial Mail, op. cit., p. 116.

steding op goedere in 1970 geneem en dit 'n gemiddelde koers van 10% geïnfleer, ten einde vir groei in besteding voorsiening te maak, en die 3% omsetbelasting op die syfer wat so verkry is, bereken. Assocom weer, het nie die 1970 kleinhandelssyfer vir groei aangepas nie, en ook nie die besondere groot omset in die motorhandel (wat toe bestaan het) in berekening gebring nie.

Uit hierdie artikel is dit dus duidelik dat die idee van 'n algemene verkoopbelasting reeds kort na die instelling van verkoopreg by die handel en industrie as 'n moontlike alternatief vir die verkoopreg bestaan het. Daarby is ook die moontlikheid om dienste te belas, genoem; 'n moontlikheid wat met die instelling AVB in 1978, 'n werklikheid geword het.

5.5.3 Begrotingsrede 1971/72

In die begrotingsrede wat op 31 Maart 1971 in die Volksraad gelewer is, het die Minister slegs 'n enkele verwysing na verkoopreg gemaak. Hy het nl. gesê dat, na aanleiding van vertoë ontvang, rakende die verkoopreg op fotografiese toerusting, besluit is om sekere toerusting van verkoopreg vry te stel en die reg op ander, bv. op gemonteerde lense vir kameras, van 25% na 30% op te skuif. Die beraming was dat die vrystelling en verhoging mekaar min of meer sou balanseer.¹⁾

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 29 Maart - 2 April 1971, Staatsdrukker, Kaapstad, p. 4019 - 20.

.5.4 Begrotingsrede 1972/73

In die begrotingsrede van 1972/73 is vir die eerste keer melding gemaak van 'n belasting gehef by die punt van verkoop aan die verbruiker, of 'n belasting op kleinhandelsomset, as 'n moontlike vervanging vir die verkoopreg. Die Minister het egter genoem dat dié moeilike saak deur die Staande Kommissie van Onderzoek na Belastingbeleid nagegaan sou word.

Sekere toegewings is in hierdie begroting ten opsigte van verkoopreg gemaak, naamlik dat seep en waspreparate van die verkoopreg vrygestel sou word, terwyl verkoopreg op brei- en naaimasjiene vir huishoudelike doeleindes van 15% na 20% vermeerder sou word, en die verkoopreg op horlosies en vuurwerke sou met 5% verminder word.

Die Minister het vertoë ontvang in verband met verkoopreg op intermediêre goedere wat in vervaardigingsprosesse gebruik word, veral in die vervaardiging van goedere wat vir uitvoer bestem was. Die Minister kon oor hierdie saak meld dat 'n interdepartementele komitee saam met verteenwoordigers van die handel en nywerheid die saak sou ondersoek. Tussentydse voorstelle het aanbeveel dat intermediêre goedere wat aan verkoopreg onderworpe was, en in verpakings wat vir die nywerheid bedoel was, van verkoopreg vrygestel sou word. Hierdie voorstelle is in beginsel aan-

vaar en sou heelwat administratiewe probleme vir die nywerheid uitskakel, maar terselfdertyd sou dit 'n voordeel inhou wat hopelik aan die verbruiker oorgedra sou word. Hierdie toegewing sou veral die uitvoerpoging ten voordeel val, omdat dit produkte van die Republiek meer mededingend op die oorsese markte sou maak. 'n Vergunning wat hiermee saam gegaan het, was vrystelling van verkoopreg op goedere wat deur ander persone as vervaardigers uitgevoer word.

Die Minister het bygevoeg dat, sodra die nodige masjinerie geskep is, goedere wat deur geregistreerde ouetehuse en skole gebruik word, van verkoopreg vrygestel sou word.¹⁾

5.5.5 Begrotingsrede 1973/74

Die opmerkings betreffende verkoopreg wat die Minister in sy begrotingsrede van 1973/74 gemaak het, het op die volgende neergekom: Eerstens het hy gesê dat belastingvergunnings daarop gemik sou wees om die ekonomie matig te stimuleer sonder onnodige prys- en kosteverhogings. Die stimulering sou dus hoofsaaklik op die investeerder gerig wees, maar dat, met die oog op huidige prys-tendense, die las op die laer inkomstegroepe en

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 28 Jan tot 13 Junie 1972, Staatsdrukker, Kaapstad, p. 4469 - 4471.

gewone burger verlig sou word.

Die Minister het weer eens melding gemaak van die vervanging van die verkoopreg met 'n ander tipe eindpuntbelasting, maar aangesien die ondersoek nog nie afgehandel was nie, kon hy nog nie daaroor verslag doen nie. Sake wat veral met betrekking tot so 'n belasting die aandag moes geniet, was onder andere die waarskynlike uitwerking daarvan op die lewenskoste, sowel as die administrasie daarvan deur die handel en nywerheid. Die bestaande verkoopreg sou egter behou word.

Vertoë is egter steeds ontvang vir die vermindering van verkoopreg, en so is in 1972 in sekere opsigte verligting daarvan teweeggebring. Soos voorgestel in die vorige begroting, is bv. daar toe oorgegaan om sekere intermediêre produkte in vervaardigingsprosesse van betaling van verkoopreg vry te stel. Voorsiening is gemaak vir die terugbetaling van verkoopreg op goedere wat vir uitvoer bedoel was. Soos beloof is toegewings gemaak met betrekking tot korting op verkoopreg op aankope van sekere goedere deur geregistreerde ouetehuse en skole. In November 1972 is, as aansporingsmaatreël vir sekere nywerhede, die verkoopreg op onder meer motors, huishoudelike meubels, yskaste en stowe verminder.

Toegewings is verder uitgebrei deurdat die ver-

koopreg op 'n wye reeks huishoudelike goedere met 5% verminder is. 'n Vermindering van 5% in die verkoopreg op klaviere en orrels is gedoen met die uitsluitlike doel om die plaaslike nywerheid aan te spoor. Die Minister het gemeld dat hy bevoegdheid het om te eniger tyd tussen sittings van die parlement die verkoopreg na onder aan te pas.¹⁾

5.5.6 Begrotingsrede 1974/75

Groot verlagings is in die verkoopreg aangebring sedert die instelling daarvan, maar om lewenskoste te help beperk, sou die reg op huishoudelike artikels met 5% verlaag word. Die Minister het dit as geregverdig beskou dat die reg op horlosies van 20% na 15% verlaag word, en op klaviere en orrels van 10% na 5%. Die reg op ander musiekinstrumente, bote, speelgoed en sporttoerusting sou ook met 5% na 10% verlaag word.

Weer eens het die Minister dit op die hart van invoerders en vervaardigers gedruk om hierdie voordele aan die verbruiker deur te gee. Hy het dit ook genoem dat die Departement van Handel steeds 'n wakende oog sou hou dat dit wel gebeur.²⁾

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 26 - 30 Maart 1973, Staatsdrukker, Kaapstad, p. 3672 - 73.

2) Afgerolde begrotingsrede, 1974/75.

.5.7 Begrotingsrede 1975/76

Op 26 Maart 1975 het senator O.P.F. Horwood sy eerste begrotingsrede as minister van finansies in die Volksraad gelewer. Die enigste verwysing na verkoopreg was die aanduiding dat die Minister nie 'n groot styging in die inkomste uit doeane-, aksyns- en verkoopregte verwag het nie; hoofsaaklik as gevolg van die afkoeling van die ekonomie. Die *status quo* sou dus gehandhaaf word.¹⁾

5.5.8 Begrotingsrede 1976/77

'n Hoër inkomste sou uit verkoopreg verlang word en alle koerse van verkoopreg sou met een derde verhoog word wat 'n verwagte addisionele inkomste van R6 miljoen vir die staat sou verseker. Die Minister het handelaars gewaarsku om nie die verhoogde verkoopreg by pryse van voorraad, reeds in hulle besit, te voeg nie, maar slegs pryse van nuwe goedere aan te pas by die verhoogde tariewe.

Die Minister het weer na die voorgestelde eindpuntbelasting of belasting op kleinhandelsomset verwys. Hy het melding gemaak van die feit dat die Staande Kommissie van Onderzoek na Belastingbeleid hul verslag voorgelê het, maar aangesien die eindpuntbelasting 'n komplekse saak was, moes

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 24 - 27 Maart 1975, Staatsdrukker, Kaapstad. p. 3479 - 81.

praktiese sowel as prinsipiële aspekte oorweeg word.¹⁾

5.5.9 Begrotingsrede 1977/78

Die begroting is op 30 Maart 1977 aan die Volksraad voorgelê. 'n Saak wat in verskeie jare genoem is, het toe duidelik na vore gekom, en die hef van 'n algemene verkoopbelasting is aangekondig. Die Minister het verslag gedoen van die ondersoek wat die Kommissie gedoen het. Getuienis is van die georganiseerde handel en nywerheid ontvang, en ondersoek na die administrasie van sulke belasting is ook in die VSA, Brittanje en Rhodesië gedoen. Die Kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n eindpuntverkoopbelasting onder andere die volgende voordele sou hê: 'n Verbreding van die belastingbasis, met 'n elasticiteit wat die inkomste uit die belasting sou laat toeneem met toename in verbruiksbesteding. Dit kon ook as 'n handige instrument vir die regulering van die ekonomie gebruik word. Die eskalasie-effek,²⁾ wat eie aan die verkoopreg is, sou uitgeskakel word, en die las van die belasting sou meer eweredig versprei word.

Origens is aanbeveel dat die algemene verkoop=

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 29 Maart - 2 April 1976, Staatsdrukker, Kaapstad. p. 4277 - 80.

2) Sien besware van die FCI, § 6.5.2

belasting as 'n eenvoudige en praktiese belasting teen 'n eenvormige koers ingestel sou word op die breedste moontlike basis en met die minimum vrystellings.

Die Minister het gesê dat die instelling van die belasting in beginsel aanvaar is. Aangesien so 'n belasting egter 'n groot mate van voorbereiding sou verg sou hieraan eers aandag gegee moes word. Voorsiening moes bv. vir die verkryging en opleiding van die nodige personeel gemaak word om toe te sien dat persone wat finale verkope doen, gelisensieer word; terwyl 'n doeltreffende inspeksie en inligtingsdiens ook noodsaaklik sou wees. Daarby moes oorweging geskenk word aan die voortsetting al dan nie van die bestaande verkoopreg op sekere artikels. Die voorbereidings vir die instelling van die belasting sou so spoedig moontlik in samewerking met die Departement van Binnelandse Inkomste geskied. Besonderhede sou ook gepubliseer word vir kommentaar. Die verwagting was egter dat geen inkomste uit hierdie belasting voor die boekjaar 1978/79 verkry sou word nie.¹⁾

.7 Instel van AVB. Begrotingsrede 1978/79

Die Minister het verklaar dat hy nie gehoor kan gee aan die vertoë tot 'n "belastingvakansie"

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 28 Maart - 1 April 1977, Staatsdrukker, Kaapstad. p. 4638 - 37.

deur die verkoopreg af te skaf tot tyd en wyl die algemene verkoopbelasting in werking sou tree nie. Die redes was ernstige verwringing van die kleinhandel: die gevolglike prysgawe van inkomste sou te groot wees.

Met die oog op die mins moontlike ontwrigting by die oorskakeling van die verkoopreg na algemene verkoopbelasting sou alle verkoopregte met 5% *ad valorem* verminder word. Op aanbeveling van die staande belastingkommissie sou die verkoopreg op sekere minder noodsaaklike goedere wat aan hoë regte onderworpe was, omskep word in *ad valorem* aksynsregte.

Met betrekking tot die algemene verkoopbelasting het die Minister gemeld dat die voorbereidings vir die instelling daarvan so goed gevorder het dat, alhoewel al die nodige personeel vir die doeltreffende administrasie nog nie verkry is nie, beplan is dat die belasting op 1 Julie 1978 van krag sou word, en wel kragtens Wet 103 van 1978, wat tydens die toenmalige sitting van die parlement finaal opgestel en oorweeg sou word. Hier toe is die samewerking van die private sektor, individue en departemente verkry, en daar is gehoop om 'n praktiese belasting daar te stel met die minste moontlike las in tyd en koste. Alle lede van die Raad is uitgenooi om met aanbevelings na vore te kom, sodat die uiteindelijke wetgewing

sover moontlik sonder tegniese onduidelikhede sou wees.

Die belasting sou 'n algemene verkoopbelasting (AVB) wees, omdat dit as 'n eindpuntbelasting bedoel is, en ook om dit te onderskei van die verkoopreg. Minister Horwood het vervolgens die nadele van die verkoopreg, wat deur AVB uitgeskakel sou word, soos volg bespreek:

Die eskalasiefaktor van die verkoopreg sou uitgeskakel word, terwyl die breë basis van die AVB 'n natuurlike groei in inkomste sou verseker. Daarby sou die AVB makliker geadministreer kan word omdat dit teen 'n eenvormige koers gehef sou word sonder die noodwendige klassifikasie van kommoditeite.

Die verwagting was dus dat die AVB 'n lewenskragtige indirekte belasting sou wees en, alhoewel dit nie heeltemal pynloos sou wees nie, tog groot inkomste met min opoffering sou verskaf.

Die breë riglyne waarvolgens die belasting gehef sou word, was die volgende:

Die skaal van die belasting sou eenvormig wees en so laag moontlik gehou word. Die basis van die belasting sou transaksies, en nie kommoditeite nie, wees. Die doel was 'n neutrale belasting wat nie

sekere ondernemings bo ander sou bevoordeel nie. Intermediêre goedere, wat vir verdere produksie gebruik sou word, sou nie aan die belasting onderhewig wees nie.

Die keuse of die belasting inklusief (*add-in*) of eksklusief (*add-on*) gehef sou word, sou aan die verkoper gelaat word.

Die gedagte was, soos reeds gesê, om die koers so laag moontlik te hou, en daarom sou vrystellings tot 'n minimum beperk moes word. Die Minister se slotopmerking was: *"Gebaseer op hierdie en ander beginsels, wil ek voorstel dat die algemene verkoopbelasting op 'n vlak van 4 persent vanaf 1 Julie 1978 ingestel word."*¹⁾

Daarmee het Suid-Afrika hom aangesluit by die ry van ontwikkelde lande wat in groot mate (die verwagte inkomste vir die eerste volle jaar was R1 miljard)²⁾ op die algemene verkoopbelasting as bron van inkomste staat maak.

6. Samevatting

By die nagaan van die geskiedenis en ontwikkeling van die algemene verkoopbelasting kom enkele gedagtes sterk na vore. In die eerste plek het die

1) Debatte van die Volksraad (Hansard) 28 Mrt. - 31 Mrt. 1978, Staatsdrukker, Kaapstad. p. 3312 - 16.

2) Id.

belasting, waar en vir watter redes dit ook al gehef is, ernstige teenstand by die belastingbetalers ontlok; meesal in so 'n mate dat dit gou weer laat vaar is. Die belangrikste rede hiervoor is die uiterste ongelykheid van druk van die AVB, en die feit dat die laer inkomstegroepe die swaarste daaronder gebuk gaan. Daarby kan genoem word dat 'n groot en opgeleide administratiewe personeel nodig is vir inspeksie en kontrole oor betaling van die belasting.

Veral ontstaan probleme by klein besighede, waar nie behoorlik boek gehou word nie, sowel as by groter besighede wat in staat is om inskrywings te manipuleer.

Ontevredenheid is veroorsaak deur die feit dat handelaars die belasting gemaklik op verbruikers kan oordra in gevalle waar die belasting vir die handelaars bedoel was.

Uit die geskiedenis van die ontwikkeling van die verkoopbelasting in SA kom veral twee sake sterk na vore: Waar die aanvanklike doel met die selektiewe verkoopreg die belasting van luukse verbruik deur hoër inkomstegroepe was, is die doel met die AVB om die basis so breed as moontlik te maak, en dus die laer inkomstegroepe ook te betrek. Die breë bevolking word dus belas; dit betref die groot massa mense, wat weinig aan enige ander vorm van belasting onderhewig was. Die

hoofbelasting vir swart mense is afgeskaf met die instelling van die AVB. Die Minister het kort na die inwerkingtreding van die AVB ook alle selektiewe verkoopreg afgeskaf; slegs op enkele luukse goedere is die reg verander in 'n aksyns.

Van die besondere kenmerke en probleme van die AVB wat uit die geskiedenis en ontwikkeling van die vorm van belasting na vore gekom het, sal deurgaans in hierdie studie die aandag opeis.

HOOFSTUK II

IDENTIFISERING VAN DIE ALGEMENE VERKOOPBELASTING

1. Inleiding

Uit die geskiedenis van die algemene verkoopbelasting het geblyk dat dit 'n belasting is wat nooit gunstig deur die publiek aanvaar en sonder beswaar betaal word nie. Al word dit as die swart-skaap in die belastingfamilie beskou, lewer dit nogtans inkomste wat net deur dié uit inkomste-belasting oortref word.¹⁾ Veral die breë basis en relatiewe lae koers waarteen die belasting gehef word, dra hiertoe by. Die afgelope aantal jare het die teenkanting teen verkoopbelasting egter aansienlik afgeneem, en owerhede het al meer daarvan in belastingstelsels gebruik begin maak en dit openlik verdedig as 'n gewenste element in belastingstrukture. Die belasting is gewoonlik in fiskale krisistye as 'n soort noodmaatreël gehef en as 'n tydelike belasting geregverdig. Dit het dan ook meesal binne 'n kort tyd nadat dit gehef is, 'n groot inkomste gelewer. Daarom sal dit, afgesien van die relatiewe ongelykheid van druk, steeds gehef word, want by die praktiese

1) Hier is sprake van sekere beginsels wat algemeen by belasting erken word. In hoofstuk IV word 'n volledige bespreking van belastingbeginsels en afweging van verkoopbelasting daarteen, onderneem.

belastingpolitiek weeg fiskale toereikendheid swaarder as regverdigheid.¹⁾ Ondanks die feit dat daar nog sterk teenkanting teen die belasting bestaan in lande waar dit nog nie gehef is nie, word dit tog in ander lande aanvaar, en het die aanvaarding binne 'n betreklike kort tyd geskied. Die gelukkige kenmerk van die belasting is die administratiewe aanpasbaarheid daarvan; dit kan gehef word om aan te pas by die owerheid se besondere behoeftes en probleme.

2. Onderskeiding van tipes verkoopbelasting

2.1 Algemeen

Volgens Due kan verkoopbelasting so omskryf word: *"A sales tax is a levy imposed upon the sales, or elements incidental to the sales, such as receipts from them, of all or a wide range of commodities."*²⁾ By nadere ontleding van bogenoemde definisie blyk dit dat verkoopbelasting gehef kan word op alle transaksies of fases waardeur die kommoditeit beweeg of slegs op enkele daarvan. Die belasting kan gehef word op fisiese kommoditeite en/of op alle of sommige dienste wat gelewer word deur bv. handelsondernemings en professies.

2.2 Terminologiese onderskeidings

1) Sien voetnota 1, bl. 63.

2) Due, J.F. Sales Taxation. Routledge & Kegan Paul, London, 1957. p. 3.

2.2.1 Algemene belasting

Verkoopbelasting kan die vorm aanneem van 'n belasting op produkte, in welke geval dit 'n invloed uitoefen op die verkoopprijs daarvan. In dié geval vorm die produk (volgens prys) die basis van belasting. Hierdie belasting kan ook as 'n verbruiksbelasting aangewys word aangesien produkte bestem is vir verbruik. Die belasting kan ook op die gebruik van dienste gehef word, wat dan 'n belasting op die prys van die diens is. Die belasting word dus toegepas op meeste tashare goedere, sowel as op dienste en transaksies. Onderworpe aan sekere wetlike vrystellings is die belasting inklusief, daarin dat alle goedere en dienste aan die belasting onderhewig is.

2.2.2 Selektiewe belasting

Selektiewe belasting word gehef op die verkoop van besondere kommoditeite of groepe kommoditeite. Sekere goedere en/of dienste word uit die belasting uitgesluit; die basis is dus eksklusief, en die belasting kan dan as 'n aksyns aangewys word. Die belasting word gewoonlik teen verskillende koerse gehef en het dikwels ten doel om verbruik in 'n bepaalde rigting te stuur. Omdat die aksyns meesal op luukse artikels gehef word, kom daarby dat die verbruiker 'n keuse het of hy die belasting wil betaal al dan nie. Die aksyns en die algemene verkoopbelasting verskil slegs ten op=

sigte van die tegniese aspek, nl. die breedheid van die heffingsbasis.

2.2.3 Voorkeurbelasting op bruto ontvangste van besighede¹⁾

Volgens die omskrywing van die belastingbasis of -subjek kan ook onderskei word tussen die verbruiksheffing, nl. 'n belasting op verkoop van verbruiksartikels, en 'n besigheidsberoep of -liensiebelasting wat gehef word op bruto ontvangste. Volgens die struktuur en moontlike ekonomiese gevolge is hierdie tipe belasting essensieel dieselfde as 'n verkoopbelasting. Die basiese verskil tussen die twee tipes belasting is primêr geleë in die bedoeling van die wetgewer of owerheid. In die geval van die verkoopbelasting word aanvaar dat die belasting vorentoe na die verbruiker aangeskuif sal word, terwyl die besigheid slegs as die belastinginvorderingsagent beskou word. Aan die ander kant word die belasting op die bruto ontvangste van die besigheidsberoep as 'n heffing op die voorreg van besigheidsaktiwiteit beskou; en is dit waarskynlik bedoel as 'n las op die besigheid as sodanig en dus op die beoefenaars van die besigheidsberoep. In die praktyk sal so 'n belasting egter heelwaarskynlik op die verbruiker afgewentel word. Die verskil tussen die

1) Plank, E.H. Public Finance. Richard D. Irwin, Illinois, 1953. p. 321 en Due, op. cit., p. 3.

twee heffings kan gewoonlik aangewys word deur te kyk na die verskil in koers: die besigheidsbe- roepbelasting (ook genoem 'n voorkeurbelasting) word gewoonlik gehef teen 'n fraksie van een per= sent.

2.2.4 Ander klassifikasies

Sekere tipes verkoopheffings word dikwels aange= wys as "kommoditeits"- of "verbruiks"-belastings. Die "kommoditeitsbelasting" word alleen daarin onderskei dat die onderwerp van die belasting 'n tasbare artikel is.

"Verbruiksbelasting" is 'n breër konsep. Dit sluit enige vorm van belasting in waarvan die las op die verbruiker rus of behoort te rus. Dit is 'n han= dige karakterisering van die verskillende tipes verkoopbelasting wat gewoonlik geheel of gedeelte= lik na die verbruiker verskuif word, hetsy dit op 'n produk of op 'n diens van toepassing is.

3. Algemene verkoopbelasting

Die vorme waarin die algemene verkoopbelasting voorkom, kan aangewys word as die enkelfase=, meerfase=, en 'n nuwere ontwikkeling, die waarde= toegevoegbelasting.¹⁾

1) Vir volledige bespreking van die verskillende tipes AVB, sien hoofstuk III. Hier word slegs hooftrekke vir iden= tifikasiedoeleindes aangetoon.

3.1 Enkelfasebelasting

Met 'n algemene verkoopbelasting word bedoel 'n belasting wat in beginsel teen dieselfde koers gehef word op die verkoop van alle soorte goedere en dienste. Die beginsel dat die belasting algemeen moet wees, word egter nooit in sy geheel toegepas nie. Sekere uitsonderings word gewoonlik om praktiese of sosiale redes gemaak. 'n Algemene verkoopbelasting kan dan op verskeie maniere ontwerp word: dit mag gehef word in die laaste stadium van verkope, dus by die kleinhandelaar; of by die verkope deur die groothandelaar; of by verkope deur die vervaardiger. Die enkelfasebelasting word dus deur die of/of-konsep gekenmerk, omdat dit van toepassing is en ingevorder word op slegs een stadium in die produksie- en distribusiekanaal.¹⁾ Indien die belasting gehef word op die eerste stadium in die produksie- en distribusieproses, is dit 'n vervaardigersverkoopbelasting, van toepassing op die verkoop van vervaardigde goedere aan die groothandelaar. 'n Algemene groothandelsverkoopbelasting word dan ingevorder wanneer die kleinhandelaar by die groothandelaar koop. Hier kan verskeie stadia onderskei word, volgens reëls wat bepaal op watter stadium die belasting gehef word.

1) In die Duitse literatuur word die enkelfasebelasting as die "Einphasensteuern" aangetoon, terwyl die Franse dit "les taxes unique" noem.

Die kleinhandelsverkoopbelasting is van toepassing op die finale verkoop van goedere aan die verbruikers. Elk van hierdie belastings kan gehef word sonder die nadele wat by die meurfase- of veelvuldige stadiumbelasting ontstaan.

Die kleinhandelsverkoopbelasting, of AVB, word van die grootste aantal persone ingevorder en lewer die minste probleme op omdat dit op die werklike verkoopprijs gehef word. Dit kan daarom aangetoon word as 'n *ad valorem* belasting.

3.2 Meerfase-algemene verkoopbelasting

Die meurfase-algemene verkoopbelasting is 'n volledige omsetbelasting wat van toepassing is op alle produksie- en distribusiestadiums, met ander woorde op alle transaksies waardeur die kommoditeit beweeg: vanaf aanvanklike produksie tot finale verkoop aan die verbruiker. Die belasting is dikwels ook op baie dienste van toepassing. Sulke belastings is nie heeltemal eenvormig nie; soms word sekere transaksies in sekere stadiums vrygestel; en dikwels word van verskillende koerse op verskillende stadiums gebruik gemaak.

In Duitsland word die *Mehrphasensteuer* bv. teen laer koerse op groothandelsverkope toegepas, terwyl die Belgiese belasting die verkope deur kleinhandelaars van hierdie belasting uitsluit.

Die meerfasebelasting word gekenmerk deur enkele groot nadele soos in die volgende gevalle:

- 3.2.1 Firms met geïntegreerde produksie= en distribusiemetodes word bevoordeel bo nie-geïntegreerde firmas. Integrasie word dus aangemoedig, omdat die totale belasting op 'n produk afhang van die aantal produksie= en distribusiestadiums waardeur dit gaan.
- 3.2.2 Eskalasie of opstapeling: die prys by die uiteindelijke verkooppunt is gelaai met die belasting soos dit langs die produksie= en distribusiekanale opgestapel het.
- 3.2.3 Die toepassing van die vervaardigers= en groothandelsverkoopbelasting kan ontduiking of diskriminasie meebring, omdat die verskillende tipes distribusiekanale soms moeilik onderskei kan word en die belasbare prys deur die distribusiestruktuur beïnvloed word. So kan 'n vervaardiger wat teen kleinhandelspryse verkoop, onderhewig wees aan 'n hoër belasting as die vervaardiger wat aan groothandelaars verkoop.

3.3 Waardetoegevoegbelasting¹⁾

Dit is die mees onlangse vorm van verkoopbelasting.

1) Algemeen bekend as VAT - vir *value added tax*.

Soos dit in Frankryk van toepassing is, het dit ook die aanvaarde standaard in die lande wat aan die Europese Ekonomiese Gemeenskap verbonde is, geword.

Hierdie belasting kom neer op die belasting van elke firma in die produksie- en distribusiekanaale, maar belasting slegs op die waarde wat deur die firma toegevoeg word tot die insette wat hulle aankoop en in die produksieproses gebruik. Die produsent word dus vrygestel van belasting op goedere wat fisies in sy produksieproses verbruik word. Goedere tussen produsente word dus nie belastingvry oorgedra nie, maar 'n koper word toegelaat om die bedrag van belasting wat alreeds op goedere betaal is, af te trek van sy eie belastinglas.

Sekere nadele van die meerfaseverkoopbelasting word hierdeur vermy, aangesien die tipe distribusiekanaal nie die omvang van die belastingaanspreeklikheid sal beïnvloed nie; terwyl die direkte impak van die belasting versprei word oor 'n wyer reeks belastingbetalers as wat die geval met enkelfasebelasting is.

Nogtans kan die volgende nadele van die waardetoegevoegbelasting aangetoon word:

Eerstens word vertikale integrasie aangemoedig,

want elke inter-firmaverkope wat uitgeskakel word, verminder die uiteindelijke belastinglas. Tweedens word spesialisasie om dieselfde rede gepenaliseer. Dit is ook onmoontlik om presies te weet wat die belastinginhoud van 'n prys in enige besondere stadium is, en dus word aanpassings in omsetbelasting by landsgrense arbitrêr.

Hierdie vorm van belasting belas kapitaalgoedere, tensy spesiaal voorsiening gemaak word dat die belastinginhoud van kapitaalgoedere afgetrek word. Dit bied egter min indien enige voordeel bo die kleinhandelbelasting in situasies waar die administrasie van lg. moontlik is.

4. Verskille in basis

Due¹⁾ wys daarop dat die presiese wetlike basisse van die verskillende belastings verskil, hoofsaaklik om konstitusionele redes of variërende idees omtrent effektiwiteit van insameling. In sommige gevalle is die transaksie die basis van die belasting en sal die bedrag van die belasting deur die monetêre waarde van die transaksie bepaal word. Sekere state in die VSA en België gebruik bv. hierdie basis vir die toepassing van die verkoopbelasting. In Frankryk word dit *la taxe sur les transactions* (transaksiebelasting) genoem, maar in

1) Due, op.cit., p. 5.

die VSA word met 'n transaksiebelasting gewoonlik die belasting op meer as een stadium in produksie en distribusie bedoel. Die Duitse *Umsatzsteuer* word bv. gehef op die ontvangste van die verkoper; terwyl die Kanadese Federale verkoopbelasting op dieselfde basis gehef word.¹⁾

In enkele gevalle word die belasting tegnies op die koper gehef, alhoewel die verkoper steeds die verantwoordelikheid vir die invordering en betaling van die belasting dra. Dit is bv. die geval met die Kanadese provinsiale verkoopbelastings, aangesien die provinsies nie die konstitusionele mag het om indirekte belastings te hef nie.²⁾ Die verskille in die wetlike basis vir die hef van die verkoopbelasting is egter van beperkte betekenis vir die uiteindelijke werking daarvan.

5. Beginsels van algemene verkoopbelasting

Indien 'n algemene verkoopbelasting volgens belastingbeginsels gehef word, moet veral aan die volgende aandag gegee word:

5.1 Breedheid van heffing

Die basiese norm van die AVB is die breedheid van die heffingsbasis. Hoe breër die basis, hoe meer

1) Due, op. cit., p. 5.

2) Verwys hoofstuk I; die posisie van die provinsies in die RSA wat ook nie die mag het om indirekte belastings te hef nie.

neig die belasting na AVB; hoe nouer die basis, hoe meer neig die belasting na 'n aksyns. Die konvensionele beskouing van die AVB is dan ook dat dit die verbruiker belas deurdat die verkoper aangespoor word om sy pryse te verhoog met die bedrag belasting op elke artikel wat deur die owerheid ingesamel word.¹⁾

Break²⁾ beweer egter na aanleiding van studies wat gedoen is, dat die belasting nooit in totaal algemeen kan wees nie. 'n Verkoopbelasting met beperkte vrystellings kan slegs 75 persent van persoonlike verbruiksbestedings dek, terwyl 'n belasting met baie vrystellings en gerig op politieke aantreklikheid slegs sowat 47 persent van alle verbruiksbestedings kan dek.

Uit die oogpunt van druk kan die AVB ook nie algemeen wees nie. Indien die AVB uit die oogpunt van druk algemeen moet wees, sal tariewe juis moet verskil om aan te pas by verskille in vraagelastisiteite. Die woord "algemeen" kan, met betrekking tot AVB, verskillende betekenisse hê, nl. algemeenheid van tariewe, of algemeenheid van druk - gewoonlik word lg. bedoel.

1) Hierdie aspek is veral sterk beklemtoon deur die Minister van Finansies in die verskillende begrotingsredes waarna in hoofstuk I verwys is.

2) Blinder, A.S., e.a. The Economics of Public Finance. The Brookings Institution, Washington, 1974. p. 177.

5.2 Voorkoming van ongewenste resultate

Die belasting moet voldoen aan die algemene beleid ten opsigte van belastingheffing. Aangesien AVB 'n belasting is wat gehef word op produsente en/of handelondernemings, mag dit maklik die verkooppatroon van die belaste produkte in belangrike opsig wysig, veral indien die belasting reeds vroeg in die produksieproses of handel gehef word. Belasting op goedere in die proses van vervaardiging sal noodwendig 'n invloed op die tegniek van produksie uitoefen. Dit mag aanleiding gee tot integrasie van ondernemings of die uitskakeling van bepaalde soorte handelaars.

5.3 Gelykverspreiding van druk

Sover versoenbaar met die algemene doelstellings van die belasting moet gepoog word om die druk sover moontlik, ooreenkomstig aanvaarde beginsels van gelykheid, eweredig onder die bevolkingsgroepe te versprei. Hoe wyer die basis van die belasting, hoe minder is die diskriminasie teenoor diegene wat die belaste produk noodgedwonge moet koop; terwyl vrystellings diegene wat die produk nie noodwendig moet koop nie, bevoordeel. Aan die ander kant kan gepoog word om deur middel van vrystellings die algemene belastingdruk te verander. So kan bv. lewensnoodsaaklikhede vrygestel word van belasting, wat dan outomaties die druk op laer inkomstegroepe sal verlig. Sekere dienste, bv.

van mediese en opvoedkundige aard, kan ook vrygestel word, veral aangesien beide as algemene verbruikersgoed beskou word.

5.4 Uiteindelijke druk en beoogde druk

Die belasting moet so vasgestel word dat die uiteindelijke druk in ooreenstemming met die beoogde druk sal wees. Die bedoeling is meesal dat die druk op die uiteindelijke verbruikers sal rus, maar dan is dit wenslik dat die owerheid sal toesien dat hulle nie 'n groter druk as die bedrag van die belasting sal dra nie. Hierdie beginsel is moeilik om te realiseer, aangesien die owerheid nie beheer het oor die ekonomiese faktore wat verskuiwing van belastingdruk bepaal nie. Tog is dit moontlik om die verskuiwing van die belastingdruk andersyds te vergemaklik en om andersyds te verseker dat die verbruikers nie belas word met 'n groter bedrag as dié van die belasting nie, indien die belasting so na as moontlik aan die verbruiker gehef word. Hoe verder dit van die verbruiker gehê word, hoe groter word die gevaar van eskalاسie of ophoping van die belasting.

5.5 Koste van belastinginvordering

Die belasting moet so gehê word dat die koste van die firma wat die belasting moet invorder, sowel as die administratiewe koste van die owerheid, 'n minimum beloop. Dit veronderstel 'n heffing vóór

die kleinhandelstadium ten einde die aantal firmas wat as invorderingspunte dien, te beperk. Hierdie wyse van heffing is egter in stryd met die vorige beginsel sowel as met die algemene doelstelling van gelykheid van belastingdruk.

5.6 Bewustheid van belastinglas

Aangesien die bedoeling is dat die belasting gedra moet word deur die verbruiker en meesal wel deur hom gedra word, is dit goed om dit onder die aandag van die verbruiker te bring en te hou eerder as om die heffing verlore te laat raak as 'n deel van die gewone kosprys van die goedere.

6. Samevattende beoordeling van die AVB

Sommige van die nadele net soos die voordele van die AVB, het reeds uit die voorgaande bespreking sporadies na vore gekom, maar word hier volledigheidshalwe opgesom:

6.1 Voordele van AVB

6.1.1 Een van die belangrikste voordele wat aan die AVB toegesê word, is dat dit 'n handige metode is om inflasie te bestry. Hiervolgens sou die psigologiese effek wat die belasting op aankope het, daartoe lei dat verbruik beperk word. Aangesien die verbruikers gewoonlik hierdie belasting as tydelik beskou, sal verbruik uitgestel word ten einde aan die druk van die belasting te pro=

beer ontkom. Met hierdie beperking van verbruik sal spore aangemoedig word en die druk van inflasioneëre koopkrag op pryse sal verminder.

6.1.2 Die AVB bereik die gedeelte van die bevolking wat gewoonlik direkte belasting kan vermy, maar nogtans, as stemgeregtigdes, deelneem aan die politieke besluitnemingsproses. Daarom behoort hulle deel te hê aan die koste van owerheidsaktiwiteite; en die AVB is 'n belastingwyse om dit te verseker.

6.1.3 Die breë basis van aanslag van die AVB word as 'n belangrike voordeel aangemerkt. Daardeur kan 'n betreklik groot inkomste verkry word sonder 'n hoë belastingkoers, en dit stel die belastingpligtiges in staat om hul verpligting teenoor die staat in klein bedrae en met tussenposes na te kom.

6.1.4 Uit die oogpunt van die staat is die AVB 'n redelik ekonomiese belastingtipe, hoewel dit op 'n relatiewe groot aantal punte ingevorder moet word. Die belasting beland uiteindelik in die staatskas by wyse van enkele groot bedrae, hoewel dit nie die primêre wyse van invordering is nie, soos in 6.1.3 genoem.

6.1.5 Indien die belasting op die "bytel"- (*addon*) wyse gehef word, word die belastingbetaler

wel deeglik bewus van die feit dat hy belasting betaal, anders as by die "intel"- (add-in) metode, waar die belasting as deel van die prys beskou word.

6.1.6 Onderhewig aan onderlinge elastisiteite van vraag (wat gewoonlik verskil) is die AVB bedoel om algemeen te wees, en handhaaf daarom 'n natuurlike samestelling en funksionering van produkte en produksiefaktormarkte.

6.2 Nadele van die AVB

6.2.1 Een van die belangrikste nadele van AVB, of dit 'n algemene of spesifieke belasting is, is geleë in die belastingbewustheidsaspekte. Indien die "intel"-metode van belastingheffing gebruik word, is die individu nie werklik bewus van die las wat die belasting op hom plaas nie. Daarom kan verbruikers die voordele van owerheidsdienste, wat uit die belasting gefinansier word, nie korrek vergelyk met alternatiewe privaat goedere wat in die afwesigheid van die belasting verbruik kon gewees het nie.

6.2.2 Die inherente eienskap van regressiwiteit, ten spyte van moontlike vrystellings wat van toepassing mag wees, is 'n verdere nadeel. Die regressiwiteit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die grensverbruiksgeneigdhede van verskillende inkomstegroepe. Hoe groter die inkomste, hoe

kleiner die verbruikersgeneigdheid; en gevolglik word 'n kleiner persentasie van die inkomste bestee en is die persentasie wat aan AVB betaal word, gevolglik ook kleiner. Die teenoorgestelde geld vir die laer inkomstegroepe en gevolglik is hulle aan 'n hoër druk as gevolg van AVB onderhewig.

Die sterk teenkanting teen die AVB kan hoofsaaklik aan die regressiwiteit daarvan toegeskryf word. Hierdie belasting word gewoonlik gehef as alternatief vir direkte belasting met sy eng basis en nadele met betrekking tot spare, investering en ekonomiese groei, in tye wanneer inkomste dringend deur die owerheid benodig word. Daarom word AVB gewoonlik as 'n tydelike maatreël beskou.

'n Interessante weerspreking van die regressiwiteit as nadeel van die AVB word deur Buchanan¹⁾ gemaak.

Hy redeneer so: Die regressiwiteit word as die populêre en tradisionele nadeel van die AVB aangetoon. Hier moet egter sekere punte opgeklaar word. Eerstens is die AVB proporsioneel in koers, en nie regressief nie. Die koers is 'n vaste persentasie van die basis, nl. die verkoopprijs. Maar dit is nie wat die term "regressief" in hier=

1) Buchanan, J.M. The Public Finances. Richard D. Irwin, Inc., Illinois, 1960. p. 433.

die geval beteken nie, maar wel dat die finale las in verhouding tot inkomste as basis nie proporsioneel is nie. Die belasting neig om proporsioneel meer beswarend vir die laer inkomstegroepe as vir die hoër inkomstegroepe te wees. Hierdie argument het natuurlik sy ontstaan uit die algemeen aanvaarde beskouing dat alle verkoopbelasting, spesifiek of algemeen, uiteindelik deur die verbruikers betaal word en nie deur die faktorbesitters nie - dus geskied voort en nie terugwenteling nie, van die belasting. In sover as wat die belasting algemeen gehef word, sal dit neig om op faktorbesitters te val, en dit sal dan 'n proporsionele eerder as 'n regressiewe belasting wees, selfs wanneer dit bereken word in terme van inkomstebasis.

Teen hierdie argument van Buchanan kan egter aangevoer word dat 'n proporsionele belasting wel regressief is, omdat dit in omgekeerde verhouding tot die toe- of afname van inkomstes staan. Indien die verkoopbelasting 'n proporsionele belasting is, sal die laer inkomstegroepe meer (persentasiegewys) daaraan betaal as die hoër inkomstegroepe as gevolg van die verskil in grensbestedings- of grensverbruiksgeneigdhede. Selfs al sou hierdie belasting dan as proporsioneel - nl. 'n vaste persentasie van die basis - aange- toon word, bring dit 'n meer ongelyke verdeling van persoonlike inkomste mee, en moet dit daarom

as regressief aanvaar word.

Die aanspraak dat die belasting sal neig om op faktorbesitters te val, kan ook bevraagteken word. Slegs ten opsigte van goedere met hoogs elastiese vraag sal dit die geval kan wees, omdat, indien die belasting by die prys van die goedere gevoeg word, verbruikers substitusie sal toepas. Aangesien die verkoopsbelasting op lewensnoodsaaklikhede gehef word (soos in RSA die geval is), met ander woorde op goedere wat daaglik in die begroting van die gewone werker voorkom, sal die belasting wel van hom gevorder word, omdat sy aankope bestaan uit goedere met hoogs onelastiese vraag. Die belasting sal dus voortgewentel word na die verbruiker, en nie teruggewentel word na die besitters van produksiefaktore nie.

6.2.3 Indien die belasting op lewensnoodsaaklikhede gehef word, lei dit tot hoër pryse, en teen hoër pryse sal die laer inkomstes drasties verminder. Die gevolg sal eise om hoër lone wees, wat weer op sy beurt besigheidskoste sal verhoog, en verdere prysverhogings veroorsaak.

6.2.4 Die ekonomiese kringloop mag sektoraal of snelwisselend wees, sodat 'n eenmalige bepaling van die tariewe eerder pro- as anti-siklies mag werk. Hierdie nadeel kan ondervang word indien die Minister magte sou verkry om tussen wetgewende

vergaderings koerse te mag aanpas na gelang die siklus dit vereis.

7. Samevatting

Die soort verkoopbelasting, sowel as die wyse van heffing, moet sorgvuldig deur die owerheid oorweeg word voordat dit ingestel word. Elke tipe verkoopbelasting het sy voor- en nadele; en die eis van owerheidsinkomste moet hierteen opgeweeg word voordat die owerheid finaal besluit om hierdie belasting te hef.

HOOFSTUK III

TEORETIESE ANALISE VAN DIE ALGEMENE VERKOOPBELASTING EN DIE VERSKEIE VORMS WAARIN DIT VOORKOM

1. Ter geleide

Die uitwerking van 'n belasting bepaal die wese daarvan; so is dit moontlik dat 'n produk= of transaksiebelasting telkens op 'n ander stadium in die beweging van goedere vanaf die grondstof= tot die verbruikerstadium gehef kan word met dien= ooreenkomstige verskil in die uitwerking van elke soort belasting. So word die produk= of transaksie= belasting 'n vervaardigersverkoopbelasting (*manufacturers' sales tax*, hierna aangedui as VVB) genoem waar die produsent van die belaste goed die belastingbetaler is. Waar die groothandelaar vir hierdie doel uitgesonder word, heet dit 'n groot= handelsverkoopbelasting (*wholesalers' sales tax*, hierna aangedui as GVB). Die rig van hierdie funksie tot belastinginvordering - in al drie gevalle word die belastingsom van die verbruiker as belastingpligtige ingevorder - op die kleinhandelaar, word 'n kleinhandelsverkoopbelasting (*retailers' sales tax*) genoem en word aangedui as KVB. Sou dit die owerheid behaag om twee of al drie die genoemde fases van beweging van goedere tegelyker= tyd te belas, word dit 'n meurfase= of veelvuldige= fasebelasting, aangedui as MFB, genoem. Elk van die genoemde wyses van belastingheffing bring sy

eie unieke gevolge mee wat oor die algemeen in verband staan met die graad van breedheid van die belastingbasis; en veral die ophopings- of eskalasie-effek van die belastingskuld is hier van belang.

Bogenoemde bespreking toon die verkoopbelasting as òf gehef op 'n enkelfase, òf op meer fases in die produksie- en distribusiesisteem. 'n Derde tipe verkoopbelasting, die waardetoegevoegbelasting (aangedui as WTB), het as 'n verdere ontwikkeling van die verkoopbelasting ontstaan. Hierdie WTB toon dan ook ooreenkoms met beide enkelfase- en meurfasebelasting.

Waar hierdie verhandeling oor die breë opvatting van die verkoopbelasting handel, word dit noodsaaklik geag om ook die VVB en GVB onder oë te neem, veral vanweë die ooreenkomste en verskille daarvan met die AVB op kleinhandelsvlak. Die primêre instelling van hierdie studie is die nuutinstgestelde AVB op kleinhandelsvlak in Suid-Afrika; die aandag sal derhalwe deurgaans op hierdie belasting toegespits bly. Vir hierdie rede word bedoel om die onderhawige hoofstuk aan die aard en ekonomiese konsekwensies van die VVB, GVB, MFB en WTB te wy, terwyl hoofstukke VI en VII onderskeidelik die mikro- en makro-ekonomiese gevolge van die AVB op kleinhandelsvlak aan die orde sal stel.

2. Vervaardigersverkoopbelasting - VVB

In hierdie geval word die belasting toegepas op die eerste stadium in die distribusiestelsel, nl. op verkope van die produsent aan die groothandelaar.¹⁾ Die waarde van die kommoditeit, wanneer dit die laaste vervaardigingsproses verlaat, word dus belas. Volgens Shoup²⁾ ontstaan hier 'n probleem met betrekking tot omskrywing, en wel daarin dat dit moeilik is om 'n voltooide produk van 'n intermediêre produk te onderskei. Hierdie onderskeidingsprobleem dui terselfdertyd die unieke aard van die belasting aan. Die metode van administrasie van die belasting op verkope van vervaardigers of produsente moet ook nader omskryf word. Indien uitgegaan word van die gedagte dat slegs oordragte waarby 'n geldbedrag betrokke is, belas word, is die firma en nie sy funksie nie, die grens vir die belasting.

By die VVB is dit dus belangrik om die firma te omskryf of te lisensieer ten einde te bepaal waar die belasting toegepas moet word. Shoup³⁾ toon aan dat hier sprake is van 'n vrye gebied, vir sover firmas nie as vervaardigers gelisensieer is nie maar tog produseer of vervaardig. Goedere wat dus nooit by gelisensieerde firmas

1) Shoup, C.S. Public Finance. Weidenfeld & Nicolson, London, 1969. p. 234.

2) Id. p. 243.

3) Id. p. 234.

terekom nie, is dan nooit aan belasting onderhewig nie, soos in die geval van die boer wat sy produkte direk aan die verbruiker verkoop. Die belasting word slegs betaalbaar wanneer 'n gelisensieerde firma aan 'n nie-gelisensieerde firma verkoop; die omvang van die belasting word bepaal deur die gebied *wat as vervaardigingssektor beskou word* en as sodanig gelisensieer is.

Indien elke produk slegs een maal belas moet word, is dit nodig dat die produk, terwyl dit in die vervaardigingssektor beweeg, van belasting vrygestel moet wees. Dit gebeur soms dat goedere die vervaardigingssektor binnekom en in die proses van gebruik vernietig word, maar nogtans 'n waarde aan die finale produk toevoeg wat uiteindelik belas word; 'n voorbeeld hiervan is brandstof. In ander gevalle kan sekere goedere uit die vervaardigingssektor aan groothandelaars verkoop en belas word (bv. olie) en dan weer *deur groothandelaars aan vervaardigers* verkoop word - dit kom weer die vervaardigingssektor binne, en deurdat dit in die produksieproses gebruik word om waarde toe te voeg, word dit uiteindelik weer belas. Dit lei tot dubbele belasting, en 'n metode om dit te voorkom sou wees om groothandelaars as vervaardigers te lisen sieer. Hulle betaal dan slegs belasting op goedere wat deur hulle aan persone of firmas ander as vervaardigers verkoop word.

2.1 Die uitwerking van die VVB¹⁾

Wanneer uitgegaan word van die veronderstelling dat vervaardigers gelisensieer is, aan die een kant om te verseker dat goedere deur hulle verkoop, belas word, en aan die ander kant dat goedere deur hulle aangekoop om in die produksieproses te gebruik (*producers' consumables*) nie belas word nie, moet gewaak word teen die versoeking om sodanige goedere aan ongelisensieerde firmas of huishoudings sonder belasting te verkoop. Die omskrywing van 'n aankoop van intermediêre goed moet dus baie eng wees, terwyl dié van 'n finale produk weer baie breed moet wees om toe te laat vir die insluiting van die intermediêre goed in die finale produk.

2.1.1 Pryspeil

Wanneer die uitwerking van die VVB op pryspeil nagegaan word, moet, met die oog op ongekompliseerdheid van so 'n analise, twee aannames gemaak word, nl. eerstens dat slegs een produk telkens betrokke is, en tweedens dat die belastingopbrengs vir die owerheid in elke geval dieselfde moet wees, of die belasting nou al op die vervaardi-

1) Onderstaande is 'n bespreking van slegs enkele invloede van die VVB wat vir hierdie doel die belangrikste geag word. Dieselfde prosedure sal by die uitwerking van die ander belastings wat in hierdie hoofstuk behandel word, gevolg word. Aandag word nie gegee aan bv. die uitwerking op relatiewe pryse, *excess burdens*, regverdigheid en graad van regressiwiteit nie.

gers=, groothandels= of kleinhandelsvlakke van toe= passing mag wees.¹⁾ Daar bestaan dus 'n keuse ten opsigte van watter tipe belasting gehef sal word, aangesien almal gelyke opbrengs sal lewer.

Die analise van die ekonomiese gevolge van die ver= koopbelasting op die onderskeie vlakke word in hoof= saak gevoer aan die hand van Johansen²⁾ wat 'n vol= le boekdeel daaraan gewy het. Die kostestruktuur van die produksie word aangetoon as $b(x)$ waar x die hoeveelheid goedere geproduseer is en die prys wat deur die produsent gevra word, gelyk sal wees aan grensproduksiekoste b^1 . Johansen gaan skyn= baar van die veronderstelling uit dat b^1 die wins= grens van die produsent insluit, want in sy bere= kenings word nêrens van so 'n winsgrens melding gemaak nie.

Dit moet in gedagte gehou word dat hoewel die pro= duk net op die vervaardigingsvlak belas word, die produk sy volle gang deur die bemarkingskanaal moet voltooi; en dit bring mee dat by prysbepaling re= kening gehou moet word nie net met produksiekoste plus belastingtoeslag nie, maar ook met die on= derskeie winsopslagte wat by die verskillende sta=

- 1) Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie aannames van een produk en gelyke belastingopbrengs deurgaans sal geld, welke van die VVB, GVB, MFB of WTB ookal in uitwer= king nagegaan word.
- 2) Johansen, L. Public Economics. North-Holland Publishing Co., Amsterdam, 1965. pp. 262 - 272.

dia van toepassing is. By die bepaling van die prys op die groothandels- en kleinhandelsvlakke maak Johansen weer net van winsgrense gebruik, en laat vergoeding vir ander produksiefaktore buite rekening, tensy hy hier veronderstel dat hierdie vergoeding by die winsgrense ingesluit is.

Die belastingkoers van die VVB, gelyk aan t_p , word toegepas, en die prys wat die verbruiker sal betaal vir 'n produk wat teen hierdie koers by die produsent belas word, sal wees:

$$P(t_p) = b^1(1 + t_p)(1 + a_w)(1 + a_r)$$

waar a_w en a_r die winsgrense is wat onderskeidelik deur die groot- en kleinhandelaars toegepas word. Belasting word as 'n gedeelte van die prys vóór berekening van belasting vasgestel. Die prys wat die groothandelaar betaal vir goedere wat aan die VVB onderhewig is, sal dus $b^1(1 + t_p)$ wees.

Die belastingopbrengs uit die VVB sal $T^{ind} = b^1(t_p)x$ wees. Die belastingkoers sal op die waarde van die verkoopprijs van die produsent van toepassing wees, nl. b^1 , vóór belasting bygevoeg is. Omdat aanvaar word dat die belastingbedrag altoos dieselfde sal wees, ongeag op watter stadium die belasting gehef word, sal by die verhoging van 'n besondere belastingbedrag¹⁾ die grootste styging

1) Verhoging van die opbrengs wat uit die besondere belasting verkry moet word.

in pryspeil voorkom hy die finale aankope, indien belasting gehef word op die eerste stadium van die distribusiesisteen, met ander woorde op die verkope van die produsent aan die groothandelaar. Die rede is dat belasting gehef op 'n vroeër stadium in die distribusieproses vermenigvuldig word met die winsgrense in later stadia van verkope. 'n Belasting op 'n vroeë stadium lei op hierdie wyse tot hoër inkomstes per eenheid verkoop in die later stadium; maar dan moet die hoeveelheid verkoop onveranderd bly; of die grenskoste b^1 moet konstant bly, ongeag veranderinge in hoeveelheid verkoop.¹⁾

Hierdie hoër inkomste kan tot gevolg hê dat 'n toestroming van nuwe besighede ontstaan, omdat hier hoër opbrengs as in later distribusiestadia verkry kan word. Die gevolge vir die pryspeil toon aan dat belasting gehef op die produsent se verkope aan die groothandelaar nadelig vergelyk met verkoopbelasting bv. op kleinhandelsvlak. Hierdie nadeel spruit uit die *hidden nature*²⁾ van die belasting en die feit dat die verbruiker nie bewus is van die belasting en dat hy dit betaal nie.

1) Johansen, op. cit., p. 264 e.v.

2) Due, J.F. Sales taxation. Routledge & Kegan Paul, London, 1957. p. 161.

2.1.2 Integrasie van ondernemings

Aangesien die stadium waarop 'n produk belas word, gewoonlik omskryf word in terme van die besigheids= firma en nie die besigheidsfunksie nie, kan dit lei tot integrasie van ondernemings.¹⁾ Hierdie integrasie kan voorwaarts wees; in welke geval die produsent sekere funksies van die groot= en klein= handelaar oorneem. Dit lei daartoe dat die prys waarteen die produk verkoop word, hoër is, en gevolglik is die belastingbasis groter sodat meer belasting betaal moet word. Indien die produsent die integrasie so ver voer dat hy die totale funksies van groot= en kleinhandelaar oorneem, kan VVB heeltemal ontduik word. Die wetgewer behoort hierdie moontlikheid in ag te neem by die bepaling van die stadium waar die belasting van krag moet word.

Ondernemings kan egter ook terugwaarts integreer deurdat groothandelaars sekere funksies soos verpakking, vervoer en opberging van die produsent oorneem. In hierdie geval word die prys van die produk laer en die belastingbasis vir toepassing van VVB verklein, sodat minder belasting aan die owerheid afgedra sal word. Na bogenoemde word ook verwys as vertikale integrasie, waar die funksies van verskillende firmas in een firma gekonsentreer word - vanselfsprekend kan vertikale integrasie

1) Shoup, op. cit., p. 234.

of voorwaartse of terugwaartse of beide tipes in=
tegrasie wees.

2.1.3 Stabiliteit en volle indiensname

Vir stabiliseringsdoeleindes mag dit nodig wees om dikwels veranderinge in die belastingkoerse aan te bring. Indien die betrokke minister die reg sou kry om interimaanpassings in die toepasbare koers te maak (al sou dit net na benede wees) kan dit bydra tot die soepelheid van hierdie belas=
tingtipe en sy vermoë om die nasionale ekonomie te stabiliseer.

In die geval van die VVB sal 'n verandering in die belastingkoers nie die mededingingsvoorwaardes tussen geïntegreerde firmas versteur nie.¹⁾ Die groothandelaars is beter in staat om aankope uit te stel in afwagting van 'n resessie en aankope uit te brei wanneer na volle indiensname beweeg word. Wanneer 'n verandering (verlaging) in koers aangebring word, kan dit lei tot benadeling van firmas wat groot voorrade aangekoop het teen pryse volgens vorige belastingkoerse. Hierdie goedere moet nou aan die volgende stadium in die distri=
busiestelsel verkoop word teen 'n prys wat uit=
eindelik die belasting sal vergoed;²⁾ en mede=

1) Shoup, op. cit., p. 238.

2) Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die belasting telkens aangeskuif word om uiteindelik die verbruiker ten laste te kom.

dinging kan veroorsaak dat so 'n firma self die verskil tussen die ou en nuwe belastingkoers moet absorbeer, wat verliese vir die firma sal meebring.

Waarneming van die praktyk in meeste lande lei tot die gevolgtrekking dat verkoopbelasting nie 'n baie effektiewe instrument van ekonomiese politiek met die oog op stabilisering van die ekonomie is nie, omdat koerse nie snel genoeg by skommeling in die ekonomie aangepas kan word nie.

2.1.4 In- en uitvoere

Die behandeling van in- en uitvoere is van groot belang by die VVB. Shoup¹⁾ onderskei tussen die VVB gehef volgens die oorsprongbeginsel en dié volgens die bestemmingsbeginsel. Volgens die oorsprongbeginsel word invoere van belasting vrygestel, terwyl uitvoere aan die VVB onderhewig is. Die uitgevoerde kommoditeit word dan slegs op 'n gedeelte van die totale opgehoopte belastingbasis belas. Die verkoopbelasting volgens die bestemmingsbeginsel belas weer invoere, terwyl uitvoere van VVB vrygestel is. Volgens die bestemmingsbeginsel VVB word die waarde van goedere soos dit 'n land binnekom, belas, voordat groot- en kleinhandelswingsgrense bygevoeg is. Indien die oorsprongbeginsel VVB van toepassing is, mag die land van

1) Shoup, op. cit., p. 209.

oorsprong, A, ooreenkom met die land van bestemming, B, om die bedrag belasting wat hy (A) ingevorder het, terug te betaal in ruil vir 'n soortgelyke terugbetaling deur land B op uitvoere na A - in die geval waar land B ook die VVB volgens oorsprong= beginsel toepas. Die verdeling van die belasting= opbrengs sal dieselfde wees onder die bestemmings= beginsel indien albei lande dieselfde belasting= koers toepas.¹⁾

Dit skyn egter 'n makliker prosedure te wees om beide gevalle vry te stel van verkoopbelasting ten einde administrasie en koste te verminder; dit wil sê die owerheid gee in elk van die uitvoerlande die ingerekende verkoopbelasting aan sy eie uitvoerders terug in plaas van om die ingerekende belasting internasionaal te verreken. Dieselfde prosedure kan met invoerders gevolg word in die geval waar die bestemmingsbeginsel toegepas word.

In die geval waar lande wat met mekaar handel dryf nie albei²⁾ die VVB volgens dieselfde beginsel (sy dit oorsprong= of bestemmings=) toepas nie, sal die doeleindes van stabiliseringsbeleid betreffende die handelsbalans bepalend wees vir die hef van VVB op in- en/of uitvoere. Met 'n nadelige handels=

1) Shoup, op. cit., p. 211.

2) Eenvoudigheidshalwe word slegs twee lande wat met mekaar handel dryf, oorweeg.

balans sal bv. eerder van die bestemmingsbeginsel, waar invoere belas word, as van die oorsprongbeginsel, gebruik gemaak word. Op die wyse sal invoere beperk word, omdat die prys daarvan 'n sekere gedeelte belasting verteenwoordig. Die teenoorgestelde sal geld in die geval van 'n voordelige handelsbalans waar invoere gestimuleer en uitvoere beperk moet word.

2.1.5 Kontrole en administrasie

Die verkoopbelasting gehef op die vervaardigersvlak het duidelike voordele, wat betref owerheidsadministrasie en kontrole, b6 die verkoopbelasting gehef op latere stadia in die distribusiesisteem. Dit is so omdat die aantal firmas relatief klein is, en daarby hanteer elk gewoonlik 'n eenvormige reeks goedere, of net 'n klein aantal verskillende goedere. Die tipiese vervaardigingsfirma is relatief groot met gepaste boekhoudingstelsels vir effektiewe belastingkontrole.¹⁾ Geen besondere probleme ontstaan in die omskrywing van belasbare transaksies nie, en vrystelling van onvoltooide vervaardigersgoedere (*producers' consumables*) geskied maklik. Uit die oogpunt van die owerheid is die VVB 'n maklik toepasbare en ekonomiese belasting sover dit kontrole en administrasie betref.

1) Due, op. cit., p. 160.

2.1.6 Diskriminasie tussen goedere

Geen verkoopbelasting kan waarlik algemeen en dus neutraal met betrekking tot verskillende goedere wees nie. Afgesien van die stadium waarop belasting gehef word, moet tussen goedere gediskrimineer word deurdat sommige van belasting vrygestel is en ander nie. By verkoopbelasting op vervaardigers=vlak gaan dit egter baie meer om diskriminasie tussen metodes van besigheid, as diskriminasie tussen goedere.

Daar is egter sosiale en kulturele redes waarom sekere goedere van belasting vrygestel moet word, en hierdie vrystellings geskied die maklikste op 'n stadium waar verskillende soorte goedere nog nie tot groot omvang gemeng is nie of waar firmas slegs enkele goedere hanteer. So is die VVB bv. uitnemend geskik vir die vrystelling van voedsel, behuising en klerasie, ten einde die uiteindelijke las op die laer inkomstegroepe te verlig. Die vrystellings wat op dié wyse gemaak word, val ook ten voordeel van die middel en hoër inkomstegroepe, maar hierdie is 'n tegniese tekortkoming van alle verkoopbelastings, op watter vlak dit ookal gehef word.¹⁾

2.2 Algemene samevattende beoordeling

Die VVB as verkoopbelasting openbaar sekere voor- en nadele. Die feit dat die VVB nie besigheids=

1) Shoup, op. cit., p. 240.

integrasie aanmoedig nie en terselfdertyd nie teen nie-geïntegreerde firmas diskrimineer nie, kan as een van die belangrikste voordele beskou word. Daarby is die insamelingskoste van die belasting laag, aangesien redelik groot bedrae by 'n redelik klein aantal punte ingevorder word. Vrystellings, waarvoor noodwendig voorsiening gemaak moet word, word by die VVB maklik toegepas.

Waar die distribusiekanale kompleks is, ontstaan wel probleme by die bepaling van belasbare prys ten einde onregverdigheid te voorkom. Die VVB het ook 'n ingeboude eskalasie-effek, wat uiteindelik die verbruiker tot nadeel strek. Die belastinglas van die VVB is ook nie eenvormig op verskillende verbruiksbestedings nie.

Die VVB is een van die mees ongekompliseerde vorms van verkoopbelasting wat hom, met deeglike oorweging van koerse, belasbare basis, vrystellings, ens., baie goed tot effektiewe toepassing leen.

3. Groothandelsverkoopbelasting (GVB)

Hierdie belasting word toegepas op die tweede stadium in die distribusieproses. Terwyl groothandelaars, indien hulle nie as vervaardigers gelisen= sies is nie, nie aan die VVB onderhewig is nie, is daar vervaardigers wat wel aan die GVB onderworpe is, en wel in die mate wat hulle 'n groothandels= funksie vervul deur direk aan kleinhandelaars of

verbruikers te verkoop.¹⁾ Die toepassing van die GVB lewer ook nie probleme op met betrekking tot omskrywing van goedere nie, aangesien groothandelaars gewoonlik en meesal handel dryf in voltooide produkte. In enkele gevalle sal die vervaardigers hierdie belasting betaal, bv. waar hulle op bestelling van kleinhandelaars goedere onder 'n bepaalde handelsmerk vervaardig en dit direk aan die kleinhandelaar lewer. Verskillende groothandelstadia kan ook onderskei word om aan te toon op watter van hierdie stadia belasting gehef moet word.

3.1 Die uitwerking van die GVB

Die verkope van groothandelaars onderling maak gewoonlik 'n baie klein gedeelte van hul besigheid uit, hoofsaaklik omdat hulle in voltooide produkte handel dryf. Die vrye gebied, dit wil sê transaksies wat van belasting vrygestel word, behels verkope van groothandelaars aan vervaardigers en enkele onvoltooide goedere wat onder groothandelaars sirkuleer. Soms word groothandelaars met 'n klein besigheidsomvang van belasting vrygestel, veral indien die grootste deel van vervaardigers verkies om aan grootskaal groothandelaars te verkoop.

3.1.1 Pryspeil

Weer eens word van die veronderstellings in § 2.1.1 uitgegaan. Die groothandelaar koop goedere by die

1) Shoup, op. cit., p. 241.

vervaardiger, en voeg sy gebruiklike winsgrens a_w by, soos bepaal deur ekonomiese meganismes. Die groothandelaar se verkope aan die kleinhandelaar is onderhewig aan GVB teen koers t_w .

Die prys wat die finale verbruiker uiteindelik vir die produkte sal betaal, sal dan wees

$$P(t_w) = b^1(1 + a_w)(1 + t_w)(1 + a_r).$$

Die kleinhandelaar koop goedere teen prys $b^1(1 + t_w)(1 + a_w)$. Die belastingopbrengs sal $T_{ind} = b^1(1 + a_w)(t_w) \times$ wees.¹⁾ Die verkoopbelasting op die verkope van die groothandelaar sal by die belastingkoers 'n bedrag vir die winsgrens op die groothandelsvlak insluit. Dit is dus voor-die-hand-iggend dat, indien die opbrengs van die GVB, soos veronderstel, dieselfde moet wees as dié van die VVB, $t_p > t_w$ moet wees, en gevolglik sal $P(t_p) > P(t_w)$ wees. Die styging in die pryspeil by die heffing van die GVB sal kleiner wees as die styging in pryspeil by die hef van die VVB.²⁾ Waar die vervaardiger direk aan die kleinhandelaar verkoop, moet hy ook as groothandelaar (vir doeleindes van belasting) gelisensieer wees. Die vervaardiger sal dan, by berekening van sy prys, van groothandelswingsgrense gebruik maak, en op hierdie prys word die belastingkoers t_w van toepassing gemaak. Die uitwerking op die pryspeil sal dieselfde wees asof die groothandelaar, en nie die vervaardiger

1) Johansen, op. cit., p. 264.

2) Sien verklaring by § 2.1.1.

nie, aan die kleinhandelaar verkoop het.

3.1.2 Integrasie van ondernemings

Ten einde die GVB te ontduik, kan groothandelaars vertikaal voorwaarts integreer deur die funksies van kleinhandelaars oor te neem. Kleinhandelaars word dan deur groothandelaars van voorraad voorsien sonder dat 'n werklike verkooptransaksie, waarop belasting van krag is, aangewys kan word. Terselfdertyd kan die groothandelaar vertikaal terugwaarts integreer¹⁾ deur sekere funksies van die vervaardigers oor te neem en sodoende voorraad teen laer pryse te bekom. Die voordeel van laer pryse as gevolg van terugwaartse integrasie deur die groothandelaar moet egter opgeweeg word teen die groter behoefte aan bedryfskapitaal wat deur die integrasie veroorsaak word, en die opbrengs wat deur sodanige kapitaal vereis word.

Indien die groothandelaar met die kleinhandelaar integreer, sal e.g. wel die GVB moet betaal indien die wetgewing voorsiening maak vir 'n sg. "bereken=de" prys waarteen goedere van die groothandelsfirma na die kleinhandelaar oorgedra word. Dit bring aansienlike administratiewe probleme en koste vir die groothandelaar mee, en dit mag daartoe lei dat hy hom in hierdie geval van integrasie sal weerhou.

1) Sien § 2.1.2

As gevolg van die feit dat hoër inkomste verkry kan word deur berekening van winsgrense op pryse wat belasting insluit, kan nuwe besighede toestroom, met verdere integrasiegevolge.

3.1.3 Ekonomiese stabiliteit en volle indiensname

Groothandelaars hou gewoonlik groot handelsvoorrade aan en verkoop dit periodiek in klein hoeveelhede aan kleinhandelaars. Indien 'n koersaanpassing in GVB gemaak word vir doeleindes van stabilisering van die ekonomie en verkryging van volle indiensname, behoort die uitwerking daarvan gou in die ekonomie deur te werk. Kleinhandelaars koop klein hoeveelhede en met kort tussenposes; gevolglik sal hulle nie aankope vooruit in afwagting van 'n koersverhoging kan maak of aankope kan uitstel in afwagting van 'n koersverlaging nie. Die behoefte aan, en beskikbaarheid van bedryfskapitaal sal hier die beslissende oorweging wees. In die geval van die GVB kan 'n koersaanpassing 'n baie nuttige instrument wees vir stabilisering en volle indiensname, aangesien die kleinhandelaar merendeels nie in staat is om aankope uit te stel in afwagting van 'n koersverlaging of, omgekeerd, vooruit groot aankope te doen in afwagting van 'n koersverhoging nie. Die uitwerking van enige aanpassing in die koers van die GVB toon dus spoedig die gevolge waarvoor die aanpassing bedoel was.

3.1.4 In- en uitvoere

Die toepassing van die GVB volgens die bestemmings= beginsel, waarvolgens invoere belas en uitvoere van belasting vrygestel word, geskied makliker as by die VVB volgens die bestemmingsbeginsel. Goedere word gewoonlik deur groothandelaars ingevoer, en die goedere kom dus in die handelstroom voordat belasting gehef word, en daar is nie sprake van 'n kompenserende belasting wat aan die land van herkoms betaal moet word nie.

Aangesien uitvoere, volgens die bestemmingsbeginsel, van belasting vrygestel is, sal die GVB in die geval geen invloed uitoefen nie.

By die toepassing van die oorsprongbeginsel waar= volgens invoere vrygestel en uitvoere belas word, sal die GVB geen invloed op invoere hê nie. Die GVB volgens die oorsprongbeginsel sal weinig invloed op uitvoere uitoefen, omdat groothandelaars slegs in beperkte mate uitvoer, want uitvoere geskied meesal deur vervaardigers. Daarby is die handelaars na wie in die buiteland uitgevoer word, meesal groothandelaars en slegs in enkele gevalle kleinhandelaars; en slegs in lg. geval word die GVB van toepassing.

Die GVB sal, ongeag watter van die oorsprong= of bestemmingsbeginsels van toepassing is, weinig invloed op in= of uitvoere hê.

3.1.5 Kontrole en administrasie ten opsigte van GVB

By die GVB word kontrole en administrasie reeds moeiliker as by die VVB, en wel om die volgende redes: Hoewel behoorlike boeke en rekords gehou mag gewees het, tref ons in die groothandelstadium van die distribusiestelsel reeds baie meer firmas aan wat gekontroleer moet word, en dus ook meer punte van invordering van belasting. Administrasiekoste word verhoog, en die netto voordeel vir die owerheid tussen belastinginkomste en administrasiekoste verklein dienoooreenkomstig.

3.1.6 Diskriminasie tussen goedere

Groothandelaars hanteer gewoonlik reeds 'n mengsel van belaste en onbelaste goedere. Dikwels spesialiseer sekere groothandelaars in spesifieke goedere of reekse goedere wat onderskeiding van belaste en nie-belaste goedere makliker maak. In die geval van handelaars wat verskeie soorte goedere hanteer moet afsonderlik rekord gehou word van belaste en vrygestelde goedere. Veral in die geval waar groot-handelaars dieselfde goedere aan kleinhandelaars en vervaardigers verkoop, word dit moeiliker om belasting en vrystelling (diskriminasie) toe te pas. Soos in § 2 genoem, sal groothandelaars in sulke gevalle as vervaardigers gelisensieer moet word om sodoende die verkope aan vervaardigers te onderskei van dié aan kleinhandelaars.

3.2 Algemene samevattende beoordeling van GVB

Die GVB is 'n voordelige belasting deurdat die toepassing daarvan sonder ingewikkelde administrasie kan geskied. Vanweë die gewoonlik lae koers van die GVB ondervind dit ook nie groot teenstand nie. Die GVB lewer ook weinig of geen probleme met in- en uitvoere nie.

Die GVB lewer wel probleme vir sover dit gaan om die omskrywing van belasbare goedere - hetsy dit *producers' consumables* of goedere wat deur die kleinhandelaar in onveranderde vorm aan finale verbruikers verkoop kan word. Hierdie probleem kom veral na vore waar groothandelaars in verskeie distribusiekanale opereer. Regressiwiteit, die bekende na-deel van indirekte belasting (wat die GVB uiteraard ook is), geld ook in hierdie geval.

As geheel gesien kan die GVB suksesvol toegepas word. Ontduikingsmoontlikhede is skraal, en ongewenste ekonomiese gevolge kan ook tot die minimum beperk word.

4. Meerfaseverkoopbelasting (MFB)

Hierdie tipe verkoopbelasting word op alle stadia van verkope gehef; dus word alle oordragte in die produksie en distribusie van goedere, waarby 'n geldbedrag betrokke is, aan verkoopbelasting onderhewig. Die volle waarde van verkope (belasting ingesluit) op elke betrokke stadium van verkope, is

aan belasting onderhewig - die MFB is dus uiter= aard kumulatief. Interimoordragte binne 'n enkele firma is egter van verkoopbelasting vrygestel. In navolging van Johansen¹⁾ kan die stadia van produ= sent, groot= en kleinhandelaar ook hier onderskei word, met dieselfde veronderstellings van b^1 vir produksiekoste, x vir hoeveelheid, ens.²⁾ as in die geval van die enkelstadiumbelastings.

Daar word aangeneem dat die kumulatiewe belasting= koers deurgaans dieselfde bly, gelyk aan t_c .

Die produsent ontvang dan b^1 vir sy verkope,³⁾ waarop die groothandelaar die belastingkoers t_c be= taal sodat die prys waarvoor die groothandelaar van die produsent koop, $b^1(1 + t_c)$ sal wees. Die groothandelswinsgrens a_w ⁴⁾ word hierby gevoeg voor verkope aan die kleinhandelaar. Die prys wat deur lg. betaal word, sal $b^1(1 + t_c)(1 + a_w)(1 + t_c)$ be= loop. Die verkope aan die verbruiker geskied dan met byvoeging van kleinhandelswinsgrens a_r ⁵⁾ en weer eens die kumulatiewe belastingkoers t_c , wat die prys gelyk stel aan

1) Johansen, op. cit. pp. 266 en 267.

2) Sien § 2.1.1.

3) Sien § 2.1.1 vir die veronderstelling dat b^1 ook 'n wins= grens vir die produsent insluit.

4) Sien § 2.1.1 vir die veronderstelling dat a_w ook vergoeding vir produksiefaktore van die groothandelaar insluit.

5) Sien voetnoot 3.

$$P(t_c) = b^1(1 + a_w)(1 + a_r)(1 + t_c)^3.$$

Die belastingopbrengs in hierdie geval is dan

$$T^{ind} = b^1 t_c \left[1 + (1 + a_w)(1 + t_c) + (1 + a_w)(1 + a_r)(1 + t_c)^2 \right] x.$$

Die veronderstelling bly dat die belastingopbrengs dieselfde moet wees as dié van enige van die enkelstadiumbelastings, nl. òf VVB, òf GVB. Die kumulatiewe koers t_c kan daarom baie laer wees as die koerse t_p of t_w in die geval van die enkelstadiumbelasting, omdat die belasting op 'n vroeër stadium ingesluit is in die basis waarop winsgrense in opeenvolgende stadia toegepas word - dit is 'n illustrasie van die kumulatiewe aard van die MFB. Die eskalasie-effek vertoon hier dus baie sterk.

4.1 Uitwerking van die meurfasebelasting

4.1.1 Pryspeil

Alhoewel die koers van die MFB¹⁾ baie laer kan wees as in die geval van die enkelstadiumbelasting ten einde dieselfde opbrengs te lewer (soos veronderstel in 2.1.1), sal die styging in pryspeil by die meurfaseverkoopbelasting groter en duideliker waarneembaar wees. Die rede is dat belasting wat op die eerste stadium (by die produsent) gehef word, in die volgende stadium in die basis waarop winsgrense, en ook prys, bereken word, ingesluit word. Die eskalasie-effek tree in werking, en is by elke stadium waar die belasting betaal word, in groter mate in

1) Sien § 4.

die prys waarneembaar.

Die nadeel van 'n groter styging in pryspeil by toepassing van die MFB as by die enkelstadiumbelasting, kan teenoor die psigologiese voordeel van die laer kumulatiewe koers gestel word. Nogtans is dit moeilik om die voor- en nadele van die verskillende koerse teen mekaar af te weeg en sodoende tot 'n finale antwoord te kom ten opsigte van die keuse tussen meerfase- of enkelstadiumbelasting.

4.1.2 Integrasie van ondernemings

Die MFB het besliste gevolge op die samestelling van die distribusiesisteem van belaste goedere en dienste. Deurdat goedere duurder word as gevolg van die belasting op elke stadium, integreer firmas verskillende fases ten einde sekere stadia in die distribusiestelsel uit te skakel. Wat vroeër as verskillende stadia aangetoon kon word, word nou as een saamgevoeg, en belasting word sodoende ontduik. Dit mag nadelige gevolge op doeltreffendheid in sowel die produksie- as distribusieproses hê, deurdat spesialisasie deur sodanige integrasie mag verminder. Produsente kan die groothandelstadium probeer uitskakel deur self op te tree as agente wat direk aan kleinhandelaars verkoop. Aangesien inter-firma-oordragte nie belasbaar is nie, kan dit daartoe lei dat kleinhandelaars terugwaarts integreer¹⁾ en die funksies van groothande-

1) Sien § 2.1.2.

laars oorneem. Sodoende word belasting slegs betaal by verkope deur die produsent en weer by verkope deur die kleinhandelaar; die groothandelaar is as gevolg van terugwaartse integrasie uitgeskakel.

Volgens Shoup¹⁾ sal in sekere industrieë steeds 'n nie-geïntegreerde sektor bly bestaan, hoewel dit as gevolg van die MFB sal krimp. Dit kan soos volg verklaar word: Voordat MFB ingestel is, is produksie en distribusie waargeneem deur beide geïntegreerde en nie-geïntegreerde sektore, en wel op so 'n wyse dat grenskoste van voltooide goedere in beide sektore dieselfde was - die prys²⁾ wat deur die verbruiker betaal is, was dus dieselfde, ongeag van watter sektor hy aangekoop het. Indien beide die geïntegreerde en nie-geïntegreerde sektore onder dalende kostetoestande werk, sal die MFB die nie-geïntegreerde sektor dwing om in te krimp, terwyl die geïntegreerde sektor sal moet uitbrei, totdat die grenskoste, waarby die MFB nou ingesluit is, weer in albei sektore gelyk is. Hierdie swaarder belastinglas op die nie-geïntegreerde firma kan lei tot versteuring van lankbestaande mededingingsverhoudings.

Integrasie kan verminder word deur inter-firma-

1) Shoup, op. cit., p. 222.

2) Grenskoste = grensinkomste; daarom is die prys van die twee sektore dieselfde.

oordragte te belas, maar dit beteken 'n drastiese afwyking van die beginsel van die MFB.

4.1.3 Stabiliteit en volle indiensname

Die MFB bied sekere voordele ten opsigte van anti-sikliese aanpassings in die koerse vir die doel van volle indiensname. Aangesien die basis van die MFB baie breed is, sal 'n koersaanpassing 'n groot uitwerking op die hele ekonomie hê. Herhaalde op- of afwaartse aanpassing van koerse om by konjunktuur- en ander veranderde toestande te kan aanpas, behoort egter nie probleme op te lewer nie, daar 'n eenvormige koers gewoonlik deurgaans by die meerfasebelasting van toepassing is.

'n Daling in die koers sal stimulerings van die ekonomie ten doel hê; so 'n daling sal verbruikers en groot- en kleinhandelaars aanspoor om groot aankope te maak (en vervaardigers om meer te produseer) voordat die ekonomie sodanig herstel dat koersverhoging weer nodig mag wees. Indien die fiskus met hierdie stimulerings slaag, het hy sy doel van groter produksie, en dus groter indiensname en stabiliteit, bereik.

Kopers in alle stadia kan egter, in afwagting van 'n aanstaande verlaging in die koers, besluit om aankope uit te stel, wat juis die posisie van onder indiensname kan vererger. Die inkomste- en

substitusie-effekte¹⁾ van belastingkoersveranderinge sal egter beslissend wees, sodat 'n daling van aktiwiteit in laasgenoemde geval ook nie uitgesluit kan word nie.

Die afwagting van 'n moontlike koersverhoging kan aan die ander kant lei tot massa-aankope in alle stadia, met die teenstrydige gevolg van wat met 'n koersverhoging bedoel word. Wanneer die koers dan wel verhoog word, sal besigheidsaktiwiteit sterker afneem as wat die geval sou wees indien vooruit-aankope weens die verwagte koersverhoging nie plaasgevind het nie. Die omvang van hierdie vooruit- of *afwagtings*-aankope sal egter tot groot mate bepaal word deur die beskikbaarheid van bedryfskapitaal in die geval van handelaars en die beskikbare koopkrag in die geval van verbruikers.

4.1.4 In- en uitvoere

Om die uitwerking van die MFB op in- en uitvoere te bepaal, word weer gebruik gemaak van belasting volgens die oorsprongbeginsel, waarvolgens uitvoere belas en invoere vrygestel word, en van die bestemmingsbeginsel waarvolgens invoere belas en uitvoere

1) Die inkomste-effek van belastingkoersverhoging is geleë in die gevolglike groter inspanning en neem van minder vrye tyd, en die omgekeerde in die geval van belastingkoersverlagings. Die substitusie-effek van belastingkoersverhoging is geleë in die neem van meer vrye tyd en minder inspanning, en die omgekeerde vir belastingkoersverhoging.

vrygestel word. Produsente wat goedere vir uitvoer en tuisverbruik produseer, sal, indien die bestemmingsbeginsel toegepas word, konsentreer op produksie vir uitvoer - uitvoere is van belasting vrygestel. Indien die prys in die tuismark sodanig sou styg dat dit voldoende is om die produsent vir die belastinglas te vergoed, sal hy weer begin om aan die tuismark te voorsien. Groot- en kleinhandelaars sal egter nie, met instelling van die belasting, geheel op uitvoere kan konsentreer sonder om doeltreffendheid in te boet nie. 'n Gedeelte van die belastinglas sal hulle moet bly dra, anders as produsente wat geheel daaraan kan ontkom, omdat hulle geheel-en-al op uitvoere kan konsentreer.

Belasting volgens die oorsprongbeginsel sal veral die produsent raak, omdat uitvoere belas word. Die produsent sal dan sy produksie moet verlaag tot 'n peil waar grenskoste¹⁾ plus belasting gelyk is aan die grenskoste vóór belasting, ten einde sy buitelandse mark te behou en in dieselfde mededingingsposisie te kan bly. Die alternatief vir die produsent is om te konsentreer op die tuismark, op voorwaarde dat die prys van sy goedere (belasting ingesluit) mededingend is met soortgelyke ingevoerde goedere, wat in hierdie geval nie aan belasting onderhewig is nie.

1) Sien voetnoot 2 p. 109.

Uitgaande van die oorsprongbeginsel verander die posisie aansienlik by die beweging van goedere via die groot= en kleinhandelaar na die verbruiker. Die goedere wat deur groot= en kleinhandelaars verkoop word, is aan die MFB onderhewig, ongeag of die goedere ingevoer of tuisgeproduseer is. Groothandelaars kan besluit om aankope op ingevoerde goedere (aangesien dit belastingvry is) te konsentreer, ahangende van die hoogte van die prys in vergelyking met plaaslik vervaardigde goedere.

Die invloed van die MFB op die betalingsbalans sal in 'n groot mate bepaal word deur belastingterugbetalingssooreenkomste (indien enige) wat tussen lande bestaan.

4.1.5 Kontrole en administrasie

'n Duidelike nadeel van die MFB is die feit dat daar so baie besighede is wat gekontroleer moet word, nl. almal vanaf die produsent tot by die kleinhandelaar. Die belasting word dwarsdeur die distribusiestelsel gehef, en 'n groot amptenary is nodig om rekords na te gaan en belasting op baie verskillende punte in te vorder. Waar firmas beide groot= en kleinhandelsfunksies verrig, bied die stelsel 'n voordeel, omdat alle verkope onderhewig sal wees aan dieselfde kumulatiewe koerse en geen onderskeid gemaak hoef te word soos bv. in die geval van die enkelstadiumbelasting nie.¹⁾

1) Johansen, op. cit., p. 269.

Probleme kan ondervind word met die bepaling van die basis waarop die kumulatiewe belastingkoers bereken moet word. Die wetgewer moet daarom duidelik bepaal of die belasting wat in die vorige stadium betaal is, by die prys ingereken moet word waarop die volgende stadium se belasting bereken word, al dan nie.

4.1.6 Diskriminasie tussen goedere

Die toepassing van vrystellings is die heel moeilikste onder die meergefaseverkoopbelasting. Dit bring mee dat op elke stadium van die distribusieproses gediskrimineer moet word tussen goedere wat aan belasting onderhewig, en die wat vrygestel is.¹⁾ Elke afsonderlike firma, van die produsent tot by die kleinhandelaar, moet dan transaksies afsonderlik aanteken om in staat te kan wees om sy werklike belastingverpligting te kan bereken. Daar kan aangevoer word dat heeltemal weggedoen behoort te word met vrystellings, maar dit is nie moontlik nie, aangesien hierdie belasting, hoewel dit deurgaans as *algemeen* voorgestel word, tog nooit heeltemal so kan wees nie - sekere lewensnoodsaaklikhede word gewoonlik van belasting vrygestel. Veral as gevolg van die regressiewe aard van sodanige belasting, moet sekere vrystellings altyd gemaak word ten einde die belasting 'n enigszins progressiewe karakter te gee.

1) Johansen, op. cit., p. 268.

4.2 Algemene samevattende beoordeling van MFB

Hierdie belasting lewer 'n groot opbrengs teen 'n betreklik lae koers; dit kan toegeskryf word aan die besondere breë basis, en ten spyte van 'n wye reeks vrystellings. Die lae koers ontmoedig ook in sekere mate ontduiking van die belasting.

Die verborge aard van die belasting word soms as 'n voordeel beskou, omdat dit teenstand teen die belasting, veral van die kant van die verbruiker, verminder. Die opbrengs van die MFB is redelik stabiel in dalende konjunktuurtoestande, terwyl die opbrengs in hoogkonjunktuur aansienlik vermeerder. Die basis van die belasting word duidelik omskryf, nl. die monetêre waarde van die transaksie wat tussen persone wat handel dryf, aangegaan word.

Die grootste nadeel van die MFB, soos trouens die geval met meeste indirekte belastings, is die regressiwiteit daarvan. Die verborge aard van die belasting in die beginstadia van heffing gee aanleiding tot ophoping wat in oormatige prysstygings tot openbaring kom, en die verbruiker word daarvoor aanspreeklik.

Die MFB is in enkele lande met groot sukses vir die owerheid, maar nie sonder teenstand van die belastingbetaler nie, toegepas. In die lig van die uitwerking van die MFB wat in 4.1.1 en verder na=

gegaan is, bly dit die een tipe verkoopbelasting waartoe enige owerheid hom in die laaste instansie behoort te wend.

5. Die Waardetoegevoegbelasting (WTB)

5.1 Algemeen

Hierdie belasting is reeds in hooftrekke in hoofstuk II getipeer. Kortliks word herhaal dat die WTB gehef word op die waarde wat 'n firma tot die produk toevoeg voordat dit aan 'n volgende firma verkoop word. Dit toon daarom sterk ooreenkomst met die MFB¹⁾ hoewel die basis en wyse van berekening daarvan verskillend is.

Duidelikheidshalwe word vir hierdie bespreking veronderstel dat alle waarde by die produsent²⁾ toegevoeg word, en dat die groot- en kleinhandelaar waarde toevoeg slegs gelyk aan hul winsgrense a_w en a_r . Die koers t_v waarteen die belasting toegepas word, is eenvormig. Die groothandelaar koop dan goedere by die produsent teen 'n prys gelyk aan $b^1(1 + t_v)$.

Die prys waarteen die groothandelaar aan die kleinhandelaar verkoop, is $b^1(1 + t_v)(1 + a_w)(1 + t_v)$.

1) Daarin dat belasting op elke stadium van die distribusieproses gehef word.

2) Johansen, op. cit., p. 269.

Elke deel van die totale waarde van die produk word slegs een keer belas. In dié opsig kan dit vergelyk word met die enkelstadiumbelasting wat op kleinhandelsvlak gehef word, aangesien die hele waarde van die produk slegs een maal belas word. Indien veronderstel word dat $t_v = t_r$, kan aangetoon word dat die opbrengs van die WTB (teen koers t_v) groter sal wees as die opbrengs van die kleinhandelverkoopbelasting (teen koers t_r) omdat belasting op waardetoegevoeg in vroeër stadia ingesluit is in die berekening van winsgrense in later stadia. Die waardetoegevoeg wat belas word, verhoog by opeenvolgende stadia.

5.2 Tipes waardetoegevoegbelasting

Bogenoemde bespreking het van veralgemenings en vereenvoudigings gebruik gemaak, ten einde die belasting en sy werking so eenvoudig moontlik voor te stel. In werklikheid word baie probleme ondervind by die berekening van hierdie belasting; veral die behandeling van kapitaal en voorraad vereis toepassing van metodes wat sal verseker dat dit nie aan belasting onderhewig sal wees nie. Die argument wat vir die belastingvrystelling van kapitaal en voorraad aangevoer word, is dat dié goedere nie opverbruik word in die produksieproses nie, en nie fisies waarneembaar is in die waarde wat tot so 'n produk toegevoeg is nie. Aan die ander kant kan aangevoer word dat kapitaalgoedere wél waarde toevoeg; daarsonder sou die intermediêre goedere nie

die produk tot 'n volgende stadium van gereedheid vir verbruik kon voer nie.

Oor die algemeen word drie tipes WTB onderskei, nl. die bruto nasionale produktipe, die inkomstetipe en die verbruikstipe. Elk van hierdie tipes word hieronder toegelig.¹⁾

5.2.1 Bruto nasionale produktipe

Hierdie mees omvattende tipe WTB veronderstel dat aankope (tussen firmas) wat nie belasbaar is nie, kapitaalgoedere uitsluit. Die totale waarde van alle verbruikersgoedere plus alle finale kapitaal= goedere word dus belas. Gewoonlik word bepaal dat kapitaalgoedere wat nie binne die belastingjaar waarin dit aangekoop is, opverbruik word nie, aan belasting onderhewig sal wees, terwyl ook nie in opeenvolgende jare voorsiening vir aftrekking van waardevermindering gemaak word nie. Dit kan daar= toe lei dat firmas sal neig om produksiemetodes, wat nie groot kapitaalbates vereis nie, te gebruik. Meteen stel dit die probleem van die WTB, nl. die korrekte behandeling van kapitaalgoedere met 'n

1) Verwys o.a. [a] Shoup, op. cit. p. 251 - 252.

[b] Musgrave, R.A. & Musgrave Reggy B. Public Finance in Theory and Practice, McGraw-Hill Kogakusha, 1976. p. 337 - 338.

[c] Due J.F. & Friedlaender Ann F. Government Finance. Richard D. Irwin, Illinois, 1973. p. 417.

lang lewensduur.

5.2.2 Inkomstetipe

In hierdie geval word die aankope van kapitaal= goedere nie vrygestel van belasting nie, maar voorsiening word wel gemaak vir die aftrekking van waardevermindering wat gedurende die belasting= periode op die kapitaalgoedere ontstaan het. Deur= dat waardevermindering afgetrek word, word die netto waarde wat deur elke firma toegevoeg word, belas; dus die netto nasionale produk kom ter sprake. Hierdie belasting toon ooreenkoms met al= gemene inkomstebelasting, wat vereis dat die oor= skot van eindvoorraad oor beginvoorraad in die be= lastingbasis ingesluit word, en oorskot van begin= voorraad oor eindvoorraad afgetrek word. Dus word net die omvang van voorraad wat werklik in die be= lastingperiode verhandel is, vir belastingdoelein= des bereken.

5.2.3 Verbruikstipe

In die geval van die verbruikstipe WTB kan koste van kapitaalgoedere¹⁾ in die jaar van aankope ten volle afgetrek word vir die berekening van die belastingbasis. Die basis is nou die bruto ont= vangste van die firma, minus alle aankope van in=

1) By aldie tipes WTB kan probleme ontstaan by die aan= wysing van die sg. *producers' consumables*.

termediêre produkte, sowel as kapitaalbestedings op masjinerie en uitrusting. Uiteindelik word slegs die waarde van die verbruiksopbrenge belas, en toon dié belasting ooreenkoms met die AVB; alleen die administrasieprosedure verskil.

Van die drie tipes WTB sal die verbruikstipe teen dieselfde koers as die ander twee die kleinste opbrengs lewer.

5.3 Metodes van berekening¹⁾

5.3.1 Optel- en aftrekmetodes

Indien die probleem van kapitaal en voorraad buite rekening gelaat word (dus die verbruikstipe WTB) kan die waarde toegevoeg as volg bereken word:

$Wt = O - I$, waar O = totale opbrengs

I = totale inset van aankope

Wt = waarde toegevoeg

Die verskil tussen O en I is die betaling van lone (w), en die res is wins (P); dan is

$O - I = w + P$; $Wt = O - I$ (aftrek)

of

$Wt = O - I = w + P$; $Wt = w + P$ (optel).

Uit hierdie vergelykings blyk dit dus dat die waarde toegevoeg bepaal kan word deur beide 'n optel- en aftrekmetode toe te pas. Die optelmetode is

1) Metodes van berekening soos aangegee deur: Tait, A.A. Value Added Tax. McGraw-Hill, London, 1972. p. 1 - 5.

veral geskik vir die inkomstetipe WTB, aangesien dit in sy basis vergoeding aan alle produksiefaktore insluit, onder andere rente en winste. Indien die firma daarby sy eie kapitaalgoedere vervaardig, eerder as om dit aan te koop, belas dié metode ook die waarde wat op daardie wyse toegevoeg word.

Belastingkoers (t_v) kan dan soos volg toegepas word by die optelmetode:

$$\begin{aligned} t_v(Wt) &= t_v(W + P) & - & \textcircled{1} \\ &= t_v W + t_v P & - & \textcircled{2} \end{aligned}$$

Die aftrekmetode is die gepaste metode by die verbruikstipe WTB. Die firma trek van sy verkope die aankope wat hy by ander firmas gedoen het af; die aankope wat so afgetrek word, sluit kapitaalgoedere in. Die verskil is dan die waarde wat deur die firma se eie aktiwiteit toegevoeg word, behalwe dat die firma se netto-opbrengs op kapitaalgoedere effektief vrygestel word deur die aftrekking wat toegelaat word in die jaar van aankope van die kapitaalgoedere.

Belastingkoers (t_v) word toegepas:

$$\begin{aligned} t_v(Wt) &= t_v(O - I) & - & \textcircled{3} \\ &= t_v O - t_v I & - & \textcircled{4} \end{aligned}$$

Alhoewel $\textcircled{2}$ en $\textcircled{4}$ op die oog af matematiese identies aan $\textcircled{1}$ en $\textcircled{3}$ is, is dit by werklike toepassing nie die geval nie.

'n Eenvoudige numeriese voorbeeld sal die onderskeid tussen die optel- en aftrekmetodes nader verklaar.¹⁾

Onderskeid tussen optel- en aftrekberekenings

	Prys - Belas- ting= uit- sluit- tend (R)	Belas- ting= koers %	Belas- ting betaal (R)	Prys - Belas- ting= inslui- tend (R)
Insette:				
Ru-materiaal } <i>Innu</i>	100	20	20	120
~~Arbeid~~ } <i>Innu</i>	<u>100</u>	20	<u>20</u>	<u>120</u>
	200		40	240
Waarde toegevoeg:				
Lone en Winste (W. + P)	<u>100</u>	20	20 →	<u>120</u>
Opbrengs (<i>Opbreng</i>)	300	20	60	360

Belastingverpligting deur optel uit ①:

$$t_v(W + P) = 0,2 (100) = 20$$

Belastingverpligting deur aftrek uit ③:

$$t_v(O - I) = 0,2 (300 - 200) = 20$$

1) Tait, op. cit., p. 3.

Bostaande berekenings volgens ① en ③ is gebaseer op belastingkoers gehef op 'n prys wat die belasting uitsluit.

Veronderstel vergelyking ③ nl. $t_v(O - I)$ word gebruik, dan is die koers nie die nominale 20%, soos 20% van $(O - I) = 100$ slegs R20 sal wees nie. 'n Effektiewe koers van 25% word gebruik op die belasting insluitende prys om R25 te lewer, wat die prys (belastinguitsluitend) dieselfde as tevore, nl. R100 laat. As gevolg van verwarring wat tussen nominale en effektiewe koerse kan ontstaan, is die meer algemene metode van berekening dié volgens vergelyking ④, nl. $(t_{vO} - t_{vI})$, en wel soos volg:

Die nominale koers van 20% word toegepas op die finale prys van die opbrengs, R375; $t_{vO} = R75$.

Die nominale koers kan ook toegepas word op faktuurprys (belastinginsluitend) van insette (R250) en sal $t_{vI} = R50$ wees. Belasting op insette word afgetrek van belasting op opbrengs. nl. $R75 - R50 = R25$ as belastingverpligting op die firma se waarde toegevoeg - dit is dieselfde as die berekening met die effektiewe koers.

Onderskeid tussen belastinginsluitende en =uitsluitende pryse¹⁾

	Prys - Belas= ting= uit= slui= tend (R)	Belas= ting= koers %	Belas= ting betaal (R)	Prys - Belas= ting= inslui= tend (R)
Insette:				
Ru-materiaal } I	100	25	25	125
Arbeid 7, }	<u>100</u>	25	<u>25</u>	<u>125</u>
	200		50	250
Waarde toegevoeg (Wt)				
Lone en Winste (W + P)	<u>100</u>	25	<u>25</u>	<u>125</u>
Opbrengs (O)	300	25	75	375

Deur hierdie aftrekmetode ④ toe te pas word die firma se waarde toegevoeg slegs indirek bereken deur die belasting op insette en die belasting op opbrengs. Dit word gekontrasteer met vergelyking ③ waar die belastingkoers direk toegepas word op die waarde toegevoeg. Daarom is vergelyking ③ soms bekend as die direkte aftrekmetode:

1) Tait, op. cit., p. 4.

$t_v(Wt) = t_v(O - I)$ en vergelyking (4) as die indirekte aftrekmetode: $t_v(Wt) = (t_vO - t_vI)$.

Die onderskeid tussen direkte en indirekte metodes kan ook op vergelyking (1) en (2) van toepassing gemaak word. Vergelyking (1) word dan die direkte optel of rekeningmetode genoem: $t_v(Wt) = t_v(W + P)$, en die indirekte optel of faktuurmetode (2) is: $t_v(Wt) = t_vW + t_vP$.

Shoup¹⁾ onderskei die belastingkredietmetode as 'n variasie van die aftrekmetode. Daarvolgens word die belasting op die totale verkope van die firma bereken. Op die faktuur wat deur die firma wat verkoop, gegee word, word die bedrag belasting wat deur lg. betaal is, aangegee. Dit word dan afgetrek van die belasting wat bereken en verskuldig is deur e.g. firma. In plaas van aankope af te trek van verkope en die belastingkoers daarop toe te pas, word belasting op aankope afgetrek van belasting op verkope. Hierdie metode deur Shoup aangetoon kom neer op dieselfde as die indirekte aftrekmetode (vergelyking (4)) wat hierbo bespreek is.

Die optelmetode is veral geskik vir die inkomstetipe WTB, omdat in daardie geval in die belastingbasis die vergoeding aan alle produksiefaktore ingesluit word. Daarby is die wins nā aftrekking van waardevermindering bereken.

1) Shoup, op. cit., p. 258.

Die aftrekmetode word weer as geskik beskou vir die verbruikstipe WTB. Die firma kan van sy verkope aan ander firmas sy aankope, insluitende kapitaal= goedere, aftrek. Die verskil is dan die waarde wat deur sy eie aktiwiteit toegevoeg word, en die firma se netto opbrengs op kapitaalgoedere word ef= fektief vrygestel deur die aftrekking ten volle toe te laat in die jaar waarin die kapitaalgoed aan= gekoop is.

5.3.2 Onderskeiding van die optel= en aftrekmetodes Tait¹⁾ onderskei uiteindelik agt vorme van WTB, en som dit soos volg op:

- (a) Die waarde toegevoeg kan deur òf optel òf af= trek bereken word.
- (b) Die belastingkoers kan òf op 'n belastingin= sluitende basis, òf op 'n belastinguitsluitende basis gehef word. Indien die koers op die be= lastinginsluitende basis gehef word, moet on= derskeid gemaak word tussen die nominale en effektiewe koerse. Die effektiewe koers sal altyd hoër wees.
- (c) Op beide die belastinginsluitende as die be= lastinguitsluitende basis, bestaan twee meto= des van belastingberekening, nl. direkte en indirekte, met inagneming van bostaande, be= staan daar agt basiese vorme vir die bereke= ning van WTB. Die agt vorme van WTB wat Tait

1) Tait, op. cit., p. 6.

onderskei, kan soos volg in tabelvorm weergegee word:

Agt vorme van WTB-berekening¹⁾

	Deur optel		Deur aftrek	
	Belasting= uitsluitend	Belasting= insluitend	Belasting= uitsluitend	Belasting= insluitend
Direk	$t_v^n (W + P)$	$t_v^e (W + P)$	$t_v^n (O - I)$	$t_v^e (O - I)$
Indirek	$t_v^n W + t_v^n P$	$t_v^e W + t_v^e P$	$t_v^n O - t_v^n I$	$t_v^e O - t_v^e I$

t_v^n = nominale koers van WTB

t_v^e = effektiewe koers van WTB

5.4 Uitwerking van die waardetoegevoegbelasting

5.4.1 Pryspeil

Enige van die verkoopbelastings het 'n styging in pryspeil tot gevolg; sommige in meerdere, andere in mindere mate. Die WTB kom ooreen met die MFB deurdat dit op verskillende stadia gehef word, maar in wese stem dit ooreen met die AVB op kleinhandelsvlak, aangesien AVB 'n *ad valorem* belasting is net soos die WTB - die volle waarde van die produk word belas. Indien die styging

1) Tait, op cit., p. 6.

in pryspeil as gevolg van die WTB nou vergelyk word met styging in pryspeil as gevolg van die heffing van AVB, kan gesê word dat e.g. 'n groter prysstyging tot gevolg sal hê. Die groter styging kan toegeskryf word aan die feit dat in elke op= eenvolgende stadium in die distribusieproses, winsgrense en ook pryse bereken word op bedrae wat die WTB wat op 'n vroeër stadium gehef is, insluit.

5.4.2 Integrasie van ondernemings

Die belastingkredietmetode of indirekte aftrekmetode word in die meeste gevalle vir berekening van die WTB gebruik, wat meebring dat die aantal stadia waardeur die goedere in die produksie- en distribusieproses beweeg, nie belangrik is nie.¹⁾

Daar is dus geen aansporing tot integrasie van ondernemings ten einde sekere stadia uit te skakel met die doel om die belastingverpligting te verminder nie. Die uiteindelijke belasting word bereken op die totale waarde toegevoeg, ongeag die aantal stadia waardeur die produk beweeg het.

5.4.3 Stabiliteit en volle indiensname

'n Verandering in die koers van die WTB behoort nie in beginsel enige mededingingsverhoudings te versteur nie, maar dit kan in die praktyk moeilik wees vir firmas om aanpassings in hul pryse te

1) Vir nadere toeligting, sien § 5.3.1, p. 120 e.v.

maak ten einde te vergoed vir die verandering in die koers van die WTB. 'n Verwagte verhoging in die koers van die WTB kan firmas aanspoor om aankope uit te stel sodat hulle later 'n groter belastingkrediet kan kry. Hierdie vergrote belastingkrediet word verkry deurdat die firmas van wie gekoop word, belasting teen 'n hoër koers moet betaal, wat dan afgetrek word van die belastingverplichting wat deur die aankopende firma betaal moet word. Verbruikers, daarenteen, sal weer geneig wees om aankope te vergroot in afwagting van 'n moontlike koersverhoging, omdat sodanige koersverhoging in die toekoms pryse sal laat styg. Daarom het die WTB in hierdie opsig 'n groter versteurende effek as bv. die kleinhandel AVB.

'n Verwagte verlaging in koers sal daartoe lei dat firmas groot aankope sal doen en sodoende belastingkrediete wat hulle later kan aftrek, as hulle weer verkoop, teen die ou en hoër koers kan kry; want dit is die werklike belasting wat hulle betaal het. Verbruikers, daarenteen, sal weer aankope uitstel in afwagting van 'n moontlike prysverlaging. Die produksie- en distribusie-aktiwiteite word dus ernstig versteur. Daarom wil hieruit blyk dat hierdie belasting nie 'n goeie fiskale instrument sal wees by die nastreef van ekonomiese stabiliteit en volle indiensname nie.

5.4.4 In= en uitvoere

Indien die bestemmingsbeginsel¹⁾ toegepas word, is die terugbetaling van belasting op uitvoere en die kompenserende belasting wat op invoere gehef word, maklik om uit te voer. Veral indien die belastingkredietmetode gebruik word, word die belastingbedrae op die fakture aangetoon, en geen ingewikkelde berekenings is nodig vir die bepaling van bedrae wat tussen lande betaal en terugbetaal moet word nie. Die voorwaarde hier is natuurlik dat beide die in= en uitvoerlande 'n WTB teen dieselfde koers sal hef. Vir hierdie rede, en om indirekte belasting te laat harmonieer, het die EEG lande die WTB ingestel, met die vryheid aan elke land om 'n finale kleinhanderverkoopbelasting te hef teen variërende koerse.²⁾ Lg. belasting sal geensins tot versteuring van mededinging tussen binne= en buitelandse goedere in 'n land lei nie.

By die toepassing van die oorsprongbeginsel, waar= volgens invoere van belasting vrygestel is, maar uitvoere belas word, ontstaan probleme by ingevoerde goedere, indien daardie goedere nie in die land van oorsprong belas is nie. Indien ingevoerde goed wel belas sou wees en teen dieselfde koers as in die invoerland, sou, volgens die oorsprongbeginsel

1) Sien § 2.1.4 vir verklaring van bestemmings= en oorsprong= beginsels.

2) Johansen, op. cit., p. 271.

die belasting terugbetaal of afgetrek kon word omdat invoere van belasting vrygestel is. Indien ingevoerde goed nie belas sou wees nie, sou 'n hipotetiese WTB teen die koers wat dit in die invoerland gehef word, bereken moet word, om weer in 'n volgende stadium afgetrek te word ten einde die balans tussen die belasting in die in- en uitvoerland te verkry. By gebrek aan berekening van so 'n hipotetiese belasting kan verwringing van mededingingsverhoudings tussen ingevoerde en tuisvervaardigde goedere plaasvind, want dan is die prys van die ingevoerde goedere heelwat laer, omdat daar nie belasting op bereken is soos op die tuisvervaardigde goedere nie.¹⁾

Bogenoemde het veral ook betrekking op ingevoerde grondstowwe en intermediêre goedere. 'n Verskil in koerse tussen die in- en uitvoerland lei tot dieselfde probleme as in die geval waar belasting van toepassing in die invoerland is en nie in die uitvoerland nie. Belastingvrye of laer belaste grondstowwe en intermediêre goedere kan dan aan die invoerderprodusent 'n ongelyke voordeel gee bo produsente wat van binnelandse grondstowwe en intermediêre goedere gebruik maak. Dit kan lei tot konsentrering op ingevoerde grondstowwe met gevolglike versteuring van betalingsbalansewig - invoere

1) Sien invloed van WTB op pryspeil, § 5.4.1.

word gestimuleer en betalingsbalans word ongunstig indien uitvoere nie ooreenstemmend uitgebrei word nie.

5.4.5 Kontrole en administrasie

Dieselfde nadeel van die groot aantal kontrolepunte by die MFB geld ook by die WTB, en miskien in 'n groter mate, omdat by lg. belasting minder firmas integreer.¹⁾ In 'n sekere opsig word kontrole ver=gemaklik deurdat die presiese bedrag van belasting op elke faktuur aangedui word,²⁾ maar aan die ander kant moet aankope en verkope van elke firma nagegaan word - verkope om die firma se belasting=verpligting te bereken, en aankope om vas te stel watter bedrag belasting die vorige firma betaal het, sodat dit as krediet van die firma wat ver=koop se belastingverpligting afgetrek kan word. Hierdie belasting vereis dat volledige rekords gehou word van belasting betaal op belasbare aankope, sowel as op belasbare verkope. Dit kan veral 'n groot las lê op die klein firma wat nie altyd oor die nodige opgeleide personeel beskik om sodanige rekords te hou nie. Daarby is waarde toegevoeg 'n ingewikkelder konsep, omdat dit berekening vereis, terwyl bruto verkope³⁾ gemaklik deur syfers aangegee word.

1) Sien 5.4.2.

2) Hier word aangeneem dat die belastingkredietmetode gebruik word - dit is die algemeenste metode in lande waar WTB van toepassing is.

3) Bruto verkope is gewoonlik die belastingbasis by VVB, GVB, MFB en AVB.

Die groot aantal invorderingspunte by hierdie belasting bemoeilik administrasie en verhoog die koste vir die owerheid sodat die netto voordeel uit inkomste verkry uit WTB vir die owerheid nie baie groot is nie.

5.4.6 Diskriminasie tussen goedere

Die geleenthede vir vrystelling van sekere goedere is die grootste en kan die beste toegepas word in die eerste stadium in die produksieproses waar waarde toegevoeg word en waar firmas meesal net een soort goed, of ten minste verwante goedere, hanteer. Hoe verder die goedere in die distribusiesisteen vorder, hoe moeiliker word dit om tussen goedere te diskrimineer en geld in hierdie geval dieselfde besware as in die geval van die MFB.¹⁾

6. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die verskillende tipes verkoopbelasting, (uitgesonderd die algemene verkoopbelasting op kleinhandelsvlak) en die uitwerking daarvan in verskeie opsigte, bespreek. Verkoopbelasting het sedert die eerste instelling daarvan 'n ontwikkelingsgang gevolg waarin opeenvolgende soorte en toepassings beoog het om steeds minder tussen besigheidstipes en besigheidsmetodes te diskrimineer. Elk van hierdie belastings soos dit hierbo bespreek is, het sekere voor- en nadele,

1) Sien § 4.1.6.

soos dit in die uitwerking daarvan op die ekonomiese lewe na vore gekom het. By die keuse van watter een van genoemde belastings of kombinasies daarvan toegepas moet word, sal elke owerheid die besondere ekonomiese en sosiale omstandighede van sy land in ag moet neem. Daarby sal die oogmerke, sy dit verkryging van inkomste, regulering van die ekonomie, of watter fiskale doelstelling ookal, beslissend wees in die dusdanige keuse van die tipe verkoopbelasting wat ingestel sal word.

HOOFSTUK IV

AFWEGING TEEN DIE BELASTINGBEGINSELS VAN DIE ENKEL=
STADIUMVERKOOPBELASTING BY DIE EINDPUNT IN DIE DIS=
TRIBUSIEPROSES

1. Vooraf

*"A great many of us seem to have lost sight of the fact that the government owns absolutely nothing. If it promises to give you something, it must first take it from you ... it is penniless; before it can spend, it must take from the people"*¹⁾

In lande waar die kapitalistiese stelsel geld, is dit veral waar dat die owerheid slegs in uiterste gevalle self tot produksie oorgaan om inkomste te verkry. " ... *only a small part of the revenue of modern governments comes from sources other than taxation.*"²⁾ Die inkomste van die owerheid moet dus verkry word deur die hef van belastinge, en kragtens die publiek=regtelike bevoegdhede van die owerheid, kan hy die private huishoudings buite die ruilverkeer dwing tot oordrag van beskikkingsmag sonder 'n onmiddellike teenprestasie; dus 'n oordrag *om niet* .

Hierbo is verwys na belastinge, omdat geen owerheid van slegs een soort belasting gebruik maak om in=

1) Rockwell, W. News & Views. Aangehaal in Reader's Digest, Des. 1978. p. 124.

2) Hunter, M.H. & Allen, H.K. Principles of Public Finance. Harper & Brothers, New York & London, 1940. p. 131.

komste te verkry, en terselfdertyd as regulerings=maatreël in die ekonomie op te tree nie. Belasting=stelsels word gewoonlik saamgestel uit verskeie soorte direkte en indirekte belastinge, die onderskeid waarvan reeds in die eerste hoofstuk aangetoon is. Elk van die belastinge wat in die belasting=stelsels opgeneem word, moet egter beoordeel word volgens die mate van ongewenste druk wat dit uitoefen, verwringing van ekonomiese verhoudings wat kan ontstaan in produkte= en produksiefaktormarkte en wanaanpassings in pryse en mededingingsverhoudings.

Die finale beoordeling van 'n belasting moet egter geskied aan die hand van belastingbeginsels en =norme. Reeds in 1766 het Von Justi ses beginsels vir belastingheffing geformuleer, en tien jaar later het Adam Smith vier *maxims* of *canons* vir belastingheffing neergelê in sy bekende *Wealth of Nations* wat in 1776 verskyn het.

Met die ontwikkeling van die wêreld ekonomie en die toename in staatsuitgawes het dit egter noodsaaklik geword dat hierdie beginsels uitgebrei moes word, en in die teenswoordige ekonomiese literatuur word bo en behalwe die beginsels deur Adam Smith neergelê, 'n verskeidenheid norme aangetref waaraan 'n belasting of belastingstelsel moet voldoen en gevolglik aan beoordeel kan word.

Vir die doel van hierdie studie sal die verskillen=de beginsels gestel word, en die algemene verkoop=belasting aan elkeen gemeet word ten einde 'n finale uitspraak te kan gee oor die waarde en meriete van hierdie belastingtipe. So bevind Jones: "*If ... taxation is indeed a distinct and separable part of public revenue ... it must have some distinctive qualities by which it can be traced and recognized.*"¹⁾ Hierdie belasting=norme of kwaliteite word hieronder aangedui.

2. Belastingbeginsels

2.1 Regverdigheid

Seker die belangrikste en mees algemeen aanvaarde beginsel van belasting is regverdigheid. In sy bekende formulering van *canons of taxation* noem Adam Smith regverdigheid heel eerste.

Hierdie beginsel hou in dat persone in dieselfde omstandighede eenders behandel moet word: "*equals should be treated equally.*"²⁾ Die bron van hierdie beginsel is die gelykheid van individue onder die wet, en belastingheffing is essensieel wetlik van aard. Regverdigheid in belastingheffing is gegrond op etiese, sosiale ekonomiese en politieke standarde.

1) Jones, R. *The Nature and First Principle of Taxation*. P.S. King & Son, Westminster, 1914. p. 2.

2) Buchanan, J.M. *The Public Finances*. Richard D. Irwin, Illinois, 1960. p. 165.

Regverdigheid van belastingheffing hou ook in dat persone in besondere omstandighede volgens ander relatiewe standarde belas sal word. Persone wat dus *"beter daaraan toe is,"* moet swaarder belas word, dus *"unequals should be treated unequally."*¹⁾

Die gelyke behandeling van gelykes en die wenslike relatiewe behandeling van persone in besondere omstandighede hou in dat regverdigheid van verspreiding van belastingdruk bereik kan word deur die selfde relatiewe standarde toe te pas. Die vraag ontstaan nou op watter basis die standarde gegrond moet wees, en twee moontlike benaderings word voorgestel:

2.1.1 Die voordeel-basis

Hiervolgens moet belastings op individue en ondernemings gehef word ooreenkomstig die voordeel wat elk uit openbare goedere en dienste ontvang. Die totale belastinglas vir elke belastingbetaler moet onder hierdie benadering gelyk wees aan die totale reële voordele wat uit openbare goedere en dienste ontvang word. Alle voordele ontvang is egter nie meetbaar nie, selfs al sou alle ware voorkeure openbaar word.²⁾ Dikwels egter word 'n diens of voordeel verskaf wat in totaal groter is as wat die

1) Buchanan, op. cit., p. 166.

2) Musgrave, R.A. The Theory of Public Finance. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1959. p. 63.

belastingbetaler kan gebruik of geniet en groter is as die koste verbonde aan die voorsiening daarvan. Van totale kan hier dus nouliks sprake wees; eerder moet in relatiewe terme gedink word. Wat meer is, hierdie wyse van belastingheffing, indien dit prakties uitvoerbaar sou wees, moet deur die gemeenskap as regverdig aanvaar word.

Die probleem met die voordeeltbasis word meer gekompliseerd as in ag geneem word dat openbare goedere en dienste aan die minder gegoedes voordele verskaf waarvoor hulle nooit op dieselfde wyse as hulle meer welaf medeburgers kan betaal nie. Indien die minder gegoedes dan vir die diens moes betaal ooreenkomstig die voordeel wat hulle daaruit sou ontvang, sou hulle dit moes ontbeer. Volgens die voordeeltbasis sal mense belasting betaal vir voordele wat as sosiaal wenslik beskou word, en nie wat deur hulle persoonlik verkies word nie.¹⁾ Die meriete van die voordeeltbasis is geleë in die feit dat beide kante van die begrotingsproses, nl. belastingaandeel en openbare dienste, gelyktydig bepaal word.²⁾ Die hele fiskale proses is geïnkorporeer en vergelyking van belasting en bestedings word moontlik.³⁾

1) Stamp, J. The Fundamental Principles of Taxation. MacMillan & Co. Ltd., London, 1936. p. 7.

2) Musgrave, op. cit., p. 62.

3) Buchanan, op. cit., p. 170.

2.1.2 Die vermoë-om-te-betaal-basis (draagkrag= beginself)

Die mees aanvaarbare basis vir belastingheffing blyk die vermoëbasis te wees. Onder vermoë word gewoonlik die inkomste of welvaart van 'n persoon of onderneming verstaan. Vermoë word in terme van monetêre bronne gemeet, waarskynlik omdat belasting in geld betaal word.¹⁾ Hoe hoër die inkomste van die individu, hoe groter is sy vermoë om belasting te betaal; en net so sal 'n persoon met groot rykdom of besitting ook beter in staat wees om groot belasting te betaal. Die vermoësbasis veronderstel dus 'n direkte verhouding tussen belastinge aan die een kant en inkomste en welvaart aan die ander kant. Inkomste word as 'n beter maatstaf beskou omdat dit in groter mate die lewenspeil bepaal. Persone met hoë inkomstes en hoë lewenspeil mag egter geringe welvaart besit. Persone met geringe (geld) inkomste mag groot welvaart besit; daarom is welvaart of rykdom 'n minder suiwer aanduiding van vermoë.

Uitgawes of bestedings kan ook as basis van vermoë aangewys word, omdat ekonomiese welvaart van verbruiksbestedings afhanklik is. Uitgawes berus egter op 'n willekeurige basis, en spare en investering kan ook as 'n wyse van bevrediging van

1) Stamp, op. cit., p. 8.

menslike behoeftes aangedui word. Indien beste=ding as basis van vermoë geneem word, is dit on=regverdig teenoor persone wat verplig is om 'n groot deel van hul inkomste te bestee.

By die betaling van belastings is dit egter nood=saaklik om die opoffering van die belastingbetaler in aanmerking te neem, en dan ooreenkomstig die opoffering die belastinglas tussen verskillende belastingpligtiges te versprei. Die maatstawwe vir opoffering om die belastingskuld te delg is:

- (a) gelyke opoffering
- (b) proporsionele opoffering
- (c) minimum opoffering.

Hierdie maatstawwe veronderstel 'n bepaalde houding. ten opsigte van die koerse van belastingheffing of van die beleid wat gevolg word aangaande belasting=vrystellings en kortings. Dit bring mee dat 'n belastingskaal proporsioneel, progressief of re=gressief kan wees. 'n Proporsionele belasting veronderstel dan dat belastingpligtiges dieselfde verhouding van hul inkomstes in die vorm van be=lasting sal betaal; die belastingkoers as 'n per=sentasie is eenvormig vir elke eenheid wat belas word - alle inkomste is aan dieselfde persentasie belastingkoers onderhewig.

By die progressiewe belastingheffing neem die ver=houding van belasting toe met styging in inkomste; die hoër inkomstegroepe word teen 'n hoër persen=

tasie as die laer inkomstegroepe belas.

Indien die verhouding van belasting tot die inkomste van die belastingpligtige daal, is die belasting regressief; die hoër inkomstegroepe word teen 'n laer skaal as die laer inkomstegroepe belas.

Proporsionaliteit, progressiwiteit en regressiwiteit geld nie net besondere soorte belastings nie, maar kan ook van toepassing gemaak word op 'n belastingstelsel as geheel. 'n Belastingstelsel kan bv. as geheel as progressief aangewys word, terwyl dit terselfdertyd ook proporsionele en regressiewe belastings mag bevat.

Indien 'n konstante verhouding veronderstel word tussen inkomste en ekonomiese welvaart vir alle belastingpligtiges, en die grensnut van inkomste vinnig verminder namate inkomste toeneem, dan lei die beginsel van eweredige opoffering tot progressiewe belasting; die beginsel van proporsionele opoffering tot 'n nog groter graad van progressie, en die beginsel van minimum opoffering tot 'n groot aantal belastingvrystellings en dus 'n hoër graad van progressie vir diegene wat nie vrystellings geniet nie. Hierdie laaste gevolg van minimum opoffering vloei voort uit die aanname van dalende nut van grensincome. In die geval van gelyke en proporsionele onofferings word ver-

wag dat elke lid van die gemeenskap sal bydra terwyl dit nie verwag word in die geval van die minimum opoffering nie. Hoe sterker die grensnut van inkomste by hoër inkomstes verminder, hoe meer progressief moet die belasting wees ten einde gelykstaande te wees met òf gelyke òf proporsionele opoffering.

Proporsionele belasting kan alleen geregverdig word op grond van die beginsel van gelyke opoffering met die veronderstelling dat die grensnut van inkomste geleidelik daal. Kragtens die beginsel van eweredige opoffering word proporsionele belasting op grond van die konstante grensnut van toenemende inkomste geregverdig.

Progressiewe belasting berus op die afnemende nut van inkomste en geld vir die sg. "vrye inkomste", wat die noodsaaklike bestaansminimum te bowe gaan. Die inkomste wat hierdie bestaansminimum uitmaak, het 'n oneindige grensnut, en eers wanneer inkomste hierdie minimum te bowe gaan, sal grensnut in toenemende mate begin daal. Die bepaling van die bestaansminimum, en dus die punt waar grensnut van inkomste begin afneem, is uiteraard subjektief, en sal van een persoon tot 'n ander verskil.

Regressiewe belasting kan alleen geregverdig word volgens die beginsel van gelyke opoffering indien aangeneem word dat die grensnut van inkomste teen

'n stadiger tempo daal as wat nodig is om die proporsionele belasting op grond van hierdie beginsel te regverdig. Die veronderstelling kan ook wees dat grensnut van inkomste konstant bly of selfs toeneem. Eweredige of proporsionele genotsoffer regverdig alleen regressiewe belasting op die veronderstelling dat grensnut van inkomste toeneem, (wat uiters onrealisties is) terwyl op hierdie veronderstelling die beginsel van minimum genotsoffer tot belastingvrystelling van alle inkomste bo 'n sekere peil sal lei terwyl alle inkomste daaronder ten volle belas sal word.

Die verskillende opvattinge ten opsigte van die draagkragbeginsel in belasting lei in elke geval tot 'n bepaalde graad van progressiwiteit in belasting. Die gangbare opvatting is dus dat die swaarste belasting gedra moet word deur diegene wat die beste daartoe in staat is.

Hierdie beginsels van gelykheid van belastingdruk is egter geen definitiewe aanduiding dat dit wel daartoe in staat is om belastingdruk in absolute terme te nivelleer nie; slegs in objektiewe en relatiewe terme sal 'n mate van nivellering bewerkstellig kan word.

-
Wanneer die verkoopbelasting aan die regverdigheidsbeginsel van belastingheffing gemeet word, blyk dit dat nie daaraan voldoen word nie - daar is geen sprake van gelyke behandeling van gelykes

nie. Ongeag voordele uit owerheidsdienste ontvang, of draagkrag, is alle individue aan dieselfde belastingkoers onderhewig, dit is dus regressief. Veral is AVB onregverdig teenoor individue met 'n hoë grensbestedingsgeneigdheid, gewoonlik die laer inkomstegroepe, wat verplig is om 'n groot gedeelte van hul inkomste aan verbruik te bestee. Hulle betaal dan pro rata 'n groter deel van hul inkomste aan verkoopbelasting as die persone wat 'n kleiner gedeelte van hul inkomste aan verbruik bestee en juis die persone is wat die vermoë besit om meer belasting te betaal. Die algemene verkoopbelasting is daarom 'n regressiewe belasting wat meegebring het dat die laer inkomstegroepe deur die eeue teen hierdie belasting in opstand gekom het. Hoe meer algemeen 'n belasting, met ander woorde in die afwesigheid van uitwykingsgeleentheid tot geskikte en aanvaarbare alternatiewe waar behoeftebevrediging met elke bedrag bestee relatief dieselfde sal wees, word die graad van regressiwiteit en dus van onregverdigheid van die belasting groter. Seligman verwys na hierdie nadeel van AVB in die volgende woorde: *"The general sales tax is a discredited remnant of an outworn system, it is essentially undemocratic in its nature, and it would, if enacted, exaggerate rather than attenuate, the present qualities of wealth and opportunity."*¹⁾

1) Seligman, E.R.A. Studies in Public Finance. MacMillan, New York, 1925. p. 138.

Weens die uitermate hoë regressiewe aard van die AVB bring dit die verdere nadeel dat die owerhede daarvoor probeer vergoed deur die progressiwiteit van die direkte belastings te verskerp tot 'n peil wat skadelik is vir inisiatiefneming en ekstra inspanning. As sodanig is die AVB nie slegs beperkend op ekonomiese groei weens sy dempende effek op verbruik nie, maar ook weens die direkte beperkende invloed wat dit meebring op investering (geïnduseerde investering) en indirek (via die verhoogde progressiwiteit van direkte belastings) op die afname van spare, investering en inisiatiefneming.¹⁾ Die AVB, uit homself regressief en onregverdig, kan egter 'n regverdige voorkoms verkry waar dit in 'n belastingstelsel wat as sodanig progressief is, geïnkorporeer word.

2.2 Produktiwiteit en toereikendheid

Vanuit 'n praktiese oogpunt is produktiwiteit, veral vir die owerheid, die belangrikste belastingbeginsel. Belasting is 'n belangrike (indien nie die belangrikste nie) bron van inkomste vir die bestyding van owerheidsuitgawes, en daarom moet die owerheid seker wees van 'n konstante inkomstestroom vir belasting. 'n Belasting is dus produktief indien dit die vermoë besit om nie net oor die korttermyn, maar ook oor die langtermyn en onder alle moontlike

1) Op hierdie gevolge van AVB word in meer besonderhede in hoofstukke VI en VII teruggekom waar die mikro- en makro-ekonomiese konsekwensies bespreek sal word.

ekonomiese toestande, die verlangde inkomste vir die owerheid te lewer.

Bastable beskou produktiwiteit as die belangrikste belastingbeginsel en wel omdat hy die finansiële aspek van belasting voor oë het: *"The true point of view for understanding these maxims (A. Smith's) is to regard them not as economic, ethical or constitutional, but as essentially financial ..."*¹⁾ Hy redeneer dat die verkryging van inkomste die belangrikste doel met belasting is, en dat indien daar 'n botsing tussen belastingbeginsels sou ontstaan, die ander beginsels laat vaar moet word ter wille van produktiwiteit. Hy bevind: *"The successful administration of the State is the final objective, and therefore convenience, or even equity, may have to yield to productiveness."*²⁾

Terwyl produktiwiteit as belastingbeginsel aanvaar moet word, moet met die langtermyn rekening gehou word. Veral is die koerse van belasting belangrik in die geval van produkte- en verbruiksbelasting. Te hoë koerse kan lei tot belastingafwenteling en -ontduiking, en die lojaliteit van die belastingpligtiges om belasting te betaal kan ook in gedrang kom. Hierdie sake kan die produktiwiteit van belasting ernstig skaad.

1) Bastable, C.F. Public Finance. MacMillan, New York, 1922. p. 415.

2) Id. p. 421.

Van groot belang by die produktiwiteit van belasting is dus die draagkrag van belastingpligtiges tesame met die welvarendheid en die graad van ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap. Om produktiwiteit te verseker mag belasting nooit gehef word met alleen inkomsteverkryging as doel nie. Belasting kan trouens nooit alleen fiskaal, dit wil sê inkomsteskeppend van aard wees nie, maar is altyd ook regulerend deurdat dit een of ander invloed op die ekonomie uitoefen deurdat vraag- en aanbodskedules deur die belasting gewysig word. 'n Produktiewe belasting is slegs moontlik indien doeltreffende belastingadministrasie en die samewerking van belastingpligtiges verseker word.

By die beginsel van produktiwiteit behoort genoem te word dat 'n belasting ook sō gehef moet word dat die *excess burden* vermy of die omvang daarvan tot die minimum beperk sal word. Hierdie saak van die *excess burden* word egter volledig in hoofstuk VI bespreek en daarom sal hier nie verdere aandag daaraan gegee word nie.

Alhoewel die ander belastingbeginsels nie oorboord gegooi behoort te word nie, sal die owerheid produktiwiteit as die belangrikste oorweging beskou wanneer inkomste dringend benodig word, gewoonlik in tyd van nood. Hoe ekonomies, gerieflik of regverdig 'n belasting ook al mag wees sal dit min aansien in die oë van die fiskus hê indien dit nie

die gewenste inkomste lewer nie. So bevind Jones:
*"... when taxes 'convenient' to the payers bring in ten millions, he will not boggle over the adoption of inconvenient substitutes that will bring in twenty millions."*¹⁾

Die algemene verkoopbelasting beskik oor 'n hoë mate van produktiwiteit indien die lewering van fondse aan die owerheid in ag geneem word; dit verseker 'n hoë opbrengs en lewer 'n gereelde inkomste aangesien ontduikings- en vermydingsmoontlikhede beperk indien nie geheel uitgesluit is nie. Verbruik, sy dit van goedere of dienste, word belas, en substitusie is feitlik onmoontlik. Die belasting word deur die verkoper van die verbruikers ingevorder en deur hom (verkoper) aan die owerheid afgedra.

Saam met die fiskaliteit (produktiwiteit) van belasting gaan ook die regulerende aspek daarvan. In die geval van AVB het die regulering veral betrekking op verbruik - die AVB reël verbruik in totaal; dit wil sê dit sal totale verbruik op globale wyse verminder omdat die AVB beoog om sogenaamd *algemeen* te wees. Weens die verskil in vraagelastisiteite van verskillende goedere sal die AVB die verbruik daarvan selektief benadeel. Tensy

1) Jones, op. cit., p. 155.

dat 'n deeglike studie voortdurend gemaak word van vraagelastisiteite en die AVB volgens diskriminerende koerse gehef word, is hierdie belasting nie geskik om relatiewe verbruikspatrone te manipuleer nie. Om verbruik werklik in sekere rigtings te kanaliseer, is 'n groot aantal vrystellings nodig, en dan word outomaties in die rigting van die selektiewe aksynsbelasting beweeg.

2.3 Sekerheid en gerieflikheid

Adam Smith het veral daarop klem gelê dat die belastingbetaler seker moet wees van die tyd, wyse en hoeveelheid belasting wat betaal moet word. Die metode van berekening van die belasting moet aan die belastingpligtige sowel as die belastingamptenare bekend wees, sodat korrupsie beperk kan word. Smith het ook 'n groot mate van ongelykheid van belastingdruk as nie so 'n groot euwel beskou as 'n klein mate van onsekerheid van belastingbetaling nie.¹⁾ Belastingwette moet nie dikwels verander word nie; gevestigde belastingtipes bring doeltreffendheid en sekerheid mee deurdat administrasie eenvoudiger en makliker word. *"Frequent changes in the tax system have a disturbing effect."*²⁾

Belastingheffing moet sover moontlik geskied op 'n wyse wat vir die betaler gerieflik is. Metodes

1) Bastable, op. cit., p. 413.

2) Id. p. 419.

van belastingheffing moet aangepas wees by politieke, ekonomiese en sosiale instellings van die gemeenskap. Die belastingstelsel moet harmonieus funksioneer ten einde die goedgesindheid en vertroue van die belastingpligtiges te verseker.

Vir die belastingpligtige beteken gerieflikheid die betaling van belasting op 'n tydstip wat verband hou met die verkryging of ontvangste van sy inkomste, dus wanneer hy oor die middele beskik om sy verpligting teenoor die owerheid na te kom. Die owerheid weer, beskou 'n konstante en reëlmatige vloei van inkomste as gerieflik, want dan kan owerheidsuitgawes dienooreenkomstig gereël word.

-

Verkoopbelasting voldoen in 'n hoë mate aan die beginsels van sekerheid en gerieflikheid: die koers is eenvormig vasgestel, dus seker; en die belasting word betaal as deel van die prys van die artikel; dus gelyktydig met aankope deur die verbruiker. Die belasting word in klein bedrae van die belastingpligtige ingevorder op 'n tydstip wat hy dit kan bekostig. Shirras is van mening dat indirekte belasting die geleentheid tot keuse aan die verbruiker (belastingpligtige) laat en dus basies van die gerief van lg. uitgaan; hy sê:

"As he is at liberty, too, either to buy, or not to buy, as he pleases, it must be his own fault if he ever suffers

*any considerable inconvenience from such taxes."*¹⁾

2.4 Elastisiteit

Elastisiteit van belasting is nou verbonde aan die beginsel van produktiwiteit, aangesien dit verband hou met inkomste uit belasting, en wel die gelykmatigheid van die vloei van die belasting=inkomste na die owerheid - 'n faktor wat van es=ensiële belang vir die owerheid is. Die opbrengs wat uit die belasting verkry word, moet sonder moeite aangepas kan word by veranderde inkomste=behoeftes; asook by veranderde ekonomiese toestan=de. Indien die inkomste uit 'n belastingtipe willekeurig aangepas kan word, voldoen die belas=ting aan die elastisiteitseis.

Algemene verkoopbelasting is 'n besonder elastiese belastingtipe - die inkomste daaruit kan maklik verander word deur eenvoudig die eenvormige koers aan te pas - sy dit boontoe of ondertoe. By die meerfaseverkoopbelasting²⁾ kan ook van 'n verskei=denheid koerse gebruik gemaak word by die verskillen=de stadia van beweging van die belaste produk. Die moontlikheid van interimkoersaanpassings sal af=hang van die mag wat die fiskus daartoe ontvang.³⁾

1) Shirras, G.F. The Science of Public Finance. MacMillan, London, 1925. p. 124.

2) Verwys na die bespreking van MFB in hoofstuk III.

3) In Suid-Afrika het die Minister van Finansies wel die reg om die koers van AVB aan te pas - met 'n maksimum van 2% in geval van 'n verhoging.

Sodanige koersaanpassing behoort ook geen administratiewe ontwrigting mee te bring nie, behalwe in die geval waar die *bytel* -metode van belastingheffing toegepas word, en alle belastingtabelle by handelaars gevolglik vervang sal moet word.

Indien die koersaanpassings egter net een maal per jaar aangebring kan word, maak dit die elasticiteit (buigbaarheid) van die belastingopbrengs of inkomstestroom kleiner, asook die aanpasbaarheid van die stelsel.

2.5 Aanpasbaarheid

Aanpasbaarheid veronderstel dat die inkomste uit 'n belastingstelsel willekeurig aangepas kan word om aan veranderde eise te voldoen. So het die AVB in Suid-Afrika op 'n tydstip gekom toe die verbreding van die belastingbasis wenslik geag is bo die nadelige effek wat die verhoging van progressiewe koerse op maatskappyinkomste op inisiatiefnemings sou hê.

'n Onaanpasbare belastingstelsel kan tot chroniese tekorte of chroniese surplusse lei. Die belastingstelsel moet aangepas kan word om tekorte uit te wis, en die ophoping van surplusse te voorkom.

Onaanpasbaarheid van die belastingstelsel kan voorkom word deur die belastingbronne nooit tot die uiterste te belas nie, sodat koersverhogings

redelikerwys 'n verhoging in inkomste uit verskeie belastings kan meebring. Die administratiewe masjinerie vir die invordering van belastings moet ook aanpasbaar genoeg wees om addisionele inkomstes in te vorder, òf uit huidige belastings, òf uit tydelike of permanente addisionele belastings.¹⁾ Die belastingfunksie van die owerheid moet net so buigsaam (aanpasbaar) as die belastingtariewe wees, en slegs deur gewone wetgewing behandel word.

Die insluiting van AVB in die fiskale sisteem dra by tot die aanpasbaarheid van die belastingstelsel - dit is dan een van die aantal belastings wat gemanipuleer kan word ten einde die gewenste verandering in totale belastingopbrengs teweeg te bring. In Suid-Afrika sou die AVB dien om die inkomstebelasting binne sekere grense te vervang deur die relatiewe verligting in die koerse van lg.- Dit kan as 'n fiskale struktuurverandering beskou word.

2.6 Stabiliteit

'n Belastingstelsel behoort so ontwerp te word dat die konjunktorele siklus nie 'n groot verandering in die inkomstestroom na die owerheid teweeg sal bring nie. Die owerheid moet in tye van ekonomiese

1) Hunter & Allen, op. cit., p. 138.

slapte (wanneer dit juis van uiterste belang is) verseker wees van voldoende inkomste om sy funksies te kan uitvoer. Daarvoor is handhawing van belastingkoerse op redelike peil uiters noodsaaklik, want daardeur kan buitensporige owerheidsleerings vermy word. Dit behoort nie nodig te wees om toevlug tot nuwe belastinge of hoër koerse in fiskale noodsituasies te neem nie. 'n Breë basis van belasting verseker stabiliteit, en stabiliteit kan nie van elastisiteit as belastingnorm geskei word nie, hoewel e.g. op die langtermyn, en lg. op die korttermyn betrekking het. Toereikendheid van belastingopbrengste moet dus nie net benader word vanuit die oogpunt van onmiddellike behoeftes nie, maar ook vanuit 'n langtermyn oogpunt. 'n Sekere mate van skommeling in belastingopbrengste is onvermydelik, dog die skommeling moet verband hou met soortgelyke of teenoorgestelde veranderinge in openbare uitgawes.

Binne veilige finansiële grense mag dit wenslik wees om belastinge gedurende depressie, wanneer 'n gebrek aan besigheidsvertroue, onderindiensname van produksiefaktore, dalende pryse en daling in rentekoerse bestaan, te verminder ten einde ekonomiese herstel aan te moedig. Net so mag belastinge gedurende hoogkonjunktuur, wat onder andere gekenmerk word deur oorbesetting van produksiefaktore, stygende pryse en 'n steeds stygende bestedingsgeneigdheid, verhoog word, ten einde open-

bare skulde aangegaan terug te betaal, en inflasietoestande te temper. Hierdie wyse van optrede word die anti-sikliese begrotingspolitiek genoem, soos onder andere beskryf deur Goedhart.¹⁾

Daar is egter skrywers wat 'n teenoorgestelde opinie as die voorafgaande huldig. Hulle redeneer dat verandering in belastingkoerse na aanleiding van die konjunktorele verloop nie nodig is nie, want in dalende konjunktuur lewer belastinge vanself minder opbrengs, en in voorspoedtye meer. So beweert Samuelson: "*The modern fiscal system has great automatic stabilizing properties.*"²⁾ Belastingbedrae vorm egter geen afdoende bewys van belastingdruk nie - in depressietye kan 'n lae belastingkoers psigologies swaarder druk as 'n hoë marginale tarief in voorspoedtye. Daarby kan nie uitsluitlik op die *automatic stabilizer* staatgemaak word om wanbalanse in die ekonomieë reg te stel nie - "*... automatic stabilizers never fully offset the instabilities of an economy ...*"³⁾ Daarby verg die openbare belang dikwels dat die owerheid in depressies meer moet bestee en dus meer belasting moet invorder - dus moet hy pro-siklies optree; en weer die teenoorgestelde in voorspoedtye.

-
- 1) Goedhart, C. Hoofddlijnen van de Leer der Openbare Financien. Stenfert Kroese N.V., Leiden, 1967. p. 337.
 - 2) Samuelson, P.A. Economics. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1970. p. 332.
 - 3) Id. p. 349.

Stabiliteit van belastingopbrengs moet as 'n relatiewe eerder as 'n absolute eienskap gesien word. Bastable verwys hierna soos volg: *"It is in relation to this rule of stability that the popular maxim 'an old tax is no tax' finds its proper application."*¹⁾

Aangesien algemene verkoopbelasting verbruik belas, sal die inkomste uit hierdie belasting ooreenkomstig die konjunktorele siklus skommel. Afhangende van die mate waarin AVB lewensnoodsaaklikhede belas, die aankoop (verbruik) waarvan gewoonlik nie deur die konjunktorele siklus beïnvloed word nie, sal die inkomste uit AVB binne sekere beperkte grense wel skommel. Daarby kom die moontlikheid van konjunktorele aanpassing van tariewe en die breë basis van toepaslikheid wat dit vir die owerheid moontlik kan maak om 'n redelik stabiele inkomste uit hierdie belasting te verkry. Sonder tariefaanpassings sal die AVB egter neig om in die hoogkonjunktuur 'n groter opbrengs as in depressie te lewer.

2.7 Eenvoudigheid

Indien 'n belasting moeilik verstaanbaar is sal dit ontevredenheid en afkeuring veroorsaak. Die belasting moet eenvoudig geformuleer word sodat almal wat verplig is om dit te betaal, dit kan verstaan. Eenvoudigheid maak belastingadministrasie doeltreffend, verwyder verwarring van be-

¹⁾ Bastable, op. cit., p. 419.

lastingpligtiges en =amptenare, en deur die psigo= logiese invloed word die samewerking van die belas= tingpligtiges bevorder. Oorlaaiing van die belas= tingstelsel met 'n groot verskeidenheid belastings en 'n ewe groot verskeidenheid kwalifikasies, vry= stellings, aftrekkings en koerse werk gekompliseerd= heid in die hand. Eenvoudigheid van belastings vereis goed geselekteerde bronne van inkomste, be= perking van vrystellings, verstaanbare wetgewing en bekwame beampes.

Die formulering, heffing en eenvormige koers van die huidige AVB in Suid-Afrika is eenvoudig en maklik verstaanbaar vir belastingdraers (verbrui= kers), sowel as vir die belastingbetalers (onder= nemings). Geen ingewikkelde berekenings wat al= lerlei dokumente vereis, word benodig nie - hoewel die verbruiker geen keuse het nie, betaal hy dan tog die belasting geredelik sodra hy besluit het om wel 'n aankoop te doen.

Alhoewel die heffing en berekening van die AVB eenvoudig en maklik is, ontstaan daar tog pro= bleme wanneer dit gaan om die registrasie van ondernemings en die toepassing van vrystellings soos wat deur die Algemene Verkoopbelastingwet voorgeskryf word.¹⁾ Die Departement van Binne=

1) Die belangrikste ter sake aspekte van die wet word in hoofstuk V bespreek.

landse Inkomste het dan ook verskeie brosjures gepubliseer wat vir verskillende tipes ondernemings, soos bv. meubelhandelaars, boere, slagterye, ens. bedoel is, en poog om die toepassing van die wet in elke besondere geval duidelik te omskryf en te verklaar. Op die wyse word enige ingewikkeldhede opgeklaar en word bygedra tot die eenvoudigheid van die algemene verkoopbelasting soos dit deur ondernemings toegepas behoort te word.

2.8 Ekonomiese administrasie (besparing)

Die koste van administrasie van 'n belasting moet nie die inkomste uit die belasting oorskry nie; trouens, dit moet slegs 'n klein gedeelte van die inkomste opneem, veral in die geval waar die hoofdoel van die belasting die verkryging van inkomste is. Indien 'n belasting hoofsaaklik vir reguleringsdoeleindes gehef word, is die beswaar nie so sterk as 'n groot gedeelte van die inkomste daaruit aangewend moet word om administrasiekoste te dek nie.¹⁾

Die besparingsbeginsel is hoofsaaklik op die owerheid²⁾ gerig daarin dat nie net die invorderings- en administrasiekoste van 'n enkele belasting in ag geneem moet word nie, maar dié van die belastingstelsel as geheel. Uiteraard sal sommige belastinge vir die owerheid *duurder* as ander wees;

1) Hunter & Allen, op. cit., p. 138.

2) Indirek het hierdie saak ook op die gemeenskap betrekking.

maar in hierdie opsig moet gepoog word om balans te verkry.

Die beginsel dat belastingkoste, beide fisikaal en sosiaal, tot die minimum beperk moet word, behoort tot die bekende belastingbeginsels van Adam Smith, wat meen dat elke belasting so toegepas moet word *"as both to take out and to keep out of the pockets of the people as little as possible over and above what it brings into the public treasury of state."*¹⁾

Doeltreffende administrasie vereis ook voldoende personeel wat genoegsaam opgelei en lojaal is. In= dien belastingadministrasie doeltreffend geskied, dra dit by tot of verseker gelykheid van belasting= druk en dit bring regverdigheid mee.

Die hoofdoel met die hef van algemene verkoopbe= lasting is die verkryging van inkomste; regule= ring is slegs 'n ondergeskikte doel. Die adminis= tratiewe nadeel van die AVB is in 'n sekere opsig die feit dat die administrasie verskuif word van die owerheid na die individuele onderneming wat die belastinginkomste moet invorder en oorbetaal. Dit bring mee dat by die instelling van die AVB ondernemings genoodsaak is om belangrike wysigings

1) Bastable, op. cit., p. 414.

in boekhoukundige metodes en/of modifikasies aan boekhoukundige of kontantontvangmasjiene aan te bring, terwyl by groter ondernemings¹⁾ selfs addisionele personeel benodig mag word.

Ook administratiewe tegnieke van die owerheid moet aangepas word, soos bv. uitbreiding van die aantal kontrolebeampies vanweë die groter aantal invorderingspunte. Dit is die een groot nadeel van die AVB soos dit tans in Suid-Afrika toegepas word teenoor die vorige selektiewe verkoopreg wat aan die begin van die distribusiekanaal gehef was en dus by 'n kleiner aantal kontrolepunte nagegaan word.

By die beoordeling van die ekonomisiteit van belastinge (in hierdie geval die AVB) moet die owerheid nie net met sy eie koste rekening hou nie, maar ook met die addisionele koste van administrasie wat die nuwe belasting vir die onderneming mag meebring. Veral moet rekening gehou word met die feit dat sodanige koste 'n aftrekpos vir inkomstebelastingdoeleindes veronderstel.

2.9 Verskeidenheid van belastingbronne

Geen land kan 'n belastingstelsel met slegs een

- 1) Dit mag ook die geval by klein ondernemings wees - die belastinggaarder vereis behoorlike state, en 'n firma wat nooit tevore 'n rekeningkundige klerk in diens gehad het nie, mag nou gedwonge voel om so 'n persoon in diens te neem.

soort belasting hê nie - daarvoor is die behoefte aan fondse vir openbare bestedings te groot. 'n Enkele belasting kan ook nie al die klasse van die gemeenskap doeltreffend bereik en nog voldoende fondse vir die owerheid verseker nie. 'n Verskeidenheid belastings moet dus in 'n belastingstelsel opgeneem word ten einde voldoende fondse vir die owerheidsfunksies te verseker. Terselfdertyd egter moet in gedagte gehou word dat belastingbronne be-
waar moet word - sekere reserwebronne van inkomste moet altyd vir die toekoms gehou word. Daarby behoort geen belastingbron tot sy uiterste benut te word nie.

Die verskeidenheid van belastingbronne wat in 'n belastingstelsel opgeneem word, vereis 'n noukeurige afweging teen mekaar van direkte en indirekte belastings. Die voor- en nadele van elk moet versigtig oorweeg word; 'n doeltreffende verskeidenheid belastings sal daartoe bydra dat nadele van een soort belasting deur die voordele van 'n ander gebalanseer word; en dat die owerheid die gewenste belastingopbrengs sal verkry.

'n Verskeidenheid van belastings behoort ook in 'n belastingstelsel gebruik te word ten einde gelykheid van druk teweeg te bring, wat veral in normale toestande belangrik is. Gelykheid van druk sal in 'n noodtoestand van ondergeskikte belang wees. 'n Gelyke verdeling van belastingdruk kan slegs ver-

kry word deur die gebruikmaking van 'n behoorlike verskeidenheid van belastings in die stelsel. Aan die ander kant moet die mengsel of verskeidenheid van belastings ook nie so groot wees dat verwarring en onsekerheid en 'n te hoë totale belastingdruk geskep word nie.

Suid-Afrika het hierdie belastingbron (AVB) vir 'n lang tyd onontgin gelaat maar dit nou by sy belastingstelsel ingevoeg. Terselfdertyd egter is afgesien van die selektiewe verkoopreg, behalwe in enkele gevalle waar die reg in 'n aksyns verander is.

Een belangrike rede vir die toevoeging van hierdie bron van indirekte belasting tot die belastingstelsel was omdat die belastingopbrengs uit direkte belastings (persentasiegewys) steeds aan die afneem is, (ongeag die reeds hoë progressiewe koerse van inkomstebelasting) en voldoende owerheidsinkomste nie meer uit bestaande bronne verkry kon word nie. 'n Ander belangrike aanleiding tot die instelling van AVB was om 'n groter aantal persone belastingpligtig te kry, en sodoende die hoë druk op 'n klein persentasie hoë inkomste ontvangers te versag.

Die redelik hoë koers waarteen die belasting in Suid-Afrika gehef word (indien die bevolkingssamestelling in ag geneem word) laat egter nie veel

ruimte vir groter benutting van hierdie bron nie. 'n Kenmerk van AVB is reeds 'n algemeen lae koers. Dit kan daarom aangeneem word dat die huidige be= raamde inkomste die maksimum is wat die owerheid uit hierdie bron kan verwag met die behoud van die huidige ekonomiese toestande, infra-struktuur, mededingingsverhoudings en ekonomiese groeikoers. Die feit bly staan dat die belastings en belasting= koerse altyd rekening moet hou met die ekonomiese klimaat wat op 'n gegewe moment bestaan en hoedanig dit deur die belastinglas beïnvloed mag word.

2.10 Koördinasie van belastingstelsels

Dit is noodsaaklik dat nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede hul vorme van belastingheffing sal koördineer. Die oorvleueling van belastings by verskillende owerhede mag 'n hoogs ongelyke druk tot gevolg hê. Groter koördinasie sal die stelsel eenvoudiger en meer regverdig en ekonomies maak. Indien dit nodig mag wees moet die verskillende owerhede die tipes belasting wat hulle hef, re= organiseer ten einde 'n harmonieuse geheel te ver= kry. Die belastingstelsel moet ook met openbare bestedings en voorsiening van fondse deur middel van lenings gekoördineer word. Die gevolge van die belastingheffing en die doeleindes van open= bare besteding moet ook nie strydig met mekaar wees nie.

In Suid-Afrika bestaan 'n goeie koördinasie van belastinge tussen verskillende owerhede deurdat sekere belastingbronne vir bepaalde owerhede gereserveer word. So is bv. alleen die sentrale-regering by magte om verkoopbelasting te hef, hoewel provinsiale owerhede tevore al versoek het om ook die reg te verkry. Indien aan hierdie versoek voldoen sou word, sal dit oorvleueling meebring, en ook 'n baie groot ongelykheid van druk, veral in die lig van die besondere regressiwiteit van AVB.

3. Samevatting

Verdere belastingbeginsels kan moontlik na vore gebring word, maar soos Jones verklaar ten opsigte van sy eie bespreking hieroor: "*... the list (is) not complete, and of course there are overlappings, but it shows how wide a net may be thrown ...*"¹⁾

In 'n samevattende beoordeling van verkoopbelasting kan gesê word dat dit 'n belasting is wat veral geskik is vir die verkryging van gereelde inkomste vir die owerheid; veral in Suid-Afrika met sy dualistiese bestaanspatrone waar hoër en laer ontwikkelde gemeenskappe in dieselfde staatsbestel verbind is en dit die doel bly om belastingdruk sinvol te nivelleer tussen die groot verskeidenheid inkomste ontvangers. Indien in aanmerking geneem word dat die grootste druk van die AVB as persentasie

1) Jones, op. cit., p. 153.

tot inkomste hoofsaaklik op laer inkomste ontvangers rus, verkry hierdie belastingtipe 'n minder regres= siewe karakter as dit geweeg word teen die baie skerp progressiewe koerse van die direkte belasting op die hoër inkomste ontvangers wat huidig nog in Suid-Afrika gangbaar is.

Hierdie belasting is veral in 'n fiskale noodtoe= stand baie gewild, maar wat egter in die meeste ge= valle 'n noodmaatreël is, word al gou 'n permanente instelling. Uit die oogpunt van die owerheid is dit 'n goeie belasting om te hef, selfs al word die relatief hoë administrasiekoste daaraan verbonde in ag geneem. Die groot swakheid van die AVB bly steeds in die uiterste regressiwiteit daarvan ge= leë, wat dit uiteindelik 'n onregverdige belasting maak. Daarom het die belasting, waar en wanneer dit ook al gehef was, met groot teenkanting te doen gekry en is dit (aanvanklik) nie gewilliglik deur belastingpligtiges betaal nie. Wat egter in die guns van die belasting gesê kan word, weeg so swaar dat owerhede nie huiwer om hierdie belasting in hul fiskale stelsels te inkorporeer nie.

HOOFSTUK V

DIE ALGEMENE VERKOOPBELASTING AS EINDPUNTBELASTING:
DIE POSISIE IN SUID-AFRIKA

1. Vooraf

Wet 103 van 1978, die Verkoopbelastingwet, het op 3 Julie 1978 van krag geword. Volgens hierdie wet word 'n algemene verkoopbelasting (AVB) by die eindpunt in die distribusieproses gehef. Dit is 'n algemene belasting wat alle lae van die bevolking, ongeag inkomsteverdeling, teen 'n eenvormige koers van 4% tref. Algemeenheid word nagestreef deur soveel as moontlik produkte of dienste daarby te betrek.

Hoewel die koers eenvormig en die toepassing algemeen is, is die druk van die belasting egter nie algemeen en dus gelyk nie. Die bedoeling van die wetgewer met hierdie belasting is dat die verbruiker die belastingpligtige of belastingsubjek sal wees, terwyl die handelaar die belastingbetaler sal wees.¹⁾ Die handelaar mag dus die volle bedrag van die belasting by die prys van die betrokke belaste goed voeg; hierdie prysverhoging met die bedrag van die belasting beteken dat die belasting in beginsel vorentoe verskuif kan word. Of die

1) Dit tipeer hierdie belastingtipe as indirek, omdat volgens definisie hierdie funksionariesse dan van mekaar geskei is: slegs by die direkte belastings is hierdie funksies in een persoon verenig.

belasting egter in praktyk wel verskuif sal word, sal deur onderlinge mededingingsverhoudings van markpartye bepaal word. Verskuiwing van belasting=druk is nie 'n willekeurige saak nie, maar hang onder andere af van die elastisiteite van vraag en van aanbod. Volgens bevinding word die druk van 'n indirekte of kosprysverhogende belasting versprei oor vraers en aanbieders ooreenkomstig relatiewe elastisiteite van die vraag en van die aanbod.¹⁾

Volgens die klassifikasie van belastings soos in Hoofstuk I aangedui, word die algemene verkoopbelasting as 'n indirekte belasting aangewys.

2. Vergelyking met die voorafgaande selektiewe verkoopreg

'n Volledige bespreking van die selektiewe verkoopreg word in hoofstuk I aangetref, waar die instel daarvan sowel as die koerse van toepassing op verskillende goedere en die verandering in koerse van jaar tot jaar aangedui word. Weens die feit dat die verkoopreg die voorganger van die teenswoordige algemene verkoopbelasting (AVB) is, word in die afdeling hieronder gepoog om 'n vergelyking tussen die twee belastingtipes aan te dui ten einde op dié wyse die huidige AVB in 'n nog duideliker lig te

1) Dalton, H. Principles of Public Finance. George Routledge & Sons, London, 1936. p. 33.

projekteer; waarskynlik kan die onderstaande as die belangrikste onderlinge verskille aanvaar word:

2.1 Groter trefwydte van die AVB

Die huidige verkoopbelasting is algemeen in die sin dat 'n breë spektrum van goedere en dienste belas word en die koers eenvormig teen 4% gehef word. Die selektiewe verkoopreg is toegepas teen koerse wisselend tussen 5% en $33\frac{1}{3}\%$ op gespesialiseerde goedere, uitgesonderd dienste.

2.2 Gewysigde trefpunt van die AVB

Die huidige AVB is 'n eindpuntbelasting, terwyl die selektiewe verkoopreg 'n beginpuntbelasting was. Die verbruiker is by die AVB aan die belasting onderhewig, terwyl die kleinhandelaar die belasting invorder en dit aan die owerheid afdra. Weliswaar moes die verbruiker ook die druk van die verkoopreg dra, maar dit het hom met 'n omweg bereik.

2.3 Groter verwagte inkomste uit AVB

As gevolg van die breër basis van die AVB, sal die inkomste wat daaruit verkry word groter wees as wat die geval met die selektiewe verkoopreg was. Lg. belasting is gehef op goedere met 'n min of meer elastiese vraag, en daar was dus tot 'n sekere mate 'n keuse vir die betaal al dan nie van die belasting. Hierdie keuse is totaal uitgesluit by die algemene verkoopbelasting, omdat dit op alle goe-

dere, ongeag die elastisiteit van die vraag, gehef word. Sodanig word die reeds veelbesproke belastingbasis verbreed deur 'n groter aantal goedere, en dus 'n groter aantal persone, by die belasting te betrek.

2.4 Uitskakeling van die eskalasie-effek deur die AVB

Met die hef van die AVB as eindpuntbelasting, word die eskalasie-effek, wat sterk aanwesig was by die selektiewe verkoopreg, uitgeskakel. Wanneer daar dokumente by die berekening van belasting betrokke is, kan die prys opstapel en die verbruiker uiteindelik vir 'n groter bedrag aanspreeklik wees as in die geval waar belasting bereken word nadat die prys van die artikel reeds bekend is. Die selektiewe verkoopreg het ruimte gebied vir ekstra winsneming deur diegene in die distribusiekanaal, wat nie die geval met die eindpuntverkoopbelasting is nie; dit geld vir sowel die bytel- as die intel-metode by die berekening van die AVB.

2.5 Verwagte hoër invorderingskoste

Aangesien die aantal punte waar belasting ingevorder moet word, soveel meer onder die AVB as onder die selektiewe verkoopreg sal wees, sal die invorderingskoste relatief hoër moet wees. Daarby kom die koste van kontrole van soveel meer boeke en rekords, met die gepaardgaande probleem van klein ondernemings

wat nie altyd volledige stelle boeke hou nie, hoofsaaklik as gevolg van die ekstra koste daaraan verbonde.¹⁾

2.6 Psigologiese inslag

As gevolg van die algemeenheid van die AVB en die groter trefwydte daarvan as dié van die selektiewe verkoopreg, word verwag dat die AVB 'n sterker rem op verbruik sal uitoefen. AVB verteenwoordig 'n belasting op verbruik met die psigologiese effek wat daaraan verbonde is.

2.7 Groter graad van regressiwiteit

Die feit dat die AVB bedoel is om "algemeen" te wees deurdat dit van toepassing is op alle produkte en dienste, maak die druk daarvan swaarder op lae inkomste-ontvangers en verleen daaraan 'n meer regressiewe karakter as die selektiewe verkoopreg wat nie van toepassing was op basiese lewensmiddele nie.

2.8 Slotsom

Dit wil dus voorkom of die relatiewe uitgestrektheid van sy basis en die feit dat dit op die eindpunt van die bemarkingskanaal gehef word, die kern van die verskil tussen die AVB en die vorige verkoopreg vorm.

1) Verwys in hierdie verband na die bespreking van besparing as belastingnorm - § 2.8, hoofstuk IV.

3. Tegnieise besonderhede van die AVB in Suid-Afrika¹⁾

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende hoofmomente van die wet aan die orde gebring:

3.1 Heffing van verkoopbelasting

Die verkoopbelasting word gehef en betaal, bereken teen die skaal van vier persent van belasbare waarde van transaksies in die volgende goedere en dienste:

3.1.1 Verkoopte, verhuurde, bruikhuurde goedere, wat insluit alle tasbare roerende goed, behalwe vaste eiendom; verhuurde eiendom wat op of na 3 Julie 1978 aan 'n huurder ingevolge 'n bruikhuur afgelewer is. Die ooreenkoms vir die bruikhuur moet vir ten minste twaalf maande van krag wees. Belasting is betaalbaar op die bedrag van die bruikhuur; maar sodra die verhuurde eiendom verkoop word, word dit aan belasting onderhewig, ongeag die feit dat die bate onroerende eiendom mag wees.²⁾

1) In hierdie afdeling word uitsluitlik die tegnieise besonderhede van Wet 103 van 1978, die Verkoopbelastingwet, bespreek; daarom sal in die verdere deel van hierdie hoofstuk slegs na die betreffende artikels verwys word; die artikels het deurgaans betrekking op die bogenoemde wet wat die toepassing van die AVB in Suid-Afrika reël.

2) Art. 5(1) en Bylae 4(1)(2)(3).

3.1.2 Huurvergoeding ten opsigte van goed wat aan iemand toeval

Huurvergoeding met betrekking tot roerende goed beteken enige huur of ander vergoeding betaalbaar deur 'n persoon ten opsigte van die gebruik van, of die reg op die gebruik van die bedoelde goed, of die verlening van toestemming om bedoelde goed te gebruik.¹⁾

3.1.3 Gelewerde dienste

'n Belasbare diens deur iemand gelewer in die loop van 'n onderneming deur hom be= dryf. Dit sluit in dienste wat met ver= huring en verkope gepaard gaan, bv. aflewe= ring, installasie, herstel en instandhouding. Volgens Bylae 1 word herstel= en onderhouds= werk ook belas; bv. herstelwerk aan skoene en huishoudelike toerusting, sowel as aan beweeglike of onbeweeglike masjinerie en uitrusting. Herstelwerk aan vaste eiendom deur mense in die konstruksie= en boubedryf is egter uitgesluit. Ander belasbare dien= ste is onder andere die van kleremaakster en haarkapper; gesondheidsdienste, af= slaersbesigheid, vervaardiging of montering vir vergoeding.²⁾ Konstruksiebedryghede word nie as 'n belasbare diens beskou nie.³⁾

1) Art. 5(1) en Bylae 4(4)(b).

2) Bylae 1(1)(a) tot (d).

3) Bylae 1(2).

3.1.4 Kos en inwoning verskaf deur 'n hotel, huisvesting= of spyseniersonderneming.

In die geval van tydelike akkommodasie word bedoel 'n tydperk wat nie 45 dae aaneenlopend oorskry nie. Die verkoop van losies is slegs vir 30% van die inkomste belastbaar omdat 30% beskou word as die gedeelte wat voedsel= en drankgebruik verteenwoordig. Die oorblywende 70% word beskou as inwoning, wat voorsien word deur kapitaalluitleg in die vorm van geboue en toerusting.¹⁾

3.1.5 Ingevoerde goedere

Verkoopbelasting is betaalbaar waar tasbare goedere, ware, handelsware, diere en artikels van enige soort in die Republiek ingevoer word.²⁾

3.1.6 Onttrekkings vir eie en besigheidsgebruik

Wanneer 'n persoon enige goedere uit sy eie besigheid vir eie gebruik neem waarop nog nie verkoopbelasting betaal is nie, is die waarde van daardie goedere aan verkoopbelasting onderhewig. Waar 'n persoon enige goedere, waarop geen verkoopbelasting betaal is nie, neem vir gebruik in die besig=

1) Art. 5(1) en Art. 7(1)(e).

2) Art. 5(1).

heid anders as vir verkoop, herverkoop of navorsing, moet verkoopbelasting op die waarde van daardie goedere betaal word.¹⁾

3.2 Vrystellings²⁾

Ten spyte van wat hierbo gesê is ten opsigte van die algemene aard van die AVB, is 'n element van progressiwiteit tog deur die wet by hierdie belasting ingebou deur vir die volgende vrystellings voorsiening te maak:

3.2.1 (a) Nie-wins aktiwiteite

Dit sluit in openbare vervoer, die gebruik van boeke of films, lening uit 'n biblioteek en aktiwiteite wat nie ten doel het die maak van 'n wins nie, bv. die aanskaf van materiaal wat vir navorsing benodig word.³⁾

(b) Besigheidsaktiwiteite

- (i) uitvoertransaksies waarby goedere uit die Republiek van S.A. betrokke is;⁴⁾
- (ii) waarde van alle goedere en ware wat vir herverkoop aangekoop word;⁵⁾
- (iii) alle goedere wat aangekoop en in 'n produksieproses verbruik sal word;⁶⁾

1) Art. 5(1)(h) en 6(v)(i)

4) Art. 6(1)(a).

2) Art. 6 en Bylaes 2, 3 en 5.

5) Art. 6(d)(1)(i).

3) Bylae 4(4)(b)(iii).

6) Art. 6(1)(b)(ii).

- (iv) verkoop van water, gas en elektrisiteit wat op groot skaal deur pype en lyne voorsien word, of in vate of dromme geleweword.¹⁾
- (v) verkoop van brandstof aan 'n brandstofhandelaar;²⁾
- (vi) verkoop van enige ware of goedere aan 'n onderneming wat die goedere verhuur;³⁾
- (vii) verkoop van handelsvoorraad deur 'n onderneming wat nie onder die wet geregistreer is nie, en wie se bruto ontvangste per jaar nie meer as R5 000 beloop nie;⁴⁾
- (viii) sporadiese verkope waar die waarde van die verkope nie meer as R1 000 en minder as 12c beloop nie. Dit sluit items uit wat deur die plaaslike owerheid in die naam van die koper geregistreer moet word;⁵⁾
- (ix) ingevoerde goedere wat vir herverkoop of verhuring bedoel is, of ingelyf sal wees by 'n belasbare diens.⁶⁾

3.2.2 Diverse vrystellings

- (a) Donasies van beweegbare goedere en ware aan 'n familielid; asook goedere wat geskenk word

1) Art. 6(1)(d).

4) Art. 6(1)(g).

2) Art. 6(1)(e).

5) Art. 6(1)(h) en Art. 1[xxx].

3) Art. 6(1)(f).

6) Art. 6(1)(t).

waarop verkoopbelasting reeds betaal is.¹⁾

- (b) Skenkings volgens 'n huwelikskontrak of eg=
skeidingsbevel.²⁾
- (c) Die oordra (l.w. - 'n tegniese verskil: oor=
dra is in hierdie geval nie verkope nie)
van goedere van een besigheid na 'n ander
met die doel om dit te verkoop.³⁾
- (d) Die verkoop van goedere en/of dienste aan
vervaardigers, mynbou of steengroewe, boer=
dery, bosbou= en drukwerkondernemings, asook
aan visserye.⁴⁾
- (e) Verkoop van goedere en/of dienste aan akkom=
modasie= en spyseniersondernemings.⁵⁾
- (f) Liefdadigheidsorganisasies wat as sodanig
geregistreer is, kan sekere goedere aankoop
en huur, of dienste belastingvry verkry
indien dit vir liefdadigheid aangewend word.⁶⁾
- (g) Indien 'n onderneming (met bates en al) as
'n lopende saak aan 'n persoon verkoop word,
is sodanige transaksie van verkoopbelasting
vrygestel.⁷⁾
- (h) Sekere dienste is ook van verkoopbelasting
vrygestel, te wete herstelwerk en onderhoud
in die geval van vervaardigingsondernemings,

1) Art. 1(xxv)(d)(vi)

5) Bylae 2, afd. VI.

2) Art. 1(xxv)(d)(viii)

6) Art. 36(1) en Art. 1(xii)(a)
en Art. 1(xx).

3) Art. 6(1)(j)

7) Art. 6(1)(j).

4) Bylae 2, Afd. I, II, III,
IV, V.

boerdery, bosbou en visserijbedrywighede;
 asook herstelwerk aan verhuurbare bates;¹⁾
 medisyne deur 'n geneesheer in die loop van
 behandeling (dienslewering!) aan 'n pasiënt
 toegedien; behalwe wanneer die middels op
 doktersvoorskrif van 'n apteker verkry moet
 word.²⁾

3.3 Registrasie en pligte van ondernemings

3.3.1 Artikel 12(1) van die wet bepaal dat iedere
 persoon wat 'n onderneming bedryf, 'n ver=
 klaring aan die Sekretaris van Binnelandse
 Inkomste moet verstrek, ten einde 'n regis=
 trasiesertifikaat te bekom vir doeleindes
 van verkoopbelasting, en wel in die volgende
 gevalle:

- (a) waar die bruto jaarlikse ontvangste van die
 onderneming R5 000 oorskry;
- (b) . waar die bruto jaarlikse ontvangste uit inkomste
 verkry uit bruikhure, huurvergoedings of
 lewering van belashare dienste bestaan;
- (c) 'n afslaersonderneming;
- (d) akkommodasie= of hotelonderneming;
- (e) enige ander saak wat volgens die Sekretaris
 kragtens die wet vir verkoopbelasting aan=
 spreeklik sal wees.

1) Bylae 2 Afd. I(3); Afd. IV(8).

2) Art. 6(k)(1).

3.3.2 Geldigheid van die registrasiesertifikaat

Die registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n onderneming is slegs geldig ten opsigte van daardie onderneming, en solank die persoon aan wie die sertifikaat uitgereik is, aanhou om daardie onderneming te bedryf, of totdat die sertifikaat ingetrek word.¹⁾

3.3.3 Intrekking van die registrasiesertifikaat

Die registrasiesertifikaat kan in die volgende gevalle ingetrek word:

- (a) waar die onderneming ophou om bedryf te word, of van die hand gesit word;²⁾
- (b) waar die eienaar van die onderneming te sterwe kom, insolvent of regsonbevoeg raak, en waar die eienaar 'n vennootskap ten opsigte van die onderneming aangaan;³⁾
- (c) waar die ondernemer versuim om die belasting te betaal, opgawes te verstrek, of die registrasiesertifikaat gebruik om belasting te ontduik deur goedere vry van belasting te verkry; 'n belasbare diens vry aan hom te laat lewer, of goedere waarop belasting heftbaar is, vry in te voer.⁴⁾

Die intrekking van, of beslaglegging op 'n regis=

1) Art. 13(1).

4) Art. 13(4)

2) Art. 13(2).

3) Art. 13(3).

trasiesertifikaat stel die ondernemer egter nie vry van uitvoering van sy pligte ingevolge die wet nie.¹⁾

3.3.4 Gebruik en misbruik van die registrasiesertifikaat²⁾

Die registrasiesertifikaat word vir vrystellingsdoeleindes gebruik, en wel tesame met die voorgeskrewe dokumente of fakture ten einde die kontroleur of beamppte tevrede te stel dat betrokke goedere of dienste kragtens die vrystellingsbepalings van die wet nie aan belasting onderhewig is nie.

'n Persoon wat 'n registrasiesertifikaat misbruik, of 'n persoon wat valslik voorgee dat hy in besit van 'n registrasiesertifikaat is, of 'n registrasiesertifikaat vir ander doeleindes behalwe dié van die onderneming gebruik ten einde belasting te ontduik, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of gevangenisstraf van 6 maande, of albei.

3.4 Opgawes, betalings en aanslae³⁾

3.4.1 Belastingtydperk⁴⁾

Die wet bepaal sekere belastingtydperke van toepassing op 'n onderneming of bedryf, en dit is 'n tydperk wat eindig op die laaste dag

1) Art. 13(5).

3) Deel IV.

2) Art. 14 en 15.

4) Art. 16(1) en (2).

van elke maand, of op 'n dag binne sewe dae voor of na bedoelde laaste dag, of op sodanige ander dag wat die Sekretaris mag goedkeur.

Met inagneming van die besondere omstandighede van iedere onderneming met betrekking tot bv. aanvang, afsterwe van die ondernemer, sekwestrasie van die ondernemer se boedel, verkoop van die onderneming of ontbinding van 'n vennootskap, kan die Sekre= taris datums bepaal waarop belastingtydperke sal eindig. Die bedoeling is egter dat daar 'n be= lastingtydperk sal wees wat eindig op die laaste dag van elke jaar van aanslag van die ondernemer ingevolge die Inkomstebelastingwet, of op die datum waarop die onderneming opgehou het om besig= heid te dryf.

3.4.2 Opgawes, verklarings en betalings van be= lasting¹⁾

Elke onderneming wat, volgens die registrasie= sertifikaat aan hom uitgereik, belastingpligtig is, moet binne 20 dae na die einde van die belas= tingtydperk deur die Sekretaris vir hom bepaal, 'n opgawe van belasbare waarde verstrek, en te= same daarmee die belasting betaal wat volgens die opgawe bereken is. Opgawes moet verstrek word, ongeag die feit of belasting vir die betrokke tyd= perk betaalbaar is al dan nie.

1) Art. 17.

3.4.3 Beraming van belasting by versuim deur ge-registreerde ondernemer om opgawe te ver-strek¹⁾

Indien 'n ondernemer versuim om 'n opgawe vir 'n belastingtydperk te verstrek, en die belasting ver-skuldig te betaal, kan die Sekretaris die onder-neming aanspreek vir 'n beraamde belastingbedrag. Hierdie verskuldigde belasting moet dan, tesame met enige boete, betaal word, anders sal dit as 'n belastingskuld aan die Staat verskuldig, beskou word. Sodra die belastingskuld betaal is, sal dit afgetrek word van die bedrag wat finaal deur die Sekretaris as verskuldig bepaal is. Bedrae wat te veel deur ondernemers betaal is, is aan hulle te-rugbetaalbaar en bedrae wat te min betaal is, is van ondernemers verhaalbaar.

3.4.4 Aanslae²⁾

Ingeval waar versuim is om 'n opgawe te verstrek, of die Sekretaris nie met die opgawe tevrede is nie, of rede het om te vermoed dat 'n persoon vir 'n belastingbedrag aanspreeklik is, maar dit nie betaal het nie, kan die Sekretaris 'n aanslag maak van die bedrag belasting wat deur die persoon betaal moet word.

Hierdie belastingbedrag kan beraamd wees, en die

1) Art. 18.

2) Art. 19.

belastingpligtige moet skriftelik daarvan kennis kry, asook van enige boete (bereken teen 10% van die belastingbedrag) wat daarmee gepaard gaan.

Boete kan egter kwyteskeld word indien die Sekretaris oortuig is dat die bedoeling nie was om belastingbetaling te vermy nie. Die persoon wat so 'n aanslagkennisgewing ontvang, mag binne 21 dae beswaar daarteen by die Sekretaris aanteken. Die Sekretaris moet egter, voor die aanslagkennisgewing, die betrokke ondernemer skriftelik verwittig van sy voorneme om 'n aanslag te maak, asook inligting verskaf betreffende die tydperk, transaksie(s), boete, bedrag van belasting en bedrag waarop belasting bereken word. Hierdie kennisgewing hoef egter nie te geskied indien die Sekretaris meen dat 'n vertraging tot verlies van staatsinkomste sal lei nie.

3.5 Betaling en verhaling van belasting¹⁾

Belasting moet, binne die tydperk bepaal, ten volle aan die Sekretaris van Binnelandse Inkomste betaal word. Indien versuim om belasting te betaal, volgens oordeel van die Sekretaris, buite die beheer van die aanspreeklike persoon is, kan 'n deposito betaal word, wat as 'n voorlopige betaling beskou sal word. Op bedrae wat te min betaal is, is rente teen 7½% per jaar betaalbaar.

1) Art. 24.

Belasting wat kragtens die wet verskuldig word, is 'n skuld aan die Staat en kan op verskillende wyses deur die Sekretaris verhaal word:

Die Sekretaris kan 'n verklaring waarin die bedrag vermeld word, by 'n bevoegde hof indien, en die verklaring word dan beskou as 'n siviele vonnis opgelê vir 'n likiede skuld vir die bedrag in die verklaring vermeld.¹⁾

'n Geding vir die sekwestrasie van die boedel van die persoon wat die belasting verskuldig is, kan deur die Sekretaris ingestel word.²⁾

Die wet bepaal dat die juistheid van raming of aanslag ingevolge 'n verklaring by die hof ingedien, nie in twyfel getrek kan word nie, al is beswaar daarteen ingedien.³⁾

Die Sekretaris kan ook, kragtens 'n skuldigbevinding met betrekking tot versuim om belasting te betaal, 'n sekuriteit van sodanige ondernemer vereis vir betaling van belasting, of boete betaalbaar.⁴⁾

3.6 Verhaal van belasting op koper deur afslaer of ondernemer⁵⁾

Indien 'n afslaer goedere verkoop, moet die koper met die belastingbedrag gedebiteer word; die be=

1) Art. 26(2)(a).

4) Art. 28

2) Art. 26(2)(c).

5) Art. 10.

3) Art. 27.

lasting word dus by die suksesvolle bod getel of by die koopprys in geval van verkope uit die hand. Die belasting is dus op die koper verhaalbaar. Die belasting op die inkomste uit 'n bruikhuur, huurvergoeding, belasbare diens, kos en inwoning of huisvesting is op die koper verhaalbaar.

Die belasting wat op die koper verhaalbaar is, kan op een van twee maniere ingevorder word, nl.:

Eerstens deur die belasting as deel van die prys wat deur die koper betaal word, in te reken;¹⁾

tweedens deur die belasting by te tel by die prys of bedrag deur die verkoper gevra.²⁾

Belasting wat bygetel word, moet afsonderlik op fakture en kontantstrokies aangedui word.³⁾

Ondernemers word deur die wet verplig om op opvallende plekke kennisgewings aan te bring wat sal aantoon op watter van die twee wyses die belasting by die onderneming verhaal word. Die wyse van belastingverhaling moet ook in vertoonvensters en advertensies aangedui word.⁴⁾

Indien die bytelmetode gebruik word, moet van belastingafrondingstabelle, deur die Sekretaris voor=

1) Art. 10(3)(a).

4) Art. 10(7).

2) Art. 10(3)(b).

3) Art. 10(4).

geskryf, gebruik gemaak word; sodanige tabelle moet by betaalpunte vertoon word.¹⁾ Die onderneming mag besluit om die belasting geheel of gedeeltelik self te dra, maar dit mag nie regstreeks of onregstreeks aan die publiek geadverteer word of te kenne gegee word dat, indien die belasting by die prys ingetel is, die geheel of 'n gedeelte daarvan terugbetaal sal word nie. Die verkoper bly in elk geval steeds verplig om die belasting aan die owerheid af te dra.²⁾

3.7 Hou van rekords en rekeningboeke³⁾

Artikel 40 van die Verkoopbelastingwet bepaal dat elke ondernemer rekords en rekeningboeke moet houten einde hom in staat te stel om die juiste bedrag belasting wat aan die owerheid afgedra moet word, te kan bepaal. Die boeke moet ook op 'n wyse gehou word wat die ondernemer en die Sekretaris (indien hy dit wou) in staat sal stel om transaksies wat van belasting vrygestel is, aan te toon. Die Sekretaris het die reg op insae in betrokke rekeningboeke en bewysstukke, en sodanige rekords moet vir minstens vyf jaar na die datum van die laaste inskrywing gehou word.⁴⁾

3.8 Wysiging van belastingskaal of bylaes van die Wet⁵⁾

Die Minister verkry die reg om tussen Parlement=

1) Art. 10(9). 3) Art. 40. 5) Art. 49.

2) Art. 33. 4) Art. 40(3)(a)(b)

sittings, bywyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant die skaal van die belasting te verhoog of te verlaag. 'n Verhoging mag egter nie meer as 2% beloop nie. Bylaes kan gewysig word indien sodanige wysigings die openbare belang sal dien.

4. Nabeskouing

Die verkoopbelasting ontgin 'n indirekte inkomstebron wat tot nog toe onaangeraak was. Behalwe die reeds genoemde oogmerke van verbreding van belastingbasis en 'n beter balans tussen direkte en indirekte belastings, het hierdie belasting ook die bedoeling om, deurdat dit verbruik belas, spare en dus kapitaalvorming aan te moedig. Lg. oogmerk is veral belangrik as die huidige swak vooruitsigte vir die verkryging van buitelandse kapitaal in ag geneem word.

'n Objektiewe beoordeling van die Wet¹⁾ en sy toepassing bring sekere swakhede onder oë, soos bv. belasting op medisyne wat op doktersvoorskrif van 'n apteker verkry word - die regressiwiteit van die belasting word daardeur geïntensiveer, en veral laer inkomstegroepe en pensioenarisse word hierdeur swaar getref.

1) Hier dien gemeld te word dat in hierdie hoofstuk slegs enkele hoofmomente van die Verkoopbelastingwet, wat in besonder op die uiteindelijke uitwerking op die ekonomie betrekking het, uitgelig is. Sake soos bv. administrasie van die Wet, aanstelling van verteenwoordigers deur die Sekretaris, misdrywe, jurisdiksie van houe, en enkele ander aspekte is nie hier aangeraak nie.

Die belasting sal in die loop van die volgende paar jaar groeipyne ondervind. Die toepassing van die Wet met die inwerkingtreding van die AVB het met relatief min probleme gepaard gegaan. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die deeglike navorsing (onder andere in verskeie oorsese lande waar verkoopbelasting toegepas word) en voorbereiding wat vooraf deur die Departement van Binnelandse Inkomste gedoen is. Nogtans sal die groeipyne nie uitbly nie, soos blyk uit die wysigingswetsontwerp wat in Julie 1979 verskyn het om probleme wat wel met die toepassing van die wet ontstaan het, uit te skakel.

Die toepassing van die Wet word verder vergemaklik deur die beskikbaarstelling van handleidings¹⁾ vir bykans elke bedryf, waardeur die belastingamptenare die taak van die invorderingsagente (ondernemings) ligter maak en sodoende ook 'n gereelde inkomstestroom uit hierdie belasting vir die owerheid verseker.

1) Verwys na hoofstuk IV § 2.7.

HOOFSTUK VI

MIKRO-EKONOMIESE GEVOLGE VAN AVB

1. Begrotingsdoelstellings

Vir beide die mikro= as makrovlak van die ekonomie geld die doelstellings van die fiskale politiek wat van sowel 'n korttermyn= as langtermynaard kan wees. Dit vorm die norme van die begrotingspoli= tiek en is daarom van oorheersende betekenis in die beoordeling van die begrotingspolitiek van die ower= heid. Colm verwys na hierdie betekenis van die be= grotingspolitiek in die volgende terme: *"Fiscal policy is a steering mechanism which can keep the economy on an even keel, merely by proper timing of changes in government ex= penditure, government taxes and debt management."*¹⁾

Voordat dus tot die mikro- en makro-ekonomiese kon= sekvensies van die begrotingspolitiek, soos dit tot openbaring kom met die toepassing van AVB, oorgegaan word, is 'n kort bespreking van die begrotingspoli= tieke norme eers nodig.

1.1 Handhawing van 'n hoë en stabiele peil van indiensname

Veral sedert die Groot Depressie van die dertiger= jare het die besef na vore gedring dat die owerheid nie meer onverskillig kan toesien soos sedert Adam

1) Colm, G. Essays in Public Finance and Fiscal Policy. Oxford University Press, New York. 1955. p. 213.

Smith se *laissez-faire*-teorie van die 18 eeu, dat sake op ekonomiese terrein soms rampspoedig hul eie gang kan gaan en alleen op die *invisible hand* vertrou kan word nie. Dit was veral J.M. Keynes wat met sy *General Theory* (1936) dit as 'n eksplisiete taak van die owerheid gestel het dat hy moet sorg vir 'n hoë graad van indiensname van produksiefaktore, veral arbeid. In teenswoordige menings omtrent onderontwikkelde gemeenskappe word aanvaar dat 'n hoë graad van indiensname 'n eerste vereiste, 'n *sine qua non* vir ekonomiese ontwikkeling vorm. Daarom is hierdie aspek van soveel betekenis vir 'n land soos die RSA waar 'n groot persentasie van sy inwoners nog op 'n relatiewe lae graad van ekonomiese ontwikkeling verkeer.

Die vraag ontstaan: wat word as volle indiensname aanvaar? Sommige skrywers meen dat 'n werkloosheidsyfer van tussen 3% en 8% as volle indiensname beskou kan word. Die uitgangspunt behoort egter te wees dat enigeen wat wil werk, die geleentheid daartoe behoort te hê, soos Beveridge dit stel: "*... having always more vacant jobs than employed men.*"¹⁾ Volgens 'n ondersoek wat onder leiding van die *American Economic Association* gedoen is, beteken volle indiensname "*... full-time jobs for people who want to work full-time.*"²⁾

1) Beveridge, W.H. *Full Employment in a Free Society*. Norton & Co., New York, 1945. p. 18.

2) *American Economic Association: The Problem of Instability*. *American Economic Review*, Sept. 1950. p. 506.

'n Toestand soos hierbo beskryf word as volle indiensname aanvaar, en dus produksie van die optimale nasionale produk. Volle indiensname veronderstel egter nie noodwendig optimum produktiwiteit nie.

1.2 Die verkieslikste gelykverspreiding van die volksinkome

Die eksplisiete doelstelling van alle tipes owerheidsbeleid is om, deur middel van belastingheffing en besteding van belastinginkomste, 'n herverdeling van die volksinkome teweeg te bring ten einde uiters van armoede en rykdom uit te skakel. Belastingheffing veronderstel egter nie die uitskakeling van inkomstegrense en van algehele gelykheid van inkomste nie. Sekere persone of groepe binne 'n volk sal vanweë groter vermoë en die dra van meer verantwoordelikheid, hoër besoldig moet word as andere. Die gevolg is ongelykheid van persoonlike inkomsteskaal en dus ongelyke verdeling van volksinkome.

Die doel van die fiskale beleid moet wees om loonkoerse ekonomies te regverdig. Die hoër inkomste-groepe behoort so belas te word dat hulle inisiatiefneming en spare (met die oog op kapitaalvorming) nie gedemp sal word nie. Die lae inkomste-groepe daarenteen moet sodanig belas (of negatief belas, dit wil sê gesubsidieer) word dat hulle bestedingsgeneigdheid nie sal afneem nie. Die

konstante (of verhoogde) bestedingsgeneigdheid van die laer inkomstegroepe tesame met die bestaande (lae) bestedingsgeneigdheid van die hoër inkomstegroepe is noodsaaklik om die totale nasionale produk op te neem, asook die toename daarin wat as gevolg van investering deur die hoër inkomstegroepe, ontstaan. Sodra volle indiensname egter bereik is (dit sluit indiensname van alle produksiefaktore in), behoort die bestedingstempo in verhouding met die nasionale inkome te stabiliseer ten einde vraaginflasie te voorkom.

1.3 Handhawing van 'n genoegsame koers van investering

Investering moet teen 'n koers geskied wat sal verseker dat bestaande volume kapitaalgoedere stabiel gehou kan word deur vervanging van verouderde goedere en selfs uitgebrei kan word, sodat die nywerheid internasionaal doeltreffend kan meeding en die lewenstandaard van die bevolking tegelykertyd verhoog sal word, met inagneming van die aanwas van die bevolking.

Elke volk behoort 'n gedeelte van sy lopende inkomste te spaar vir kapitaalsvorming, en indien die volk dit nie spontaan doen nie, moet die owerheid die nodige fondse daarvoor deur middel van belasting= en/of leningsheffing verkry. Indien 'n genoegsame investeringskoers in die hede nie gehandhaaf word nie, sal die lewenstandaard in

die toekoms moet afneem - geen voldoende kapi= taalgoedere is dan beskikbaar om 'n groter nasio= nale produk te produseer nie. Hierdie doelstel= ling van die fiskale beleid hang nou saam met die vorige doelstelling deurdat beide te make het met verbruik, spare en investering en die betekenis en omvang van elk vir die handhawing van stabili= teit en ekonomiese groei in die volkshuishouding.

Fiskale beleid moet gerig wees op handhawing van 'n doeltreffende investeringsvolume, maar prys= peil moet stabiel gehandhaaf word op die vlak van 'n hoë graad van stabiliteit in werkverskaffing en indiensname.

1.4 Handhawing van stabiliteit met die buiteland (gunstige handelsbalans)

Lande is interafhanklik van mekaar deurdat geeneen in alle opsigte selfvoorsienend kan wees nie - die gevolg is handel op internasionale vlak. Die fis= kale beleid van 'n land behoort dus so ontwerp te wees dat 'n gunstige handelsbalans verkry kan word deur voldoende uitvoere te voorsien om vir invoere te betaal of om fondse vir buitelandse belegging te voorsien.

'n Voldoende verskeidenheid kwaliteitsprodukte moet geproduseer en aantreklik vir die buiteland aangebied word. Doeaneeffings moet van so 'n aard wees dat die nodige binnelandse nywerhede be=

skerm sal word sonder om kompenserende heffings in lande waarheen uitgevoer word, uit te lok.

Doeaneheffings kan egter ook gebruik word om inkomste te verkry, en monetêre reserwes te versterk.

1.5 Handhawing van 'n stabiele prysstruktuur in die binneland (pryspeilstabiliteit)

Die handhawing van 'n stabiele prysstruktuur is vir die hele volkshuishouding van die uiterste belang. 'n Ontwrigte prysstruktuur is 'n simptome van dieperliggende probleme in die ekonomie wat herstel moet word ten einde pryse te stabiliseer. Om pryse as sodanig te manipuleer is nie die oplossing nie.

Pryspeil is van besondere betekenis vir effektiewe vraag, want die stand van effektiewe vraag dui die omvang van indiensname van produksiefaktore aan. 'n Hoë en stabiele peil van indiensname is slegs moontlik indien die peil van verbruiksbesteding voldoende is om die nasionale produk by volle indiensname te absorbeer met die spaarvolume = investeringsvolume. Volledige opname van die nasionale produk kan slegs geskied indien die pryspeil dit vir die produsent moontlik maak om soveel te produseer dat volle indiensname van al die produksiefaktore daardeur bewerkstellig kan word.

Pryspeilstabiliteit skep vertroue en bevorder be-

sigheidsbeplanning, investering en verbruik, sowel as groei, volle indiensname en die handhawing van betalingsbalansewig.

2. Objekte op die mikro-ekonomiese vlak: huis= houdings, firmas en produksiefaktore

Na die ontleding van die AVB in die vorige hoofstukke is dit nou nodig om die belasting nader te identifiseer aan die hand van die moontlike ekonomiese uitwerking daarvan. Vooraf sal die mikrovlak van die ekonomie vir hierdie doel aan die orde gestel word om dan tot die makrovlak in hoofstuk VII oor te gaan.

Op die mikrovlak sal die bespreking van die konsekwensies van die AVB sentreer om die individuele huishouding wat primêr optree as koper van vervaardigde goedere en as verkoper van produktiewe dienste - albei aspekte wat gewoonlik as objekte vir die AVB uitgesonder word.

Eweneens op die mikrovlak sal die bespreking van die moontlike konsekwensies van die AVB tot die individuele onderneming of firma uitgebrei word. Die firma weer word gekenmerk deur sy funksie as koper van produktiewe dienste (gelewer deur produksiefaktore) asook deur sy funksie as verkoper van vervaardigde goedere.

Hieruit is dit sonder meer duidelik dat die huis=

houding en die firma in die hedendaagse spesialisierende gemeenskap 'n funksionele en kousale ekonomiese eenheid vorm, dit wil sê die ekonomiese konsekwensies op enigteen van elk se twee funksies moet noodwendig 'n invloed uitoefen op een of albei van die funksies van die ander party. Dit moet noodwendig so wees omdat die ekonomiese aktiwiteite van die firma basies gerig is op die ekonomiese behoeftes van die huishouding, terwyl die firma daarenteen sy dinamiese bestaanswyse te danke het aan presies dieselfde wesens wat die huishouding konstitueer. Hierdie onderlinge betrokkenheid van ekonomiese subjekte (firma en huishouding) dui op 'n intieme vervlegtheid van ekonomiese konsekwensies in die sin dat wat op die mikrovlak van die ekonomie gebeur, noodwendig moet deurwerk om die makro-ekonomiese konsekwensies te vorm, terwyl dit tewens so is dat die hele ekonomie saamgestel is nie uit één nie maar uit 'n groot aantal huishoudings en firmas wat almal in 'n onderlinge wisselwerking staan. Waar dit nodig is vir 'n sinvolle ontleding om 'n nabyopname van individuele ekonomiese subjekte (firmas en huishoudings) te onderneem, is dit dus vanselfsprekend dat die mikro-ekonomiese ontledings van individuele subjekte met die aanname van *ceteris paribus* moet oorvloei in die makro-ekonomiese ontledings. In laasgenoemde sal dit gaan oor totaliteitsbegrippe soos produktiwiteit, ekonomiese groei en indiensname van produksiefaktore; hierby

sal dan volledig rekening gehou moet word met die feit dat belastingheffing wel volksinkome uit sirkulasie onttrek maar dat owerheidsbestedings dieselfde volksinkome teen wisselende tempo's (bestedingsgeneigdhede) in die ekonomie terugplaas.

Aan die hand van bogenoemde uiteensetting behoort dit duidelik te wees dat die fiskale doelstellings van die owerheid, soos vooraf bespreek, op beide die mikro- en makrovlakke sowel as op die huishouding en firma behoort te sinchroniseer.

Terwyl die werking van die volkshuishouding te doen het met die vloei van ontvangste en betalings, is die basiese saak nie dié van finansies nie. Eerder is dit sake of probleme in verband met brontoedeling, inkomsteverdeling, volle indiensname, pryspeilstabilitateit en ekonomiese groei. *"An examination of contemporary policy discussion in developed countries would confirm that one of the main themes is the problem of combining high and stable levels of employment with a stable or gently rising price level."*¹⁾

Alvorens die aandag toegespits word op die ekonomiese konsekwensies van die AVB op die ekonomiese subjekte in die mikro-ekonomiese vlak, is dit nodig om eers enkele reaksies op die belastingfeit na te gaan.

1) Peacock, A. & Shaw, G.K. The Economic Theory of Fiscal Policy. George Allen & Unwin, London, 1976. p. 66.

3. Moontlike reaksies op die belastingfeit

Die hef van enige belasting oefen 'n bewuste of onbewuste invloed op die welvaartsposisie van die belastingpligtige uit. Alhoewel die belastingpligtige op die langtermyn op een of ander wyse voordeel sal ontvang deur die owerheidsbesteding van sodanig ingevorderde belastinginkomste, is hy nie daarop ingestel nie, maar wel om in die korttermyn op een of ander wyse te probeer kompenseer ten einde sy welvaart te behou of te herstel op die voorbelastingpeil.

Die volgende is enkele van die moontlike maniere van optrede deur die belastingpligtige.

3.1 Aanvaarding van die belastingdruk

Indien die belastingsubjek en die belastingdraer dieselfde persoon is, ondergaan hy die gevolge van die belastingfeit - hy dra dus die belastingdruk. So mag 'n belasting op 'n spesifieke produk, bv. 'n aksyns, vir die verbruiker van daardie produk bedoel wees. So 'n aksyns mag egter die verbruiker beweeg om 'n substituuatprodukt aan te koop, met nadelige gevolge vir die afset van die verkoper van die belaste produk; gevolglik kan die verkoper besluit om hierdie aksyns self te dra, dus die belastingdruk te aanvaar in plaas van dit te verskuif na die verbruiker vir wie die belastingowerheid dit in die eerste plek bedoel het. Hierdie wyse van optrede deur verkopers word gewoonlik

gemotiveer deur 'n elastiese vraag na die belaste produk, wat daarmee saam die bestaan van noue substitute veronderstel; dit sal egter tot gevolg hê dat sekere marginale ondernemings op die langtermyn uit die mark sal verdwyn.¹⁾

3.2 Kompensasie

Indien dit vir die belastingpligtige onmoontlik is om die belastingdruk te ontwyk sonder enige aanpassing in sy omset, kostestruktuur of inspanning, moet hy gedwonge die belastingdruk aanvaar. Hy kan egter besluit om hierdie aantasting van sy welvaartspeil te probeer vergoed deur twee soorte kompensasie: die positiewe en die negatiewe.

3.2.1 Positiewe kompensasie

Dit behels 'n toename in produksie-aktiwiteit en/of vermindering van kostestruktuur, bv. deur rasionalisering. In die geval van die individu kan hy besluit om harder te werk (groter arbeidsinspanning), met ander woorde meer ure te werk en sodoende 'n groter vergoeding te ontvang. Hierdie lg. wyse van optrede is egter beperk omdat die individu in min gevalle direkte beheer oor sy aantal werksure het. In die geval van positiewe kompensasie is dit duidelik dat die vraag na inkomste onelasties is; hy ag die grenstoename in arbeids=

1) Verwys na die bespreking in § 6.3 tot 6.5 vir die gevolge van AVB op ondernemings wat onder verskillende mededingingstoestande opereer.

leed geringer as die grenstoename van die inkomste uit arbeid verkry.

'n Bepaalde belastingheffing kan produsente ook aan=spoor tot groter vindingrykheid in die aanpassing van die produksieproses, sodat prysverhoging slegs minimaal sal wees. Die meer doeltreffende produ=sent sal sodoende die vraag van ander produsente opneem; die belastinglas word in hierdie geval slegs verskuif.

3.2.2 Negatiewe kompensasie

In hierdie geval word produksie-aktiwiteite vermin=der en gevolglik neem belasting ook af, hoewel die volle omvang van die belastinglas bly bestaan. In 'n sekere sin kan negatiewe kompensasie (in die geval van die individu minder werksinspanning en dus minder vergoeding) ook as 'n vorm van belastingont=wyking beskou word. Negatiewe belastingkompensasie veronderstel 'n sterk onelastiese vraag na die produkte van die produsent sodat die prys wel sal styg met 'n inkrimping van die hoeveelheid aangebied. Negatiewe belastingkompensasie veronderstel ook 'n elastiese vraag na inkomste, sodat meer vrye tyd geneem en minder gewerk sal word namate belasting=omvang toeneem. Volgens Goedhart¹⁾ sal positiewe

1) Goedhart, C. Hoofddlijnen van de Leer der Openbare Finansiën. Capita Selecta der Economie XX. H.E. Stenfert Kroese, Leiden, 1967. p. 119.

kompensasie veral by die laer inkomstegroepe voorkom vanweë hul relatief hoë grensnut van inkomste, terwyl die hoër inkomstegroepe, met hul dalende grensnut van inkomste, weer geneig sal wees om negatief te kompenseer.

3.3 Ontwyking of vermyding van belastingdruk

Ten einde die materiële nadeel wat belastingheffing meebring te probeer vermy, kan die belastingpligtige op 'n wettige of onwettige wyse die belastingdruk probeer ontwyk. Onwettige belastingvermyding word as belastingontduiking aangedui en bring mee dat die belastingpligtige wat so optree 'n ongelike voordeel bo sy mededingers of lede van sy groep verkry.

Belasting kan egter ook op 'n wettige wyse vermy word, bv. deurdat 'n persoon kan besluit om nie 'n belaste produk aan te koop nie, of deur dit te vervang met 'n onbelaste substituuat. Indien e.g. wyse van optrede gevolg word, kan aangetoon word dat die persoon wel die belastingdruk op indirekte wyse ondergaan deurdat hy die bevrediging van 'n behoefte deur die spesifieke produk moet ontheer.

Ondernemings, aan die ander kant, kan besluit om toelaatbare bedryfskoste, maar wat nie die funksionering van die onderneming meer doeltreffend maak nie, aan te gaan. Op die wyse kan die belastingaanspreeklikheid, en dus die belastingdruk, vermy

of verminder word. Hierdie wyse van optrede verander nie die werklike ekonomiese toestand van die onderneming nie, maar verminder die toevloei van belastingopbrengs na die owerheid.

Genoemde vier reaksie moontlikhede op die belasting= feit hoef nie noodwendig in bostaande volgorde te geskied nie, terwyl dit ook moontlik is dat al vier reaksies gelyktydig met wisselende mate van intensiteit toegepas kan word.

4. Belastingdruk

4.1 Algemeen

Uit die voorgaande bespreking het reeds geblyk dat die term belastingdruk 'n betekenisvolle rol by enige belasting speel en des te meer by die AVB. Dit is daarom wenslik dat hierdie term enigermate verder toegelig word.

Die hef van enige belasting het 'n invloed op die mikro- sowel as op die makro-ekonomiese terrein; hier gaan dit om die uitwerking van die AVB op die huishouding en firma in hul tweeledige kapasiteit, as koper van vervaardigde goedere en as verkoper van produktiewe dienste in die geval van die huishouding, en as verkoper van vervaardigde goedere en koper van produktiewe dienste in die geval van die firma.

Alvorens egter tot die bespreking van die druk van AVB en die afwenteling daarvan oorgegaan word, moet die betekenis van druk en afwenteling duidelik omskryf word; belastingdruk en belastingafwenteling hoort bymekaar.

Enige belasting bring 'n rem op individuele sowel as op totale ekonomiese welvaart - wat dus meebring 'n mikro- sowel as 'n makro-ekonomiese belastingdruk - maar word meer opgehef deur die aanwending van die belastinginkomste deur die owerheid. Die aanwending van die belastinginkomste het eweneens 'n uitwerking op die mikro- sowel as op die makro-ekonomiese terrein. Niemand word egter in dieselfde mate bevoordeel deur bestedings van die owerheid¹⁾ as wat hy benadeel is deur die hef van die belasting nie; die rem op welvaart word dus nie totaal opgehef nie. Hierdie rem op ekonomiese welvaart beteken 'n druk (*incidence*)²⁾ dit wil sê 'n opoffering in reële terme. Dit geld enige tipe belasting. Weens die rem op welvaart probeer die belastingpligtige gewoonlik die druk van die belasting ontgaan deur dit af te skuif - af te wentel is die tegniese benaming - op iemand

1) Verwys na die bespreking van die voordeelsbasis van belastingheffing in hoofstuk IV § 2.1.1.

2) Die term *incidence* word algemeen in die Engelse literatuur gebruik, hoewel op 'n willekeurige wyse ook gebruik gemaak word van *burden* wat tegnies 'n geheel ander betekenis het. Op die onderskeid tussen *burden* en *incidence* word later weer ingegaan.

anders. Hier moet genoem word dat die belasting=druk geheel of gedeeltelik afgewentel kan word, voorwaarts sowel as terugwaarts; in e.g. geval na die verbruiker in die vorm van 'n hoër prys; en in lg. geval na die produksiefaktor in die vorm van 'n verlaagde vergoeding. Hierdie afwenteling van belastingdruk kan eweneens mikro- sowel as makro-ekonomies wees.¹⁾

Die mate van welslae in afwenteling is verskillend by verskillende belastings; sommige waarvan *ex post* en ander *ex ante* gehef word. Afwenteling is slegs moontlik by *ex ante* belastings, dit wil sê indirekte belastings.²⁾ Maar selfs by indirekte belastings is afwenteling net in beginsel moontlik, want wat in die konkrete situasie sal gebeur, hang van die onderlinge mededingingsverhoudings van produsente en verbruikers af, en dit betrek die mark=vorm by die afwentelingsmoontlikheid.

4.2 Belastingdruk en verbandhoudende terminologie

Wanneer 'n belasting gehef word, word 'n druk uit=ge oefen, sy dit op die huishouding, die firma of die besitter van die produksiefaktore. Omdat dit om hierdie drie gaan, bring die druk van die belasting vir hulle 'n opoffering of druk (*incidence*) mee, en dit word geopenbaar in die vermindering van

1) Vir makro-ekonomiese afwentelingsteorie van belastingdruk verwys na Goedhart, op. cit., p. 158 e.v.

2) Sien hoofstuk I vir onderskeid tussen direkte en indirekte belastings.

beskikbare inkomste;¹⁾ die totale inkomste word verminder met die bedrag van die belasting. Somers verwys na hierdie *incidence* as "*the final resting place of the tax.*"²⁾ Hierdie opoffering in terme van prysgawe van reële inkomste word deur verskillende skrywers op verskillende wyses getipeer. Die belangrikste skrywer wat hieroor aangehaal kan word, is Due: "*The term incidence refers to the pattern of the distribution of the burden of the tax; tax burden means the reduction in real income which occurs as a result of the imposition of the tax.*"³⁾ Due verklaar self dat sy omskrywing van *incidence* nie volledig is nie. Hier moet ook daarop gewys word dat die begrip *burden* soos deur Due aangetoon is, verwys na 'n vermindering in reële inkomste, wat verwarrend is in die sin dat druk (*incidence*) uitloop op hierdie gevolg. Die *tax burden* of belastinglas is 'n wyer begrip en sluit behalwe geldelike opoffering ook opoffering in nie-materiële sin in.

Somers kwalifiseer druk relatief met betrekking tot 'n spesifieke tydspanne en met sekere eenskappe. Hy onderskei dan *markperiodedruk* wat betrekking het op wie in werklikheid die belasting op beskikbare goedere betaal. Die *korttermydruk* het,

-
- 1) Beskikbare inkomste moet hier ook weer in 'n tegniese sin beskou word, nl. netto inkomste minus belasting.
 - 2) Somers, H.M. *Public Finance and National Income*. Blakiston Co., Toronto, 1949. p. 153.
 - 3) Due, J.F. *Toward a General Theory of Sales Tax Incidence*. *Quarterly Journal of Economics*, Harvard University Cambridge, Massachusetts, 1953. p. 254.

volgens Somers, weer te doen met wie in werklikheid die belasting betaal wat heef word op die sg. ver=anderlike opbrengs van 'n gegewe onderneming. Die *final incidence* het dan betrekking op die langtermyn=druk en is van toepassing op die persoon wat die belasting betaal nadat alle moontlike voorsienings vir veranderings in produksiekapasiteit sowel as vir veranderings in opbrengs gemaak is. Die feit dat iemand anders uiteindelik 'n gedeelte van die belasting as gevolg van afwenteling sal betaal, verander nie die finale druk daarvan nie maar het te doen met die ekonomiese gevolge.

Ekonomiese gevolge is 'n tegniese begrip wat betrek=king het op die reaksies wat volg op die finale vestiging van belastingdruk op 'n bepaalde subjek en hy optrede beplan om aan te pas by hierdie druk. Die verbruiker wat bv. met 'n hoër prys vir ver=bruikersgoedere gekonfronteer word, sal sy ver=bruikspatrone en/of die stand van sy inkomste moet aanpas; lg. deur werksinspanning te wysig.

Daar is verskillende soorte belastingdruk te onder=skel, maar vir die doel van hierdie hoofstuk kan volstaan word met die beskouing oor spesifieke be=lastingdruk op die mikro-ekonomiese terrein, dit wil sê op 'n spesifieke produk van 'n spesifieke onderneming wat spesifiek die verbruiker raak en gevolglik veranderings in verdeling van inkomste veroorsaak, terwyl openbare bestedings konstant bly.

Die verandering in die reële inkomsteposisie van die huishouding en/of die firma hou dus verband met spesifieke belastingdruk.

Sodra die aanwending van belastingopbrengs plaasvind, sal dit ook 'n uitwerking op die individu hê, hoewel die invloed van sodanige besteding sal afhang van die voorwerp waarop belastingopbrengs bestee word.

4.3 Afwenteling van belastingdruk

Daar kan algemeen aanvaar word dat die hef van 'n AVB aanleiding sal gee tot afwentelingsaksies ten einde aan die druk van die belasting te ontkom. Die druk van die belasting en die moontlikheid van afwenteling daarvan moet aan 'n bepaalde maatstaf getoets kan word en die volgende kriteria kan vir hierdie doel aangewend word, met wisselende mate van sukses.

4.3.1 Maatstawwe vir meting van afwenteling van belastingdruk

(a) Verandering in die prys van die belaste artikel

Daar kan aangevoer word dat die mate waarin prysstyging, met ander woorde aanpassing in reële inkomste, ná belastingheffing plaasvind, 'n aanduiding is van die druk van die belasting en van die moontlikheid tot afwenteling daarvan op die verbruiker. Prysstyging kan egter nie sonder meer as

kriterium vir die meet van belastingdruk gebruik word nie, want by prysverandering is nog nie omset of verbruikersreaksie in aanmerking geneem nie. Die druk van die AVB word nie net op die verbruiker (huishouding) van die belaste artikel uitgeoefen nie, maar ook op die firma (produsent) en die produksiefaktore in sy diens, en wel in die mate waarin hoeveelhedaanpassings as gevolg van verbruikersreaksie wat op die AVB volg, gemaak moet word. Die druk van die belasting kan oor 'n aantal persone of subjekte verdeel word, wat beteken dat die belasting nie altyd in sy totaal afwentelbaar is nie. Die firma kan ook 'n gedeelte van die belasting vir eie rekening neem indien sy winsposisie dit regverdig. In so 'n geval kan die styging in verkoopprijs van die produk geen aanduiding van die druk van AVB wees nie.

'n Gegewe prysstruktuur in die mark mag die resultaat wees van die praktiese beleid van 'n prysleier en dit mag aanpassing van die prys by die belastingheffing vertraag. Die voer van pryspolitiek deur oligopoliste ten einde maksimumwins oor die langtermyn te verseker, lei ook daartoe dat prysverandering nie as 'n betroubare maatstaf vir die meting van oordrag van belastingdruk gebruik kan word nie.

Die grootste vertraging in prysaanpassing as gevolg van AVB sal by die volledig mededingende mark ontstaan waar langtermynprysstygings sal afhang van die mate waarin die aanbod beperk kan word deurdat

supermarginale ondernemers die belasting self dra en wag vir die verdwyning van marginale ondernemers, waarna hulle lg. se deel van die mark kan inpalm en dan tot prysverhoging oorgaan.

Dit is selfs moontlik dat 'n verskuiwing van die belastingfeit hoegenaamd nie deur prysverandering hoef plaas te vind nie, want 'n daling in prys van ru-materiaal of 'n verbetering in produksietegniek kan gelyktydig met die belastingheffing plaasvind en so kompenseer vir 'n verhoging in prys.¹⁾ Dit wil dus voorkom asof prys vir doeleindes van meting van belastingdruk en die afwenteling daarvan om die bogenoemde redes 'n minder geskikte maatstaf vir belastingdruk en die afwenteling daarvan vorm.

(b) Relatiewe elasticiteite van vraag en aanbod

Dit is ook moontlik dat die druk van belasting en die dra daarvan nie in 'n enkele bedrag deur 'n bepaalde individu of instansie hoef te geskied nie maar in verdeelde vorm op sowel kopers as verkopers ooreenkomstig die relatiewe stand van die vraag- en aanbodselasticiteite sal neerkom. Dit is die mening van Dalton wat sy siening as volg toelig:

" ... the direct money burden of a tax imposed on any object is divided between the buyers and the sellers in the proportion of the elasticity of supply of the object taxed,

1) Venter, W.J. The Incidence of Taxation in the Brewing Industry. J. Heijnis, Zaandijk, 1961. p. 44.

to the elasticity of demand for it." ¹⁾ Die druk sal oor die vraers versprei word volgens die formule

$\frac{E_v}{(E_v + E_a)}$ X AVB-koers, waar E_v = vraagelastisiteit

en E_a = aanbodselastisiteit, en oor die aanbieders volgens $\frac{E_a}{(E_v + E_a)}$ X AVB-koers. Die elastisiteit

van die vraag sal egter aanleiding gee tot daling in vraag en gevolglik 'n daling in die vraag na produksiefaktore. Aanbod, alhoewel elasties, kan nie so vinnig op die korttermyn aangepas word nie, veral waar hoogs gespesialiseerde produksiefaktore in diens is. Die feit van die algemeenheid van die AVB laat dan ook geen moontlikheid van 'n onbelaste industrie waarheen produksiefaktore kan beweeg nie, en in die geval van volle indiensname kan nie van goedkoper produksiefaktore gebruik gemaak word nie.

Nouwens kritiseer hierdie maatstaf vir die oordrag van belastingdruk op grond van die feit dat dit slegs vir *"een partiële kostprijsverhogende belasting op een produk, aangeboden onder condities van volledige mededinging"* ²⁾ geld.

Daarby word die feit buite rekening gelaat dat die vraagkromme 'n verhouding tussen prys en hoeveelheid

1) Dalton, H. Principles of Public Finance. George Routledge, London, 1936. pp. 55 - 56.

2) Nouwens, A.C.J. Beschouwingen over de Afwenteling van Belastingen. H.E. Stenfert Kroese, Leiden, 1957. p. 92.

gevra onder die aanname van *ceteris paribus* aantoon. Die heffing van AVB hef juis die *ceteris paribus* op en wel op basis van die vermindering in die reële inkomste. So ontstaan 'n nuwe vraagkromme.

Dieselfde redenasie geld met betrekking tot die aanbod - as gevolg van die elasticiteit van aanbod sal AVB lei tot 'n daling in aanbod (op die langtermyn) en dus tot 'n daling in die pryse van produksiefaktore, met die gevolg dat 'n nuwe aanbod met 'n nuwe elasticiteit ontstaan.

Elasticiteit van vraag en aanbod geld slegs 'n bepaalde punt (puntelasticiteit) en nie deurlopend nie; en dit is 'n verdere rede waarom hierdie nie 'n betroubare maatstaf vir die afwenteling van belastingdruk is nie.

(c) Wysiging in die relatiewe wins-/inkomsteposisie van die firma

Nouwens¹⁾ voer aan dat die konstantheid van beskikbare wins voor en na belastingheffing sonder 'n toename in produksie-aktiwiteit om die gevolge van belastingheffing te neutraliseer, 'n beter maatstaf vir oordrag van belastingdruk vorm. Indien geen verandering in winsposisie na belastingheffing plaasgevind het nie, het die firma daarin geslaag om belastingdruk (in sy geheel) oor te dra. By implikasie sou gesê kan word dat die mate waarin die

1) Nouwens, op. cit., p. 93.

winsposisie van 'n firma verminder na die hef van AVB 'n aanduiding kan wees van die omvang waartoe die belastingdruk oorgedra is op ander ekonomiese subjekte, hetsy verbruikers van die belaste produk of produksiefaktore van die belaste produk.

Die markvorm waaronder die firma opereer, is hier ook van belang. Bogenoemde maatstaf kan onder toestand van volledige mededinging toegepas word, maar nie in die geval van monopolie nie. Die monopolis het reeds voor die heffing van AVB die maksimumprys vir sy produk(te) gevra en dus sy maksimumwins bereik en daarom moet die belasting in sy geheel uit sy winste vergoed word.¹⁾ Indien hy sy prys sou verhoog, sal dit lei tot vermindering in sy wins omdat sy afset noodwendig moet daal, hoewel, weens sy hoogs nelastiese vraag, met 'n laer persentasie as in die geval van 'n dergelike prysstyging by volledige mededinging.

Hierdie opvatting van Nouwens is egter ook gebonde aan die *ceteris paribus*-klousule, want in werklikheid word 'n aantal bykomstige faktore in die samestelling van die volume beskikbare wins betrek, en dit kan moeilik geïsoleer word van die belastinginvloed.

1) Op die oog af gaan hierdie redenasie op; in § 6.3 tot 6.4 sal egter in meer besonderhede hierop teruggekom word en ander moontlikhede van optrede deur onder andere die monopolis aangewys word.

(d) Verandering in die relatiewe verbruikspatroon
van noue substitute

In die mate waarin die verbruik van belaste produkte ingekrimp word, vind daar 'n ooreenkomstige uitbreiding in verbruik van plaasvervangende produkte of dienste (wat ook spare mag insluit) plaas, sodat die toename in verbruik van onbelaste substitute 'n aanduiding mag wees van die graad van belastingdruk op die belaste produkte. Hierdie opvatting word ook deur die *ceteris paribus*-beperking beheers; dit erken die bestaan en invloed van die groot aantal ander faktore, soos die omvang van verbruik van 'n bepaalde artikel en sy plaasvervangers, of ook die moontlikheid om dit uit te skakel. Dit geld uiteraard ook net by 'n diskriminerende belastingheffing soos in die geval van 'n aksyns.

Die oorskakeling van verbruik na substitute sal egter weer eens deur die relatiewe vraagelastisiteite van die substitute bepaal word. Hierdie verskil in vraagelastisiteite gee reeds aan die *algemene* verkoopbelasting 'n diskriminerende invloed.

Indien die relatiewe vraagelastisiteite van produkte so weinig verskil dat daar nie veel substitusie tussen produkte sal plaasvind nie, bestaan die moontlikheid nog dat na spare as 'n plaasvervanger beweeg kan word - ten einde verbruik, wat duurder geword het as gevolg van die AVB, te bekostig, word spare daarvoor aangewend.

Indien die vraagelastisiteite van verskillende sub=stitute tesame met die verbruikspatrone daarvan bekend sou wees, sou hierdie maatstaf vir afwente=ling van belastingdruk 'n sekere meriete besit.

Indien die voorgaande vier maatstawwe vir die meting van die oordrag van belastingdruk teenoor mekaar afgewees word, blyk etlike tekortkominge in elke geval, maar die mate van konstanthouding van inkom=ste (maatstaf (c)) sal vir die doeleindes van hier=die studie die mees geskikte maatstaf vorm.

Daarby sal uitgegaan word van die *ceteris paribus*-ver=onderstelling, wat in terme van die teoretiese eko=nomie as abstraksie aanvaar word, waarvandaan in die praktyk aanpassings volgens konkrete omstandig=hede gedoen sal moet word.

4.3.2 Druk sonder skuld - die gemeenskaplike ver=lies (*Excess burden*)

(a) Omskrywing

In § 4.2 is na die belastinglas verwys as 'n opoffe=ring nie net in geldelike nie, maar ook in nie-ma=teriële sin. Nou het die AVB nog 'n *excess burden*, wat omskryf kan word as 'n groter opoffering deur die belastingpligtige as die voordeel wat die ower=heid verkry deur die belastinginkomste.¹⁾

1) Goedhart, op. cit., p. 142 e.v.

Nouwens verklaar die *excess burden* in terme van die belastingvermydingsreaksie op die belastingstoot. Die belastingskuld kan geheel of gedeeltelik vermy word, maar nie die druk van die belasting nie.¹⁾ Teenoor hierdie belastingdruk ontvang die owerheid geen inkomste nie: " ... *terwyl de economische subjec- ten de nadelen van de belastingheffing gevoelen, plukt de schatkist geen voordelen.*"²⁾

Nouwens verklaar voorts dat belastingvermyding el- ders³⁾ tot die ontstaan van belastingskuld kan lei. Selfs indien so 'n indirekte belastingskuld ont- staan, is daar nog sprake van *excess burden*: behalwe die indirekte belastingskuld voel die ekonomiese subjek nog die ekstra druk van 'n dalende inkomste of dalende wins (of dalende behoeftebevrediging) wat volg uit die belastingvermyding.

(b) Uitdrukking en lokalisering van *excess burden*

(i) Produsente- en verbruikersurplus

Die ontstaan van verbruikersurplus kan afgelei word uit die wet van dalende grensnut. Elke een- heid van 'n produk wat die verbruiker aankoop, kos soveel as wat die nut (waarde) van die vorige een- heid vir hom was. Maar die vorige eenhede van die


1) Verwys § 3.3 vir 'n verklaring hiervan.

2) Nouwens, op. cit., p. 8 - 9.

3) Op 'n punt waar dit nie die bedoeling was dat die druk sou rus nie.

betrokke goed het vir hom groter nut as die laaste eenheid (waarvoor hy dieselfde prys betaal het) - hy geniet dus 'n surplus op elk van hierdie vorige eenhede. Samuelson sê hieroor: *"There is always a gap between total utility and total market value. This gap is in the nature of a surplus, which the consumer gets because he 'receives more than he pays for'"*¹⁾

Fig. 1 Verbruikers- en produsentesurplus



2)

Die verbruiker koop hoeveelheid OE aan teen prys OC, waarvoor hy 'n totale bedrag van OCFE betaal. Die totale nut (in geldterme) wat hy egter uit hierdie hoeveelheid goedere ontvang, word verteenwoordig deur OVFE, wat 'n verbruikersurplus van CVF aan

1) Samuelson, P.A. Economics. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1970. p. 417.

2) VV = Vraagkromme, en AA = Aanbodkromme.

hom gee, wat groter sal word met daling in prys, en natuurlik sal afneem met styging in prys.¹⁾

Met prys = OG sal verbruikersurplus GVH beloop;
met prys = OD sal verbruikersurplus DVM beloop.

Produsentesurplus kan soos volg verklaar word: Vir 'n koste-uitleg = OAFE is die produsent bereid om hoeveelheid OE te produseer wat hy in die mark verkoop teen prys OC en opbrengs OC.OE, wat vir hom 'n surplus gee van ACF.

In die geval van die hef van AVB ontstaan nou 'n verlies aan verbruikers- en produsentesurplus wat groter is as wat die belastingopbrengs is wat die owerheid ontvang. Die onderneming verloor nl. inkomste as gevolg van prysverhoging wat 'n inkrimping in sy afset veroorsaak met gevolglike moontlike kostestygings. Daarby verloor die ondernemer ook nog 'n deel van die belasting wat hy nie van kopers van sy produk kan verhaal nie (die markvorm sal in hierdie geval bepalend wees). Die afwentelbaarheid van AVB word daarom in 'n groot mate bepaal deur die elasticiteite van vraag- en aanbodkrommes van die betrokke bedryfstak.²⁾ Afwentelbaarheid is groter na gelang die vraagkromme meer onelasties en die aanbod meer elasties verloop. Volledige af-

1) Samuelson, op. cit., p. 418.

2) Hier is sprake van totale elasticiteite, anders as in die geval waar slegs van vraagelasticiteit van 'n enkele produk sprake is. Verwys na bespreking in § 4.3 (b).


wenteling is alleen moontlik indien die vraagkromme vertikaal (dus volkome onelasties) en die aanbod=kromme horisontaal (volkome elasties) verloop. Dit is duidelik dat die voorwaardes selde indien ooit op presies die wyse in die praktyk aangetref sal word, en daar kan dus aanvaar word dat AVB oor die algemeen slegs gedeeltelik afgewentel sal kan word. Daar moet onthou word dat AVB *algemeen* is, dus van toepassing op alle produkte, met wisselende mate van vraagelastisiteite. Lg. sal dan ook verantwoordelik wees vir makliker afwenteling in die geval van die meer onelastiese, en moeiliker in die geval van meer elastiese vraagkrommes.

Gedeeltelike afwenteling beteken dus dat die firmas (soos hierbo uiteengesit) sowel as die verbruikers die druk van AVB sal ondergaan. Die verbruiker verloor verbruikersurplus deurdat die hoeveelheid wat hy bereid was om meer vir die produk as sy werklike prys te betaal, nou verminder word met prysstyging. Die verbruiker verloor egter meer as die prysstyging, met ander woorde meer as wat die owerheid aan belastingopbrengs ontvang. Op dieselfde wyse word die produsentesurplus aangetas; die produsent verloor meer inkomste as wat die owerheid aan belasting ontvang.

Fig. 2 - verwys bl. 219

AVB word gehêf ten einde belastingopbrengs DBP^1_E vir die owerheid te lewer (Fig. 2). Veronderstel

dat die verskuiwings langs die vraagkromme saamval met die substitusie-effek van die prysverhoging, sodat vermindering van verbruikerssurplus by benadering afgemeeet kan word aan die inkrimping van ΔCVP na ΔBVP^1 . Totale belastingopbrengs = DBP^1E , totale belastingdruk = DBP^1PE . Van die totale belastingopbrengs dra produsente $DCME$ en verbruikers



CBP^1M by (verwys na gedeeltelike afwenteling hierbo). Die totale *excess burden* word aangetoon deur EP^1P , waarvan EMP die *excess burden* op produsente, en MP^1P die *excess burden* op verbruikers weergee. Die

totale *excess burden* word dus onder verbruikers en produsente verdeel.¹⁾ Samevattend kan gesê word dat die heffing van 'n gedeeltelik afgewentelde belasting sowel die verbruikers- as produsentesurplus sterker aantast as wat dit ooreenkom met die bedrag aan belasting wat onderskeidelik deur die verbruiker en die produsent aan die owerheid afgedra word.

(ii) *Excess burden* in geval van verbruikersewewig²⁾
Veronderstel 'n alles-verbruik ekonomie (verbruiker bestee al sy inkomste op verbruik) en slegs twee produkte X en Z. 'n AVB word gehef wat op beide produkte (natuurlik!) teen dieselfde koers van toepassing is. Die verbruiker het nou die keuse om al sy inkomste aan òf X òf Z te bestee.


Fig. 3 - Verwys bl. 221

In e.g. geval (Fig. 3) sal hy OB van Z en OA van X kan aankoop. Hy kan ook besluit om van beide Z en X aan te koop, in welke geval hy OF van X en OG van Z kan aankoop - hierdie hoeveelhede word bepaal deur die onverskilligheidskromme ok_2 , waarvan die inkomstelyn AB 'n raakpunt by E vorm. Nou word 'n AVB gehef wat uit die aard daarvan teen dieselfde koers op beide produkte Z en X van toepassing is: die inkomstelyn A^1B^1 is parallel aan

1) Goedhart, op. cit., p. 153 - 154; soos ook deur Dalton voorgestel t.o.v. belastingdruk, § 4.3.1. (b).

2) Ontleding aan die hand van Musgrave, R.A. en Musgrave, Peggy B. *Public Finance in Theory and Practice*. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1976. p. 464 - 465.

Fig. 3 *Excess burden na aanpassing by heffing van AVB*



AB en het na links verskuif en wel omdat reële inkomste deur die belasting gelykmatig vir albei produkte verminder, terwyl die verhouding tussen die pryse van die produkte Z en X konstant bly.

Omdat AVB teen 'n eenvormige koers gehef word, is die opbrengs in terme van produk Z = opbrengs in terme van produk X: $A^1A = B^1B = E^1D = E^1K$. Die inkomstelyn A^1B^1 (na belastingheffing) vorm 'n raakpunt aan onverskilligheidskromme ok_1 by E^1 met gevolglike daling in hoeveelheid van X = HF en daling in hoeveelheid van Z = GJ.

Hier is ook sprake van *excess burden* wat aangedui kan word deur die verskil tussen totale verlies aan welvaart (in hierdie geval die vermindering van HF van produk X en vermindering GJ van produk Z) teenoor totale opbrengs wat die belasting oplewer. Die daling in reële inkomste van die verbruiker, soos geopenbaar in sy verminderde aankope, is egter groter as die belastingopbrengs wat die owerheid ontvang: $GJ + HF > A^1A$ (of B^1B of E^1D of E^1K) maar $< B^1B + A^1A$.

(iii) Omvang van die *excess burden*

Ten einde die omvang van die *excess burden* te probeer bepaal, word 'n konstante kostegeval (horisontale aanbodkromme) oorweeg, en *excess burden* word as verlies aan verbruikersurplus aangetoon. Die verbruiker bestee sy hele inkomste op produk X (Fig. 4,)

belasting sou hy OFLG vir hoeveelheid OG betaal het, nou moet hy OEKG betaal. FEKL is egter nie 'n volledige aanduiding van die druk wat op die verbruiker rus nie; hy verloor in werklikheid FEKD, waarvan LKD die *excess burden* aantoon - die verbruiker doen dus 'n groter opoffering as wat die omvang van belastinginkomste wat die owerheid ontvang, is.

Voor belasting het die verbruiker OFDH vir hoeveelheid OH betaal, terwyl hy bereid was om OBDH te betaal.¹⁾ Onder mededingende prysvasstelling word die pryse teen grenswaarde vasgestel en die verbruiker ontvang 'n verbruikersurplus, waarvan die omvang na belastingheffing = FEKN.²⁾

(iv) Elastisiteit van vraag en die omvang van *excess burden*

Die omvang van die *excess burden* sal ook varieer ooreenkomstig die elastisiteit van die vraag.³⁾ Die omvang sal kleiner word namate die vraag minder elasties word by enige aanvanklike peil van P en Q. Indien die vraag onelasties is, sal die verbruiker met die elastiese inkomste nie sy aankope by die prys aanpas nie, en die belasting kan nie met sy keuse inmeng nie; die hoeveelheid bly onveranderd.

1) Verwys in hierdie verband na § 4.3.2(b)(i).

2) Musgrave & Musgrave, op. cit., p. 466.

3) Die omvang van die *excess burden* kan kwantitatief bepaal word deur formule $\frac{1}{2}(Et^2PQ)$ waar E = pryselastisiteit van vraag, t = belastingkoers, P = voorbelastingprys en Q = hoeveelheid. Id. p. 468.

Verwys weer eens na Fig. 4. Veronderstel dat die vraagkromme vir produk X deur BA en vraagkromme vir Y deur MP verteenwoordig word. BA_X is minder elasties as MP_Y . In e.g. geval is *excess burden* = LKD; in lg. geval is *excess burden* = LKN. By die keuse tussen X en Y sal, indien die omvang van die *excess burden* in ag geneem word, produk X verkies word. In die mate wat die vraag na Y onelasties is, sal daar nie substitusie wat verbruik betref kan plaasvind nie. Maar op een of ander wyse moet die verhoogde prys van die produk (met onelastiese vraag) as gevolg van AVB bekostig word. Die een alternatief blyk te wees dat spare (of krediet) hiervoor aangewend moet word. Waar spare nie bestaan of die verkryging van krediet nie moontlik is nie, is 'n onvermydelike daling in lewenspeil die gevolg. Die ander alternatief is die substitusie van vrye tyd met werksinspanning - groter inkomste kan dan verkry word vir die handhawing van 'n onelastiese vraag teen 'n hoër prys op voorbe=lastingsvlak.

Indien aanvaar word dat ander keuses (bv. tussen reële inkomste en vrye tyd, of tussen huidige en toekomstige verbruik) vas is, kan aangetoon word dat totale *excess burden* verminder kan word indien die belastingkoers so gekies word dat relatiewe pryse onveranderd bly.¹⁾

1) Musgrave & Musgrave, op. cit., p. 467 - 468.

Opmerking: Die *excess burden* is hierbo hoofsaaklik belig vanuit die oogpunt van die verbruiker en firma, met ander woorde mikro-ekonomies. Die *excess burden* het egter ook sy uitwerking op die makro-ekonomie, en wel vir sover dit totale verbruik, totale produksie en totale belastinginkomste van die owerheid raak.

5. AVB en die huishouding

Wanneer die uitwerking van die AVB op die mikro-ekonomiese terrein nagegaan word, moet eerstens aandag aan die huishouding gegee word, omdat die algemene beskouing geld dat die huishouding (verbruiker) die uiteindelijke draer van die belasting is, Musgrave stel dit so: "*.. a sales tax on consumer goods .. is to the disadvantage ... of the consumer. This is in line with the traditional view that a sales tax on consumer goods is borne by the consumer.*"¹⁾ Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat dit ook die bedoeling van die wetgewer met AVB is dat die trefpunt die huishouding of verbruiker sal wees.

5.1 Die verbruiksfunksie van die huishouding

By die verbruiksfunksie is die pryspeil die bepaler van effektiewe vraag. Effektiewe vraag is die vraag wat deur genoegsame koopkrag gerugsteun word.

1) Musgrave, R.A. *Public Finance in Theory and Practice*. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1959. p. 379.

Die verbruiker ontvang 'n sekere inkomste (uit hoofde van die verkoop van die produksievermoë waaroor hy beskik, sy dit arbeid, grond, kapitaal of ondernemingsgees) wat hy gaan bestee volgens 'n sekere patroon. Hy kan òf alles verbruik òf alles spaar, of 'n kombinasie van verbruik en spaar met sy inkomste beoefen; lg. is die mees algemene geval.

Die belastingdruk wat enige huishouding as gevolg van die AVB sal ondergaan, sal afhang van die verdeling van sy inkomste tussen verbruik en spare. Hoe groter sy besteding op verbruik, hoe groter die ooreenkomstige belastinglas wat hy moet dra. Daarby moet in ag geneem word dat die geldinkomste van die verbruiker - op die korttermyn altans - in reële terme (met ander woorde wat hy uiteindelik met die geldinkomste kan koop) afneem as gevolg van die belasting. Indien pryse van verbruikersgoedere bv. met 10% as gevolg van AVB sou styg, sal 'n huishouding wat sy hele inkomste verbruik, 'n daling van 10% in reële inkomste ondervind. Die daling van inkomste in reële terme kan dan bepaal word volgens die verdeling van persoonlike inkomste tussen verbruik en spare.¹⁾

1) Musgrave & Musgrave, op. cit., p. 441. Hierdie verklaring word ook gegee deur Due, J.F. Sales Taxation. Routledge & Kegan Paul, London, 1957. p. 10. Due gebruik die term belastinglas in dieselfde konteks as wat Musgrave & Musgrave daling in reële inkomste gebruik.

Die belastinglas varieer direk volgens die veranderinge in 'n persoon se verbruiksbestedings. Dit is duidelik dat indien alle persone presies dieselfde bedrae van hul inkomste op verbruik bestee, die verdeling van die belastinglas op inkomste en verbruikspatrone presies dieselfde sal wees. Dan sal 'n belasting teen 'n eenvormige koers op alle verbruiksbestedings en op alle inkomste op presies dieselfde wyse verdeel word. Maar omdat spare plaasvind, sal die twee patrone verskil. Verbruiksbestedings kan egter op dieselfde vlak gehou word deur die vermindering van spare.

5.1.1 Diskriminerende aard van AVB

Volgens Musgrave is die term *algemene belasting* slegs 'n teoretiese konsep. Hy voer onder andere aan:

*"In practice, the so-called general taxes frequently involve hidden elements of discrimination against certain industries, firms, or factor shares."*¹⁾ Veral indien die komplekse en uiteenlopende kenmerke van die moderne ekonomiese gemeenskap in ag geneem word, word dit steeds moeiliker om 'n belasting te formuleer wat waarlik algemeen in sy toepassing sal wees.

Soos reeds verskeie kere in hierdie hoofstuk aange-
toon is, word die AVB juis diskriminerend van aard omdat dit teen 'n eenvormige koers toegepas word

1) Musgrave, op. cit., p. 154.

op produkte met 'n groot verskeidenheid van vraag= elastisiteite. Die diskriminerende aard kom ook tot openbaring in die feit dat alle huishoudings, ongeag inkomste= of welvaartspeil en met groot verskille in bestedingsgeneigdhede, op dieselfde wyse belas word. Daarby is die belastingpligtiges in wisselende mate in staat om aan die belasting= druk te ontkom, sy dit deur vermyding of deur kompensasie.

5.1.2 Verbruik

Die gedeelte van inkomste wat vir verbruik afge= sonder word, sal bepaal word deur die grensverbruiks= geneigtheid (MPC)¹⁾ of grensbestedingsgeneigtheid van die betrokke huishouding. Afhangende of die huishouding in 'n hoë of lae inkomstegroep val, sal die MPC laag of hoog wees. Die elastisiteite van vraag en aanbod het hier ook 'n beslissende rol. In die geval van die vraagkromme wat geheel onelasties is, sal die hele bedrag van AVB deur middel van prysstyging op die verbruiker oorgedra kan word. Die hoeveelheid geld beskikbaar vir goedere met elastiese vraag verminder ooreenkomstig, en die prys van lg. goedere sal daal. Indien die aanbod van goedere onderworpe aan AVB gekenmerk word deur oneindige elastisiteit, sal die hele bedrag van die belasting eweneens na die verbruiker

1) MPC = Marginal propensity to consume.

in die vorm van 'n prysstyging aangeskuif kan word.¹⁾
 'n Perfek elastiese aanbod veronderstel egter dat produksiefaktore weg kan beweeg, en daarvoor moet daar 'n belastingvrye gebied bestaan, wat nie die geval met AVB is nie, aangesien die belasting veronderstel is om algemeen te wees. Selfs al is die aanbod perfek elasties sal in 'n minder as perfek mededingende mark die styging in prys minder wees as die bedrag van die belasting, aangesien die verkopers 'n sekere gedeelte van die belasting uit abnormale winste sal kan bekostig.²⁾

Die invloed van AVB op verbruik word egter nie bepaal deur òf vraag= òf aanbodselasticiteit nie, maar deur albei gesamentlik. Indien bv. die aanbod van belaste verbruiksgoedere onelasties is en die vraag daarna elasties, sal die AVB deur die aanbieders gedra word en 'n produsentebelasting word.

5.1.3 Spare

Volgens die voorafgaande redenasie word 'n gedeelte van inkomste gespaar en 'n gedeelte verbruik. Wat sal die invloed van AVB nou op individuele spare wees? Die omvang van individuele spare en verbruik sal bepaal word deur die elasticiteit van die vraag

1) Verwys in hierdie verband § 4.3.2(b)(1).

2) By die bespreking van die uitwerking van AVB op firmas onder die verskillende markvorme word weer op hierdie saak teruggekom.


na inkomste; en dit op sy beurt bepaal weer die vermoë en begeerte om te werk en te spaar. Indien die vraag na inkomste perfek onelasties is, sal die AVB aanleiding gee tot groter inspanning en die neem van minder vrye tyd ten einde dieselfde inkomste= posisie as voor die hef van die belasting te kan handhaaf, en ook die verhouding tussen spare en verbruik onveranderd te hou. Sou daar egter 'n elastiese vraag na inkomste bestaan, kan die AVB tot gevolg hê dat geen ekstra werksinspanning sal volg nie; dit mag selfs lei tot die neem van meer vrye tyd. Die verbruiker is in hierdie geval duidelik nie daarin geïnteresseerd om sy posisie, met betrekking tot spare, soos dit voor die hef van die AVB was, te handhaaf nie. Die AVB sal in die meeste gevalle 'n minimale effek op werksinspanning hê, aangesien spare in die meeste gevalle verander word ten einde verbruik te handhaaf.

Die onderliggende motief vir spare mag egter nie buite rekening gelaat word nie. Is die doel met spare slegs uitgestelde verbruik, of is die doel investering (aankoop van kapitaalgoedere)?¹⁾ Die aanpassing in verbruik is deur Musgrave²⁾ ondersoek onder die aanname dat spare slegs met die oog op

-
- 1) Verdere fynere onderskeidings kan nog gemaak word. So bespreek Musgrave bv. die doel=, vaste verhouding= en oor=skotspaarder. Op genoemde aspekte word hier egter nie verder ingegaan nie.
 - 2) Musgrave, op. cit., pp. 260 & 263. Die bespreking wat op2) volg, is aan die hand van genoemde skrywer gedoen, met enkele aanpassings ten einde die aandag op die uitwerking op verbruik en gevolglik op spare te vestig.

uitgestelde verbruik gedaan word. Die posisie word dan grafies soos volg voorgestel.

Fig. 5 Invloed van AVB op tydsbepaling van verbruik: ontstaan van spare



Veronderstel 'n twee-periode model waarin die verbruiker òf al sy inkomste in periode 1 verbruik, of alles spaar om in periode 2 te verbruik.

Veronderstel verder dat, afhange van rentekoers, 'n kleiner verbruik in periode 1 'n groter verbruik in periode 2 kan verseker. Veronderstel ook dat alle inkomste in periode 1 gegee is, en slegs wat nie verbruik word nie (dus spare) na periode 2 oorgedra kan word. Neem ook aan dat die huidige en toekomstige verbruik onderhewig is aan dalende grensnut van inkomste.

OA = aanvanklike inkomste in periode 1, wat òf alles verbruik òf alles gespaar kan word, lg. teen 'n rentekoers $i = \frac{OB - OA}{OA}$, in welke geval verbruik in periode 2 aan OB gelyk sal wees. Die helling van die pryslyn of $OB/OA = (1 + i)$. Aanvanklike ewewig sal by C wees, met verbruik in periode 1 = OD en verbruik in periode 2 = OG.¹⁾

Veronderstel nou die hef van 'n AVB wat 'n belasting op verbruik in periode 1 voorstel. Dit lei onmiddellik tot 'n verhoging in die koers waarteen toekomstige verbruik deur huidige verbruik vervang sal word - dus groter spare in periode 1. Die helling van die pryslyn (inkomste) word skerper,

1) Hierdie hoeveelhede word bepaal deur die raakpunt C van die onverskilligheidskromme aan die inkomste* (pryslyn) AB bepaal.

sodat die belastingopbrengs in terme van verbruik in periode 1 = EA (en = BF in terme van verbruik in periode 2 waarvoor AVB teen 'n koers van NA/OA vereis word; en die nuwe pryslyn BN die pryslyn FE sny op 'n raakpunt aan onverskilligheidskromme ok_1 . Nuwe ewewig is by P en belastingopbrengs = PQ = EA in terme van verbruik in periode 1. P moet links van die voorbelastingewewig C geleë wees aangesien periode 1-verbruik as gevolg van die belasting verminder word. Die potensieel kragtige substitusie-effek van AVB op die huidige verbruik is van groot belang, aangesien dit 'n sterk aansporing bevat om verbruik uit te stel, veel sterker selfs as wat deur enige uitvoerbare monetêre beleid bereik kan word. Daarby kan die koers van so 'n AVB betreklik laag wees om steeds die gewenste resultate te verkry.

Bogenoemde bespreking het gegaan oor spare in periode 1 met die doel om dit in periode 2 vir verbruik aan te wend. Die betaling van belasting word nie ontwyk nie, maar alleen uitgestel¹⁾ indien die belasting in periode 2 ook van toepassing sou wees - anders as die veronderstelling in die laaste paragraaf.²⁾

Die rentekoers as aansporende faktor vir uitstel van verbruik na periode 2 moet ook in gedagte gehou

1) Winfrey, J.C. Public Finance. Harper & Row, New York, 1974. p. 423.

2) Sien Due, op. cit., (Sales Taxation) p. 11 vir dieselfde argument.

word. Selfs al sou die AVB in periode 2 ook van toepassing wees, sal, *ceteris paribus*, die bedrag beskikbaar vir besteding op verbruik dan groter wees.

Die veronderstelling was deurgaans dat spare in die toekoms (periode 2) vir verbruik aangewend sal word. Dit is egter nie altyd die geval nie, aangesien spare om 'n verskeidenheid redes onderneem word, waarvan uitgestelde verbruik slegs een is. Dikwels word spare as 'n doel op sigself beskou en speel die geldillusie¹⁾ 'n belangrike rol, en die reële waarde van spare word nie noodwendig as minder beskou as gevolg van hoër pryse nie. Dit is veral die geval waar gespaar word met die oog op besigheidsuitbreiding (investerings). Daarby mag die AVB deur baie persone as 'n tydelike belasting beskou word, en dus sal die bestaan van dié belasting nie die reële waarde van spare verminder nie, selfs al word spare spesifiek vir toekomstige verbruik gemaak.²⁾

5.1.4 Gelykheid of regverdigheid³⁾

Soos reeds beweer, word tradisioneel en algemeen aanvaar dat AVB deur verbruikers gedra word. Druk

1) Indien verbruikers onder die geldillusie verkeer, beteken dit dat hulle verbruiksfunksie dieselfde bly as voor die hef van AVB; in hierdie geval sal spare dieselfde bly.

2) Due, op. cit., p. 12. (Sales Taxation).

3) Verwys in hierdie verband na hoofstuk IV § 2.1.

word primêr bepaal deur die aanwending van inkomste en aangesien die verhouding van verbruik tot inkomste (gemiddelde verbruiksgeneigdheid) daal wanneer na bo beweeg word langs die inkomsteskaal, daal die verhouding van belastinglas tot inkomste. Dit is die basis waarop AVB as regressief en dus as onregverdig aangemerkt word.¹⁾

5.2 Die produksiefunksie van die huishouding

In aansluiting by § 2 hierbo word die individu of huishouding nou beskou in sy kapasiteit as leweransier van produktiewe dienste. Hoe produktiewer die huishouding is, hoe groter sal sy persoonlike inkomste, en dus besteebare inkomste, wees. Vanselfsprekend sal die verbruik dan toeneem, met 'n diensooreenkomstige groter vraag na die produktiewe dienste, wat daartoe sal lei dat die vraag na die produktiewe dienste meer onelasties sal word. Op dié wyse kan die individuele huishouding deur sy produktiwiteit die elastisiteit van die vraag na sy dienste bepaal.

In die bespreking hierbo is die verandering in persoonlike inkomste as maatstaf vir die meting van belastingdruk gebruik en is ook aangetoon dat hierdie verandering in inkomste van sowel die inkomste- as uitgawekant van die huishouding besien behoort te word. Hierdie verandering in

1) Musgrave & Musgrave, op. cit., p. 442.

persoonlike inkomste van die verskillende huis= houdings binne die hele ekonomie is dan ook uiteindelik bepalend vir die makro-ekonomiese belastingdruk wat in die volgende hoofstuk bespreek sal word.

6. Die AVB en die firma

6.1 Die firma in die belastingopset

Die firma of onderneming is die belastingbetaler wanneer 'n AVB gehef word. Hoewel, soos dikwels reeds gesê, die bedoeling van die owerheid is dat die verbruiker die belastingsubjek of belasting= pligtige sal wees, word die firma betrek; nie net deur verantwoordelik te wees vir die invordering en oorbetalings van AVB nie, maar ook daarin dat die pryse van die produkte wat hy aanbied as basis vir die berekening van die belasting gebruik word. Die prys van die produk styg met die bedrag van die belasting en stygende pryse moet 'n invloed uitoefen op die vraag= en aanbodskedules van die onderneming. Behalwe dat die verbruiker die druk en las van die AVB ondervind, bly die firma nie onaangeraak deur die belasting nie. Due wys daarop dat die opneem van fondse deur AVB nie in isolasie gesien moet word nie maar dat die beste= ding van sodanig verkreeë fondse deur die owerheid ook in ag geneem moet word¹⁾ - dadelik is die firma weer betrokke, en wel vir sover sy produkte

1) Due, J.F. The Incidence of the General Sales Tax. Public Finance, Vol. 5, 1950. p. 223.

met hierdie belastingopbrengs deur die owerheid aangekoop word.

In die bespreking wat volg sal hierdie besteding van AVB-opbrengs betrek word, en wel deur aan te neem dat die belastingopbrengs op die wyse wat hierbo uiteengesit is, bestee sal word. Alhoewel dit op die oog af mag voorkom asof hierdie saak betrekking het op die makro-ekonomiese terrein, het dit tog wel sy invloed op die firma - soos dit in die mikro-ekonomiese opset tot openbaring kom.

6.2 Die markvorm

Die uitwerking van die AVB op die firma soos dit onder verskillende markvorme opereer, sal vervolgens in oënskou geneem word. In dié verband beweer Due: "*... the nature of competitive conditions is important, particularly as it determines the extent to which immediate price adjustments can be made in response to the tax.*"¹⁾

6.2.1 Volledige mededinging

Vir elke onderneming is die gemiddelde inkomsekromme (AR - in gewone taal die vraagkromme) beslissend vir die mate van afset van sy produk in die mark. Hierdie AR-kromme word bepaal deur die aantal markdeelnemers of aanbieders en die graad van produkdifferensiasie of homogeniteit van die

1) Due, J.F. op. cit., p. 256 (Quarterly Journal of Economics).

aangebode produkte. Vanselfsprekend is die homogeniteit van die produkte afhanklik van die substitueerbaarheid daarvan; dus hoe meer mededingers in die mark aanwesig is en hoe groter die graad van homogeniteit of vervangbaarheid, hoe meer elasties sal die vraagkromme van die onderneming word, tot in die uiterste geval waar die vraagkromme 'n elastisiteit van oneindig (∞) sal bereik, wat beteken dat teen 'n gemeenskaplike prys enige hoeveelheid van die onderneming se produkte bemark kan word. Saam met vryheid van vestiging in die mark kan dit aanvaar word as die markvorm van vrye mededinging. Volledige mededinging is egter 'n breër begrip wat ook volledige kennis van die mark behels asook die afwesigheid van vervoerkoste en volledige mobiliteit van produksiefaktore.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die individuele onderneming in hierdie markvorm nie 'n invloed op die prysbepalingsproses het nie, maar afhanklik is van die wisselwerking van die totale vraag- en aanbodkrommes in die bedryfstak waartoe die spesifieke onderneming behoort. Die markprys wat deur die wisselwerking van vraag- en aanbodkrommes tot stand kom, is 'n gegewe vir elke onderneming wat tot die bedryfstak behoort. Dit beteken dat die inkomsteposisie van elke onderneming in 'n volledig mededingende mark 'n vaste gegewe is teen die heersende markprys wat die sg. *competitive level* voorstel. Elke individuele onderneming onderskei hom egter


van ander deurdat hy sy eie unieke kostestruktuur besit. Daarom is winsposisies van ondernemings in die volledig mededingende mark nooit homogeen nie, maar bestaan daar marginale sowel as supermarginale ondernemings; e.g. se totale koste, insluitende normale wins, word deur die markprys gedek, terwyl in lg. geval die markprys meer as totale koste dek - dus word 'n abnormale wins gerealiseer. Hierdie posisie geld egter slegs vir die korttermyn aangesien die bestaan van abnormale wins, weens vrye toetrede en volledige markkennis, nuwe mededingers sal aantrek; sodat die langtermynwinsposisie marginale ondernemings moontlik maak slegs waar gemiddelde koste (insluitende normale wins) deur gemiddelde inkomste (prys) gedek word. Dit blyk dus dat daar 'n besonder noue verhouding bestaan tussen individuele ondernemings en die bedryfstak, hoewel dit net die markvorm van volledige mededinging geld. Hierdie markvorm is egter, vanweë veronderstellings waarna hierbo verwys is, slegs 'n teoretiese moontlikheid wat in die praktyk wel benader kan word maar nie volledig kan bestaan nie.

Fig. 6 - verwys bl. 241

Die $AR = MR^{1)}$ -kromme is 'n horisontale reguit lyn wat die vraagkromme van die bedryfstak voorstel, en 'n elasticiteit $= \infty$ het. In die geval van die

1) MR = grensinkomste (marginal revenue)

Fig. 6 Volledige mededinging op die korttermyn



supermarginale onderneming word 'n abnormale wins = BPDC gerealiseer, wat afwesig is by die marginale onderneming waar slegs normale wins behaal word.

6.2.2 Monopolie

Die monopolis is die alleenprodusent of alleenaanbieder van 'n bepaalde produk; en die omvang van sy afset in die mark sal eweneens bepaal word deur die AR (vraag)-kromme. Die monopolis is egter die alleenbepaler van die AR-kromme, omdat daar geen ander markdeelnemers is met wie hy rekening hoef te hou nie. Die maksimumwins wat deur die monopolis gerealiseer kan word, word ook, net soos by volledige mededinging, bepaal waar $MC^{1)} = MR$. Die monopolis word egter met die totale markvraagkromme gekonfronteer, met ander woorde die verskillende hoeveelhede wat deur verbruikers teen verskillende pryse aangevra sal word. Die vraagkromme van die monopolis sal dus 'n dalende neiging vertoon: uitbreiding van afset sal daling in sy markprys tot gevolg hê, en omgekeerd. Die monopolis is egter nie in staat om beide prys en hoeveelheid onafhanklik van mekaar te varieer nie.

'n Verdere aanname wat by monopolie essensieel is, is die feit dat daar geen vryheid van toetrede tot die mark bestaan nie. Die realisering van abnormale wins (ook op die langtermyn) deur die mono-

1) MC = grerskoste (marginal cost).

polis wat die optimumposisie tussen vraag en prys weergee, sal dus geen nuwe mededingers tot die mark vir hierdie besondere produk laat toetree nie. Daar is dus geen konkurrensie uit hoofde van ander mededingers nie; maar ook wat betref die produk van die monopolis is konkurrensie afwesig. Daar bestaan met ander woorde geen substituuat vir die produk van die monopolis nie - die verbruiker is dus by implikasie nie vry om sy inkomste te bestee soos hy wil nie.

Chamberlain beskou hierdie situasie soos volg:

*"Since competition is always a matter of substitutes, and since substitutes are always a matter of degree, so that in the last analysis everything is a substitute for everything else as we weigh alternative avenues of expenditure for our incomes, there would be pure monopoly only when a single authority controlled every economic good."*¹⁾

Die bestaan van suiwer monopolie is, net soos volledige mededinging, slegs 'n teoretiese moontlikheid, en so word verskeie vorme van monopolieë vir verskillende redes aangetref.

Fig. 7 - Verwys bl. 244

Die maksimum abnormale wins wat die monopolis kan behaal word aangetoon deur QPTR, teen prys OP en hoeveelheid OM, met die veronderstelling dat die


1) Chamberlain, E.H. Monopolistic competition revisited. *Economica*, Nov. 1951. p. 352.

omvang van die afset bepaal word deur $MC = MR$.

6.2.3 Onvolledige mededinging

(a) Monopolistiese mededinging

Soos gestel, is die markvorme van volledige mededinging en monopolie twee uiterstes wat slegs teo=



reties moontlik is. Die meer realistiese mededingingstoestande wat tussen hierdie twee uiterstes bestaan en in die praktyk aangetref word, is in die dertigerjare veral deur Edward Chamberlain in sy *Theory of Monopolistic Competition* en Joan Robinson in *The economics of imperfect competition* onder die

aandag gebring.


Monopolistiese mededinging word gekenmerk deur die groot aantal markdeelnemers of aanbieders wat produkte met 'n sekere graad van differensiasie aanbied. Saam vorm hulle 'n bedryfstak wat onder toestand van vrye toevloed en uitrede opereer. Elke firma word deur sy eie AR- of vraagkromme gekonfronteer, wat tesame met sy kostetoestande bepaal op watter hoogte hy die prys van sy produk gaan vasstel ten einde 'n gegewe hoeveelheid van die hand te sit. Sy prysaanpassings sal egter beïnvloed word deur optrede van mededingers wat nuwe substitute vir sy produk aanbied. Die firma is dus 'n eie bedryfstak en het te doen met besluite van ander deelnemers aan die mark, afhangende van die graad van differensiasie van die produk.

Firmas wat onder toestande van monopolistiese mededinging sake doen, sal, net soos die geval by volledige mededinging, op die korttermyn abnormale winste kan realiseer, maar sal op die langtermyn, as gevolg van die aanname van vrye toetreding, slegs normale winste maak. Die omvang van die normale winste kan egter ook verskil, afhangende van die populariteit van die produk van die besondere firma.

Fig. 8 - Verwys bl. 246

Op die korttermyn word 'n abnormale wins = QPSR

Fig. 8 Marksituasie onder monopolistiese mededinging



gerealiseer, terwyl die langtermynposisie slegs normale wins teen prys OP en hoeveelheid ON op=lewer.

(b) Oligopolie


Een van die belangrike variante van onvolledige mededinging is die markvorm oligopolie, wat in hooftrekke gekenmerk word deur 'n klein aantal aanbieders of markdeelnemers wat homogene produkte aanbied. Omdat daar 'n klein aantal mededingers is, is dit moontlik dat die aksies en reaksies van mededingers wel deeglik in ag geneem word by die vasstelling van pryse. Op grond hiervan kan aangeneem word dat in die oligopolistiese mark die inisiatief tot prysverlaging nagevolg sal word indien die sg. *kopersmark* bestaan; terwyl prysverhoging deur mededingers nagevolg sal word in die geval van die *verkopersmark*.

Die grafiek hieronder illustreer die vraagkromme van die oligopolis wat volgens die Hall en Hitch-veronderstelling van die *full-cost principle* inhou dat die knik in die vraagkromme met die prys saamval om, behalwe volledige kostedekking, ook 'n redelike wins te verseker.

Fig. 9 - verwys bl. 248

Die oligopolis sien naamlik sy vraagkromme met 'n knik daarin: die gedeelte onder die heersende prys sien hy as minder elasties dan die gedeelte

Fig. 9 Die geknikte vraagkromme van die oligopolis
Kopers- en verkopersmark



hoër as die heersende, omdat hy aanneem dat mede= dingers slegs prysverlaging sal navolg. Hier is dus sprake van 'n kopersmark, wat veronderstel dat daar 'n groot mate van onderbesetting in die bedryfstak bestaan.

DD^1 is die AR(vraag)-kromme, met gepaardgaande MR-kromme Dd^1 . BB^1 -vraagkromme en Bb^1 MR-kromme hoort bymekaar. Die vraagkromme uit bg. diagram word verteenwoordig deur BPD^1 met PD^1 as die gedeelte van die vraagkromme soos dit in die kopers= mark tot openbaring sal kom - prysverlaging word nagevolg. In hierdie geval word die grensinkomste verteenwoordig deur $Bcfd^1$; waar MC die MR op enige punt tussen c en f sny, bly die prys konstant vir kopers= sowel as verkopersmark. Die vraagkromme vir die verkopersmark, waar bronne ten volle benut en selfs oorbeset is sodat prysstyging maklik kan plaasvind en selfs deur mededingers nagevolg word, word verteenwoordig deur DPB^1 . 'n Omgekeerde knik doen hom voor, en die grensinkomstekromme (MR) is in hierdie geval $Dfcb^1$ - die gedeelte tussen f en c verteenwoordig weer eens 'n konstante prys vir kopers= sowel as verkopersmark.

Die reaksies op die optrede van die prysleier sal dus verskil namate die mark as 'n kopers= of verkopersmark aangetoon kan word, en daarmee saam sal die ligging van die knik in die vraagkromme van die oligopolis ook bepaal word.

6.3 Invloed van die AVB in die geval van volledige mededinging

Alhoewel die AVB op 'n wye verskeidenheid verbruikersgoedere en dienste teen 'n eenvormige koers gehef word, is die belasting, soos tevore reeds gestel, diskriminerend van aard in sy uitwerking; in hierdie gevalle vanweë die verskillende kosteposisies van die firmas op wie se produkte die belasting gehef word. In die geval van die onvolledig mededingende mark werk die diskriminerende aard van die AVB ook deur die verskil in vraagelastisiteit van gedifferensieerde produkte, wat egter by die markvorm van volledige mededinging nie geld nie.

'n Tweeledige benadering is moontlik met betrekking tot die effek van die AVB op die individuele firma in die volledig mededingende mark, nl. 'n toename in koste van alle firmas in die bedryfstak wat 'n verskuiwing in die aanbodkromme tot gevolg sal hê; of anders kan die belasting beskou word as 'n vermindering van die AR- of vraagkromme. Musgrave verklaar: *"The tax, therefore, may be thought of as causing a parallel upward shift in the average-cost schedule, or it may be looked upon as causing a similar downward shift in the average revenue schedule."*¹⁾ Met die oog op groter duidelikheid word lg. benadering gevolg.

1) Musgrave, op. cit., p. 288.


As gevolg van die verandering in die inkomsteposisie van die verskillende ondernemings sal sekere aanpassings moet plaasvind, wat in die geval van volledige mededinging altyd via die verdwyning van die marginale onderneming geskied.

Fig. 10 - Verwys bl. 252

Voor belastingheffing bestaan 'n ewewigsposisie in die mark met AR(vraag)-kromme $= V^1V^1$ en $AR^1 = MR^1$, met prys OP^1 x hoeveelheid OM^1 , ($OM^1 = ON^1 + ON^2$) wat aan onderneming A wat 'n supermarginale onderneming is, 'n abnormale wins van $T^1P^1R^1S^1$ laat realiseer. Onderneming B, 'n marginale onderneming, realiseer geen abnormale wins nie. 'n AVB word gehief, en as 'n vermydingsaksie (deur negatiewe kompensasie) word die hoeveelheid verminder na $OM^2 = ON^3 + ON^4$. 'n Netto AR-kromme, nl. V^2V^2 ontstaan, wat gelyk is aan AR - belasting, en wat dus nie as 'n markvraagkromme beskou kan word nie. Terselfdertyd sal die daling in prys van OP^1 na OP^2 waarskynlik nie die volle bedrag van die belasting voorstel nie, en wel in die mate wat terugwenteling na die gespesialiseerde produksiefaktore, wat op die korttermyn nie ander aanwendingsmoontlikhede kan vind nie, plaasvind. Die abnormale wins van die supermarginale onderneming verminder na $T^2P^2R^2S^2$.

Die daling in prys van OP^1 na OP^2 lei egter daartoe dat die marginale onderneming B uit die mark sal verdwyn; prys OP^2 beteken vir lg. 'n verlies

Fig. 10 Invloed van AVB op die volledig mededingende mark



gelyk aan $T^1P^2R^1S^1$. Die verdwyning van die marginale onderneming is 'n kernsaak by afwenteling van belastingdruk in enige markvorm waar 'n element van mededinging aanwesig is, veral dus in die markvorm van volledige mededinging.

Die daling in die hoeveelheid na OM^2 laat die prys styg weens die behoud van vraag maar daling in aanbod - die vraers moet nou by die oorblywende ondernemings geholpe raak na die tydsverloop wat vir die totstandkoming van bogenoemde nodig was.

Die prysverhoging wat nou ontstaan (OP^3) geskied op die langtermyn weens die inkrimping van produksie en die behoud van die oorspronklike vraagkromme V^1V^1 - dit dui op afwenteling weens die groter abnormale wins wat nou deur die supermarginale ondernemings gerealiseer word.

Indien die owerheid nou die fondse wat voorheen vir privaat verbruiksbesteding beskikbaar was, maar deur AVB in die skatkis opgeneem is, terugplaas in die bestedingstroom deur die aankoop van belaste goedere in die volledig mededingende mark, sal 'n nuwe AR-kromme nl. V^3V^3 met gepaardgaande $AR^3 = MR^3$ vir elke individuele onderneming, ontstaan. Daar is egter nou, vanweë die verdwyning van marginale en in sommige gevalle supermarginale firmas (wat in 'n sub-marginale posisie beland het), minder firmas as tevore wat in die groter vraag moet

voorsien.

Owerheidsbesteding plaas hierdie supermarginale firma A in 'n beter posisie as waarin hy voor belastingheffing was deurdat hy nou oor 'n groter deel van die mark beskik en selfs die posisie van 'n prysleier kan begin inneem. Die voorheen supermarginale onderneming realiseer nou 'n nog groter abnormale wins, nl. $T^3P^3R^3S^3$, as voor belastingheffing. Die verdwene marginale onderneming kan nou weer tot die mark terugkeer, in welke geval hy 'n abnormale wins gelyk aan $P^1P^3R^3S^3$ sal realiseer. Sodra dit egter gebeur, daal die prys en word dié onderneming weer submarginaal. Die firmas sal dus in 'n veel meer mededingende verhouding te staan kom wat, as dit ver genoeg gevoer word, kan lei tot 'n oligopolistiese markverhouding. AVB kan dus as 'n voorwendsel gebruik word om van mededingers ontslae te raak of oor te neem, afhangende van die voorbelastingwinsposisie van die betrokke onderneming. 'n Verdere gevolgtrekking is dan dat hoe wel AVB oënskynlik algemeen is, sy uitwerking in die volledig mededingende mark diskriminerend van aard is.

6.4 Invloed van AVB in die geval van monopolie

Wanneer 'n AVB as 'n waardebelasting gehef word, is daar twee moontlike wyses van optrede vir die monopolis moontlik. Eerstens kan hy besluit om die hele bedrag van die belasting vir eie rekening te

neem en dit uit sy abnormale wins te bekostig, gewoonlik op grond van die elastisiteit van die vraag, want tensy 'n monopolis 'n perfek onelastiese vraag het wat volledig vertikaal verloop (wat selde indien ooit aangetref word) moet hy, hoewel 'n monopolis, tog met vraagelastisiteite rekening hou. Hierdie wyse van optrede beteken 'n verswakking van sy posisie en verteenwoordig uiteindelik 'n definitiewe verlies.

Die ander wyse van optrede bestaan in die volg van 'n pryspolitiek:¹⁾ dit verteenwoordig ook 'n verlies; maar waarskynlik as gevolg van oorskatting van die graad van elastisiteit van sy vraag kan dit vir hom minder skadelik wees as wat hy gereken het, en in elk geval 'n kleiner verlies meebring as wanneer hy die eerste moontlikheid sou volg.


Die volg van 'n pryspolitiek kom daarop neer dat die monopolis 'n hoër prys vasstel en die konsekwensies daarvan t.a.v. die afsetvolume aanvaar. Hierdie aanvanklike prysverhoging sal nie die volle bedrag van die belasting verteenwoordig nie, vir sover as wat 'n gedeelte van die belasting teruggewentel word na gespesialiseerde produksiefaktore (in die vorm van verlaagde vergoeding) wat op die korttermyn nie ander aanwendingsmoontlikhede kan vind nie.²⁾

1) Nouwens, op. cit., p. 41 e.v.

2) Due, op. cit., p. 222 e.v. (Public Finance, Vol. 5).

Indien die monopolis sodanige pryspolitiek volg, kan die volgende diagrammatiese benadering die feitelike posisie in konkrete terme weergee.

Fig. 11 Invloed van AVB op die marksituasie van 'n monopolis



Weer eens kan die belasting beskou word òf as 'n koste-plusfaktor, òf as 'n inkomste-minusfaktor; weer eens word lg. benadering gevolg.

Aanvanklike prys = OB, hoeveelheid = OM, abnormale wins = CBED. Die volg van 'n pryspolitiek ná belasting sal lei tot styging in prys van OJ en daling in hoeveelheid na OM¹; abnormale wins = FJHG, waarvan die owerheid KJHS as belastinginkomste op-eis en die monopolis met abnormale wins = FKSG laat. Die reaksie van die vraag sal groter wees vir elke verandering in pryspeil namate AR (vraag) in 'n meer elastiese posisie beweeg, en omgekeerd.

Die pryspolitiek kan egter uit 'n aantal prysaanpassings in plaas van 'n enkele, bestaan. Die aantal prysaanpassings sal bepaal word deur die reaksie wat volg op die aanvanklike (opwaartse) prysaanpassing.

Maar indien die volle belastingbedrag (nadat invorderings- en administrasiekoste vergoed is) vir vraaguitoefening aangewend word terwyl die owerheid 'n bestedingsgeneigdheid van groter as 1 het, kan die vraag toeneem met meer as wat die prysstyging die vraag laat daal het.


6.5 Invloed van AVB in die geval van onvolledige mededinging

(a) Monopolistiese mededinging

Wanneer die onvolledig mededingende mark (in hierdie geval die monopolisties mededingende mark) met die heffing van AVB te doen kry, sal die neiging bestaan om die belasting aan te skuif na die huishouding as verbruiker van die produk met gevolglike styging in die prys en daling in aanbod. Hier is egter weer eens sprake van die relatiewe elastisiteite van vraag, aangesien elke firma 'n eie bedryfstak vorm en uit die aard van die saak deur 'n eie vraagkromme met 'n eie elastisiteit gekonfronteer word. Die daling in die hoeveelheid en die styging in prys sal dan deur die relatiewe elastisiteite van die vraag bepaal word - hoe meer die elastisiteit van vraag na ∞ neig, soos in die geval van volledige mededinging, hoe kleiner sal die prysstyging wees teenoor 'n gegewe daling in aanbod. Indien die onvolledighede in die mark tot realisering van abnormale winste aanleiding gee, sal dieselfde analise as in die geval van monopolie geld.

Fig. 12 - verwys bl. 259

Met aanvanklike prys ON en hoeveelheid OT waarteen hierdie markdeelnemer onder monopolistiese mededinging opereer, sal hy abnormale wins = ANRE realiseer. Na heffing van AVB en gevolglike belastingvermydingsaksie (deur negatiewe kompensasie) deur die firma, wat aangetoon word in vermindering in sy aanbod met ST (OT - OS) en gevolglike prysstyging na OP (met NP), is die abnormale wins = CPQK.



As gevolg van verlaagde wins sal marginale ondernemings moet sluit, wat meebring dat die vraag by supermarginale ondernemings sal toeneem met die marktaandeel van die geslote ondernemings. Daarby kan die vraag verder na regs verskuif deur owerheidsbesteding op die produk van hierdie supermarginale onderneming, met nog groter abnormale wins = JFGH; die prys kan selfs daal en wel na OF terwyl hoeveelheid toeneem na OT¹. Die afwentelbaarheid van AVB word bepaal deur die mate waarin die nuwe AR (AR³) na regs verskuif.

4(b) Oligopolie

In die hoogsontwikkelde kapitalistiese ekonomie word die markvorm van oligopolie in oorheersende mate aangetref. In die praktyk maak die firmas wat op hierdie wyse meeding, grotendeels gebruik van 'n persentasie *mark-up* in hul prysbepalingsproses. Hierdie persentasie word dan bereken met die oog op die realisering van 'n wins nadat alle koste gedek is. Die omvang van hierdie persentasie sal bepaal word deur die elastisiteit van die vraag na die produk van die betrokke oligopolis, *met ander woorde wat die mark kan dra*. Van hierdie wyse van prysvasstelling word gebruik gemaak omdat kosteskedules nie altyd bekend is nie. Die wyse van optrede na die heffing van 'n AVB sal in hierdie geval vir die oligopolis betreklik eenvoudig wees: hy beskou AVB as 'n koste-item wat by die prys van sy produk gevoeg moet word, en hy sal

so optree omdat hy ver wag dat sy mededingers dit ook sal doen.


Die oligopolis kan egter ook die AVB bereken op die sg. *kosprys* van sy produk, en pas daarna die persentasie *mark-up* toepas. So 'n tipe prysverhoging sal daartoe lei dat groter winste vir die groep as geheel gerealiseer sal word, en wel indien die vorige prys nie reeds totale winste vir die groep as geheel gemaksimaliseer het nie. Dit is waarskynlik dat maksimumwinste nog nie tevore verkry is nie uit vrees vir verhoogde mededinging.

Indien die owerheid die belastingopbrengs op die produkte van die oligopoliste (met relatief onelastiese vraag) sou bestee, sou die gemiddelde koste daal vanweë beter benutting van bronne (soos die geval in 'n kopersmark sal wees). Dit kan lei tot realisering van groter winste en gevolglike toetrede van nuwe firmas wat tot addisionele mededinging sal lei.

Fig. 13 - verwys bl. 262

Wanneer die uitwerking van AVB-heffing op die oligopolis nagegaan word in die geval van die meer teoretiese prysvasstelling, waar wel van kostes en inkomsteskedules gebruik gemaak word, sal blyk dat prysaanpassings waarskynlik stadiger geskied en ook nie op so 'n eenvormige wyse as in die geval van die persentasie *mark-up* nie. Kosteskedules van

die markpartye verskil, en sommige kan 'n groter gedeelte van die belasting uit winste absorbeer as ander.



Die bogenoemde styging in die pryse van oligopoliste sal aanleiding gee tot verhoging van die winspeil

van die hele groep. Voorheen was die samewerking tussen markpartye nie voldoende nie, en oligopoliste verkry selde maksimum gemeenskaplike winste weens die onderlinge verskeidenheid in belange en die probleem om ooreenstemming te bereik t.a.v. *non-price elements*.

Met die heffing van AVB sal die oligopoliste die belasting gewoonlik as 'n algemene kostefaktor beskou. Of die belasting egter in die prys verreken sal word, sal afhang van die optrede van die prysleier en ook of die mark 'n kopers- of verkopersmark is.

Veronderstel 'n verkopersmark en die optrede van die prysleier deur verhoging in sy prys; en veronderstel die navolging van ander markdeelnemers. Die punt van die knik in die AR(vraag)-kromme word opwaarts na links verskuif, en hierdie verskuiwing gaan gepaard met die verhoging van die MC-kromme. Die vooruitverskuiwing van die belastingdruk word dus 'n sterk moontlikheid.

'n Sekere mate van onsekerheid bly egter in die mark bestaan, en die volle bedrag van die belasting hoef nie vorentoe verskuif te word nie, omdat die graad van mededinging laag mag wees en die vrees mag bestaan dat ander markpartye nie die prysverhoging sal navolg nie (wat waarskynlik die geval in 'n kopersmark sal wees). Die hoër prys kan dan nie gehandhaaf word nie. Die prys kan verder

net verhoog word in die mate waarin maksimumwins van die groep tevore nog nie die optimumpeil bereik het nie; dit wil sê die prys sal net verhoog word tot die peil van $TMR = TMC^1)$, en die styging in die prys sal waarskynlik minder wees as die bedrag van die belasting, veral as $TAR^2)$ baie elasties is bo die bestaande pryspeil: dan sal enige aansienlike styging in die prys onbetalend wees selfs al word verhoging deur alle ondernemings deurgevoer, want verlies aan omset sal dan te groot wees.

Hier moet beklemtoon word dat die prysaanpassings in die oligopolistiese mark baie versigtig gehanteer sal word sodat 'n eenmalige verhoging van OP na OP^1 onwaarskynlik is - eerder sal dit in stadia plaasvind namate die eksperiment deur die prysleier vorder.

Met owerheidsbesteding van belastinginkomste sal die hoeveelheid produkte van die oligopolis gevra, verhoog; en oordrag van belastingdruk word makliker gemaak sodat prys sal styg. In die geval van 'n kopersmark mag groter vraag egter prysstygings vertraag, deurdat belasting gedeeltelik deur beter bronbenutting vergoed kan word.

Indien vraagtoename as gevolg van owerheidsbestedings vertraag of voorkom word, bestaan die moont-

1) TMR = totale grensinkomste; TMC = totale grenskoste.

2) TAR = totale gemiddelde inkomste. TMR , TMC , TAR het op die groep betrekking.

likheid dat die vraag op die voorbelastingpeil herstel kan word - die owerheid bestee al die AVB-opbrengs op die produkte, en wat plaasvind is slegs 'n verplasing van vraag: wat tevore deur die prievaathuishouding aangekoop is, word nou deur die owerheid aangekoop met die koopkrag wat deur middel van AVB van die privaat huishoudings opgeëis is.

Wat hier belangrik is, is om die tempo waarteen die belastingopbrengs in die bestedingstroom teruggeplaas word, in aanmerking te neem. Vanselfsprekend sal daar 'n tydsverloop tussen die opneem van die fondse en die terugplaas daarvan in die ekonomie wees. Ter wille van die ongekompliseerdheid van die analise moet aangeneem word dat die bestedingsgeneigdheid van die owerheid met betrekking tot hierdie fondse dieselfde as dié van die private sektor sal wees.

Indien veronderstel word dat die AVB prysstyging veroorsaak, sal vraag egter nie op voorbelastingvlak herstel kan word nie: die vraag wat deur die privaat huishoudings uitgeoefen word, daal eerstens as gevolg van verminderde koopkrag (verminderde reële inkomste) as gevolg van AVB, (die bestaan en benutting van spare buite rekening gelaat) en tweedens daal vraag verder indien prys met meer as die belastingbedrag styg. Die belastingbedrag in die hande van die owerheid kan nie vir die totale vraagafname kompenseer nie, om-

dat die owerheid ook teen die verhoogde pryse moet aankoop (die belasting is algemeen) en dus minder kan aankoop as wat die privaat huishouding sou kon doen met die koopkrag wat uit hoofde van die AVB aan die owerheid afgedra is.

Verdere komplikasies kan ontstaan indien die oligopolis nie een nie maar 'n verskeidenheid produkte tegelyk produseer. Die moontlikheid bestaan dat hy die belasting nie tegelyk op alle produkte voorwaarts sal verskuif nie, maar met inagneming van die elastisiteite van vraag na die verskillende produkte mag besluit om die belasting op sommige goedere na ander te verskuif. Aangesien by al die ander markvorme slegs een produk oorweeg is, sal ook by die oligopolie daarmee volstaan word, en nie verder op bogenoemde saak ingegaan word nie.¹⁾

7. Slotopmerking

Hoewel die AVB bedoel is om 'n algemene belasting te wees deurdat dit teen 'n eenvormige koers op 'n wye reeks van verbruikersgoedere en dienste gehef word, is dit tog in sy uitwerking diskriminerend van aard, en wel as gevolg van die verskille in vraagelastisiteite van die verskillende belaste produkte en dienste.

1) Die saak van die verskeidenheid van produkte is slegs volledigheidshalwe aangeraak; die beperking van die omvang van die bespreking laat ook nie toe dat verder daarop ingegaan word nie.

Die heffing van AVB veroorsaak dan ook 'n versteuring in die bestaande situasie betreffende die inkomste- en winsposisies van huishoudings en ondernemings. Soos met enige belasting die geval is, sal die huishoudings en firmas op verskillende wyses reageer ten einde aan die belastingdruk te ontkom. Ongeag die geslaagdheid van sulke reaksies, blyk dit uit die ontleding van die invloed van AVB dat die onvermydelike gevolg 'n styging in pryse van verbruikersgoedere en dienste is. Die verbruik van die huishouding en die produksie van die onderneming moet dus noodwendig afneem, wat tot 'n verswakking in die ekonomiese welvaartsposisie van die betrokke subjekte sal lei.

In enkele gevalle en onder sekere mededingingstoestande mag AVB die bestaande mededingingsverhoudings sodanig versteur dat sommige firmas selfs in 'n beter winsposisie as voor belastingheffing kan kom.

Aan die belastingdruk kan uiteindelik nie ontkom word nie; wat egter die presiese verdeling daarvan tussen huishoudings en firmas sal wees, is moeilik te bepaal. Daar kan egter met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die grootste deel, en in sommige gevalle die geheel van die belastingdruk sy *final resting place*¹⁾ op die verbruikers van belaste goedere en dienste sal kry.

1) Somers, op. cit., p. 153.

HOOFSTUK VII

DIE MAKRO-EKONOMIESE GEVOLGE VAN AVB

1. Inleiding

Soos reeds in hoofstuk VI aangetoon is, sal die konsekwensies van die AVB, soos dit op die mikro-ekonomiese vlak tot openbaring kom, noodwendig deurwerk op die makro-ekonomie. Wat met die enkele firma en huishouding sal gebeur, sal uiteindelik ook bepalend wees vir die groot aantal firmas en huishoudings waaruit die hele ekonomie saamgestel is en as geheel opereer as vervaardigers van die aangebode goedere en dienste aan die een kant, en die aanbieders van produktiewe dienste aan die ander kant.

In hierdie bespreking aangaande uitwerking van die AVB op die makro-ekonomie sal noodwendig die gekombineerde gevolge van belasting- en bestedingsveranderings oorweeg moet word. Dit gaan dus om die begrotingsdruk van die AVB. In sy behandeling van *belasbare kapasiteit* - dit wil sê die maksimum omvang waartoe die owerheid belastings kan hef - wys Dalton daarop dat die aandag nooit alleen gekonsentreer kan word op die gevolge van belastings sonder om die ooreenstemmende gevolge van owerheidsbestedings in ag te neem nie.¹⁾ Dit vorm dan ook die motief waarom sowel die effek van belasting=

1) Dalton, H. Principles of Public Finance. George Routledge, London, 1936. p. 161 e.v.

heffing as die aanwending van die belastinginkomste in die vorm van die begrotingsdruk in hierdie hoofstuk ter sprake gebring word.

Waar dit in die vorige hoofstuk om die partiële ewewigsaanpassings by die AVB gegaan het, moet nou na die interaksies van hierdie aanpassings en hul finale gevolg op die makro-ekonomie gekyk word. Vanselfsprekend is dit 'n gekompliseerde probleem, want die totale gevolge kan baie verskil van die aanpassing wat deur die enkele firma of huishouding gemaak word. Soos Musgrave dit stel: *"It is necessary, therefore, that we push beyond the partial equilibrium view and consider the general adjustment process as a whole. This is a difficult task"*¹⁾

2. Gebruiklike vertrekpunte by die studie van makro-ekonomiese invloede

2.1 Totaliteitsbegrippe

Wanneer dit gaan om die makro-ekonomie word die aggregeatkonsepte soos die komponente waaruit die bruto binnelandse produk saamgestel word, in oënskou geneem. Die BBP word saamgestel uit die totale vergoeding aan al die produksiefaktore vanweë hul deelname aan die produksieproses. Hierdie vergoeding verteenwoordig die geldstroom of volksinkome

1) Musgrave, R.A. The Theory of Public Finance. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1959. p. 347.

wat met 'n bepaalde graad van produktiwiteit gemaksimaliseer kan word indien volle indiensname van al die produksiefaktore verkry kan word.

Die totale hoeveelheid goedere wat binne 'n bepaalde gebied binne 'n bepaalde tydperk deur die permanente inwoners geproduseer word, is die volksproduk, wat teen 'n bepaalde opbrengskoers bereken, die volksinkome verteenwoordig. Hierdie volksinkome of volksproduk word in die ekonomiese literatuur deur Y voorgestel, en word verdeel in verbruik (C), spare (investering) (I) en regeringsinkomste (G). Vir redes reeds genoem,¹⁾ word in- en uitvoere, met ander woorde die internasionale handel, in hierdie bespreking buite rekening gelaat. Dit gaan dus by die makro-ekonomie om totale produktiwiteit, totale indiensname, totale spare, totale investering, ens.

2.2 Volle spektrum van die ekonomiese politiek van die owerheid

2.2.1 Fiskale politiek

Colm, 'n gesaghebbende op die gebied van fiskale politiek, huldig die volgende omvattende beskouing omtrent die fiskale politiek: *"fiscal policy is the conduct of government expenditures, revenue and debt manage=*

1) Begrensinge in hierdie verband is reeds in die Inleiding tot hierdie verhandeling genoem.

*ment in such a way as to take fully into account the effect of these operations on the allocation of resources and the flow of funds, and thereby their influence on the levels of income, prices, employment and production."*¹⁾

Die fiskale beleid van die owerheid, soos hierbo deur Colm saamgevat, het egter 'n korttermyn= sowel as 'n langtermynaspek. Die korttermyn-fiskale beleid bedoel om owerheidsbestedings, owerheidsinkomste en skuldpolitiek so te rig en aan te pas dat fluktuasies in die aktiwiteite van die privaat sektor uitgeskakel sal word. Die korttermyn-fiskale beleid is dus neutraliserend in sy werking.

Eweneens sal owerheidsbestedings, owerheidsinkomste en skuldpolitiek op die langtermyn gebruik word op 'n wyse wat onstabiliteit weens sikliese fluktuasies sal uitskakel en sodoende 'n bestendige ekonomiese groeikoers sal verseker.

Weens die belangrike rol wat die elemente van die fiskale beleid op die makro-ekonomie vervul, is 'n oorweging van hierdie elemente van wesenlike betekenis en word hieronder nader toegelig.

(a) Belastingheffing (owerheidsinkomste)
Belastingheffing verteenwoordig die onttrekking

1) Colm, G. Essays in Public Finance and Fiscal Policy. Oxford University Press, New York, 1955. p. 275.

van fondse uit die likiede bates van die gemeenskap - in wese is hierdie optrede van die owerheid die teenoorgestelde van die wat in (b) bespreek word. Die onttrekking van fondse deur middel van AVB geskied ook struktureel deurdat 'n groot gedeelte daarvan van die laer inkomstegroepe opgeneem word, fondse wat andersins vir verbruik aangewend sou ge= wees het.

Die inkomstebelasting, aan die ander kant, onttrek fondse van die hoër inkomstegroepe wat waarskynlik gespaar en op die kapitaalmark vir beleggingsdoel= eindes aangebied sou word. Belastingheffing ont= trek dus konsumptiewe sowel as leenbare fondse uit die ekonomie. Soos reeds aangetoon, kan hierdie onttrekking op progressiewe, regressiewe of pro= porsionele¹⁾ wyse, of op al drie wyses in wisselende mate geskied. Die doel sal egter wees om die be= lastingheffing op 'n wyse te laat geskied wat op totaal as progressief aangewys kan word; met ander woorde die belastingstelsel moet progressief wees. Dit bring mee, soos voorheen gestel, dat verhoging in tariewe van indirekte belasting soos AVB gepaard behoort te gaan met 'n gelykmakende toename in die koerse van die meer direkte belas= tingtipes.

1) Vir verklaring van progressiwiteit, regressiwiteit en proporsionaliteit, verwys na hoofstuk IV § 2.1.2.

(b) Owerheidsbestedings

Teenoor die algemene tendens in die verlede om owerheidsbestedings as 'n kardinale aspek van owerheidsbeleid te ignoreer, is dit noodsaaklik vir 'n ewewigtige beeld van die fiskale politiek dat die ekonomiese uitwerking van die terugbring van die belastingopbrengs in die inkomstestroom van die ekonomie wel deeglike oorweging moet geniet.

Waar die opname van fondse deur middel van belastingheffing 'n negatiewe aspek van owerheidsoptrede verteenwoordig, is die besteding van die belastingopbrengs 'n positiewe en dus 'n stimulerende aspek. Vir 'n ewewigtige beoordeling van owerheidsoptrede deur middel van sy fiskale politiek is dit dus nodig om die positiewe aanwending van belastinginkomste af te weeg teenoor die negatiewe onttrekking van die fondse deur belastingheffing. Slegs deur sodanige ewewigtige alles-inagnemende benadering van owerheidsoptrede kan vasgestel word of die owerheidsbeleid uitbreidend, neutraal of beperkend is.

Hierby kom die bestedingstempo van die owerheid in verhouding tot die bestedingstempo van die privaatsektor ter sprake. Sodanige bestedingstempo's van die owerheid (gelyk aan, groter as en kleiner as 1 is dan ook altyd konjunktoreel gefundeer.¹⁾

1) Verwys na § 7 vir verdere bespreking betreffende die konjunktuur.

Daarom is dit in hierdie hoofstuk, waar die makro-
 ekonomie ter sprake is, dat oorweging geskenk
 sal word aan die opname van fondse deur die AVB
 sowel as die terugplaas daarvan deur die owerheids=
 bestedings.

Owerheidsbestedings word egter nie net konjunktue=
 reel nie, maar ook struktureel gefundeer. Daarom
 kan dit eerstens geskied vir die aankoop van goe=
 dere en dienste wat hoofsaaklik verbruiksfondse
 aan die laer inkomstegroepe vrystel. Die besteding
 op openbare werke sal in die tweede plek waarskyn=
 lik in wisselende hoeveelhede by die hoër sowel
 as die laer inkomstegroepe tereg kom. Wat ook al
 die bestemming van hierdie bestede geld mag wees,
 dit sal in elk geval lei tot groter indiensname
 van produksiefaktore met gevolglike toename in
 verbruik en spare.

Derdens kan die owerheid sy fondse direk as kapi=
 taal aan openbare korporasies, wat as kredietin=
 stellings fungeer, beskikbaar stel. Dit word
 dan direk as kapitaalfondse vir investeringsdoel=
 eindes aangewend en lei net soos in die vorige
 gevalle tot 'n uitbreiding van indiensname en dus
 'n toename in die nasionale inkome.

(c) Aangaan en terugbetaling van lenings
 (skuldpolitiek)

Die aangaan van lenings onttrek leenbare en kon=

sumptiewe fondse uit die likiede bates van die gemeenskap op dieselfde wyse as belastingheffing. Die opneem van fondse op hierdie wyse beperk die verbruik vir sover verbruikersfondse onttrek word, en investering vir sover kapitale (spaar=) fondse onttrek word. Hierdie wyse van inkomsteverkryging moet met omsigtigheid deur die owerheid hanteer word, sodat sowel sy kort= as langtermyn doelsteling met die onttrekking nie vernietig word nie.

Die terugbetaling van lenings veronderstel die teenoorgestelde van die bostaande proses, naamlik die terugplaas in die bestedingstroom van vorige opgeneemde fondse. Hierdie fondse kan eweneens vir verbruik en kapitaalgoedere aangewend word.

Die instrument waarmee hierdie elemente van die fiskale beleid toegepas word, is die owerheidsbegroting.

2.2.2 Monetêre beleid

Die AVB, soos tewens enige belasting, moet noodwendig konjunktoreel benader word. As die AVB ingestel word of 'n koersverhoging ondervind ter bestryding van die nadelige effekte van 'n hoogkonjunktuur, sal die monetêre politiek daarmee gesinchroniseer moet word deur dit meer beperkend toe te pas. Hierdie beperking bestaan in 'n verhoging van die diskonto= en bankkoers, verkoop van

staatseffekte en die verhoging van die minimum reserwevereistes van handelsbanke.

In die laagkonjunktuur sal die *modus operandi* omgekeer moet word, dit wil sê tesame met 'n verlaging of opheffing van AVB sal die monetêre beleid uitbreidend toegepas moet word deur verlaging van diskonto- en bankkoers, aankoop van staatseffekte en verlaging van die minimum reserwevereistes van handelsbanke.

Die monetêre beleid, wat met die totale ekonomiese politiek van die owerheid gesinchroniseer moet word, het dus te doen met die reëling van die geldvoorraad.

2.2.3 Stabiliseringspolitiek

'n Gestabiliseerde ekonomie is die kenmerk van 'n volledig ontwikkelde en beplande ekonomiese bestel en vorm 'n voorvereiste vir ekonomiese groei. Dat dit nie vanselfsprekend en outomaties bewerkstellig word nie is duidelik uit Musgrave se verwysing:

*"Public policy must assume a stabilizing function in order to hold within tolerable limits departures from high employment and price stability."*¹⁾ Hierdie stabiliserings-

doelstelling omvat die gebalanseerde interaksie van al die ekonomies-politieke instrumente wat die owerheid tot sy beskikking het. Hierdie instrumente sluit behalwe die reeds bespreekte fiskale

1) Musgrave, op. cit., p. 22.

en monetêre beleid, ook ander instrumente in soos bv. die loonpolitiek, handelspolitiek en pryspolitiek, om maar enkeles te noem. Indien hierdie stabiliseringsoogmerke met genoemde ekonomies-politieke instrumente bereik wil word, sal die nasionale inkome toeneem teen 'n tempo wat die groei in bevolking, styging in lewenstandaard en depresiasie van kapitaaltoerusting sal akkommodeer.

3. Maatstaf vir makro-ekonomiese belastingdruk

Die nasionale inkome is die somtotaal van alle individuele inkomstes van die verskillende produksiefaktore. Net soos die druk van AVB op die mikrovlak van die ekonomie gemeet is deur die afname in reële persoonlike inkomste of winste van firmas,¹⁾ moet die druk op die makrovlak gemeet word in terme van die wysiging in die reële nasionale inkome deur die AVB. Die bepaling van hierdie belastingdruk is problematies, want die wysiging in die nasionale inkome word nie net deur AVB nie, maar ook deur onder andere veranderings in produktiwiteit, klimaatstoestande, sake- en besigheidsvooruitsigte, infrastruktuur asook ander belastings bepaal. Dit blyk dus dat dit feitlik onmoontlik is om in die praktiese situasie die druk van AVB in konkrete terme weer te gee.

1) Verwys na hoofstuk VI § 4.3.1 (c).

Aangesien die aanwending van die AVB-opbrengs ook oorweeg word, sal die begrotingsdruk van AVB deur beïnvloeding van Y noodwendig gevolge moet hê ten opsigte van die komponente van Y, naamlik verbruik, spare (investering) en regeringsinkomste ($Y = C + I + G$). Die bedoeling van hierdie hoofstuk is om in breë verband die begrotingsinvloed van AVB op elkeen van hierdie komponente na te gaan.

4. Verbruik

Soos uit die bespreking in die vorige hoofstuk ge= blyk het, sal die druk van die AVB gewoonlik deur die verbruiker gedra word, en wel in die mate waar= in sy reële inkomsteposisie deur die verhoogde pryse van goedere en dienste aangetas word. Ver= bruik moet noodwendig afneem. So bevind Somers:
*"... it is reasonable to believe that the money value of consumption is not actually maintained, particularly where there is no exemption of staples. There would likely be a diminution in real consumption."*¹⁾

Die omvang van die daling in totale verbruik (C) sal bepaal word deur die posisie op die inkomste= skaal waar die verskillende verbruikers hulle be= vind; en hulle sal die samestelling van hul aan= kope aanpas ooreenkomstig die grensnut (van die produkte) wat hulle geniet relatief tot die prys

1) Somers, H.M. Public Finance and National Income. Blakis= tan & Co., Toronto, 1949. p. 250.

van die belaste produkte. Natuurlik sal die verbruik van goedere met 'n onelastiese vraag feitlik onveranderd bly, terwyl verbruik van goedere met 'n elastiese vraag sterk sal afneem. Dit sal veral die geval wees indien in ag geneem word dat die gedeelte van inkomste van die laer inkomsteontvangers, wat tevore nog op enigsins luukse goedere bestee kon word, nou vanweë die hoër prys vir lewensnoodsaaklikhede aangewend moet word.

Die daling in verbruik lei tot 'n afname in produksie met gevolglike werkloos raak van produksiefaktore. Lg. het tot gevolg 'n vermindering in (totale) inkomste wat weer op sy beurt tot 'n verdere daling in verbruik en dus inkomste sal lei. Die makro-ekonomiese druk van AVB kom nou in hierdie afname in nasionale inkome tot openbaring.

Tydens die hoogkonjunktuur is dit volkome juis om soos Hansen te beweer: *"The purpose of these taxes (sales taxes) is to check an undue expansion of consumption in the boom ..."*¹⁾ Die daling in verbruik sal in hierdie geval die oorbesetting van produksiefaktore verminder, eerder as dat hulle werkloos sal raak. Inkomste sal wel daal omdat die oortydbetaling (vir oorbesetting) dan afneem of verdwyn.

1) Hansen, A.H. Fiscal Policy and Business Cycles. W.W. Norton & Co., New York, 1941. p. 295.

Hierdie redenasie is egter gebonde aan die beperking dat geen looneise toegestaan sal word nie. Sodra prysstyging as gevolg van AVB met 'n styging in geldinkomste gepaard gaan, wat die verbruikers in staat sal stel om dieselfde hoeveelheid goedere as voor AVB te koop, beteken dit dat die reële inkomste van die verbruikers dieselfde bly. As hierdie reële inkomste dieselfde bly, sal, volgens Winfrey, die druk van die belasting tot niet gemaak word. Hy sê: *"Now the price rise is accompanied by an increase in money income, which allows the consumer to buy the same amount of goods ... It turns out that there is no real burden to the imposition of the general sales tax,"*¹⁾ en natuurlik ook geen makrodruk as gevolg van AVB nie.

Hierdie beperking aangaande looneise veronderstel dan meteen dat die monetêre beleid ook anti-siklies toegepas moet word ten einde die gewenste resultaat van afname in verbruik en vermindering van oorbesetting van die produksiefaktore te bereik. Indien die AVB daarin slaag om bogenoemde te laat plaasvind, sal, alhoewel die omvang van nasionale inkome afneem, 'n groot mate van stabiliteit, wat 'n matige inflasiekoers insluit, gehandhaaf kan word.

1) Winfrey, J.C. Public Finance. Harper & Row, New York, 1974. p. 424.

Aangesien die fiskale beleid in hierdie geval anti-siklies deur die AVB toegepas moet word, kan verwag word dat die belastingopbrengs teruggehou sal word. Indien verbruik en dus produksie egter so= danig beperk sal word dat onderindiensname ontstaan, sal 'n matige owerheidsbesteding moet plaasvind ten einde onderbesetting teen te werk.

Tydens die laagkonjunktuur sal die owerheid op 'n teenoorgestelde wyse as die vorige optree in die uitvoering van sy begrotingspolitiek. AVB sal, soos ook ander belastings, verminder moet word. Hansen verlang dat die AVB afgeskaf moet word

*"... together with the return of previously collected taxes, to stimulate consumption in the depression."*¹⁾

Alhoewel die AVB nie heeltemal afgeskaf hoef te word nie kan die koers daarvan drasties verlaag word, wat op sigself al 'n stimulus vir verbruik en dus produksie en indiensname van produksiefak= tore sal wees - gevolglik kan 'n toename in nasio= nale inkomste verwag word.

Laagkonjunktuur word gekenmerk deur 'n trae ver= bruiksbestedingstempo, daarom sal die owerheid poog om in hierdie konjunkturfase die inkomste uit AVB so spoedig moontlik indien nie vinniger as die privaatsektor nie, in die ekonomie terug te plaas ten einde verbruik te stimuleer (owerheid se be=

1) Hansen, op. cit., p. 295.

stedingsgeneigdheid > 1). Hierdie bestedings van die owerheid kan ook sekondêre gevolge op bv. die tegnologie en toedeling van bronne in sekere industrieë of sektore hê, wat alles tot die herstel van die ekonomie kan bydra.

Saam met hierdie wyse van owerheidsbesteding sal noodwendig 'n uitbreidende monetêre beleid gepaard gaan.

5. Spare en investering

Soos in § 4 betoog, het die AVB 'n afname in totale verbruik tot gevolg, en wel omdat reële inkomste aangetas word. Hansen se bevinding hieroor is dat: *"The relation of consumption to income is apparently a highly stable function ..."*¹⁾ Verbruik lei tot geïnduseerde investering, en afname in verbruik sal dus die geïnduseerde investering ook laat afneem. Hierdie daling in investering sal 'n daling in indiensname en gevolglik in nasionale inkome tot gevolg hê - weer eens 'n openbaring van die makro-ekonomiese druk van AVB.

Die afname in inkomste sal waarskynlik gou 'n skerp vermindering in die aankoop van duursame verbruikersgoedere en 'n meer geleidelike afname in verbruik in die algemeen veroorsaak.²⁾

1) Hansen, op. cit., p. 226.

2) Id.

Die verbruikers kan egter vir die verhoogde pryse van verbruikersgoedere probeer kompenseer deur spare daarvoor aan te wend. In die mate waarin spare tevore vir investering aangewend is, sal investering nou ook afneem, met dieselfde gevolge wat reeds in hierdie verband genoem is. Dit is dus moontlik dat investering op hierdie wyse van twee kante af beperk kan word. Daar kan ook aan=gevoer word dat die opneem van fondse deur AVB 'n negatiewe werking van die vermenigvuldiger tot ge=volg kan hê.¹⁾

Die omvang van investering sal egter deur die siklus bepaal word: in die opswaafase kan 'n groot in=vesteringsomvang basies deur ekonomiese aktiwiteite ander as verbruik veroorsaak word, bv. uitvindings, ontdekking van nuwe bronne, ontginning van nuwe terreine, en so meer. Hierdie omvangryke inves=teringsaktiwiteite skep op sy beurt groot inkomste wat kan lei tot geïnduseerde verbruik. 'n AVB op sodanige verbruik (in plaas van 'n verhoging van inkomstebelasting) kan 'n stabiliserende invloed hê en daartoe bydra dat investering in groter mate uit vrywillige spare (bv. deur ondernemings) in plaas van deur 'n uitbreidende monetêre beleid ge=finansier kan word.²⁾ Die veronderstelling dat

1) Die werking van die vermenigvuldiger word later in hierdie paragraaf bespreek.

2) Hansen, op. cit., p. 296.

AVB-opbrengs in hierdie geval nie deur die owerhede bestee sal word nie geld vanselfsprekend.

Sodanige gelykmatigheid in die investeringskoers kan daartoe bydra dat die makro-ekonomiese druk van AVB in die hoogkonjunktuur enigsins verlig kan word.

In die laagkonjunktuur sal dit nodig wees dat die owerheid die belastingopbrengs op so 'n wyse sal bestee dat inkomste sal styg. Hierdie toename in inkomste sal gedeeltelik aangewend word vir die aankoop van goedere en dienste en gedeeltelik gespaar word (inkomste = verbruik + spare). Hier is dus sprake van die grensverbruiksgeneigdheid (MPC) en die grensspaargeneigdheid (MPS) en $MPC + MPS = 1$. Die MPC kan aangetoon word as die verandering in verbruik wat volg op 'n gegewe verandering in inkomste - $\frac{\Delta C}{\Delta Y}$. Die verbruiksbeste=

ding (uit MPC) gee aanleiding tot geïnduseerde investering waaruit inkomste geskep word wat weer eens vir 'n gedeelte op verbruik bestee en die res gespaar word.

Elke serie van herbesteding wat teruggevoer kan word tot die oorspronklike besteding deur die owerheid kan dus aangetoon word as die werking van die vermenigvuldigerbeginsel.

Uit die vergelyking $K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta C}{\Delta Y}}$ ¹⁾ kan aangetoon

word dat hoe groter die deel wat bestee word op elke stadium van aanwending, hoe groter sal die toevoegings tot die totale toename in nasionale inkomste wees.

Die toename in verbruik wat uit bogenoemde aanvanklike besteding van belastingopbrengs deur die owerheid ontstaan, lei op sy beurt tot die inwerkingstreding van die versneller. Die versnellerbeginsel hou in dat die veranderings (verhoging) in die vraag na verbruikersgoedere neig om baie groter veranderings in die vraag na kapitaalgoedere, wat vir produksie van verbruikersgoedere benodig word, te veroorsaak. ²⁾

Hierdie groter vraag na kapitaalgoedere (investering) kan gedeeltelik voorsien word uit spare (wat noodwendig met stygende inkomste sal vergroot) ³⁾ Die vergrote vraag na kapitaalgoedere sal ook voorsien kan word deur uitbreiding in bankkrediet wat onder 'n sanksionerende monetêre beleid in hierdie ekonomiese klimaat moontlik sal wees.

1) Indien $C = 3$ met $Y = 4$, sal $MPC = \frac{3}{4}$, en volgens 1) die vermenigvuldiger $K = \frac{1}{1 - \frac{3}{4}} = 4$ wees.

2) Estey, J.A. Business Cycles, Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, 1956. p. 156.

3) Hierdie stygende inkomste bestaan ook uit vergrote winste van ondernemings - wat noodwendig so sal wees as gevolg van groter omset.

Die interaksie tussen die vermenigvuldiger en die versneller bring ekonomiese kragte in werking, wat lei tot 'n toename in indiensname van produktiewe bronne. Die gevolg is vergrote nasionale inkomste en die vermindering van die makro-ekonomiese druk van AVB indien dit gehef word en nie geheel verwyder is nie, soos deur Hansen voorgestel.

6. Regeringsinkomste en die gebruik daarvan

Die owerheid kan sy inkomste uit belasting (in hierdie geval AVB) in 'n bepaalde uitgawepolitiek gebruik. Dit hou in dat die owerheid die *volume* van belastinginkomste (deur koersaanpassings) sowel as die *tempo* waarteen hy bestee met die oog op die konjunktorele toestand, kan manipuleer.¹⁾ Ten opsigte van die volume kan die owerheid die hele belastingbedrag (soos deur die koers bepaal) plus geldskepping plus terugbetaling van leningsheffings in die ekonomie laat terugvloei.

Wat die bestedingstempo betref, kan dit vinniger geskied as wat die geval sou wees indien die fondse in die hande van die privaatsektor sou wees, met ander woorde die owerheid se bestedingsgeneigdheid

➤ 1. Hierdie sake aangaande volume en bestedings-tempo betref die laagkonjunktuur.

Tydens die hoogkonjunktuur sal die volume van bestedings beperk word; fondse sal eerder terug=

1) Verwys na § 2.2.2.

gehou word op 'n geblokkeerde rekening, en monetêre beleid sal beperkend van aard wees. Die tempo van owerheidsbestedings sal ook laer as die van die privaatsektor wees, met ander woorde 'n bestedings= geneigtheid < 1 .

'n Redelike gedeelte van regeringsinkomste word egter bestee aan oordragbetalings wat na persone met 'n hoë grensverbruiksgeneigtheid gaan. In die lig hiervan behoort die orige owerheidsbestedings teen 'n nog laer tempo te geskied.

7. Konjunktuur

In die voorafgaande bespreking is uitgegaan van die feit dat die AVB telkens aan 'n bepaalde konjunktuaursituasie verbonde is wat hy juis probeer teenwerk. Hoewel die konjunktuaursituasie in die voorafgaande bespreking sporadies ter sprake gekom en dus oppervlakkige aandag geniet het, is dit nodig om die verwysings na die konjunktuur enigsins saam te vat en enkele nuwe ter sake perspektiewe na vore te probeer bring.

Die omvang en diepte van die konjunktuaurgolf is nie by die bespreking betrek nie. Die hieropvolgende bespreking sal poog om verskeie wyses van optrede deur die owerheid ten einde die konjunktuaurgolf meer gelykmatig te laat verloop, te oorweeg.

7.1 Kompenserende of anti-sikliese begrotings= politiek deur middel van AVB

'n Kompenserende beleid ten opsigte van die ower=
heidsbegroting sal deur middel van 'n koersver=
hoging van die AVB poog om in die hoogkonjunktuur
oorskotte te kweek. Hierdie oorskotte sal ver=
bruik redelik vinnig laat daal, dus ook omset,
inkomste en wins, sowel as spare wat vir investe=
ring beskikbaar is. Geen terugplasing van fondse
òf deur hoër lone òf deur monetêre beleid of van
watter aard ookal, vind plaas nie.

In die depressietyd word weer 'n tekort in die be=
groting gekweek, onder andere deur die verlaging
van die AVB-koers of selfs die afskaffing daarvan,
soos deur Hanse aanbeveel. Die tekort kan ook
mede veroorsaak word deur groter besteding aan
owerheidsprojekte en die betaling van subsidies.
Al hierdie aksies het die stimulering van ver=
bruik ten doel, maar die toename in verbruik ge=
skied in die laagkonjunktuur gewoonlik teen 'n
stadiger tempo as wat wenslik is. Die stimulering
moet dus meer intensief wees as wat die beperkings=
aksies tydens die hoogkonjunktuur sal wees.

Met volle oorweging van hierdie intensiewe stimu=
lering is dit duidelik dat die kragte wat die
hoogkonjunktuur met sy gepaardgaande inflasie en
oorbesetting van produksiefaktore tot verwerk=
liking laat kom, reeds in die laagkonjunktuur hul

beslag kry.

7.2 Sluitende begrotings in beide hoog= en laag= konjunktuur

In depressietye bestaan die neiging om geld op te pot. Die owerheid kan dan deur 'n verhoging in die AVB-koers sodanig opgepotte geld ontpot, verbruik stimuleer sowel as belastinginkomste verkry wat teen 'n bestedingsgeneigdheid > 1 in die ekonomie teruggeplaas kan word. Die owerheid voer dus sy uitgawes so hoog moontlik op en finansier dit deur verhoging in belastingkoerse. Die AVB-koerse kan in hierdie geval selektief verhoog word om veral luukse goedere te raak - daar word dan met AVB in die rigting van 'n aksyns beweeg. Die groot bestedings deur die owerheid sal tegelykertyd verhoed dat die owerheid belastingopbrengs sal kan oppot, en dus sal monetêre ewewig beskerm word.

Direkte belastings moet veral hier met AVB gesinchroniseer word, want oppotting vind gewoonlik by hoër inkomstegroepe plaas, wat ook die firma met die abnormale wins insluit. Lg. sal dan geaktiveer word om van sy opgepotte wins in die besigheid terug te hou vir positiewe belastingkompensasie,¹⁾ in plaas van om die winste aan aandeel=

1) Verwys na hoofstuk VI § 3.2.1 - positiewe belastingkompensasie deur die firma beteken uitbreiding van produksie-aktiwiteite.

houers uit te keer.

Hierdie wyse van owerheidsoptrede sal egter in die praktyk groot weerstand ondervind - verhoging van belastingkoerse in die laagkonjunktuur is haas ondenkbaar.

Die gebruik van die sluitende begroting in die hoogkonjunktuur hou in dat die owerheid so min as moontlik bestee en dus ook nie belastingkoerse hoef te verhoog of hoë koerse te handhaaf nie (ten= sy die opbrengs so verkry opgepot word).

Hierdie beperkende bestedingsprogram van die owerheid sal die *boom* beperk maar die nadeel hieraan verbonde is dat die groot hoeveelheid koopkrag, wat die oorsaak van die onstabiliteit is, in die hande van die publiek gelaat word. Die vraag na goedere en dienste sal hoog bly en sal steeds hoër wees as wat die reeds hoë beskikbare inkomste sal regverdig. Die owerheid sal waarskynlik poog om in so 'n gevaarsituasie te waak teen 'n ongeregverdigde vergemakliking van sy monetêre politiek met alles wat dit behels.

Die owerheid sal dus in die hoogkonjunktuur geen ander keuse hê nie as om koopkrag deur hoë en verhoogde belastinge (veral AVB) te onttrek, die inkomste op te pot en sy bestedings te besnoei.

7.3 Herverdelingspolitiek

Tydens die laagkonjunktuur kan die owerheid die nasionale inkome in die privaatsektor sodanig herverdeel dat die koopkrag van die laer inkomste-groepe aansienlik sal verhoog. Hierdie groepe handhaaf hul tradisionele hoë verbruiksgeneigdheid (MPC) en vraag, verbruik en produksie word gestimuleer.

Die beskikbare inkomste van die hoër inkomste-ontvangers word verlaag deur die herverdeling wat daartoe aanleiding gee dat hulle MPC verhoog. Sodoende word verbruik en produksie ook uit hierdie oord gestimuleer. Die herverdeling van nasionale inkome (deur hoër belastinge op hoër inkomstegroepe) maak dus oppotting onmoontlik.

Tydens die hoogkonjunktuur moet hoër inkomstegroepe laer belas word: dit is klaarblyklik 'n teenstrydigheid maar geskied doelbewus weens die feit dat hierdie groepe 'n lae MPC en 'n hoë MPS het. Die owerheid wil juis van lg. neiging in hierdie geval konstruktief gebruik maak. Hierdie groepe pot dus op, wat in die hoogkonjunktuaarsituasie baie wenslik is.

Wat die laer inkomstegroepe betref, geld ook 'n teenstrydigheid deurdat hulle in die hoogkonjunktuur hoër belas moet word omdat in hierdie konjunktuaarsituasie dit wenslik is dat verbruik beperk

moet word, en die laer inkomstegroepe juis 'n hoë MPC het. Hierdie hoë MPC moet dus bestry word waarvoor die verhoogde AVB 'n besonder geskikte instrument geblyk het: die owerheid onttrek die fondse en doen dus oppotting namens die lae inkomstegroepe - 'n situasie wat deur hoë inkomstegroepe self op spontane wyse onderhou word.

Die vraag ontstaan egter of die hoër belasting van die laer inkomstegroepe in die depressie psigologies aanvaarbaar sal wees. Indien hierdie herverdelingspolitiek van die owerheid sou slaag, sal die begroting balanseer sonder dat die owerheidsbestedings by die konjunktuaarsituasie aangepas hoef te word; hierdie herverdelingspolitiek is meer struktureel as konjunktoreel van aard.

Die stabiliseringsoogmerke van die owerheid ten opsigte van die konjunktuur blyk die beste gedien te word deur die toepassing van die anti-sikliese begrotingspolitiek soos in § 7.1 bespreek is, en soos dit in die bespreking van die invloed van AVB op die makro-ekonomiese groothede tot openbaaring gekom het.

8. Slotopmerking

Dat die AVB 'n aansienlike invloed op die makro-ekonomie uitoefen, blyk geredelik uit die voorafgaande bespreking. Die belangrikste uitwerking

van AVB word geopenbaar in die wyse waarop die omvang van totale verbruik verander word, met gevolge op spare, investering en regeringsinkomste wat daaruit voortvloei. Hierdie gevolge vind uiteindelik sy neerslag in die aantasting van die omvang van nasionale inkome soos dit voor die AVB-heffing bestaan het, wat 'n aanduiding vorm van die druk van AVB soos dit in die totale ekonomie tot openbaring kom. Hier word herhaal dat slegs 'n aanduiding, en nie 'n duidelike omlyning nie, van die AVB-druk op die makro-ekonomiese terrein moontlik is.

Die vermindering of selfs neutralisering van hierdie makro-ekonomiese druk van AVB kan bewerkstellig word deur die owerheidsbesteding van die belastingopbrengs sowel as deur die gebruik van ander ekonomies-politieke instrumente (bv. die monetêre beleid). Hierdie wyse van optrede sal egter deur die heersende konjunktorele toestand in die ekonomie bepaal word.

HOOFSTUK VIII

ALGEMENE EN SAMEVATTENDE OPMERKINGS

1. Verhouding van diverse belastinge

Die hantering van die AVB soos in hierdie verhandelinge uiteengesit het die regressiewe aard daarvan opnuut sterk beklemtoon, veral weens sy algemene aard en toepassing. Hierdie regressiwiteit veronderstel in terme van belastingbeginsels 'n element van onregverdigheid. Juis hierdie nadeel word egter getemper deur die feit dat dit die basis van die belasting verbreed deur subjekte te betrek wat andersins in baie beperkte mate aan ander belastinge onderhewig sou wees.

Hierdie opset is van besondere betekenis en klaarblyklik onvermydelik in 'n gemeenskapsamestelling soos dit in Suid-Afrika bestaan, want ten spyte van sy regressiewe aard verteenwoordig die AVB 'n belastingsoort waarvan aan die druk nie ontkom kan word nie.

Uit hierdie oogpunt besien is die AVB 'n belasting wat reeds geruime tyd gelede geïmplementeer kon gewees het ter verligting van die algemeen aanvaarde relatief hoë koerse van die direkte belastinge soos van toepassing op individue en maatskappye. Weliswaar sou sodanige belastingverligting op individue en maatskappye die aansien van die AVB meer regresief gemaak het, dog dit word in 'n breë kring aan-

vaar dat die koerse van hierdie tipe direkte belastingsoos 'n omvang bereik het dat inisiatief en risikodraging in sterk gedrang gebring is.

Met die oog op die totalitêre progressiewe aansien van die belastingstelsel is 'n verhoging van die indirekte belastingsoos hoogs wenslik. In Suid-Afrika met sy groot aantal minder ontwikkelde gemeenskappe wat op 'n natuurlike manier van belasting vrygestel is, kan die meer regressiewe instelling van die stelsel deur die AVB 'n belangrike bydrae lewer tot ekonomiese groei deur die aanmoediging van inisiatief en die vermoë tot kapitaalbou en -vorming.

Ter regverdiging van die beginsel van toegeneemde regressiwiteit soos hierbo bepleit, kan 'n belangrike mate van verfyning in die heffing en toepassing van AVB nagestreef word op die spoor van dergelike ontwikkelings in ouer en meer geïndustrialiseerde lande.

2. Die wenslikheid van 'n anti-sikliese begrotingspolitiek

In watter konjunktorele fase die ekonomie ook al mag verkeer, sal die toepassing van 'n anti-sikliese begrotingspolitiek altyd gevolg moet word. Uit hoofde van die heersende konjunktorele toestand in Suid-Afrika sal die toepassing van die anti-sikliese begrotingspolitiek enigsins op die tradisionele patroon sodanig gewysig moet word dat botsende knel-

punte in die ekonomie verlig kan word.

Sodanige teenstrydige knelpunte blyk uit die gelyktydige bestaan van 'n inflasietoestand met strukturele werkloosheid. Om die inflasieknelpunt die hoof te bied en terselfdertyd die verbruikersvertroue te herstel, behoort die owerheid nie te huiwer om 'n afwaartse aanpassing in die AVB-koers aan te bring nie. Hierdie wyse van optrede kan verbruik en dus produksie en indiensname van produksiefaktore (ook van die werkloses!) stimuleer, en bestaan die moontlikheid dat na 'n meer ewewigtige konjunkturale situasie beweeg kan word wat terselfdertyd die kiem van ekonomiese groei in hom dra.

Bogenoemde toepassing van die anti-sikliese begrotingsbeleid behoort egter nie die moontlikheid om arbeidsintensiewe produksie te stimuleer buite rekening te laat nie. Met die oog op hierdie tipe produksie kan die owerheid oorweging skenk aan die moontlikheid om die AVB ook op kapitaaltoerusting (produksiemasjinerie) van toepassing te maak, sodat kapitaalintensiewe produksie in 'n sekere mate beperk sal word.

3. Utiliteitswaarde van die AVB

Dit blyk uit die analise van die ontwikkelingsproses van die AVB in verskeie oorsese lande dat dit altoos as 'n handige instrument vir die versekering van groot inkomste vir die owerheid aangewend is.

Dit dien egter onthou te word dat die AVB 'n sterk regulerende meganisme is vanweë sy invloed op vraag- en aanbodskeodes. In die meeste lande waar hierdie belastingtipe, in watter vorm of teen watter koers ook al, ingestel is, blyk 'n ernstige weerstand van die belastingpligtiges veral in die beginstadium van instelling daarvan.

Dat hierdie fiskale doelstelling van die AVB ook by die instelling daarvan in Suid-Afrika 'n belangrike oorweging was, is deur die betrokke Minister in sy 1951-begrotingsrede aangetoon; tog is dit pertinent gestel dat sodanige belasting 'n sterk regulerende vermoë besit en dat daarmee rekening gehou sal moet word.

Ter plaatse was die groot huiwering met die instelling van die belasting die nadelige uitwerking wat dit op die lewenskoste van sekere bevolkingsgroepe sou hê. Gedagtig hieraan moet die regulerende effek van die AVB in Suid-Afrika nie net in terme van 'n moontlike opwaartse aanpassing van tariewe beoordeel word nie, maar ook in terme van aanpassings in die teenoorgestelde rigting.

Die ontwikkelingsgang van die AVB in Suid-Afrika is gekenmerk deur 'n beweging vanaf 'n hoogs selektiewe aksynstelsel, deur 'n minder selektiewe verkoopreg, tot sy huidige algemene toepassing teen 'n eenvormige koers.

Met inagneming van die beperkte mate van vrystellings van die AVB - lewensnoodsaaklikhede is in die belastingbasis ingesluit - is dit waarskynlik die AVB met die grootste trefwydte ter wêreld en daarmee waarskynlik ook die mees regressiewe.

4. Onderskeidingsvorme van die AVB

Die AVB is onderskeibaar in vier belangrike tipes, naamlik VVB, GVB, MFB en WTB,¹⁾ wat elkeen in sterk wisselende mate sy eie meriete en tekortkominge huisves, sodat dit onmoontlik is om enigen daarvan as meerderwaardig uit te sonder. Dit kan blykbaar sonder teenspraak aanvaar word dat die MFB weens sy negatiewe uitwerking op 'n verskeidenheid aspekte van die ekonomie in laaste instansie deur 'n owerheid oorweeg behoort te word vir insluiting in sy belastingstelsel. Voorop by hierdie tekortkominge staan die eskalasie van belastingdruk en die gevolglike integrasie van ondernemings ten koste van doeltreffendheid.

Weens die makliker toepassing van eenvormige koerse en vrystellings verteenwoordig die VVB die mees ongekompliseerde vorm van AVB. Daarby word geen ekonomiese doeltreffendheid weens integrasie van ondernemings ingeboet nie, hoewel die eskalasie-effek die verbruiker tot nadeel kan strek.

1) VVB - Vervaardigersverkoopbelasting; GVB - Groothandelverkoopbelasting; MFB - Meerfasebelasting; WTB - Waarde-toegevoegbelasting.

Die GVB kan met weinig vermydingsmoontlikhede en sonder ingewikkelde administrasieprosedures toegepas word. Probleme kan wel ontstaan by die afbakening van die belastingbasis in die geval waar groothandelaars *producers' consumables* hanteer.

Die WTB, as die mees resente variasie van die AVB, diskrimineer die minste tussen besigheidstipes en besigheidsmetodes deurdat belasting op elke stadium van die produksie- en distribusieproses ingevorder word. Die wese van die WTB is dieselfde as dié van die AVB deurdat dit 'n *ad valorem*-belasting is; terwyl die toepassing daarvan op dieselfde wyse as die MFB geskied.

5. Die AVB normatief beskou

Waar die belastingbeginsels dien as maatstaf vir die beoordeling van die sinvolheid al dan nie van 'n bepaalde belastingtipe in die politieke, sosiale en ekonomiese opset van die gemeenskap, het die AVB besondere meriete wat betref sekerheid en gerieflikheid. Enige persoon behoort in staat te kan wees om die bedrag belasting op 'n transaksie van enige omvang te bereken, aangesien die koers eenvormig en dus seker vasgestel is. Die gerieflikheid het betrekking op die betaling van die belasting in klein bedrae soos die verbruiker daarvoor beskik. Indien die verbruiker egter nie oor die nodige belastingbedrag beskik nie, sal hy ook die verbruik van die betrokke artikel moet ontbeer selfs al sou

dit 'n lewensnoodsaaklikheid wees. Dít maak die belasting ongerieflik.

Elastisiteit van die belastingopbrengs is in Suid-Afrika nagestreef deur aan die Minister die reg van interimaanpassings van AVB-tariewe toe te staan met 'n maksimum van 2% in die geval van verhoging. Hierdie vergunning bring mee dat die Minister moontlike verwringings in verbruikspatrone vroegtydig kan regstel.

Die AVB dra by tot die aanpasbaarheid van die belastingstelsel deurdat koersveranderings die fiskale druk van ander belastinge kan verlig. Tegelykertyd behoort dit by te dra tot 'n meer stabiele vloei van staatsinkomste.

Aangaande administratiewe doeltreffendheid word dit grootliks bepaal deur die tipe AVB wat gehef word. Soos in Suid-Afrika van toepassing, word groot koste vereis beide ten opsigte van die administrasie deur die owerheid en die ondernemings wat die belasting van hul kliënte moet invorder.

Teenoor die belangrike meriete van die AVB soos hierbo aangetoon, verdien die uitermate regressiewe aard van die AVB besondere vermelding, veral vir sover dit op pensioenarisse sy uitwerking toon. Die owerheid behoort egter by die vasstelling van alle soorte pensioene waarby hy betrokke mag wees,

hierdie feit in aanmerking te neem.

6. Die AVB in Suid-Afrika

6.1 Die AVB as 'n vorm van dubbele belasting

Die AVB in Suid-Afrika is sodanig ontwerp dat vrystellings nie voorsiening maak vir die feit dat belasting reeds by die oorspronklike aankoop betaal is nie. Die feit dat sporadiese verkope bo-kant R1 000 sowel as verkope van items (ongeaag die prys) wat deur die plaaslike owerheid in die naam van die koper geregistreer moet word, aan AVB onderhewig is, verteenwoordig 'n tipiese vorm van dubbele belasting. Die tipe duursame verbruiks-goedere wat redelik vinnig van eienaar verwissel, is by uitstek die skyf vir hierdie dubbele belasting waarvoor geen regverdiging bestaan nie.

6.2 Invordering van AVB as 'n kostefaktor vir die firma

Die firma moet noodwendig ekstra koste aangaan in sy optrede as belastinginvorderaar vir die owerheid. Hierdie koste bestaan in die vorm van die aanbring van modifikasies aan kontantregisters en boekhoukundige masjiene sowel as 'n uitbreiding van personeel ten einde volledige state aan die belastinggaarder beskikbaar te stel. E.g. uitgawe is egter eenmalig van aard, naamlik by die instelling van die AVB waar aanpassing aan masjiene noodsaaklik was. Lg. uitgawe is egter deurlopend en het die

komplikasie dat aangesien dit as 'n aftrekpos vir inkomstebelastingdoeleindes toegelaat word, die owerheid se inkomste op hierdie wyse verminder word.

7. Die AVB en ekonomiese stabiliteit

Die AVB is primêr 'n belasting op verbruik, maar juis weens hierdie basiese kenmerk het dit eweneens 'n invloed op die omvang van indiensname van produksiefaktore. Weens hierdie invloede verteenwoordig die AVB dus 'n belangrike element in die versturing van ekonomiese stabiliteit. Die versteurde verbruikspatroon wat deur die AVB veroorsaak word, is noodwendig minderwaardig aan die oorspronklike - minderwaardig in die sin dat dit 'n afwyking van die natuurlike voorkeure van die verbruiker meebring.

Die aanwending van die AVB-opbrengs deur die owerheid kan die versteurde produksie- en verbruikspatrone herstel alhoewel die individuele verbruiker en produsent nie noodwendig in dieselfde mate bevoordeel hoef te word as wat hulle deur die belastingheffing benadeel was nie.

Hierdie neutralisering van die uitwerking van die AVB deur die owerheid deur middel van sy openbare bestedings is afhanklik eerstens van die volume van die bestedings en tweedens van die tempo waarteen dit geskied.

In die hoogkonjunktuur sal die versturing wat

die AVB deur die beperking van verbruik meebring, juis die verlangde stabilisering tot gevolg hê: verbruik word beperk en die oortollige koopkrag word uit die ekonomie onttrek. Die voorwaarde is egter dat die owerheid in hierdie hoogkonjunktuur=fase die ingevorderde belastinginkomste sal oppot en enige poging tot terugplasing, soos bv. deur looneise, drasties teenstaan.

Tydens depressietoestande sal die owerheid die versteuring wat deur AVB veroorsaak word, probeer temper of uitskakel deur verlaging van koerse of selfs afskaffing van die betrokke belasting.

Die bestedingstempo van die owerheid sal in hierdie dalende fase moet toeneem. Anti-siklies beteken dit dat die opgepotte geld uit die hoogkonjunktuur nou in die laagkonjunktuur weer in die ekonomie vrygestel word.

Die *excess burden*, wat veral by die heffing van verbruiksbelastingsoos die AVB ontstaan, verteenwoordig 'n verlies van ekonomiese welvaart ten koste van sowel die owerheid as die individu en wat 'n dempende invloed op die ekonomie het.

Hierdie *excess burden* is moeilik berekenbaar en kan nie in konkrete terme aangewys word nie. Dit hou verband met 'n welvaartsposisie wat kon bestaan het maar nooit gerealiseer is nie. Die feit is

egter dat die *excess burden* 'n volle werklikheid is, en die owerheid behoort daarmee rekening te hou by die heffing van enige belasting maar nog meer so by die AVB.

8. AVB en mededingingsverhoudinge

AVB sal die omset van die onderneming beperk en sodoende ook hul winsposisies. Die marginale onderneming sal uit die mark verdwyn met die oënskynlike resultaat dat dit sal meewerk tot konsentrasie van produksie in enkele ondernemings wat mag wissel van oligopolie tot monopolie.

Die algemeenheid van die heffing beteken egter dat nie net marginale ondernemings die druk van hierdie belasting sal ondervind nie, maar ook die sogenaamde supermarginale ondernemings. Dit bring dus mee dat die supermarginale ondernemings slegs bevoordeel word deur die kliëntegroepe van die ondernemings wat die mark moes verlaat; dus op 'n indirekte wyse. Daar bestaan egter 'n perk aan hierdie uitbreiding van supermarginale ondernemings wat veroorsaak word deur die algemeenheid van die belasting wat primêr verbruik en dus die afset van alle ondernemings aan bande lê.

9. Diskriminerende aard van die AVB

Die AVB word as 'n algemene belasting aanvaar soos die benaming aandui. Omdat dit egter van toepassing is op 'n verskeidenheid produkte waar=

van die vraagelastisiteite hoogs uiteenlopend is, word die druk van AVB eweneens uiteenlopend. Die algemeenheid as kenmerk van die AVB verval dus daarmee en word dit gevolglik 'n diskriminerende belasting volgens die patroon van 'n aksynsheffing.

Ten einde die druk van 'n belasting algemeen te kan maak moet juis van selektiewe koerse, wat verband hou met die graad van vraagelastisiteit, gebruik gemaak word.

10. Toekomstige plek van AVB in die Suid-Afrikaanse belastingopset

In die besondere ekonomiese omstandighede van Suid-Afrika (bv. bevolkingsamestelling, ekonomiese ontwikkeling en infra-struktuur) het die ervaring tot dusver getoon dat AVB 'n aanvaarde en selfs welkome belastingtipe verteenwoordig. Met dien verstande dat die AVB nie 'n verswaring van die belastingdruk tot gevolg sal hê nie maar eerder 'n gedeelte van die belastingdruk sal vervang in die mate waarin dit voor die instelling daarvan bestaan het, sal 'n matige verhoging van die koers selfs aanvaarbaar wees.

In sekere state van die VSA is die eiendomsbelasting deur so 'n AVB-koersverhoging baie verlig en in sommige gevalle selfs vervang, terwyl in Suid-Afrika stemme ook al in hierdie rigting opgegaan het. Voordat egter tot so 'n stap oorgegaan word,

behoort die AVB 'n geleentheid gegun te word om homself as doeltreffende fiskale instrument in verskillende konjunktuersituasies te bewys.

BIBLIOGRAFIE

I AANGEHAALDE WERKE

Afgerolde Begrotingsrede: 1970/71
: 1974/75

American Economic Association: The Problem of Instability. American Economic Review, Sept. 1950.

Bastable, C.F. Public Finance. MacMillan, New York, 1922.

Belasting in Suid-Afrika. Eerste Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Nov. 1968, R.P. 24/1969.

Bennet, O. & Lippincot, J. Public Finance. South-Western Publishing, San Francisco, 1949.

Beveridge, W.H. Full Employment in a Free Society. Norton & Co., New York, 1945.

Blinder, A.S. e.a. The Economics of Public Finance. The Brookings Institution, Washington, 1974.

Botha, J.H. Unie-Finansies. Stewart Drukkers Mpy., Kaapstad, 1936.

Buchanan, J.M. The Public Finances. Richard D. Irwin, Illinois, 1960.

Buehler, A.G. Public Finance. McGraw-Hill, New York, 1940.

Chamberlain, E.H. Monopolistic Competition Revised. Economica, Nov. 1951.

Colm, G. Essays in Public Finance and Fiscal Policy. Oxford University Press, New York, 1955.

- Dalton, H. Principles of Public Finance. George Routledge & Sons, London, 1936.
- De Kock, M.H. Opstelle oor die Ekonomie en Finansiewese in Suid-Afrika. Nasionale Pers, Kaapstad, 1923.
- "De Zuid-Afrika Wet, 1909", met wysiginge tot en met 1923. The Government Printer, 1935.
- Due, J.F. & Friedlaender Ann F. Government Finance. Richard D. Irwin, Illinois, 1973.
- Due, J.F. The Incidence of a General Sales Tax. Public Finance, Vol. 5, 1950.
- Due, J.F. Sales Taxation. Routledge & Kegan Paul, London, 1957.
- Due, J.F. Toward a General Theory of Sales Tax Incidence. Quarterly Journal of Economics, Harvard University Cambridge, Massachusetts, 1953.
- Estey, J.A. Business Cycles. Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, 1956.
- Goedhart, C. Hoofdlijnen van de Leer der Openbare Financiën. Capita Selecta der Economie XX, Stenfert Kroese N.V., Leiden, 1967.
- Groves, H.M. Financing Government. Henry Colt & Co., New York, 1954.
- Hansen, A.H. Fiscal Policy and Business Cycles. W.W. Norton & Co., New York, 1941.
- Hunter, M.H. & Allen, H.K. Principles of Public Finance. Harper & Brothers, New York, 1940.
- Johansen, L. Public Economics. North-Holland Publishing Co., Amsterdam, 1965.
- Jones, R. The Nature and First Principle of Taxation. P.S. King & Son, Westminster, 1914.

- Musgrave, R.A. & Musgrave, Peggy B. Public Finance in Theory and Practice, McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1976.
- Musgrave, R.A. The Theory of Public Finance. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1959.
- Nouwens, A.C.J. Beschouwingen over de Afwenteling van Belastingen. H.E. Stenfert Kroese, Leiden, 1957.
- The New Educator Encyclopedia, 1960.
- Peacock, A. & Shaw, G.K. The Economic Theory of Fiscal Policy. George Allen & Unwin, London, 1976.
- Plank, E.H. Public Finance. Richard D. Irwin, Illinois, 1953.
- Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad (hansard), Staatsdrukker, Kaapstad.
- | | |
|-------|-------------------------|
| _____ | 24 Mrt. - 28 Mrt. 1969. |
| _____ | 29 Mrt. - 2 April 1971. |
| _____ | 28 Jan. - 13 Jun. 1972. |
| _____ | 26 Mrt. - 30 Mrt. 1973. |
| _____ | 24 Mrt. - 27 Mrt. 1975. |
| _____ | 29 Mrt. - 2 April 1976. |
| _____ | 28 Mrt. - 1 April 1977. |
| _____ | 28 Mrt. - 31 Mrt. 1978. |
- Samuelson, P.A. Economics. McGraw-Hill Kogakusha, Tokyo, 1970.
- Seligman, E.R.A. Studies in Public Finance. Macmillan, New York, 1925.
- Shirras, G.F. The Science of Public Finance. Macmillan, London, 1925.
- Shoup, C.S. Public Finance. Leidenfeld & Nicolson, London, 1969.

Somers, H.M. Public Finance and National Income. Blakiston & Co., Toronto, 1949.

Stamp, J. The Fundamental Principles of Taxation. MacMillan & Co., London, 1936.

Suid-Afrikaanse Finansiële Verhouding tussen Sentrale Regering, die Provinsies en Plaaslike Besture. B.D.I.: Hoofverslag, Deel I. Stedelike en Plaaslike Besture. Van Borckenhagenkomitee, 1966/67.

Tait, A.A. Value Added Tax. McGraw-Hill, London, 1972.

Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad (Hansard), Nasionale Handelsdrukkers, Elsiesrivier.

_____ 19 Jan. - 22 Junie 1951, Dele 74, 75, 76.
_____ 18 Jan. - 25 Junie 1952, Dele 77, 78 79. 80.

Venter, W.J. The Incidence of Taxation in the Brewing Industry. J. Heijnis, Zaandijk, 1961.

Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Finansiële Verhoudings tussen Sentrale Regering en die Provinsies. Republiek van Suid-Afrika, R.P. 35/1964.

Wet 103 van 1978. Staatsdrukker. 1978.

Winfrey, J.C. Public Finance, Harper & Row, New York, 1974.

II GERAADPLEEGDE WERKE ADDISIONEEL TOT AANGEHAALDE WERKE

Andriessen, J.E. De Ontwikkeling van de Moderne Prijsstheorie. Capita Selecta der Economie XVIII. H.E. Stenfert Kroese N.V. Leiden, 1961.

- The American Economic Association. Readings in the Economics of Taxation. George Allen & Unwin, London, 1959. (Selections by Musgrave & Shoup).
- Armitage-Smith, G. Principles and Methods of Taxation. John Murray, London, 1906.
- Brownlee, O.H. & Allen, E.D. Economics of Public Finance. Prentice-Hall, New York, 1954.
- Due, J.F. The Theory of the Incidence of Sales Taxation. Russel & Russel, New York, 1971.
- Groves, H.M. Postwar Taxation and Economic Progress. McGraw-Hill, New York, 1946.
- Hansen, B. The Economic Theory of Fiscal Policy. George Allen & Unwin, London, 1958.
- Hey, L. Economics of Public Finance. Alden & Mowbray, Oxford, 1972.
- King, C.L. Public Finance. MacMillan, New York, 1935.
- Lutz, H.L. Public Finance. D. Appleton Century Co., London, 1929.
- Newman, H.E. An Introduction to Public Finance. John Wiley & Sons, New York, 1968.
- Plehn, C.C. Introduction to Public Finance. MacMillan, New York, 1926.
- Sharp, A.M. & Sliger, B.F. Public Finance - An Introduction to the Study of Public Economy. Business Publications Inc., Austin, Texas, 1970.
- Silverman, H.A. Taxation, its Incidence and Effects. MacMillan, London, 1931.

- Steyn, D.H. (red.) Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Staatsfinansies. J.L. van Schaik, Pretoria, 1961.
- Stonier, A.W. & Hague, D.C. A Textbook of Economic Theory. Longmans, London, 1961.
- Sullivan, Clara K. The Tax on Value added. Columbia University Press, New York, 1965.
- Taylor, P.E. The Economics of Public Finance. MacMillan, New York, 1952.
- Von Mering, O. The Shifting and Incidence of Taxation. Kennikat Press, New York, 1971.
- Williams, A. Public Finance and Budgetary Policy. George Allen & Unwin, 1963.
- Withers, W. Public Finance. American Book Co., New York, 1948.